

EUGÈNE N. MARAIS

SY BYDRAE TOT
DIE AFRIKAANSE
LETTERKUNDE

DEUR

FRANÇOIS GUILLAUME MARAIS DU TOIT

MET INLEIDING DEUR DR. GUSTAV S. PRELLER



N. V. SWETS & ZEITLINGER
BOEKHANDEL EN UITGEWERS - MAATSKAPPY - AMSTERDAM
1940




Foto deur Hildick's Studios Bpk Pretoria.

Eugène V. Marais

Opgedra aan my Vader.

VOORAF.

(Taalgebruik en spelling vir rekening van die skrywer).

Graag voldoen ek aan die versoek van my vriend, die skrywer van hierdie lewensbeskrywing, om daar 'n inleidende woord aan toe te voeg, -- nie om sy werk op te hemel nie, want dié het hy goed gedaan, maar veeleer om aan sy mooie waardering van ons onvergetelike vriend te paar my eie eerbiedige hulde aan 'n beste Afrikaner, 'n grote gees, 'n broer, wat ek liefgehad het.

Die weinig wat ek gedurende sy lewe van Eugène geskryf en gepubliseer het, het ek gestel tot die beskikking van sy biograaf, en van sy werk behou ek die indruk dat hy ons 'n vry volledige beeld gegee het van die uitwendige gebeurtenisse nie alleen nie, maar veral van die verstandelike en sedelike ontwikkeling van Eugène Marais in verband met die tyd waarin en die omstandighede waaronder hy geleef en gewerk het. Trouens mnr. du Toit het unieke geleentheid daartoe gehad in 'n langdurige persoonlike omgang, en die aanwysing van bronne waarvan hy 'n uitnemende gebruik gemaak het.

Daar kom dinge in hierdie boek voor, dinge waarteen Marais as joernalist opgetree het, waarop ons Transvalers nou nie eintlik besonder groots is nie. Maar, ons is, álles en álles in aanmerking geneem, ook nie bang om dit sêlf aan die grote klok te hang nie. Inteëndeel, ons voel oortuig daarvan dat, as die mense van vandag, -- die mense b.v., wat daar gevra het met wat vir reg ons hulle (uit Kaapland!) in 1924 hier in Pretoria gebind het in 'n "gentleman's ooreenkoms" insake ons monument-aktiwiteite, --

as hulle álles van ons weet, goed en sleg, hulle ook 'n verstandiger en milder oordeel oor een en ander sal kan vel, en altemit ook sal begryp hoe ons maar net ons bes gedaan het in belang van die saak wat ons almal probeer dien na die lig wat ons gegee is.

Toe, na Eugène se diep betreurde verskeie, mnr. du Toit' nog besig was met die ordening van sy materiaal, en my gevra werd om in een van ons tydskrifte 'n waardering te skryf van die oorledene, is ek so vry gewees om 'n heel beskeie twyfel uit te spreek oor die jeugdige skrywer se vermoë om aan 'n lewe soos dié van Eugène Nielen Marais reg te laat weervaar. Ek is begérig om dit hier, by die lewensbeskrywing, te herstel.

Ek het getwyfel nie aan du Toit se literêre aanleg of bekwaamheid nie, want ek het hom leer ken as kollega aan die koerantedaksie, maar wel aan sy gemis aan lewenservaring. Dit tog, dié lewenservaring, is m.i. net so indien nie meer gewens vir so 'n taak as die tegniese bedrewenheid, teneinde 'n subtiële digterssiel soos die van Marais te deurgrond en vir die gewone leser uit te beelde, terwyl du Toit nog maar baie jong gestaan het op die drumpel van 'n lewe waarop Marais na vyf-en-sestig lewensjare teruggesien het, -- jare waarvan die uitnemendste moeite en verdriet was. Marais se lewe, en met name die tweede en grootste deel daarvan, was daar een wat oorvol was van die smartelike, van 'n huiweringwekkende mensewee en sieleleed, en ek het getwyfel of die jeugdige outeur van hierdie werk volkome toegerus was om dit te kan deurgrond en vertolk.

Ek het dit eenmaal ook aan ons landgenoot, Vere Bosman di Ravelli, gevra nopens sy vertolking van Chopin. Hy het Marais se *Winternag* getoonset en ons, na my beskeie oordeel altans, met sy *Drie Liedere* die regte weg aangewys na 'n nasionale musiek. Hy is 'n fynbesnaarde kunstenaarssiel, 'n Afrikaner leerling van die beroemde Pachmann en 'n meester van die tegniek van die piano. Maar hoe kon mens, selfs met daardie voordele verwag dat hy toegerus was om die tolk te wees van emosies wat hy self nê geken het nie? Hoe kon Ravelli die grote smartpoet probeer verstaan en van ander laat waardeer, -- hy wat toe nog geen enkele oomblik van menselike verdriet in sy eie lewe geken het nie? Hoe

kon enigeen wat nooit self die emosionele stormbare gepeillood het waarop die geniale Pool rondgedobber het, soos dit daar snik en skrei uit sy musiek, probeer om dit deur ander te laat beleef?

Hoe, -- om nou op meer bekende terrein te kom, maar by die algemene te bly, -- hoe kan iemand wat nooit self geskryf het nie, hom wil-aanbied as beoordeelaar van die werk van skrywers; of resepte wil uitdeel, volgens die Amerikaanse manier van doen, vir bepaalde genres van letterkundige werk?

Dit is volkome waar, dat toonaangewende kunskenners op 'n ander gebied van kunsuiting, naamlik die skilderkuns, self nooit 'n penseel gehanteer het nie. Ek gee my opvatting ook hier nog nie gewonne nie, maar, -- só sou ek verder in antwoord daarop wou vra, -- is dan die gewaarwording en die vermoëns tot waardering van oog, oor en gevoel dieselfde? Oog sowel as oor reageer op dieselfde gevoel, dieselfde smaak vir wat mooi en skoon is, en dié gevoel verskaf per slot die waardering. Maar-ons betrag Rembrandt tog niet met die oor nie, en Mozart of Beethoven nie met ons oë nie. En vir wat skoon en goed is in die letterkunde gaan ons terade met dié gevoel alleen.

Tot op sekere hoogte het ek my vergis in Bosman di Ravelli as interpretator van Chopin; maar twee oorsake het hom in suid-Duitsland en in Italië as sodanig gehandhaaf: sy bewonderenswaardige tegniek, gepaard aan die Afrikaner se bekende aanpassingsvermoë, en sy toenemende lewenservaring, wat ook sy verdrietelike kant gehad het. Sy groot ambisie, om in Amerika en in die wye wereld *furor* te maak, het hy, helaas, nie kon verwesenlik nie.

Met my vriend du Toit se opvatting en uitbeelding van Eugène Marais se lewenswerk is ek ewe aangenaam verras geword. Sy waardering van die ware digtersiel in Marais, is vir my veral bevredigend. Marais het as literator nie veel geskryf nie, maar hy het ook geen minderwaardige werk gelewer nie, as mens naamlik die paar „potboilers” uitsluit wat hy gelewer het op aandrang van baatsugtige uitgewers, en die dinge wat hy gelewer het om te voldoen aan die eise van 'n alles-vulgariserende, na die sensasionele hakende en die Amerikaanse „yellow-press” nabootsende afrikaanse

koerante-redaksie, wat noueliks 'n sorg ken bôkant die „dubbele kopllyn” van more oggend.

Marais se *opera omnia* is beskeie van omvang; maar waar dit aan hoeveelheid ontbreek en mens meer daarvan sou verlang, daar word dit vergoed deur hoedanigheid. Wat daar vir kaf by sy koring mag wees, dit het ons tedanke uitsluitelik aan die koerante- en uitgewersuitbuiting; en dit is wel eienaardig van die uitbuiters-mentaliteit dat hom uit dieselfde hoek na sy dood nog die snoodste onreg aangedaan werd. Mens kan aanneem dat dit meer uit onwetendheid dan met opset geskied het, maar dieselfde oppervlakkige joernalistieke sensasiejag moet dit ingegee het.

Veel van wat daar in *Die Afrikaanse Boek*, (1936), oor Marais gedebiteer word, is eenvoudig onsin. Dit is koerantmatig onjuis, en wend voor 'n veel intiemer kennis van die subjekt as wat die skrywer besit het. Die skrywer vergeet dat dit Marais, wat sy hele lewe deur geskryf en haastig geskryf het, lang nie so moeilik afgegaan het om selfs "by die steen" te staan en skryf, terwyl 'n "duwelstoejaer" blad vir blad uit sy hand weghaal na die set-masjiene toe. Ek het dit dikwels ook deur ander joernaliste gesien doen word, insluitende manne soos mnr. Harm Oost b.v., wat seker niemand vir 'n senulyer sou aansien nie! Oorhaaste werk van die aard skyn 'n onvermydelike uitvloeisel van die vak te wees, en ek het verslaggewers geken wat dit byna iedere dag van hul lewe gedaan het; maar dit hoef daarom nog nie kaf te wees nie.

Dat inmiddels nie Marais nie, maar sy pseudo-verbeteraars, dié pedante bloupotlood peuteraars, wat ontdaan is van alle eerbied vir die werk van ander, en in menige geval daar g'n lor van snap nie, verantwoordelik gehou moet word vir veel wat werkelik onbevredigend was, dit blyk o.a. uit 'n aantekening van Marais in 'n eksemplaar van *Die Leeus van Magoeba*, in my besit. Iemand het hom gevra om van hierdie boekwerk sowel as *Die huis van die Vier winde* 'n Engelse vertaling te mag uitgee, en terwille van die Engelse leser het Marais toe 'n reeks aantekeninge in die boeke gemaak om minder bekende Afrikaanse- en Bawenda-name en -gebruike te verklaar. Maar op bl. 114 van eersgenoemde werk stuit hy toe vir die soveelste keer op die onuitstaanbare skoolvos-

verandering van sy "was" in "is". Dit was te veel, en dit is sy aantekening:

"This unspeakable stupidity, (which recurs constantly) is a *correction* (!) by the publisher's reader. It is not only a breach of one of the fundamental rules of grammar in all human tongues; it is a psychological fallacy. But the Cape Hottentots are addicted to this abomination, -- therefore it is correct Afrikaans"!

Die "verbetering" was ewenwel nie van die uitgewer se lesers nie, maar van een van die koerant se niks ontsiende, jammerlike blou-potloders.

En wat betref die "aanmoediging" om te werk, die s.g. "taktvolle aansporing en begeestering" van Marais deur koerantmanne om te skryf, dit was na my eie kennis en wete dikwels niks anders as die mees onbeskeie aandrang, selfs wanneer hy siek in bed lê, en die lus tot skrywe hom ontbreek het. Waarheid is dat sy karig beloonde kort verhale en ander bydrae die koerant se leserskring sódanig laat toeneem het dat 'n mercenêre bestuur dit erg wenselik geag het om dit so lang moontlik vol te hou. "Sangiro" werd vóór die tyd op presies dieselfde wyse bejeën, deur dieselfde "fabrieksbaas"; ('n koerant word teenswoordig gefabriseer, vandaar dat 'n drukkerij "fabriek" heet!)

Opmerkelijk is tewens dat die laaste, ostentatieseus "geweerde" verhaaltjie van Marais, waarvan daar vertel word as minderwaardige werk, -- na die hinderlike "aanmoediging" van te vore! -- onmiddelik daarna deur 'n ander blad opgeneem werd.

Die grootste ontplooiing van sy joernalistieke gawe na ons Tweede Vryheidsoorlog, het Marais ten toon gesprei tydens die agttien maande van 1929-30, toe *Ons Vaderland* as oggendblad verskyn het, en hy iedere dag met ons saamgewerk en gegee het van sy beste, en tegelyk ook baaitjie uitgetrek het aan die gewone sleurwerk.

Die blad was die eerste en die éinigste in die Unie wat geabonneer was op 'n eersteklas europeese draadlose nuusdiens. Die ganse suidafrikaanse pers was sedert jaar en dag vasgeswys aan "Reuter" se kabeldiens, wat in Suid-Afrika tot roeping gehad het om aan ons mensheid die lieflikhede en die voordele van die Britse

imperialisme voor te hou. Deur die kabel, wat die Staat gesubsidiêr het en waarvoor die pers deur die neus moes betaal, het ons mense die gif deur hul eie koerante dag vir dag lepels-gewyse ingekry. In Kaapland was dit 'n oue instelling, byna 'n tradisie geword, waarteen, sover ek weet, niemand hom verset het nie. In Transvaal het ons die ellendige gevolge lang vóór die Jameson-inval al gevoel, en ons pers, -- ek praat hoofsaaklik van *De Volksstem*, hoewel *Land en Volk* onder Eugène Marais hom ook daarteen verset het, -- het allerhande pogings probeer aanwende om los te kom van "Reuter". Toe my derhalwe in 1925 die Duitse *Transocean* draadlose nuusdiens aangebied werd, het ek dit met beide hande aangeneem. Na 1932, toe die koerant vir die verandering *Die Vaderland* geword het, het 'n nuwe bestuur uit Kaapland wat dit beter wou weet, die diens gestaak, dit gespeel in die hande van 'n Israëlitiese "concern", en die koerant weer laat gebruik om so onderlangs anti-Duitse propaganda te dryf. Dit het naderhand te erg geword, die affêre is op die fles, en vandag put iedereen, -- tot die radio, -- uit *Transocean*. Net dit heet tans: *Transocean*!

Agter die werkplaas het ek 'n draadlose mas laat oprig en 'n eie Afrikaner ekspert in diens geneem; en Marais het graag hierdie draadlose berigte, so warm uit die telefoonkantoor, vertaal en gereedgemaak, en soms van verklarende aantekeninge voorsien, 'n arbeid waartoe sy breë kennis van wereldtoestande hom geredelik instaatgestel het. Hy het gereeld en hard gewerk, en dikwels met die eerste koerant van die pers gedurende die vroeë moreure, huiswaarts gekeer, wat veel sê as mens in aanmerking neem dat hy toe al in die sestig was.

Die skrywer van hierdie biografie het volkome gelyk waar hy sê dat Eugène se buie van depressie, soos baie volkome gesonde mense soms bekruipt, betreklik kort van duur was en altoos gevolg werd deur opgeruimdheid en 'n heeltemal normale omgang met sy medemense en huisgenote. Dit, dié bedruktheid, is 'n onuitspreke-like gewaarwording van neerslagtigheid wat Eugène in sy eie geval 'n "hesperiese depressie" genoem het, na die aandster en die aand-land van die oudheid. Dit is 'n gevoel van verskriklike benouing en beklemming van die gees, sonder blykbare oorsaak. Dit is iets

wat grens aan volslae wanhoop, wat 'n ander Afrikaner-kollega beskryf het as "a frightful sense of impending doom".

In die natuur, vér van die stadsgewoel, veral in die onweersaanbare aantreklikheid en bekoring van ons Bosveld, het hy gedurende die laaste tien jaar van ons samesyn die hoogste bevrediging, die grootste geluk gevind. Veel daarvan tree ongemaak tevoorskyn uit 'n jugend-werkie van een van sy bewonderaars, *Op die wal van die Mahalakwena*, waarin 'n jagtog van 'n paar huisvriende beskryf word.

Dáar, langs die hardekool kampvuur, saans, as die vlamme hoog opklaai en jakhals en wolf hul stemme in die bos verhef, of die wildebeeste digterby aan die water, proes en blaas; of in die lome hitte van die middag, onder sy geliefkoosde apiesdorings, waarin die woudduif weemoedig kweel teen die eentonige reensprinkaan aan, -- dáar, in dié omgewing kon hy eers uit sy slof skiet, en bywyle almal bewonderend stilhou met die rykdom van sy natuurkennis. Verskynsels, die kennis waarvan hy aan eie waarneming te danke had en nêrens op skrif gestel het nie, het hy dáar, in die veldkring, kwistig uitgestort. Dikwels het ons by dié geleenthede van die omwonende trekboere op besoek gehad, mense wat goeie waarnemers is, maar self verwonderd gestaan het oor die wyse waarop Marais sy waarnemings deurgetrek het, endtoe.

Sy sin vir humor was van die fynste wat ek geken het. As hy in die stemming en op dreef was, kon hy almal laat skaterlag, en sy eie aanstekelike lag het nie weinig daartoe bygedra nie.

Hy was 'n knap pêrderuiter en kon 'n goeie skoot skiet. Die jongeres het hy geleer om tarentaal en korhaan nooit op die grond, maar altoos in die vlug te skiet; ons almal het hy geleer om biltong te sny uit wildebees of koedoe, maar van die jag as sodanig het hy nie veel gehou nie. Hy wou in die veld wees, in die wilde natuur, en hoe nader daaraan hoe liewer, maar om waar te neem en te bewonder, nie om dood te maak nie.

In sy jongere dae was Skimmel-pêrd-se-pan, in dieselfde omgewing en die boomryke Matlabas en Palala die toneel van sy eie jagersbedrywigheid en avonture, en veel kon hy uit dié ervarings vertel. Al sy Verdwaal-stories speel in daardie omgewing.

Enone, een van sy latere gedigte, het hy hier, langs die Mahalakwena, geskryf as die ander in die veld was, of selfs as ons langs die sleepkar staan en biltong sny, op 'n uitgespreide wildebeesvel, en 'n woord of 'n sinswending val hom te binne, dan maak hy daar een aantekening van, om dit later rustig op die regte plek in te pas.

Sy omgang met Fanie van Wyk, destyds sy vennoot in die prokureurssaak te Erasmus, lewer menige staaltjie op van wat tékenend is van die mens en die vriend in Eugène. Iedereen in die omgewing bewaar nog die gedagte aan hom in liefderyke herinnering, soos ek tydens 'n besoek aan Elandsrivier na sy dood nog verneem het.

Edog, -- ek maak inbreuk op die werk van sy bekwame biograaf en moet ophou. Lang vóór ons tweede Vryheidsoorlog het ek hom leerken, en, ek kan opreg sê: bewonder, omdat op die jonge Hoëvelder so iemand, wat kon skryf en die geskrewe woord in druk laat verskyn, sodat mens vandag wat gister gesê en gedaan werd, kan lees, indruk gemaak het. Maar na 1927 was Eugène jarelang ons huisgenoot en tafelvriend; en as die omstandighede en wederwaardighede van die lewe mens eenmaal in soveel geslagte in so'n noue aanraking bring met só 'n gees, dan mag mens jou bowe verdienste geseën ag.

Sy smaak was eenvoudig, soos ons almal s'n, maar hy was 'n gereelde disgenoot by die twee maaltye wat ons geneem het, en as hy toevalligerwyse ontbreek het, het almal sy afwesigheid gevoel. Van aldrie my seuns het hy, hoe uiteenlopend hul daelikse bedrywighede ook al was, die beste vriende gemaak, eenvoudig deur sy belangstelling, deur sy kennis en die praktiese voorligting wat hy op so menige gebied van die lewe kon gee. Aldrie, tans tot die manlike jare gerypte kerels, ag hulself gelukkig in die voorreg dat hulle "oom Eugène" so lang en so intiem mog geken het.

Daar is beweer geword dat toe sy "minderwaardige" verhaaltjie geweier werd, hy lang nie meer aan bestendig volgehoue arbeid gedenk het nie. Ook dit is nie juis nie. Die aand vóordat ons die stad verlaat het, -- tien dae vóór sy dood, -- het hy nog met 'n vir my bewonderenswaardige belangstelling die ontwikkeling bespreek van 'n deel van 'n groot roman waarmee hy besig was in

oorleg met my vrou, wat hom die intrige verskaf het uit 'n kort verhaaltjie.

Mise en scène, -- só herinner ek my dit nog, -- was die Makapaansgrot; *dramatis personae*: 'n jonge man, sy verloofde en haar vriendin, met 'n tou aanmekaar gebind. 'n Voet wat uitgegly het, 'n ongeluk en die verloofde bungel oor 'n peilloos diepe en duistere afgrond, die vriendin op die randjie daarvan en die man beur wat hy kan om hulle in veiligheid te bring, maar kan die gewig nie hou nie, en gly duim vir duim agterna. Of die vriendin, (op die man verlief), die tou bókant sy verloofde sou afsny? Dit was één van die vrae!

Nog sien ek hom oor die kweekgras aangestap kom, na sy gereedstaande stoel in die koelte van die eikeboom, en met die koffie opgewek en met 'n *brio* ons meedeel hoe hy besluit had dat die tou moes afgesny word! Maar hy sou die bose oogmerke van die vriendin dan fnuik deur die lyk van die man se verloofde te laat terugvind, en in haar hand sy eie jagmes vasgekleem, (wat hy aan die vriendin geleen had), en daaraan vasgebind die voorskootband van die vriendin! Sy had die mes op dié wyse aan sy verloofde aangereik.

Dit was die hoogtepunt van die roman, met voor en na nog heelwat meer uit die lewe van 'n Boere familie.

Eugène se heengaan was vir ons almal 'n skokkende verrassing. In teënstelling met die sombere, soms lugubere van sommige van sy verse, was hy in die omgang 'n opgewekte, vriendelike verskyning, wat selde en nooit ligvaardiglik, oor die dood gepraat het. Vir hom was dit 'n ontbinding waarna hy uitgesien het sonder vrees, -- die oortog van die Swartrivier of die Styx.

Na meer dan dertig jaar in Arcadia, moes ons egter gedurende die somer van 1936 plaastoe verhuis. Dit het ook heeltemal onverwags gebeur, maar een van die eerste gevolge van ons besef daarvan was 'n ernstige beraadslaging met hom. Onder die akkerbome voor die woonhuis, waar ons iedere aand na die arbeid gesit en gesels het, het ons dit tot ieder se bevrediging uitgemaak, wyl die kokkewiet bywyse van aandgroet op die telefoondraad sit en koggel, en die bokmekeries af en toe mekaar in die geboomte roep. Hy moes mee, natuurlik. Só het ons gemeen. Die woonhuis op

Pelindaba sou gelukkig gou gereedkom, en dan kon hy na verkiesing 'tsy in die rondawels woon, of 'n kamer in die huis betrek. Om 'n gesondheidskuur te ondergaan, het hy die jaar tevore lange tyd alleen in dieselfde rondawels gewoon, met net sy chauffeur. Op die plaas sou hy hom kon gee aan beter werk as die koerante-artikels, en aan sy roman. Die afstand stadtoe was maar agttien myl, en geleentheid om in en uit te gaan sou daar voldoende wees. Buitendien kon ek dit wel plooi, soos voorheen by langdurige uitstедigheid, dat hy nie eens sou nodig hê om sy dokter te besoek nie.

Hy het geen bedenking teen een en ander opgewerp nie, hoewel hy eendag, by 'n verdere familie-bespreking van die trek, toe die erns van die ontworteling duidelik geword het, enigszins bedruk gelyk het. Toe die tyd aangebreek het, het hy ewenwel self sy goedjies ingepak en uitgestuur met die ossewaens, wat ons trek vervoer het. Met gereede toestemming van die huurder sou hy nog enige dae op sy kamer bly.

Ons het die 19e. Maart getrek. Saterdag die 28e. d.a.v. het twee van sy jonge kennisse hom uitgebring. Een van hulle vertel my later dat, toe by die stadskerkhof 'n lykstasie hulle verbygaan, het Eugène, wat stil en ingetoë langs die drywer gesit het, sy hoed afgeneem met die enkele opmerking: "gelukkige Duiwel!"

Hy het sy intrek in die rondawels geneem, wat ons inmiddels ontruim had, en waar alles vir hom in gereedheid gebring was. Dié aand het hy nog by ons aan tafel ge-eet, en is vroeg met 'n motor terug na die rondawels, want dit was donker en reënderig, -- ongeveer 700 tree ondertoe. Die Sondag het hy nie vir die ontbyt opgedaag nie, en ek het later afgestap, om te gesels. Hy had nie lus gehad om te eet nie, het hy gesê, en het 'n bietjie geklae oor die aanhoudende motreentjie en die "skotse mis".

Rustig het hy onder die breë gras waranda op 'n bed uitgestrek gelê, maar toegedek, want, by gebrek aan beweging kon die klammigheid van die weer effens kouerig wees. Die gebruikelike versameling koerante en boeke waarin hy gelees het, het op en om 'n stoel voor die bed gelê. Ek het opgemerk dat hy 'n aansienlike voorraad van sy besondere sigarette meegebring het, en daaruit

die gevolgtrekking gemaak, dat hy seker nie van plan was om gou weer na die stad te gaan nie.

Dit het baie gereën, dié Maartmaand, en die triestige weer het 'n neerdrukkende invloed op hom gehad. Magaliesberg was daelang so toe onder die mis dat mens daar byna niks van kon sien nie, en saans het die mis, soos 'n wit sluier in die maanlig langs die rivier en die spruite opgetrek.

Vir 'n gesonde mens was dit 'n heerlike tyd van die jaar op die land en die plaas. Hoog in die bloei het die gras gestaan, en in die laagtes lang saffraan strepe getrek met die rype saad. Behalwe in die pad egter kon mens nie loop sonder om papnat te word.

So'n endjie van die rondawels af, maar, net soos die rivier en die berge goed sigbaar van sy bed af, het 'n klompie melkbeeste kromrug en kroeserig, met die sterte teen die sagvallende reën, gestaan en herkou; en terwyl ons dit had oor die oorstalligheid van die jaar se reën, het hy, wat anders so opreg bly kon wees daarmee, na dit my voorgekom het effens ongeduldig opgemerk: "Selfs die arme diere het daar al genoeg van gehad!"

Nooit tevore was die reën vir hom hinderlik gewees nie; meermale het hy staande gehou dat daar geen heerliker land op aarde sou wees as óns s'n, en geen land so mooi en aantreklik nie, as ons maar net genoeg reën had.

As die reën aanhou, was ons afspraak, sou ons die kar vir hom afstuur vir die aandete; as dit opklaar sou hy opstap, en met 'n "tot weersiens" het ek na ruim 'n uur teruggekeer, huistoe.

Die reën het teen die late agtermiddag opgehou, en die son het so'n bietjie deur die wolke geloer, maar hy het nie opgekom nie. Toe ons 'n boodskapper sou stuur, het dié ons meegedeel, dat Eugène enige tyd tevore afgestap het na 'n buurman toe, van wie hy nogal gehou het. Na dié middagbesoek het ek hom nooit weer gesien nie.

Vroeg die volgende Maandagoggend is ek na Johannesburg in verband met 'n werkie vir die Rykstentoonstelling, waaraan hy my sou gehelp het; en dié aand laat, verneem ek dáar op die radio die verpletterende tyding van sy dood, -- wat voorgekom het reeds die vorige Sondag namiddag, (29 Maart 1936).

Dit blyk dat hy kort na my besoek afgestap het riviertoë, na die buurman, omtrent 'n myl van die rondawels af, dwarsdeur die lang, nat gras. 'n Naturel het vroeg die volgende oggend die ontsielde liggaam 'n end van die huis af, langs die pad, ontdek.

Aan niks in ons gesprek van slegs 'n paar uur tevore, kon ek merk dat hy buitengewoon neerslagtig was; maar na die gebeurde het ek my herinner hoe hy my dié Sondagoggend met een van die seuns wat by hom op besoek was, 'n haëlgeweer laat vra het, "om 'n slang te skiet wat in die Engelse-doring voor die rondaweldeur, die voëltjies vang". Ons had ewenwel geen patrone vir die geweer nie, en later het hy niks meer daarvan gesê nie.

Hy het 'n liefhebbery gemaak daarvan om die sysies, tinkinkies, kraalogies en ander voëltjies vlakvoor die rondaweldeur, gedeeltelik onder die "Engelse doring", te voer, en had daartoe die vorige dag nog weer 'n voorraad voëlsaad uit die stad meegebring. Eiehandig het hy daar uit 'n besonderlik gevormde dolomietklip en sement 'n fantastiese drinkbak vir die voëltjies gemaak, wat ons in weemoedige aandenking, nog vir dieselfde doel gebruik.

Dit is netnou drie jaar gelede, en daar het in die tussentyd duisend dinge voorgekom waarin hy altoos belanggestel het, dinge waaroor ons graag sy mening sou verneem het; en ons mis hom nog iedere dag meer.

Vriende het hulle dikwels ge-erger as ons oor die betekenis van ons Afrikaanse literatuur praat, en ek beweer dat oor 'n paar honderd jaar g'n tien reëls van wat ons vandag in ons oormoed ons letterkunde noem, orend sal blystaan nie. Dit is miskien 'n bietjie te veel gesê, maar mens voel behoefte daaraan om dit te sê as jy die relatiewe betekenis daarvan wil probeer bepaal, en jy aanskou die verregaande verwaandheid waarmee dit bejeën, en die onvrugbare darredrukke wat daaroor gemaak word. Dit is altemit 'n bietjie te veel gesê, dat daar A.D. 2139 slegs tien reëls nog orend sal staan van ál wat *vandag* in Afrikaans geskryf is, maar ek het altoos gemeen dat dié tien reëls van Eugène se "Winternag" daaronder sal wees.

GUSTAV S. PRELLER.

Pelindaba, Febr. 1939.

VOORBERIG.

Persoonlike aanraking met Eugène N. Marais oor wie se werk hierdie studie handel, het by my die begeerte laat ontstaan om die diepte van sy kunstenaarsgemoed te probeer peil en so 'n bydrae te lewer tot groter erkenning van iemand wat in sy lewe nie reg waardeer is nie, omdat hy 'n eensame en afgesonderde weg uitgekies het. Verrassend vir my was dit om nie alleen die goedkeuring en steun van Marais in my voorneme te ontvang nie, maar ook van die kant van sy persoonlike vriende en familiebetrekkinge bereidwillige hulp te geniet, waarvoor ek veel dank verskuldig is. Veral geld dit persone soos dr. Gustav Preller, die bejaarde heer Wm. Spilhaus en mnr. A. M. van Schoor, wat persoonlike briewe en manuskripte tot my beskikking gestel het. Naas al diegene wat hulle moeite getroos het om my die nodige inligting te verstrek, wil ek in besonder bedank mnr. Eugène Marais, jr., en dr. Preller, wat die lewensbesonderhede in die eerste hoofstuk nagegaan, en so ver moontlik, die betroubaarheid daarvan gewaarborg het. Eindelik kan ek nie swyg oor die vriendelike raad en immer tegemoetkomende houding van prof. dr. M. S. B. Kritzinger nie, sonder wie se bekwame leiding ek hierdie moeilike studie beswaarlik sou kon aangedurf het.

Die uiteindelijke omvang van hierdie studie is veel groter as wat ek oorspronklik beoog het. Onderwyl ek besig was om inligting in te win, het die dood Marais kom opeis, en dié omstandigheid het my sterk beïnvloed om sy hele letterkundige betekenis te probeer naspoor. Die studie het daarna baie uitgebrei, veral ook, vanweë die feit dat baie dokumentêre getuienis wat in ander omstandighede verlore kon gegaan het, tot my beskikking gestel is.

By die ondersoek het ek uitgegaan van die standpunt dat die lewensomstandighede van die kunstenaar groot invloed op die wese van sy werk uitoefen. In die geval van Marais het hierdie oorweging groot moeilikhede meegebring, maar tog is daarna gestreef om alleen dié aspekte van sy bestaan na vore te bring wat noodsaaklik is om tot 'n juiste begrip van sy kuns te geraak. Hier word dus geen biografiese volledigheid beoog nie, wel uitvoerige toeligting van dié lewensgebeurtenisse wat positief of by wyse van kontras die leser nader aan 'n gesonde waardering van die kunstenaar kan bring.

Omdat Marais se werk en lewe tot sekere hoogte in 'n atmosfeer van onbekendheid en geheimsinnigheid gehul is, het ek dit nodig geag om die dusver onbekende sy van sy optrede meer te beklemtoon, selfs op die gevaar af om daardeur die goeie samehang van die geheel te belemmer. Dit geld veral aanhalings uit vry ontoeganklike stukke uit sy pen en die beskrywing van periodes van letterkundige ontwikkeling wat in die verlede verontagsaam is. Aan die meeste is Marais slegs deur die werk van sy laaste lewensjare bekend; daarom was dit nodig om te wys op die feit dat Marais as skoolseun al mooi gediggies gelewer het, dat hy later as bedrywige joernalis veel geskryf het; dat daar 'n groot verandering in sy lewe en dus ook in sy wyse van letterkundige arbeid gekom het — alles dinge wat by die beoordeling van sy betekenis vir die Afrikaanse letterkunde in ag geneem moet word.

Ten spyte van vraagstukke wat hulle herhaaldelik in verband met hierdie studie voorgedoen het, kon dit tog voltooi word. Ek wil geredelik toegee dat hierin nie alles oor Marais se betekenis gesê is nie, maar as hierdie leidraad sal dien om groter belangstelling in, en onafhanklike studie van, Marais se werk op te wek, dan is bereik wat met hierdie verhandeling beoog is deur

DIE SKRYWER.

STELLENBOSCH,
21 September 1937.

„In een van die oudste Egiptiese hand-skrifte, die beroemde *Tweegesprek tussen die Skrywer en sy eie siel*, kom die digter tot die gevolgtrekking dat die blote bestaan van die siel gegrond is op verdriet en pyn, en dat daar slegs een volmaakte middel is: Om self 'n einde aan die bestaan te maak!’’

— E. N. M.

Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.

Joh. 12 : 25.

INHOUD.

	Bladsy
Vooraf	VII
Hoofstuk.	
I. Lewenskets	1
II. Joernalis	24
III. Aandeel aan die Afrikaanse Bewegings	73
IV. Digter	102
V. Kritikus	138
VI. Dramaturg	153
VII. Wetenskaplike Prosa	169
VIII. Letterkundige Prosa	190
IX. Invloede en Skryfmetode	219
X. Taal en Styl	234
XI. Besluit	255
Aantekeninge	265
Alfabetiese Saakregister	285
Register van Persoons- en Skuilname	292

HOOFSTUK I

LEWENSKETS

Eugène Nielen Marais is op 9 Januarie 1871 in Pretoria gebore. Sy ouers was Jan Christian Nielen Marais, vroeër van Stellenbosch, en Sophia van Niekerk, afkomstig uit Malmesbury, en indertyd het die egpaar met hul kinders die plaas Les Marais, later 'n voorstad van Pretoria, bewoon. Hierdie plaas het oorspronklik behoort aan Pieter Marais (later van Wheatfield, Kaapland) en dis deur hom aan sy broer Jan oorgemaak toe dié met sy gesin uit Bloemfontein na Pretoria verhuis het waar Eugène toe as die jongste van twaalf kinders die lewenslig aanskou het!

Van Eugène se broers en susters is in Bloemfontein gebore en dit word vertel dat die gesin ook eenmaal President Kruger daar aan huis kon ontvang, by watter geleentheid een van die dogtertjies ongemerk een van haar poppe in die bed gesit het wat met besondere sorg in die vrykamer vir die President in gereedheid gebring is. Mnr. Marais was nie tuis toe die President opdaag nie en mev. Marais het hom nie herken nie. Die besoeker se eenvoudige voorkoms het haar onder die indruk gebring dat dit een of ander boer is wat mnr. Marais oor iets wou spreek en sy het hom toe maar op die stoep laat sit totdat haar man tuisgekom het.

Eugène se moeder was 'n agter-kleindogter van die suster van kommissaris-generaal J. A. de Mist. Die suster was getroud met Jacob van Reenen, eienaar van Ganzekraal, die familieplaas van moederskant. Lichtenstein gee 'n interessante beskrywing van die plaas wat so vrugbaar was dat 240 akkers jaarliks bewerk kon word, en van die eienaar wat aan Lichtenstein waardevolle inligting oor sy reise in Kaffraria meegedeel het en 'n kennis van die natuurlike aard en aardrykskunde van die landstreek aan die dag gelê het soos daar selde destyds onder die inwoners van

Suid-Afrika te vind was. In sy jeug was Van Reenen ook in Europa waar hy Frankryk en Nederland deurreis het.²⁾

Eugène se grootmoeder aan vaderskant weer was 'n kleindogter van Pieter, Baron van Rhee de van Oudtshoorn tot Nederhorst, wat as goewerneur na die Kaap uitgestuur is, maar op weg van Voor-Indië na Kaapstad op 23 Jan. 1773 aan boord skip oorlede is. Sy stoflike oorskot is op 17 April van dieselfde jaar in Kaapstad ter aarde bestel,³⁾ terwyl sy ampseël -- 'n groot silwerbuis met sy private wapen aan die een en dié van die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie aan die ander kant -- bewaar gebly het en later in besit was van Eugène se oudste broer, wyle senator Charles Marais, totdat dit gedurende die Tweede Vryheidsoorlog deur Engelse uit sy huis op Boshof in die Vrystaat gebuit is.⁴⁾

Eugène was nog maar baie klein toe die plaas by Daspoort verkoop is en die ouerlike verblyf verskuif het na 'n groot stuk grond naby die huidige Victoriabrug in Rissikstraat en aan die westelike oewer van die Apiesrivier, waaruit 'n groot uitkeer voor 'n sterk stroom water vlak voor die woonhuis, Lynnwood House,⁵⁾ verby gevoer het. Die walle van Apiesrivier was daardie dae van die Fonteine tot by die Leeubrug dig bebos. Die meeste huise was in die onmiddellike nabyheid van die Kerkplein geleë.

– Sy eerste skoolonderrig het Eugène as vyfjarige in die konsistorie van die ou grasdakkerkie met misvloer op die Kerkplein ontvang. Sy onderwyseres was mej. Anna Pottger, wat deur pres. T. F. Burgers -- op 1 Julie 1872 tot president ingesweer -- uit Holland uitgebring is.⁶⁾ Sy was nie juis vir die werk opgelei nie, maar het tog soos ander dames genoeg opvoeding gehad om 'n paar skoollesse te gee en daarby nog tyd te vind om haar klein winkeltjie aan die gang te hou. Saam met Eugène in die skool was daar kinders uit die distrikte Waterberg en Zoutpansberg van wie die ouers deur die Kaffers vermoor is. Die verhale van moord en ontbering wat hulle vertel het, het 'n blywende indruk op die ontvanklike kindergemoed van Eugène gemaak.

– Verdere onderrig het Eugène ontvang in die skooltjie van 'n Engelse predikant, aartsdeken A. Roberts. Die skooltjie was 'n klein grasdakhuisie heeltemal buitekant die toe bestaande dorp en

in die rigting van die huidige Sentrale Gevangenis. Roberts het 'n agttal skoliere gehad, onder wie behalwe Eugène ook was die latere sir Johannes van Boeschoten, 'n sekere Jan Lorentz, en twee broers Melville van wie een later 'n vername offisier in die Engelse leër geword het. Daar was ook twee seuns van 'n Portugese handelaar Perreira; een van hulle, Pedro, het later 'n kluisenaar geword in hul woning van destyds en tans baie vervalle, nl. Fountain Lodge op die hoek van Mark- en Skinnerstraat, en vandag is hy miskien die oudste ingeborene van Pretoria.

Roberts het geen Afrikaans geken nie en sy leerlinge geen Engels nie, sodat dit in die begin maar stadig gevorder het. Behalwe onder- rig in die gewone skoolvakke het Roberts hulle ook die Engelse kategismus- en gebedeboek uit die hoof laat leer, afgesien van die kerk waaraan hulle behoort het. Eugène was een van die eerste wat 'n prys „for Divinity” gekry het omdat hy die voorgeskrewe gedeeltes uit die Engelse gebedeboek so gou uit die hoof geleer het.

Van die klein geboutjie naby die tronk het die skool na Fountain Lodge in Markstraat verhuis. In die tuin was daar 'n pragtige borrelfontein waaraan die huis sy naam ontleen het. Dáár het Eugène 'n rukkie skool gegaan en toe is verhuis na die sg. St. Birinusskool wat deur die Anglikaanse kerk net agter die katedraal in Schoemanstraat opgerig is. Daarvandaan is die skool weer verskuif na 'n gebou in Pretoriusstraat, tussen Du Toit- en Prinsloostraat. En hier het Eugène sy eerste onderrig in Nederlands ontvang van ds. A. J. Begemann, die eerste predikant van Pretoria, wat eenmaal per week 'n Nederlandse les kom gee het. Hy het later gesê dat Eugène die enigste skolier was wat besondere belang in sy onderwys gestel het. Dit was dan ook veral deur die toedoen van ds. Begemann dat Eugène die kerkgesange so goed leer ken het. En toe ds. Begemann in 1917 op 93-jarige leeftyd spesiaal deur Marais besoek is, het die ou dominee sy eertydse leerling -- wat hom laas vóór sy vertrek na Europa eind 1896 gesien het -- nouliks herken, maar toe aan die ou man verduidelik is wie die besoeker is, het hy saggies gesê: „Alles wisselt op zijn wenken, maar Hij zelf verandert niet.”

Dat onderwyser Roberts werklik vir 'n veelsydige ontwikkeling

op grond van die spreuk: *mens sana in corpore sano*, gesorg het, blyk daaruit dat hy Eugène en sy maats ook krieket en voetbal leer speel het. Weens die nabyheid van die Apiesrivier, destyds 'n baie sterker stroom as die bekke van vandag, kon die seuns almal goed swem en by hul onderwys het hulle ook die polobal leer hanteer, sodat hulle waarskynlik die eerste waterpolo-spelers van Pretoria was. Die geliefde plek vir die watersport was die sg. Hondekuil, naby waar die eerste swembad later gebou is. So goed het Eugène leer swem dat hy later aan die Paarl 'n weddenskap aangegaan het om viermaal die lengte van 'n groot kuil te swem, 'n onderneming waarvan die welslae hom as skoolseun groot roem in die dorp besorg het.

-Die eerste keer wat Eugène mense gewapen gesien het, was toe gerugte van kafferonluste die mense forte in die omtrek van Pretoria laat oprig het. Toe vertel is dat daar al 'n impi Kaffers by Pienaarsrivier aan die kom is, moes die gesin Marais snags in Verdoorn se woning -- op die suidwestelike hoek van Pretorius- en Van der Waltstraat -- skuiling neem. Die platdakhuis was naamlik in 'n soort fort omgeskep en sandsakke is bo op die buitemure gestapel. Dit was in Maart 1879 toe Eugène agt jaar oud was.⁷⁾

Kort nadat Eugène die eerste keer skool-toe gegaan het, is Transvaal op 12 April 1877 deur sir Theophilus Shepstone geannekseer.⁸⁾ Sy eerste skoolonderrig was dus onder Engelse bewind en dis verstaanbaar waarom daar aanvanklik vir hom geen onderrig in Nederlands beskikbaar was nie. Die onderrig is onderbreek met die herstel van die Republiek en die aanvang van die beleg van Pretoria op 16 Desember 1880. Dadelik is voorsorg vir die verdediging getref en vanaf 11 Januarie 1881 moes al die inwoners in die artilleriekamp slaap en geen ligte mag ná 9.30 n.m. nog gebrand het nie. Die mense wat in die dorp of in hul wonings agter gebly het, waarvan die hardkoppige ou heer Mears van Sunnyside een was, is gewaarsku dat hulle „may be shelled or blown up”.⁹⁾

Van die ou heer Mears, wat om sy sonderling deftige drag 'n bekende figuur was, skryf Marais later die volgende: „Gedurende die beleg van Pretoria in 1880 het hy pertinent geweier om skuiling

in die Engelse kamp te seek. Hy het met sy familie te Sunnyside gebly en die militêre en inwoners gedurig bespot om hulle so bang was. En toe, eendag, daag daar 'n boere patroelje byna op die werf op, en skraap die vee van Sunnyside weg. Die ou heer was te slim om tegestand aan te bied. Hy het op 'n hoge kraalmuur geklim en die affêre deur 'n verkyker bekyk. Die Boere was so naby, dat mnr. Mears almal herken het. Hy het selfs vir komdt. Henning Pretorius, wat die naaste gekom het, toegeroep. En toe gewaar die Engelse dit uit 'n fort wat hulle op Timeballkop agter die teenwoordige stasie -- (Skanskop) gehad het, en trag om die Boere af te skrik deur 'n paar bomme wat egter nie die distansie kon haal nie. Die Boere, aan hulle kant, kon die Engelse ook nie bereik nie; maar so wou hulle die slagveld nie verlaat nie. Henning Pretorius klim van sy perd af en lê aan oor 'n miershoop, en stuur 'n koeël mooi deur die middel van die pluishoed! Beweer word dat die ou heer Mears vinniger van die muur af was dan wat dit hom geneem het om op te klim. Die voorval het plaasgevind in wat nou Mearsstraat, Sunnyside, is. Ons seuns het daardie middag stukke van die Engelse bomme opgetel".¹⁰⁾

Van die gevaarlik vermaaklike voorval was Eugène ooggetuie: „Ek en die Korannatjie met wie ek altyd gespeel het", het hy later vertel, „was met verlof uit die kamp en besig om by die rivier te speel toe die Boere onder Henning Pretorius 'n aantal beeste oos van die Apiesrivier in die teenswoordige Sunnyside skraap. Die Engelse het op hulle vanuit die fort geskiet en 'n paar van die bomme het nie ver van ons in die bos langs die rivier geval nie. Net daarna het die Korannatjie en ek vanuit die bos die geveg by Skinnerscourt gesien, by welke slag Henning Pretorius deur die bors geskiet is." ¹⁾

Op 23 Maart 1881 is die vrede in Pretoria geproklameer en kon die samelewing weer sy gewone gang gaan. Op 3 Aug. 1881 is die Konvensie van Pretoria onderteken, maar Eugène ~~het nie~~ verder in Pretoria skoolgegaan nie, want „kort ná die oorlog, toe alles in Pretoria nog in wanorde was", ¹⁾ het sy moeder hom op tienjarige leeftyd saam met 'n handelaar, sekere Van Heerden, „'n Vrystater en 'n man van sowat vyftig jaar", ¹¹⁾ vir verdere

onderrig na Boshof in die Vrystaat gestuur. Die reis per ossewa het met 'n vreeslike ompad gegaan en etlike maande geduur, aangesien Van Heerden, nadat hy vier of vyf kapkarre wat hy uit die Paarl saamgebring het hier verhandel het, eers agter Magaliesberg, in Groot Marico en die Kalihari gaan jag het, voordat hy Eugène op Boshof afgelaai het by sy oudste broer, Charles Gerard Marais, wat onderneem het om hom te onderhou en skool-toe te laat gaan. C. G. Marais, die latere voorsitter van die Unie-volksraad en senator, was destyds op Boshof in vennootskap met sy oudste suster se eggenoot, mnr. Niemeyer.

Eugène se vader het meer as eenmaal die afstand tussen Pretoria en Kimberley per ossewa afgelê en met negosiegoed teruggekom wat hy dan in die bosveld, agter die berg, vir produkte aan die boere verruil het. Soms het van sy kinders hom op die togte vergesel. Die verhale van sy vader en broers se ondervindinge moes op die jeugdige gemoed van Eugène 'n diepe indruk gemaak het, en wat voorheen met 'n gordyn van geheimsinnigheid bedek is, het daardie uitgestrekte reis deur die Transvaalse bosveld ontsluit. Saam met die gesin Van Heerden het Eugène die grondslag gevind van sy liefde vir die woeste, onbewoonde streke, en die indruk van die reis was so diep dat hy 'n halfeeu later omtrent die tog o.m. die volgende aangeteken het: „Ons het Agter-die-Berg 'n groot vrag lemoene vir beeste en leer gehandel, ook gedroogde vrugte, tabak, meel en brandewyn -- alles vir die Kimberley markt bestemd. Maar ons het nie reguit naar Kimberley gereis nie. Die heer Van Heerden het eers 'n lang jagttogt deur Marico aanvaard waar ons 'n tweede "kaal"-wa met biltong en velle belaa het. Altyd egter het ons die vrag lemoene saamgesleep. Dit was die werk van ons kinders om elke dag 'n deel van die vrag deur te soek vir lemoene met bedorwe plekkies, -- wat natuurlik die gesondes aansteek. Hierdie uitgeworpe lemoene was ons vergoeding vir die gedane ~~arbeid. Die jagttogt~~ het maande geduur, -- hoeveel kan ek nie meer herinner nie; en tog het die grootste gedeelte van die vrag gesond in Kimberley aangekom en die heer Van Heerden het 'n klein fortuintjie daaruit gemaak. Uitgesoektes het ons uit die hand verkoop teen een shilling stuk.”¹¹⁾

Die eerste ontmoeting van Eugène met die Vrystatertjies leef ná vyftig jaar ook nog fris in sy geheue: „Ek herinner hoe ons kinders met verwondering vervuld werd deur die spraaklose verbasing wat ons lemoene onder die Vrystaatse kinders -- wat nog nooit 'n lemoen gesien het nie -- veroorsaak het. Ons het hoenders en eende geruil -- "een vir een" -- vir die lemoene met bedorwe plekkies, wat ons ver hierdie doel nou begin versamel het in plaas van die vrugte self op te eet. Ek weet dat die besit van hokke vol kuikens en eendjies my die gevoel van 'n onuitputbare rykdom verskaf het.”¹¹⁾

Eugène het 'n hele paar jaar op Boshof skoolgegaan, maar „selfs daar was Engels nog altyd die voertaal en Hollands is slegs as vreemde taal een of twee keer per week onderwys”.¹⁾ Mnr. Bernard le Roux van die Paarl se roem as onderwyser het egter tot in die Vrystaat deurgedring, met die gevolg dat Eugène, waarskynlik eind 1884, saam met sy oudste suster, mev. Niemeyer, en haar kinders per ossewa gereis het tot op Potfontein, 115 myl ten suide van Kimberley, en daarvandaan per trein na die Paarl om daar verdere onderrig te ontvang aan die Paarlse goewerment-skool, toe algemeen bekend as die "Paarl Public School", omdat „die medium Engels was en Hollands alleen as vreemde taal doseer is”.¹⁾ Die personeel van die skool het toe bestaan uit die hoof, mnr. B. le Roux, drs. B. Haarhoff en Zahn, mnr. Inglis (Latyn en Grieks), en 'n mej. White afkomstig uit Amerika.

Met sy suster het Eugène 'n ou huis aan die Zeederbergplein bewoon. Hy vertel later dat hulle bo op solder ou perkament ontdek het, terwyl die Du Toits (S. J.) daar later waardevolle boeke van die uitgewers Elzevier gevind het. Dit alles het 'n wonderlike indruk op Eugène gemaak. Sy maats was almal seuns van wynboere en Eugène het dikwels saam met hulle by die parskuipe gespeel. Aanvanklik het die uitspraak van die Bolandertjies vir hom moeilikheid opgelewer, maar mettertyd het hulle mekaar baie goed leer verstaan.

In die skool het Eugène hom as 'n besonder skrande kind openbaar en ook in vrolike spel met sy maters was Eugène altyd die meer afgesonderde wat met 'n woord van gesag sake in een of

ander rigting gestuur het. Saam met sy susterskinders, John en Gustav Niemeyer, en 'n maat, Dawie Mostert, wat teenoor Zeederbergplein gewoon het, het hulle as seuns die omgewing van die Paarl geëksploreer. Daar is bv. 'n grot teen die hang van die Paarlklip waar hulle Saterdag die rus van duisende vlermuise gaan verstoer het. Met jeugdige oormoed het Eugène vir hom pyp en tabak aangeskaf en fluks geleer om lang skywe te trek. Indertyd het daar 'n groot oorstroming van die Bergrivier plaasgevind, en toe Eugène en sy maat Dawie op die wal die toneel staan en aanskou, het Dawie die geleentheid gebruik om sy dampende vriendjie te waarsku dat die rookgewoonte nie gesond vir iemand van sy begaafde verstand is nie. Eugène het van die pyp na sy maat gekyk en eindelik geantwoord: „Nouja, Dawie, as jy so sê, dan gooi ek hom in die stroom!” En gelyktydig het Eugène die pyp, wat vir hom 'as seun tog 'n kosbare besit moes gewees het, in die midde van die bruisende water gegooi.¹³⁾

Ook in sy skoolwerk het Eugène sy maats 'n voorbeeld gestel. Hy het vinnig vooruitgegaan, veral wat die taalkundige vakke betref. Sy Latynse kennis was buitengewoon, deels omdat hy dikwels Sondae uit die Bybel en veral uit die Psalms oorsettings van die Vulgaat in Engels sit en doen het. Hy het veel gelees en was bekend met baie van die Engelse gedigte en met die mitologiese beelde, soos blyk uit die gedigte wat van 1885 tot 1887 in die *Paarl District Advertentieblad*, 'n tweetalige koerant, in Engels verskyn het.

Die letterkundige kennis wat hy so opgegaar het, het hom goed te staan gekom in die hoedanigheid van joernalis van die Union Debating Society, 'n erepos wat hy meer as 'n jaar lank met groot bekwaamheid en spitsvondigheid bekleed het. Ná vyftig jaar kon die vriend van sy kinderjare, mnr. D. P. Mostert, mens nog vergas op gesegdes van Eugène wat indertyd veel vermaak aan lede van die Debatsvereniging verskaf het, soos bv.: „Why is the Union Debating Society like a weeping willow? -- Because it flourishes on a bank”, (die vergaderlokaal was aan die rivierwal); „why are the offices of Messrs. Marais like a flowering garden? -- because it has a T. Rose” (sekere Tielman Roos het daar gewerk);

„why is there a hitch in the society? -- because it has a cock in it!” (sekere Hitchcock was lid van die Debatsvereniging).

Sy klasmaats het groot vertroue in Eugène se kennis gehad en met die vertrek van die onderwyser in Skeikunde het hulle verlof gekry om tydelik op hul eie voort te gaan. Hulle het Eugène tot klasleier aangestel, maar die „onderwyser” was nie baie goed vertrouwd met die apparaat nie en tydens een van die eerste proewe het hy dit die lug laat invlieg, met die gevolg dat die seuns besluit het om maar die Skeikunde te laat rus totdat daar weer ’n onderwyser opdaag.¹³⁾

Eugène het so fluks gevorder dat hy skaars sestien jaar oud was toe hy matriek in die tweedeklas afgelê het.¹⁴⁾ Dit sou egter nie moontlik gewees het as die hoof, mnr. Le Roux, nie van die Departement spesiale verlof verkry het dat Eugène, wat by inskrywing nog nie die vereiste ouderdom bereik het, aan die eksamen kon deelneem nie.

Kort nadat hy die uitslag van sy eksamen verneem het, is Eugène terug na Boshof, en ná die oorlye van mnr. Niemeyer is hy saam met mev. Niemeyer en gesin ’n tweede keer op die ossewa, maar hierdie keer terug na die ouerlike woning in Pretoria wat hy byna tien jaar van tevore laas gesien het. Aanvanklik was hy klerk in ’n prokureurskantoor, maar ook daarbuite het hy sy pen bedrywig gehou en joernalistieke bydraes gelewer, o.a. aan die *Transvaal Advertiser*, die weeklikse koerant van ’n Skot, John Keith. Dit het nie lank geduur nie of Marais kry ’n aanbod om die koerant as rapporteur te dien. Hy aanvaar dit en tree veral op as volksraadverslaggewer, in watter hoedanigheid hy die unieke onderskeiding geniet het om by formele besluit van die Volksraad sy sitplek op dié rapporteursbank belet te word.

In 1890 word hy egter redakteur van *Land en Volk*, ’n onafhanklike Hollandse weekblad waarvan mnr. J. Meyer voorheen redakteur was. In die tyd het Marais ook assistent-redakteur geword van *The Press*, ’n Engelse dagblad in Pretoria, wat ook ’n Hollandse weekblad, *De Pers*, uitgegee het.¹⁵⁾ In die helfte van 1891 koop Marais en J. de V. Roos, die latere ouditeur-generaal van die Unie en destyds verteenwoordiger in Pretoria van die Johannes-

burgse *Star*, saam *Land en Volk* vir £500; en geruime tyd moes hulle die helfte van hul salarisse inbetaal op die koerant, wat egter stadig vooruitgegaan het.¹⁶⁾

Roos is eind 1892¹⁷⁾ na Kaapstad om die betrekking van snelskrywer van die Wetgewende Raad te aanvaar. Marais het toe sy aandeel uitgekoop en *Land en Volk* alleen geredigeer as vertolker van die sienswyse van die volgelinge van wyle genl. Piet Joubert. Marais is intussen ook aangestel tot assistent-redakteur van 'n ander Pretoriase dagblad, *The Observer*, terwyl *Land en Volk* se leserskring vinnig uitgebrei het. Nog later word Marais hoofredakteur van *The Observer*, maar toe *Land en Volk* sy eie drukkery -- eers naby die huidige Staatsdrukkery in Kochstraat en later naby die hoek van Mark- en Pretoriusstraat in laasgenoemde straat -- kry en gesonde vooruitgang maak, bedank Eugène ná enige jare die redakteurskap van die Engelse blad en wy al sy aandag aan *Land en Volk* en die lasteraksies wat heelwat van die redakteur se tyd en inspanning as eiser en verweerder geveer het.

Marais was ook 'n tyd lank korrespondent van die Londense *Times* en van Reuter se nuusagentskap, en toe die eerste struweling tussen Engeland en die Republiek plaasgevind het, is hy veral aangesê om sekere persinligting te verskaf. Kragtens „unlimited credit” aan hom verleen, het hy dan ook die volledige bepalinge van 'n sekere verdrag oorgetelegrafeer. Toe Marais egter sien dat sake vir die Republiek verkeerd loop, het hy die korrespondentskap bedank.

Eugène het in hierdie tyd soveel aandag aan joernalistiek en studie gewy dat sy moeder en vriende alles aangewend het om die skrande jong man se belangstelling vir die gewone sosiale bedrywigheid gaande te maak. Hoewel baie innemend en hoflik van geaardheid, het hy verkies om sy vry tyd te bestee aan die ape, bobbejane, slange en skerpioene wat hy tuis -- meestal tot groot ongerief van die inwoners van die ouerlike huis -- aangehou het. 'n Vriendin uit die tyd vertel dat wanneer hulle uitstappies doen of by die Fonteine gaan piekniek hou, Eugène altyd meer belang in die plantegroei en omgewing as in hul geselskap gestel het. Hy

het gewoonlik kort ná die aankoms op die piekniekplek verdwyn en eers weer sy verskyning gemaak wanneer die ander met die ete al moeg gewag is.

Ook tuis was hy heeltemal gelukkig by sy lessenaar teenoor 'n venster wat hom 'n uitsig verleen het op die watervoor waarin hy as klein seuntjie 'n tiental jare van tevore met nette vis gevang het. Aan elke kant van sy lessenaar het daar 'n snippermandjie gestaan waarin alle verfrommelde oefenpogings in beland het. So diep kon hy hom in 'n onderwerp verdiep dat hy selde of nooit 'n klop aan sy kamerdeur gehoor het nie.

Marais se buitengewoon bedrywige bestaan, en veral die verantwoordelikheid van sy werk as volksraadverslaggewer en koerant-redakteur, het dié nadelige gevolge gehad dat die eerste tekens van slapeloosheid hulle begin vertoon het. Hy het daarby aan neuritis begin ly en só iets gemeenskapliks wat betref liggaamsgebreke met sy vader gehad, wat gedurig aan die ergste rumatiek-aanvalle onderhewig was.

Die siekteverskynsels het sy moeder onrustig gestem, maar gelukkig het daar dinge gebeur wat dié onrus in belangstelling omgeskep het. Eugène het in 'n mate verander en nie meer so teruggetrokke soos voorheen geleef nie. Die oorsaak van die metamorfose was die ontmoeting van mej. Aletta Beyers, 'n klein-niggie van die latere genl. C. F. Beyers, wat kom kuier het by haar niggie, die eggenote van Eugène se ouer broer Melt, wat die huis langsaan die ouerlike bewoon het. Alle liggaamlike en geestelike kweuling is verontagsaam en op Maandag, 27 Augustus 1894, „Mr. Eugene Marais, of *Land en Volk*, joined the benedictine majority by entering into the 'happy state' with Miss Beyers of Springfield, Colenso, Natal.”¹⁸⁾

Na die huweliksbevestiging aan die Klein Toegela het Marais en sy bruid teruggekeer na Pretoria waar hulle voorlopig by sy ouers ingewoon het,¹⁹⁾ terwyl 'n nuwe woning in Sunnyside opgerig word.²⁰⁾ Haar eie huis het sy egter nooit betree nie, want op 17 Julie 1895 is sy oorlede nadat hul eersteling, 'n seun wat later sy vader se naam gedra het, nege dae van tevore gebore is.²¹⁾ Kort voor haar vier-en-twintigste verjaardag is sy heengegaan en

haar verlies was 'n gevoelige en senuverswakkende slag vir die skaars ouer eggenoot. Sy tog het hom bygestaan om slapeloosheid en neuritis moedig die hoof te bied, en nou?

Watter plek deur die oorlye van die jeugdige mev. Marais in die samelewing leeg geword het, blyk uit die volgende berig in een van die plaaslike koerante: „Although it was known for several days that the young wife of Mr. Eugène Marais -- our esteemed confrere, the editor of *Land en Volk*, was in a very critical condition after the birth of a fine baby boy last week, still, even as late as Wednesday afternoon slight hopes were entertained of a possible recovery. These fervent hopes were not to be fulfilled, however, for at ten o'clock on Wednesday evening a sudden relapse for the worse occurred, and despite of everything possible being done, the lamented young mother passed away into the Unknown. The grief of the family, and especially that of the bereaved husband, can be well imagined, and need not to be further described. Enough to say that Pretoria's warmest sympathy and condolence had gone forth to the young widower in his irreparable loss. On the news becoming known in town, flags flew half-mast at the principal buildings, and the most representative gathering of silent yet truly sympathetic mourners at Lynnwood House yesterday afternoon bore eloquent testimony to the keen personal interest felt in the terrible bereavement sustained by our young townsman The voice of consolation is pleasant in dark days, but in this case one voice of condolence from all sections of the community has been expressed, as the general attendance at the last honours showed in such full measure".²²⁾

Vooraanstaande ingesetenes van die dorp het in 'n stoet wat meer as vyftig rytuie getel het, die met 'n weelde van kranse bedekte kis grafwaarts gevolg. In die kerkhof „the Rev. Bosman," who was visibly affected, spoke a few touching words, that went to the hearts of the sorrowful gathering around the open grave. The proceedings were of short duration only and after the last honours had been tendered to the mortal remains of a loving young wife and mother, one of the largest funeral gatherings seen at the Capital silently dispersed." ²²⁾

'n Ander kollega betuig sy meegevoel as volg: „We can but express our heartfelt sympathy with the young husband at the severe blow which he has sustained and trust that consolation will be found in those divine symphonies which fall upon the ears of the stricken.”²³⁾

Met strenge kontras het die onverbiddelike Dood die luister van die feestelike opening van die Delagoabaai-spoorweg in die tweede week van Julie 1895 vir Marais in die niet laat verdwyn en hom alleen gelaat met sy verdriet. Onuitwisbaar was die smart, op skrynende wyse weerspieël in die eenvoudige opskrif wat hy op haar grafsteen in die Ou Kerkhof, Pretoria, laat uitbeitel het:

Lettie Marais (geb. Beyers)

Geliefde Echtgenoot van Eugène N. Marais.

Geboren 2 Augustus 1871.

Overleden 17 Juli 1895.

„Zet mij als een zegel op uw hart;

Als een zegel op uwen arm;

Want de Liefde is sterk als de dood.”

Hooglied VIII:6.

Die middels wat Marais aangewend het om hom liggaamlike pyn en verstandelike kwellings te bespaar, het gedurende sy kortstondige huwelikslewe -- 'n tydperk van effens ~~ver~~erediger werke en rustyd -- 'n swakker houvas op sy bestaan gehad, maar ná sy vrou se dood het die gevoel van smart nie nagelaat om sy verderflike invloed op liggaam en siel te laat geld nie. Tydelike uitkoms uit sy lewenssmart en die gevoel van die troosteloosheid van sy bestaan het Marais daarna altyd weer kon vind, maar die dure prys wat hy daarvoor moes betaal, is nie te bereken nie. En hier is ook die sleutel van die hoofingang tot die gebou wat mens die geheime openbaar van die tragiese verloop van Marais se latere lewe.

Anderhalfjaar het Marais daarna sy joernalistieke bedrywigheid

voortgesit en die gewone verloop daarvan afgewissel met twee lasteraksies van *Land en Volk* teen (1) *De Volksstem* vir £ 5,000, en (2) Tobias Smuts vir £ 5,000.²⁴⁾

Die Jameson-inval en die dreigende opstand in Johannesburg het Marais die geleentheid verskaf om as bemiddelaar tussen die Reform Committee en die Uitvoerende Raad op te tree en van die Reform Committee die belofte te verkry dat hulle geen hulp aan die oprukkende Jameson sou verleen nie.²⁵⁾ Marais het dit veral aan sy goeie kennis van die Engelse taal te danke gehad het hy versoek is om die onderhandelinge met die Uitlanders te voer. Die besonder seldsame outografiese brief van die President in hierdie verband het Marais ongelukkig laat verlore raak. Saam met Abraham Malan, die skoolseun van genl. Joubert, het Marais namens die Uitvoerende Raad die onderhandelinge met die Reform Committee gevoer en deurgaans as segsman van die regering opgetree.

Onmiddellik ná die onderhandeling in Johannesburg het Marais en Malan te perd na Doornkop gery. Hulle was dan ook twee van die tien wagte wat Jameson en sy drie hoofoffisiere deur die nag na Pretoria gebring het.⁴⁾ Marais het veral in die hoedanigheid van tolk die gevangenes vergesel.

Op 3 Desember 1896 dra Marais die redaksie van *Land en Volk* oor aan die heer J. Y. O'Brien, voorheen redakteur van *De Pers*, „onder die verstande echter dat de heer Eugène Marais als eigenaar en verantwoordelik editeur de politieke richting van dit blad als vroeger zal blijven aangeven.”²⁶⁾ Marais vertrek kort daarna na Europa waar hy hom dadelik as regstudent aan die Inner Temple in Londen laat inskryf.²⁷⁾

Sy persoonlike begeerte was meer om mediese student te wees en hy het gevolglik ook 'n privaat kliniek onder toesig van Guy's Hospital besoek. Verder doen hy mediese kennis op in Bonn (Duitsland) en ook toe hy 'n aantal groot stede in Europa besoek saam met 'n groep Duitse studente wat in opdrag van die Pruisiese regering die vraagstuk van onsedelikheid moes bestudeer. Later gaan 'n paar van hulle saam met hom terug na Londen waar hulle in Teddington saam 'n huis huur.

Onderwyl ontvang Marais van Ewald Esselen en ander uit Transvaal briewe waarin daarop aangedring word dat hy hom meer besonder tot studie in die regte moet bepaal, omdat na hul mening hy as advokaat die Republiek beter sou kon dien. Sy Transvaalse vriende het waarskynlik tot hierdie oortuiging geraak nie alleen deur die wyse waarop Marais in die verskillende lastersake opgetree het nie, maar ook miskien ten gevolge van die volgende berig wat op 15 April 1897 in *Land en Volk* verskyn het: „De heer Eugène N. Marais, die als edituur van *Land en Volk* zoo gunstig bekend staat onder ons volk wegens zyn onverschrokkenheid en rondborstigheid als een nationaal en republikeinsch journalist, is verplicht zyne wetsstudiën in Londen voor eenigen tyd op te schorten ten einde de belangen van zyn land te behartigen by het Chartered Onderzoek. Hy werkt hand in hand met onzen Consul, den heer White, en velen der strikvragen aan den getuigen gesteld zyn door den heer Marais aan den hand gegeven en uitgeschreven. De heer Marais betreurt het dat er van Regeeringswege geen stappen genomen zyn om de zaak der Republiek by de Commissie in het rechte daglicht te doen stellen. De vrienden van den heer Marais zullen verblyd zyn dat hy ook in het verre Londen, tot eigen ongemak en verlies van tyd en geld, de belangen der Republiek met kracht tracht te verdedigen tegen de verdraaiing en laster der Rhodesgesinde getuigen. Ook voor dit nieuw bewys van patriotisme zal men hem dankbaar zyn.”

Marais het vrywillig die heer Montagu White op sy kantoor bygestaan en sy werk was veral om die Engelse volksraadlede wat die saak van die Boere 'n goeie hart toegedra het, te nader en omtrent die ware toedrag van sake in te lig.²⁸⁾

Nog in die voorjaar van 1897, dus binne ses maande ná sy vertrek uit Suid-Afrika, lê Marais die eerste regseksamen aan die Inner Temple af.²⁹⁾ Op 19 Jan. 1898 verskyn daar in *Land en Volk* 'n hoofartikel oor Eugène Marais -- „even welbekend in het land als zijn blad *Land en Volk*” -- waarin vermeld word dat hy aan die Inner Temple sy derde regseksamen met sukses afgelê het. Verder skryf die redakteur: „Die laatste twee examens legde hy binnen zes weken af. Dit is een "record", of ongeëvenaard onder

Afrikaansche studenten. Maar het heeft hem harde studie en inspanning gekost, zoodat hij na het examen verplicht was rust te zoeken. Hij is voornemens voor het finale examen in Mei e.k. in te gaan, en hoopt van de Temple autoriteiten een paar termen kwytgescholden te krijgen, opdat hij zoo spoedig mogelijk naar zijn geboorteland terug kan keeren."

Op 15 Junie 1898 staan daar in *Land en Volk* dat volgens berig uit Londen Marais 'n verdere eksamen in Konstitusionele Regsgeleerdheid en Juridiese Geskiedenis met sukses afgelê het, maar dit was waarskynlik nie die finale eksamen waarvan in die genoemde hoofartikel melding gemaak is nie, want volgens mededeling van Marais het daar oorlog tussen Engeland en Transvaal uitgebreek nog voordat hy met sy regstudie klaar was.

Hoe goed Marais die tyd waarin hy verplig was om in Europa te bly, gebruik het, is duidelik as mens verneem dat hy nie alleen sy regstudie voortsit en in die medisyne meedoen nie, maar ook 'n deeglike studie van die Egiptiese hiërogliewe maak.³⁰) In die Britse Museum vertaal hy naamlik 'n oorspronklike papiirus, *The Travels of an Egyptian*, en sit tydens twee besoeke aan Egipte die studie van die beeldskrif voort, asook van die geskiedenis van oud-Egipte. Marais toon ook 'n besonder wye belangstelling, eie aan die meeste joernalistiek geskooldes, en maak volle gebruik van geleenthede om ook Italië, Duitsland, Holland en Frankryk te bereis, waardeur sy algemene kennis aansienlik uitgebrei is.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was Marais dadelik onder verdenking by die Engelse owerheid. 'n Man van Scotland Yard kom haal hom in Teddington waar hy toe saam met sy Duitse vriende gewoon het en neem hom na Lord Selborne, die destydse Onder-sekretaris van Koloniale Sake. Marais haas hom om te verduidelik dat daar geen verbinding of onderhandeling tussen hom en die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek plaasvind nie. Selborne lê die verduideliking aan die Engelse kabinet voor met die gevolg dat hulle van Marais verg dat hy sy parool gee om niks teen die Engelse owerheid te doen nie en om minstens veertien dae van tevore aan Scotland Yard kennis te gee ingeval hy Engeland wou verlaat. Hy aanvaar dit en bly in Teddington

woon solank die koerante dag ná dag berigte van Engelse oorwinnings oor die Boere bring.

Marais het sy dae onder parool nie ledig deurgebring nie. 'n Tyd lank het hy by 'n oorlosiemaker gewerk en toe dié op 'n keer geruime tyd deur siekte nie sy werk kon doen nie, het Marais alleen die saak voortgesit. Toe Marais sou vertrek, het hy van die dankbare oorlosiemaker 'n pragtige skepskronometer present gekry. Jare daarna het Marais nog met goud en silwer gewerk en o.a. silwer sigarettedosies, goue ringe en goudknope vir somer-pakke gemaak.

Dis egter begryplik dat Marais elke dag wat die oorlog in sy vaderland voortduur, onrustiger word. Hy het reeds sy finale advokaatseksamen afgelê toe hy by een van die Duitsers saam met wie hy woon, hoor van 'n ekspedisie wat vanuit België sou vertrek om springstowwe en medisyne na die Boere-kommando's te neem.⁴⁾ Marais besluit toe dadelik om met die leiers van die ekspedisie in verbinding te tree. Hy gee toe dadelik kennis aan die Britse owerheid van sy voorneme om oor twee weke na België af te reis. Geen beswaar word geopper nie en Marais gaan toe na Antwerpen waar hy ná lang gesukkel met die kopstukke van die onderneming kon onderhandel. Die vernaamste lede van die ekspedisie was dr. Schultz, 'n geneesheer van die Duitse leer wat pas teruggekeer het van die Bokser-opstand in Sjina, en luit. Zimmerman, 'n Switserse artillerie-offisier op jag na avontuur.

Marais sluit hom by die ekspedisie aan, 'n gevaarlike onderneming wat die dood sou beteken indien die oogmerke ooit aan die lig kom. Met die oog op die welslae van die ekspedisie is die som van oor die £ 10,000 uit Duitsland verkry op voorwaarde dat, met die oog op afwering van alle moontlike suspisie, niks vir die uitrusting en voorraad in Duitsland self gekoop word nie. Die hele voorraad springstof en medisyne word toe in België gekoop en alles ingeskeep as medisyne, verpak in bottels met die rooikruis daarop, ten einde die Engelse en Portugese aan die ooskus van Afrika te flous, waarlangs hulle in 'n Duitse boot tot by Tanga, die noordelikste hawe van Duits-Oos-Afrika, reis. Hulle slaag daarin om as wetenskaplike ekspedisie na die hartjie van Afrika

beskou te word, maar reis veral van Tanga binnenslands en altyd suidwaarts om sover moontlik alle aandag van hulle af te hou. Hulle raak egter nou en dan die kus aan om berigte in verband met die oorlog te ontvang.

Die laaste plek wat hulle aandoen, is Beira, waarvandaan hulle aftrek na die mond van die Sawi met die plan om die Sawirivier op te gaan sover as dit met skuite bevaarbaar is, dan oorland te reis na die Limpopo en dan langs die Limpoporivier op tot in Zoutpansberg, met die hoop om daar hul voorraad aan die Boere-kommando's onder genl. Beyers te oorhandig. Die reis was nie sonder moeilikhede nie. Die lede van die geselskap ly geweldig aan die uitputtende koors; veral Marais ly swaar ten gevolge van herhaalde aanvalle wat sy gestel uitput en verswak.

Die ervaringe van die reis was nie bemoedigend nie, en toe kom nog soos 'n donderslag die tyding uit Beira dat die Vrede van Vereeniging gesluit is. Die ekspedisie was tevergeefs, of soos Marais hul gewaarwordinge weergegee het: „Alweer was dit 'n verlore saak!”⁴⁾

Die kosbare voorraad kruit en medisyne word toe alles in die moeras gelaat en die geselskap trek af na Lourenço Marques waar hul koorslyding voortgeduur het. Marais vertel dat hy in Lourenço Marques „baie lank siek gelê het in 'n kamertjie in 'n klein hotelletjie waar ek apart gewoon het.”¹⁾ Die rede waarom die geselskap nie op een plek tuis is nie, was omdat die Engelse baie suspisiesus was en alles moes aangewend word om te verhoed dat die agterdog tot optrede teen die lede van die geselskap aanleiding gee. Die agterdog was van so 'n aard dat uitgesonderd Marais, 'n gebore Transvaler en burger van die eertydse Z. A. Republiek, geen lid van die geselskap verlof kon kry om Transvaal binne te gaan nie. Selfs Marais het eers na veel moeite en lang oponthoud die nodige verlof verkry en na Pretoria kon terugkeer.

Marais was die malaria nog lank nie kwyd nie, maar die gedagte dat die drukpers van die in die oorlog gestaakte *Land en Volk* nog heeltemaal bruikbaar is en aangewend kon word om, soos Preller dit uitdruk, sy volksgenote „'n bietjie op te beur, op die hoogte te hou van wat van hulle verwag word, en bekend te maak

met die planne van hul eie voormanne, wat na Europa toe gegaan was om daar geldelike hulp te vra vir die volk", het Marais laat besluit om die koerant weer te laat herlewe. Hyself het geen lus gehad om weer joernalistieke arbeid te verrig nie, en ook was hy weens die malaria nie dadelik daartoe in staat nie. Gustav Preller wat voor die Tweede Vryheidsoorlog reeds joernalistieke bydraes gelewer het en gedurende die stryd om vryheid as oorlogskorrespondent vir *De Volkstem* en *De Zoutpansberg Wachter* opgetree het,³¹⁾ is deur mnr. P. van Hoogenhout Tulleken op versoek van Marais genader om te hoor of hy hom die pos van redakteur van *Land en Volk* sou laat welgeval. Preller was van plan om Argentinië-toe te trek saam met ds. Louis Vorster se mense, maar gelukkig vir die Afrikaanse joernalistiek het die aanbod van Marais hom beter as Suid-Amerika voorgekom.

Toe Marais verneem dat Preller die aanbod waarskynlik sou aanvaar, skryf hy op 15 September 1902 aan Preller: „Het spijt mij dat ik u zoo lang moest laten wachten; wij hadden zoo veel tegen te kampen om alles in orde te krijgen. Zelfs nu is alles nog deur-makaar. Ik kan niet meer doen dan Uw een tydelijk plaats aan te bieden tegen £ 25 per maand. Het werk zal niet zwaar zijn. Ik ben van plan het eerste blad Vrydag te publiceeren. Indien dus gij mijn aanbod aanneemt wees zoo goed onmiddellijk over te komen, en intussen kunt gy uit de Engelsche dagbladen al de voorname nieuws van die laatste 14 dagen of zoo vertalen, en in orde bringen voor "L. & V." Ik verwacht u morgen of ten laatste overmorgen. De uwe, Eugène N. Marais.

P.S. Myn aanbod is natuurlik slechts tydelijk, zoo dat wy zien kunnen hoe wy met elkaar klaar komen. In haast. E.N.M."

Saam het Marais en Preller baie moeilikhede moes oorwin, maar *Land en Volk* het die vuurdoop deurstaan en sy intekenare snel vermeerder. Mnr. J. S. M. Rabie, 'n bekwame Vrystaatse joernalis, het die redaksie oorgeneem toe Preller in Desember 1903,³²⁾ op spesiale versoek van genl. Louis Botha redaksiewerk op die personeel van *De Volkstem*, wat hy vroeër as oorlogskorrespondent gedien het, gaan aanvaar het.

Mnr. Rabie word op sy beurt afgelos deur dr. J. Vrolik, vroeër

editeur van die *Bloemfontein Post*,³³) wat dit nie te wel met Marais kon vind nie. Ná sy ontslag neem Marais self die redaksie waar, hoewel hy nie te veel lus vir joernalistieke werk in die toe bestaande omstandighede gehad het nie, en buitendien het hy ná sy terugkeer in Pretoria as advokaat gepraktiseer en hom onledig gehou met die opstel van 'n boek oor „Deeds Office Practice”, wat tans nog in Swaziland in gebruik is.

Marais het indertyd, na 'n kort verblyf by sy suster, mev. Rex, sy eie huis in die voorstad Brooklyn gaan bewoon waar wyle C. J. Pienaar, gewese Staatsprokureur en later Unie-gesant in Italië, by hom kom woon het.

Die feit dat Marais self 'n tyd lank die redaksie van *Land en Volk* moes waarneem, het egter daartoe bygedra dat hy met sy koerant kragtige pleidooie vir die bestaansreg van die Afrikaanse taal as skryftaal kon lewer, voordat hy opgehou het om koerant-eienaar te wees. Want op 6 November 1905 skryf Marais aan sy vriend Preller: „*Land en Volk*” is eindelyk verkoop en gaat weer die week uit kom, -- glo ik. Wie die nieuwe eigenaar is, weet ik nie. Dit was deur 'n agent gekoop, die die name van zy principale nie wou openbaar nie. Dit lyk my suspicieus.” *Land en Volk* verskyn toe opnuut „na een periode van schyndood”,³⁴) op 10 November 1905. Die redaksie van die koerant kon in die uitgaaf van 9 Oktober 1905 nog skryf: „Morgen zal het 18 jaren geleden zijn, dat *Land en Volk* het levenslicht zag,” maar 'n maand later verskyn as aanduiding van die vinnig naderende laaste uitgawe die volgende bekendmaking: „Commencing with our issue of Tuesday, Dec. 4, 1906, a new feature will be added to *Land en Volk* in the shape of three or four columns of English Matter.”³⁵)

Marais het, ná die verkoop van die koerant deur bemiddeling van prokureur Hopley, 'n tyd lank in Pretoria en Johannesburg as advokaat gepraktiseer en is toe na Waterberg, waar hy aangestel is tot resident-vrederegter met hof en tronk op die plaas Rietfontein 1638. Marais gaan woon op die plaas Doornhoek waar hy gedurende meer as drie jaar die geleentheid kry om bobbejane in hul natuurstaat te bestudeer. Die bobbejaanplaas was egter so ongesond vir die mens dat Marais dit daar nie uithou teen

hernude malaria-aanvalle nie en genoodsaak word om af te trek na die plaas Rietfontein wat toe aan sekere Van Rooyen behoort het. Behalwe sy werk as resident-vrederegter³⁶⁾ het Marais ook in die geneeskundige behoeftes van 'n groot streek gratis voorsien. Waterberg is jaar ná jaar swaar deur die malaria geteister en Marais, wat tevore en tydens sy verblyf daar in eie liggaam die wurggreep van die gevreesde koorssiekte gevoel het, het beter as 'n gewone geneesheer die smarte van die siekte verlig, sodat hy daarom, maar veral ook omrede van sy hipnotiese genesinge, bv. dié van tant Hessie van Rooiwal, gedurende die grootste deel van sy agtjarige verbly in die Waterbergse as „die Wonderdokter” bekend was.

Ná sy vertrek van die plaas Doornhoek huur Marais 'n deel van die plaas Rietfontein van die Van Rooyens en begin ook met beeste boer, maar met die boerdery het dit nie te goed gegaan nie en ook het Marais se gesondheid veel te wense oorgelaat, met die gevolg dat hy in 1916 na die Vrystaat gaan om by sy oudste broer op Boshof te herstel. Ná 'n kort verblyf daar keer hy terug na Waterberg om veral sy miere- en bobbejaanstudie voort te sit, maar word so siek dat hy in Januarie 1917 in baie swakke gesondheidstoestand na Pretoria gebring is.

Herstel het geleidelik ingetree en daarna het Marais in die hoofstad as advokaat gepraktiseer. 'n Besondere vriend uit hierdie tyd is wyle adv. Tielman Roos, by wie Marais lank ingewoon het. Sy gesondheid het egter gaandeweg so verswak dat daar van 'n regspraktyk nie veel tereg kom nie. Hy moes dit prysgee en was daarna van 1 Oktober 1921 tot 30 Mei 1922 die vennoot van prokureur S. J. van Wyk op Erasmus.³⁷⁾

Marais word later prokureursvennoot van mnr. R. G. Coetsee op Heidelberg, Transvaal, maar sy aandeel aan die regspraktyk was maar gering. Marais bly ongeveer ses jaar op Heidelberg waar hy sy aansienlike beterskap grotendeels te danke het aan wyle dr. A. G. Visser, van wie hy ook middelerwyl 'n gewilde huisvriend geword het. Marais moedig Visser aan om van sy gedigte te publiseer en ontdek op die wyse die beskeie volksdigter aan die Afrikaanse volk.

Begin 1927 is Marais terug in Pretoria en woon geruime tyd by sy vriend Gustav Preller. Hoewel sy toestand so is dat hy nie meer praktiseer nie, bied hy tog gewaardeerde hulp aan die redaksie van *Ons Vaderland* waarvan sy vriend hoofredakteur is. Veral ná die omskepping tot *Die Vaderland* het Marais veel gelewer in die vorm van kortverhale, historiese anekdotes, populêr-wetenskaplike artikels, en 'n enkele gedig en nuusverslag. Marais bly 'n vry gereelde medewerker van die blad totdat een van sy bydraes in die voorjaar van 1934 deur die redaksie afgewys is, waarna hy sporadies nog 'n paar bydraes in *Die Volkstem* plaas.

Die verminderde letterkundige produksie was 'n sekere teken van vinnige agteruitgang in gesondheid. In Desember 1935 verskyn daar nog 'n laaste kortverhaal van sy hand in *Die Huisgenoot*. Op 24 Februarie 1936 het hy nog in 'n onderhoud met skrywer hiervan besonderhede oor sy lewe en werk meegedeel. Skaars 'n maand later, op die vroeë oggend van 30 Maart 1936 is sy lyk op die plaas Pelindaba, naby Pretoria, aangetref met 'n geleende geweer daarby om van die tragiese skeiding te getuig, want reeds die vorige namiddag het Eugène Marais die tydelike met die ewige verwissel.³⁸) Sy verminkte oorskot is in die Ou Pretoriase Kerkhof bygelê naas die graf van sy vroeg gestorwe eggenote.

Sodanig was die lewenseinde van die man wat gedurende sy lewe veel van die tragiese ervaar het en van wie daar ook verskeie noue ontkomings aan die dood verhaal word. Eenmaal was hy in 'n boot wat gelek het en dwarsdeur die nag op see moes die bemanning aanhou water uitskep; net met sonsopgang het die boot gesink, maar gelukkig in vlak water! 'n Ander keer is die koeël van 'n pistool tussen sy bene deurgeskiet, by 'n ander geleentheid deur sy baadjie en onderbaadjie om 'n skraapmerk aan sy bors te laat, en 'n koeël uit 'n geweer is selfs eenmaal deur sy hoed geskiet sonder dat hy geraak is. 'n Noue ontcoming was ook dié in Waterberg: Marais en sy vriend Ford was net besig om in die oop skag van 'n myn na bo te kom toe 'n skoot dinamiet wat te gou deur 'n naturel afgeskiet is, die twee onder 'n bombardement van klippe die lug laat inwaai het. So 'n indruk het

die gevaarlike voorval op Marais gemaak dat hy later 'n gedig *Mvubu*, nog ongepubliseerd, daaroor geskryf het.

Die tragiese omstandighede van Marais se dood het daartoe aanleiding gegee dat hy in verskillende dagblaaie en tydskrifte die waardeering gevind het wat hom in 'n groot mate gedurende sy ewe wrange lewensbestaan, met 'n tragiek wat vir die enkele ingewydes dieper is as dié van sy dood, deur sy medemense ontsê is. En ná sy heengaan het kultuurverenigings -- o.a. die takke van die Afrikaans-Nasionale Studentebond op Stellenbosch en in Pretoria -- op gedenkaande aan die nagedagtenis van een van ons mees diep peilende en innigste kunstenaars hulde gebring.

HOOFSTUK II

JOERNALIS

Inleiding :

Omdat Marais vandat hy die skool verlaat het totdat hy na Europa afgereis het, sy volle aandag aan die joernalistiek gewy het — en daarby hoofsaaklik die Hollands-Afrikaanse joernalistiek — meen ek dat 'n blik in daardie vormende tydperk behoort mee te help om tot 'n gesonde oordeel oor die kunstenaar te kom. Al het hy dan in die koerantebedryf alleen taalvaardigheid opgedoen, dan is dit al van betekenis vir sy latere skeppingswerk met die pen.

Die rol wat die Afrikaanse koerante in later jare gespeel het om erkenning vir die letterkundige werke te help verkry, is bekend. Dit sou myns insiens dus baie onbillik wees om in dié verband die bydrae te verontagsaam wat een van die eerste Afrikaans skrywende joernaliste in Suid-Afrika, en stellig die eerste in Transvaal, gelewer het.

In Natal was daar vyftig jaar gelede, sover bekend, geen Afrikaner joernalis nie; in die Vrystaat was daar mnr. Borchenhagen; in Transvaal was daar mnr. Jan Celliers (vader van die digter), die vroeg gestorwe mnr. Rex (vroeër verslaggewer aan die ou du Toitse "Kolonist"), en Eugène Marais. In Kaapland was die aantal Afrikaner-joernaliste ook maar skraal, hoewel meer as in die Noorde.¹⁾

Nadat Marais in die plaaslike blaadjie aan die Paarl in sy skooldae sy eerste gediggies in druk gesien het en waarskynlik ook die verslaggies van die vergaderinge van sy Debatsvereniging

na die *Paarl District Advertiser* gestuur het, is dit verstaanbaar dat Marais ná sy terugkeer in Pretoria, veral by die aanwesigheid van 'n hele paar koerante en met 'n ouer broer wat reeds ywerige koerantmedewerker was, verdere bydraes lewer, veral aan die *Transvaal Advertiser* waarvan sy broer medewerker was onder die skuilnaam „Amphy Bias”.

Eerste joernalistieke arbeid.

Terwyl „Amphy Bias” kommentaar gelewer het op sake van die dag — veral dinge wat noodsaaklikerwys nie altyd in die haak was in die vinnig groeiende dorp nie, soos bv. sanitasie, polisie-dienste ens., — het Eugène as volksraadverslaggewer opgetree en nie alleen gesorg vir die verslag van die verrigtinge nie, maar ook die verantwoordelikheid van nuusversameling uit gesprekke in die wandelgange aanvaar in 'n gereëlde rubriek: „Glimpses from the Hoekie”.

Toe Marais sy werksaamhede aan die koerant begin het, het die *Transvaal Advertiser* slegs tweemaal per week verskyn, maar vanaf 21 Mei 1888 het die eienaar dit tot driekeer per week laat vermeerder, omdat „events have of late marched with so much rapidity and the changes in the political and commercial affairs of this country have become so great and momentous”²⁾.

Die rubriek „Glimpses from the Hoekie” het egter Marais by die Volksraad in onguns gebring toe op 'n dag die volgende onder genoemde hoof verskyn het:

„Again have I to publish a little tale that was not intended for my ears. But I glory in revealing the duplicity of these men, although the world might deem the means dishonourable. Mr. Celliers is again my hero. He and the Chairman had a dispute about the Francis concession when the latter gentleman accused Mr. Celliers of wilfully misstating facts — of perpetrating a falsehood, and that he had done this solely with the purpose of bringing the Raad into ridicule with the public. Mr. Celliers, however, proved to have been correct and the Chairman wrong. Mr. Celliers wished to explain, but the Chairman (wise man!)

refused to allow him and left the decision of the dispute to the Raad.

„During the ten minutes recess the Chairman and Mr. Stoop were standing near the reporters' table when the former said with great emphasis, "From now I'll show Celliers. I'll sit on him (op zyn tabernakel gé) as much as possible". Mr. Stoop loudly applauded the noble resolution.

„The Chairman happening to turn round and seeing me writing said (with evident alarm) that he trusted reporters do not make notes of private conversations. "I dangled with my golden chain and smiling put the question by".

„I was nevertheless greatly surprised. I had never thought that the Chairman, that religious man, with eyes turned up and mouth turned down, whose every word is oiled with the grace of God, whose every phrase is mingled with biblical allusions, — I had never thought, I say, that this man could utter anything he would blush to see published".³⁾

Bostaande woorde het ten gevolge gehad dat President Kruger by die volgende vergadering aangekondig het dat daar 'n belangrike saak is wat hy wil beslis hê voordat met die gewone werksaamhede voortgegaan word. Die voorsitter is beledig en hy het 'n beleefde brief geskrywe om te versoek dat die persoon wat hom die belediging aangedoen het, uit die saal verwyder word, maar as antwoord het hy 'n besonder onbeleefde brief in plaas van 'n apologie ontvang. Die Raad, het die President voortgegaan, kon nie as 'n wetgewende liggaam sy werk voortsit voordat die belediging nie uit die weg geruim is nie. Hulle sou vir die gek gehou word as hulle dit sou doen. Daardie persoon behoort nie in die Raad toegelaat te word nie en hulle behoort 'n besluit in die voege aan te neem as hy sou volhard om te kom. Die verslaggewer is dieselfde oggend verwyder, maar hy het alweer teruggekom.

Mnr. Wolmarans het daarop verklaar dat die Volksraadsaal 'n openbare lokaal is, bedoel vir die publiek van die land en dat die verteenwoordigers van die volk nie soontoe gestuur is om die gek mee geskeer te word nie. Hy wil hê dat die saak dadelik beslis en die advies van die Staatsprokureur gevra word.

Mnr. Celliers merk toe op dat die Onderwysverslag aan die orde is, maar die President het gepraat van 'n sekere persoon wat die oggend verwyder is. Die lede behoort niet aandag te skenk aan sulke dinge wat in die koerante verskyn nie. Hy is dikwels self aangeval, maar hy neem geen notisie daarvan nie. Die persoon wat dit geskryf het, was miskien in 'n opgeruimde stemming.

Die Voorsitter het daarop verduidelik dat hy die redakteur van die *Transvaal Advertiser* versoek het om die persoon te verwyder wat die paragraaf in dié koerant oor hom geskryf het. Hy het 'n besonder onbeleefde antwoord daarop ontvang en ag dit as 'n verlaging van sy posisie as Voorsitter van die Volksraad. Hy stel daarom die saak aan die orde en vra die sekretaris om die oorspronklike in die *Advertiser* te lees, sowel as sy brief aan die redakteur en dié se antwoord daarop.

Die Sekretaris kondig egter aan dat die brief van die Voorsitter in Hollands is, maar die antwoord en die betrokke paragraaf albei in Engels. Mnr. Taljaard stel toe voor dat die Raad verdaag sodat die stukke eers vertaal kon word. Die Voorsitter het sy instemming daarmee betuig omdat die Raad vaste grond moet hê voordat in die saak besluit word, en verdaag daarmee die Raad tot die volgende dag.

In die *Transvaal Advertiser* van 7 Junie 1889 verskyn ook die briewe waarvan in die Volksraad sprake was. In sy antwoord op die versoek van die Voorsitter om „den bedoelden rapporteur in 't vervolg niet meer als zoodanig in den Volksraad te zenden, hetgeen dienstig zal zijn aan de waarheid en juistheid uwer verslagen en aan den goeden naam van uw blad” skryf die redakteur van die koerant o.m. ter verdediging van die publikasie :

„1. The paragraph to which you object did not appear in the report of the proceedings of the Volksraad. It must, therefore, be considered as the deed of some person in his private capacity.

„2. That the remark assigned to you in the paragraph in question was made while the Volksraad had adjourned, and in your capacity as a private gentleman, and not (as I would fain believe) as Chairman of the Volksraad.

„3. I accept your assurance that the conversation was *private*

and not intended for any other ears than those of Mr. Stoop. I may respectfully suggest that by claiming the privilege of privacy you have surrendered your right (if any exists) to request that I should withdraw the gentleman to whom you attribute the obnoxious paragraph. I need not remind you that you cannot make use of your position as Chairman of the hon. the Volksraad to remedy a private grievance.

„4. That you make no charge of unseemly behaviour, while on duty in the Volksraad, against the gentleman you ask me to withdraw.

„5. That your complaint is, according to your own letter, purely personal, and if you have been injured by what has appeared in the *Transvaal Advertiser* you can obtain redress in the mode appointed by the laws of the country.

„Under these circumstances you must kindly pardon me if I fail to see any valid reason for complying with your request on public grounds, on which alone you have the right to demand it, and in which you can use your official title.”

Wat Marais self oor die saak gedink het, vind mens in die volgende „Glimpse from the Hoekie”, waar hy sy standpunt wil regverdig en sê: „I fully agree that the fact of publishing a private conversation is by itself extremely improper, but I contend that in the interest of truth, of justice, and of the public, means for revealing duplicity and falseness become glorified which would otherwise be considered base and ignoble.”

Hoeveel waarde aan die voorval geheg is, blyk ook uit die feit dat die redakteur in 'n hoofartikel van byna twee kolom o.m. skryf:

„We regret to observe that His Honour the President made some very inconsiderate remarks upon the re-appearance of our reporter in the Volksraad yesterday afternoon. It can scarcely fail to have occurred to His Honour that it is impossible to find gentlemen at the corner of every street qualified to act as reporters, and that, owing to a duty to the public, we have taken the only course open to us. It is far from our intention to insult the Volksraad, but we have had the duty forced upon us to maintain an important right, and until some higher authority than the single

voice of the Chairman speaks on the matter we shall fulfil that duty to the best of our ability. If the Volksraad thinks it worthy of its dignity to pass a resolution to exclude our representative for ever from the reporters' table, well and good. Such resolution would be, according to our highest legal authorities, the law of the State, and we should be bound to obey it. Our reporter would then be in the same position as the rest of the public and would have to make other arrangements for recording the speeches of the hon. members than those now in use. We, however, emphatically deny any intention on our part to insult the Volksraad or any of its members, and we cannot but express our regret that the subject has been taken up with so much heat and so little discretion by the President and the Chairman of the Volksraad.

.....

„Since the above was written, the Volksraad has passed a resolution excluding the Advertiser for ever from the reporters table. We may assure our readers that they will not lose much by this illegal stretch of authority.”

Want ná die eendaagse verdaging om eers alle stukke in die offisiële Hollands vertaal te kry, het die Volksraad aan die verslaggewer van die *Advertiser* by formele meerderheidsbesluit sy sitplek op die rapporteursbank belet — 'n onderskeiding wat seker uniek is in die koerantgeskiedenis van ons land.⁴⁾

Aan Marais het die voorval bekendheid besorg, maar aan sy werk as verslaggewer het dit min verskil gemaak. Hy was nou wel nie meer so naby die Voorsitter en kon nie meer *private* gesprekke hoor nie, maar sy volksraadsverslae was net so volledig soos voorheen, terwyl hy nog steeds kommentaar gelewet het, hoewel onder die nuwe hoof, „Glimpses from the Benches.”⁵⁾

Redakteur van „Land en Volk”.

Die misnoeë van die Volksraad het die agtienjarige joernalis nie veel gestrem nie, want 'n jaar later word hy redakteur van *Land en Volk*, 'n koerant wat in Okt. 1886 deur mnr. O. T. de Villiers

in Pretoria opgerig is. „Die blad het eers sterk die aandag getrek toe dit in die hande van mnr. Eugène Marais gekom het.”⁶⁾ Marais het, nie lank nadat hy redakteur geword het, dit saam met J. de V. Roos gekoop en van toe af in die politiek van die dag party gekies vir genl. Piet Joubert teen President Kruger. Die wyse waarop hy die toenmalige President en Regering in hul optrede gekritiseer het, het by baie die indruk gewek dat *Land en Volk* selfs „teen die Republiek en vir die Engelse opposisie was, hoewel dit miskien slegs ’n onvermydelike gevolg was van die verwoede stryd wat daar soms gevoer werd. Marais, wat weldra alleen daarvoor gestaan het, moes meermale alkante-toe front maak, en het miskien met die voortvarendheid van die jeug meer animus aan die dag gelê by skroomlike regeringstekortkominge as wat juis nodig was daar kan seker nie die minste twyfel bestaan nie dat hy altoos deur en deur goeie Afrikaner gebly het, wat slegs die meerdere grootheid en geluk van sy eie volk begeer het.”⁷⁾

By die oorname van *Land en Volk* doen Marais en Roos die volgende beleidsverklaring „an die Volk van di Z.A. Republiek”:

„Di ondergeteekende het di nuwsblad *Land en Volk* oorgeneem. Met di oername het ons beslote om di gehele toon van di blad te verander. Dit sal ons poging wees, en ons koester di geloof dat ons daarin sal slaag, om *Land en Volk* di eerste nuwsblad in die Republiek te maak.

„Di blad sal voortaan ontbloot wees van alle persoonlykhede, alleen sal ons, sonder aanzien des persoons, di sluier van alle knoeiery en onrecht afruk, en an die oordeel van di Volk bring, want di stem van di Volk is die stem van recht.

„Ons sal al di kerk en ander partyen even onpartydig behandelen, en ons sal trag om alleen partydig te wees an di kant van regtvaardigheid.

„Op politiek gebied sal ons oek partydig wees, maar dit sal wees an di kant van alle Afrikaners, en voornamelyk an di kant van di Suid Afrikaanse Republiek, wier vryheid en onafhanklykheid ons altyd voor di ooge sal hou.

„Wat nuws betref kan ons die lesers van *Land en Volk* beloof dat hulle voortaan *meer, beter en vroege nuws* sal hê dan in

eenig nieuwsblad in di Republiek. Tezamen met politieke nuws, sal ons 'n spesiale plaats ge an kerkelyke en landboukundige nuws en artikels, en ons verwag contributies van alle deele der Republiek in di sake.

„Ons verwag, bovendien, di ondersteuning van elke burger van di Suid Afrikaansche Republiek wat sy land en sy onafhanklykheid lief het. Ons poging is di poging van zoonen des lands om 'n nuwsblad te stig wat werkelyk en in alle opsigte di volk van di Suid Afrikaanse Republiek sal vertegenwoordig, en ons ag di poging waardig di ondersteuning van elke Transvaler, angezien dat daar op dit oogenblik gen enkel nuwsblad in die Republiek is ni wat in di hande van Transvalers is of wat di volk van di Suid Afrikaansche Republiek vertegenwoordig.

„Ons vra dus an al onze lesers om *Land en Volk* wyd en syd an vriende en buure bekend te maak, en waar dit verlangt word sal ons 'n exemplaar ver niet stuur, want ons is seker dat iedereen wat ons blad eenmaal gesien het dadelyk daarvoor sal inteeke.“⁸⁾

Dit het egter geruime tyd geduur voordat *Land en Volk* op sy eie bene kon staan. Die redaksie het miskien gevoel dat die nuwe beleid nie maklik uitvoerbaar is nie, maar hulle wou voet by stuk hou en ondanks aanvalle van die kant van *De Volksstem* en die onguns van die Regering, was daar bepaald vordering, sodat Marais en Roos op 26 Apr. 1892 bo die hoofartikel die volgende kennisgewing kon plaas:

„Ons Lezers zullen ons vergunnen iets over ons self te zeggen. Wij hebben weer veranderingen, (die wij hopen tegelykertyd verbeteringen zijn) in ons courant gemaakt. Van dat wij de courant overgenomen hebben is de circulatie meer dan verdubbeld en dagelijks gaat het nog op, zoo dat wij nu elke week genoodzaakt zijn de getal couranten te vermeerderen. Hiervoor zijn wij de volk van ons Republiek dankbaar. Wij zijn volkomen bewust dat *Land en Volk* ver van volmaakt is als nuwsblad, doch wij trachten ons fouten te verbeteren en door de veranderingen die wij nu in ons werk-stelsel gemaakt hebben zullen wij elke week aan ons lezers een courant geven die wij hopen niet onwaardig zal zijn de naam te dragen van *Land en Volk*.

„Wat ons politiek betreft — wij hebben slechts een politiek — de waarheid. Het is ons geloof dat het net zoo slecht is voor een courant om opzettelijk een leugen te vertellen als om op stelselmatige wijze de waarheid te verzwijgen. Ons enigste poging zal altyd zijn om aan ons volk de waarheid te vertellen over alle zaken op politiek gebied. Alle handelingen die in ons opinie oneerlijk zijn, zullen wij openbaar maken zonder aanzien des persoons; en elke persoon die de eer van ons Republiek of ons onafhankelijkheid in gevaar brengt, zullen wij zonder vrees aanvallen. Wij zijn huurlingen van geen enkel persoon dan alleen van de volk van de Zuid Afrikaansche Republiek en in hun belang zijn wij gereed al de geldelijke voordeelen op te offeren, die wij zouden kunnen genieten indien wij ons politiek eenigzins wouden veranderen. Hiermede zullen wij eindigen. Wij hopen dat ons lezers *Land en Volk* overal bekend zullen maken en ons sterk steunen als *de eenigste Afrikaansche courant* in de zetelplaats die alleen vechtende is voor de *Afrikaansche zaak*”.

Die politieke strewe van *Land en Volk*, nl. om steeds met die waarheid in belang van land en volk voor die dag te kom, het die eienaars kort daarna die eerste van 'n reeks lasteraksies besorg. Om die waarheid te sê, voordat bostaande beleidskennisgewing verskyn het, is daar in die koerant 'n berig geplaas⁹⁾ wat daartoe aanleiding gegee het dat die heer Gerrit Ribbink 'n lasteraksie teen die eenaar ingestel het: „Eischer beweerde £ 2,000 schade geleden te hebben door schennis van zijn karakter veroorzaakt door een artikel in *Land en Volk* en klaagde vooral over de woorden dat hij zou ontslagen zijn met een te kort in kas. Verweerders ontkende het laster en stelde het speciaal pleidooi in dat de woorden door eischer aangehaald deel uitmaakten van een artikel in hunne courant verschenen, welk artikel een billijke critiek van eischer in zijn publieke karakter was en in het belang van het publiek en de Staat om dat het uitgegeven werd zonder malicieus voornemen of doel en in zijn geheel genomen moest worden”.¹⁰⁾ Die saak is verhoor deur Hoofregter Kotzé, bygestaan deur regters De Korte en Ameshoff. Advokate Kleijn, Coster en Fraser het vir Ribbink verskyn, en advokate Wessels en Esselen vir Marais en Roos.

As eerste getuie vir die verdediging het Marais verklaar dat dit die politiek van *Land en Volk* is om die belange van Afrikaners te verdedig en die onderhawige artikel is in uitvoering van dié politiek geskryf; en verder — onder kruisverhoor deur adv. Kleijn — dat dit een van die beginsels van *Land en Volk* is dat Afrikaners hul eie land net so goed kon regeer as Hollanders en ander vreemdelinge. Dit was dikwels nodig om vergelyking te maak tussen Afrikaner- en Hollander-amptenare en hy wou aantoon dat 'n Hollander-amptenaar nie na verdienste deur die Regering behandel is nie.

In sy pleidooi het adv. Kleijn gesê dat die aanvalle van *Land en Volk* op die Hollanders teen die Grondwet is, terwyl adv. Coster bygevoeg het „dat het het duiveltjie van politiek was die Marais zoo deed schrijven; en dat het geen compliment voor Afrikaners was beschermd te worden door zulk een blad”,¹⁰⁾


Die uitspraak van die Hoofregter word deur Marais self saamgevat in sy hoofartikel in dieselfde koerant waarin die verslag van die saak verskyn het: „De Hoofdrechter gaf gisteren uitspraak tegen *Land en Volk* voor £10 met de kosten. Hij achtte het doel van het artikel over geklaagd in zichzelf lasterlijk en niet een billijke kritiek van het gedrag van een ambtenaar in zijn publieke hoedanigheid

Wij onderwerpen ons aan het Hof en geven ons publiek hiermede gelegenheid om te oordelen of wij recht of verkeerd handelden, met te doen wat wij deden.”

W. A. Schröder, die bekwame spotprenttekenaar van *The Press*, waarvan Marais toe assistent-redakteur was, het die uitspraak weergegee met die tekening van die hoofregter Kotzé, met toga aan en pruik op, wat op 'n bank (hooggerechtshof der Z.A.R.) sit en 'n skreeuende kind (*Land en Volk*) oor die regterknie trek en met 'n bondel takkies (£10 met koste) slaetodien.¹¹⁾

Die Ribbink-saak het ook in die Volksraad 'n naklank laat hoor, blykens die volgende kommentaar daarop deur die redakteur van *Land en Volk* onder die opskrif „Dankie, Neef Barend”:

„Mnr. Barend Vorster, lid van den Tweeden Raad, wordt



WELVERDIEND!

hiermede publiek bedankt door de editours van *Land en Volk*, voor zijn, indien niet welgemeende, dan toch welgeslaagde poging om onze courant door de lengte en breedte van Zuid Afrika bekend te maken. Mr. Vorster stelde namelyk een motie voor om Eugène Marais, editeur van *Land en Volk*, te dwingen door middel van het Hoog Gerechtshof den naam op te geven van het Raadslid, die hem de documenten in de Ribbink Zaak verschaft heeft. Toen Neef Barend de oppositie zag werd hij bang en trok terug. In den Eersten Raad volgden Mnr. Jan de Beer denzelfden weg in, dog op een wenk van den President probeerde hij het te doen door middel van de Regeering".

Onder die publiek was daar veel simpatie aan die kant van Marais, soos blyk uit die brief van „Intekenaar”¹²⁾ waarin hy o.a. skryf: „Meneer Editeur, dat ek al jou ywer en strewe om di belangen van ons Afrikaanders te verdedig seer hoog waardeer, behoef ek jou nou te sê en dat ek in di Ribbink zaak ten volle met jou sympatiseer wil ek jou een klein tasbaar bewijs daarvan ge en sluit hier dus tien sjelings in om di koste te help betaal, en roep daarby alle intekenare op om dizelfde te doen, om jou hande te sterk, so dat jij op di ingeslage weg kan aangaan. Laat jou ni afskrik, maar gaat voort „der waarheid getuiging te geven” di waarheid is hard en maak altijd seer”. Die volgende veelseggende onderskrif staan daarby: „Ons dank Intekenaar hartelyk voor zijn bijdrage en tegelyk di andere vrinde, di ni hulle name wil laat weet ni — Ed. L. en V.”

Andersyds was daar dié wat Ribbink gesteun het, want die Kruger-kongres vaardig in Desember 1892 'n manifes uit waarin alle burgers gevra word om vir Paul Kruger in die a.s. Presidents-verkiesing te stem, omdat die editours van *Land en Volk* veroordeel is omdat hulle „den vertrouwbaren burger en Hoogen Regeeringspersoon (Ribbink) belasterd hebben”.¹³⁾

Nog meer lasteraksies.

Die vermelde besonderhede in verband met die Ribbinksaak dui genoegsaam aan watter ophef destyds deur 'n lastersaak veroorsaak

is. In die jare waarin Eugène Marais redakteur was, veral nadat J. de V. Roos eind 1892 sy aandeel aan Marais verkoop het, het die lasteraksies waarin *Land en Volk* as teenstanders van die Regering betrokke was, stellig aanleiding verskaf tot die strengere wetlike bepalings in verband met die druk en uitgee van persorgane in die Republiek. Die eerste Wet op die Drukkers, No. 11 van 1893, het op 13 September van daardie jaar van krag geword.¹⁴⁾

Binne 'n jaar ná die wet in werking getree het, stel Marais 'n eis vir £ 5,000 in elke geval in teen sekere J. M. A. Wolmarans en die „Volksstem“-maatskappy vir skadevergoeding weens beweerde laster en eerskennis. By sy klagskrif aan die Staatsprokureur sluit Marais as bylae 'n beëdigde verklaring in waarin hy beweer dat in 'n stuk „Die Muilezels“, deur J. M. A. Wolmarans jr. onderteken en gepubliseer in *De Volksstem*, die volgende woorde voorkom: „Hy (Marais) kome zelf in myne teenwoordigheid en gebruike toch niet weder detectieven met publieke geld om valsche getuigenis te krygen, personen om te koopen, valsche en leugenachtig tegen onschuldige personen te verklaren“.¹⁵⁾ Die eksepsie van Wolmarans dat hy minderjarig is, is deur die Hooggeregshof aanvaar en van die redakteur van *De Volksstem* het Marais £ 10 ter voldoening ontvang. Marais verklaar verder dat „in myne opinie de innuendo vervat in boven aangehaalde woorden duidelyk is, dat ik op een of andere vroegere geleentheid detectieven gebruikt heb met publiek geld om valsche getuigenis te krygen, personen om te koopen, valsche en leugenachtig tegen onschuldige personen te verklaren“; verder dat „gemeld innuendo valsche, lasterlyk en malicieus is, en berekend is om my in myn goeden naam en faam te krenken en te beleedigen, en dat derhalve, in myne opinie, de geseigde J. M. A. Wolmarans, Jr., zich schuldig gemaakt heeft aan de misdaad van crimineele laster“.¹⁵⁾ Op grond van hierdie beëdigde verklaring is Wolmarans deur die landdros van Pretoria veroordeel tot £ 20 boete of een maand gevangenisstraf weens kriminele laster.¹⁶⁾

Die feit dat die *Volksstem* £ 10 skadevergoeding en die koste van die geding moes betaal, het die redakteur van die Johannesburgse *Star* laat skryf:

„That thorough-going young patriot, Mr. Eugène Marais, whose fate it usually is to be prosecuted, is varying the monotony of his journalistic experience by doing a little prosecution on his own account. He claims that he has been libelled, in the columns of the *Volksstem*, and he has joined as co-defendant with the editor the writer of the letter of which he complains. The second defendant, a scion of the distinguished house of Wolmarans, set up the plea that he was a minor, and thus not responsible; Dr. Engelenburg urged that he was out for a holiday when the libellous matter appeared. Wolmarans goes scot-free; Engelenburg has to face the music. Somehow or other, editors do not fare well when they get into the Courts. The most probable termination of this particular *cause celebre* seems to be that both editors will find themselves in the *tronk*, and Josephus, the peccant scribe, will find himself standing at Mr. Kruger's righthand.”¹⁷⁾

Advokate W. S. Leonard en Wessels het namens Marais in die saak opgetree, en advokate J. Leonard Q.C., dr. Herman Coster en J. B. M. Hertzog vir die verweerders.¹⁸⁾

Die „Draadsaak”.

Land en Volk se onthullings was ook verantwoordelik vir die geding wat later bekend gestaan het as die „draadsaak”. Ná die verkiesing van 1893 toe Paul Kruger met 7,881 stemme, teenoor 7,009 vir genl. Piet Joubert, tot President herkies is, is mnr. Jan Kock, landdros en stembus-beampte op Potchefstroom, benoem tot lid van die Uitvoerende Raad, 'n aanstelling wat volgens die teenstanders van die President nie grondwetlik was nie. Die teenstand teen die aanstelling het sy toppunt bereik toe die redakteur van *Land en Volk* aan die lig gebring het dat die nuwe Uitvoerende Raadslid as landdros van Potchefstroom telegraafdraad en pale sou gebruik het om sy eie plaas te omhein.¹⁹⁾ Marais is tot die onthullings in staat gestel veral deur die deeglike ondersoek ter plaatse van privaatspeurder J. Schröder, vroeër offisier in die Staatsartillerie²⁰⁾ en broer van die vroeg gestorwe spotprent-tekenaar van *The Press*. In 'n vyfkolom-verslag in verband met die

gesteelde telegraafdraad en houtpale, vergesel van 'n pentekening van die *corpus delicti in situ*, het Schröder die getuienis help lewer waarop die wd. staatsprokureur, dr. P. Burgers, besluit het om Kock, Dirk Tom (landdros van Potchefstroom) en ander ingesetenes van die dorp te vervolg op aanklagte van diefstal of besit van gesteelde goedere.²¹⁾ Weens aanvalle van regeringsgesinde koerantredakteurs voel Marais hom genoodsaak om in 'n hoofartikel te verklaar dat hy die ondersoek in belang van die reg laat instel het omdat van owerheidsweë nie opgetree is nie. Hy verklaar met nadruk „dat die Editeur persoonlyk met *geen een* der betrokke persone bekend is. Hy is geen persoonlike vijand”.²²⁾ Dieselfde dryfveer laat hom elders in die uitgaaf aankondig „dat de heer Eugène Marais, Editeur dezer courant, ook naar Potchefstroom gegaan is, om den touw styf te houden”.

Dis verstaanbaar dat *Land en Volk* die getuienis in die saak uitvoerig berig. As spesiale landdros het in die saak opgetree die siviele landdros van Johannesburg, De Beer, en ná die vyfdaagse verhoor afgeloop is, het Marais die uitslag in 'n hoofartikel „Is dit het Einde?” as volg saamgevat :

„Het tegenwoordig einde der draadzaak is zeer verrassend geweest. Insteede van toetelaten dat de zaak voor een bevoegd crimineele Hof beslist wordt, heeft de Uitvoerende Raad zelf als Crimineele Hof gezeten en uitspraak gedaan, op advies van den waarnemenden Staatsprocureur, den heer Ueckermann. De Uitvoerende Raad heeft besloten dat al de beschuldigten onschuldig zijn, maar dat Tom en Debbes £100 beboet moeten worden, *waarschynlik omdat zy geen draad gestolen hebben*.

„In Potchefstroom nu zyn twee van die getuigen van den heer Kock, Heywood en Swanepoel, voor meened aangeklaagd. Swanepoel is voortvluchtig, maar Heywood is gearresteerd. Ook speurder Schroeder is gearresteerd voor diefstal van draad op aanklachte van sommige der beschuldigten voor het telegraafdraad dat hy als monster van sommige erven genomen heeft.

„In onze volgende uitgave zullen wy een breedvoerig overzicht geven van de draadzaak met de officiële brieven van den heer Tom, landdros te Potchefstroom.

„De Uitvoerende Raad heeft natuurlyk ook besloten dat al die heeren draadmannen in hunne betrekkinge zullen aanblyven”.²³⁾ Tenspyte van die uitvoering van die belofte in die volgende twee uitgawes van die koerant,²⁴⁾ het die verdere onthullings geen verandering in die owerheidsbesluit teweeggebring nie, selfs nie toe sewe maande later nog 'n rol draad gevind is nie, wat *Land en Volk* laat opmerk het: „Het is toch onwaarskynlyk dat rollen telegraafdraad in Mooi rivier aanteele”.²⁵⁾

Speurder Schröder is egter op 30 Maart ontslaan omdat daar geen gegronde aanklag teen hom ingebring is nie.²⁶⁾

Skaars was dit verby of 'n persoon teen wie Marais kort tevore 'n lasteraksie ingestel het, dreig (volgens *De Potchefstroomer*) om 'n lasteraksie teen die vurige koerant-redakteur in te stel. *Land en Volk* merk daaroor op dat „die heer is niet de enigste die als een leeuw brult, wanneer hy ver is, maar die makker is dan een piepende kanarie, wanneer hy naby *Land en Volk* is *De Pers, Volksstem, Potchefstroomer* en andere Hollander bladen, schynen er genoeg in te vinden gedurig menschen aan te porren om toch lasterzaken tegen *Land en Volk* in te stellen, en gedurig te verkondigen, dat mynheer zoo en zoo op het punt staat een reusachtige zaak tegen ons in te stellen. Door kinderachtige dreigementen is *Land en Volk* nog nooit bang gemaakt, en wat die speciale dreigementen betreft, is hy nog minder bang, omdat hy van meer dingen weet dan gepubliceerd zyn”.²⁷⁾

Miskien het die opmerkinge die aspirant-eiser afgeskrik, want van 'n lasteraksie uit die oord het niks gekom nie. Dit was egter pas twee maande later of die redakteur ontvang 'n aanskrywing vir £ 5,000 skadevergoeding van 'n oud-landdros uit Wes-Transvaal vir 'n beweerde lasterlike artikel wat teen die einde van die vorige jaar²⁸⁾ verskyn het. Oortuig van sy reg het Marais vir die eerste keer in die geskiedenis van die Republikeinse regspleging „waarheid en justifikasie gepleit”, en op 13 en 14 Aug. 1894 die saak in die Hooggeregshof gewen.²⁹⁾ Marais merk daarna in 'n hoofartikel op: „Alweer hebben die vyanden van *Land en Volk* een nederlaag geleden wy nemen er geen genoeg in het triomflied over een gevallen vyand te zingen. Elk burger leze het getuigenis en

de uitspraak voor zichzelf", maar voeg die kommentaar van *De Volksstem* daarby: „De zaak F. W. K. ——— vs. E. Marais, voor £5,000 schadevergoeding wegens een lasterlyke artikel in *Land en Volk* verschenen, waarin de verhouding tot eischer, toenmaals Landdrost te Christiana, tot zekere aldaar wonende dame werd verhaald, is eergisteren voor het Hooggerechtshof alhier gehoord. De gansche zitting van eergisteren werd ingenomen door het getuigenverhoor dat niet erg verfrisschend was om aan te hooren. Er was een overtalryk publiek in de hofzaal om te luisteren naar de onthullingen. De verweerder had gepleit waarheid en het openbaar belang zyner publicatie der feiten in kwestie. De heeren Leonard en Dickson traden op voor eischer, Wessels en Jacobsz voor verweerder. Gisteren morgen gaf het Hof, bestaande uit Rechters De Korte, Ameshoff en Morice, uitspraak, luidende dat de eisch werd afgewezen, de eischer alle kosten te betalen. Het is zeker niet te veel gezegd als we verklaren dat de sympathie van het publiek algemeen voor den verweerder was en instemde met de kritiek welke door het Hof werd geuit over het gedrag van den eischer".³⁰⁾

In watter mate Marais as verweerder in lasteraksies die meegevoel van die publiek gehad het, kan afgelei word uit die feit dat in die sg. „draadsaak" oor die £100 tot sy koste in verband met die onthullings bygedra is³¹⁾ en dat, ná die uitspraak in die pasgenoemde lasteraksie, die volgende o.m. deur die oue en waardige gewese Uitvoerende Raadslid P. J. Maré aan Marais geskryf is: „Foei, foei, ik ben niet voor vervolgzucht, maar als uw blad niet zoo voor de waarheid uitkwam, hoe ver zouden de gruwelen niet gegaan zyn? Welke schandalen en onrechtvaardigheid zyn niet al door U. Ed's blad aan den dag gebracht. Ik vrees dat de Heilige Heer nog ons land met zyn strafgericht zal bezoeken, en ieder sal maayen wat hy gezaaid heeft. De liewe Heer zy ons genadig en doe ons niet naar onze verdienste". Die oue heer sluit dan een pond in ter bestryding van die koste, vergesel van die hoop „dat ieder burger die recht lief heeft, een pond of wat geven zal, zoodat gy geen verlies lydt voor de waarheid, die gy verkondigt, want het is 't publiek belang dat gy verdedigt".³²⁾ *Vriend*

van *Waarheid*, wat £5 by sy brief insluit, spreek die vertroue uit dat die edele en navolgenswaardige voorbeeld van „Oom Jacob Maré” veel navolging sal vind „opdat de verdediger van de waarheid steeds zyn stem moge doen hooren”.³³⁾ *De Boerenvriend*, ’n ander koerantjie, wens sy „tydgenoot te Pretoria van harte geluk met zyn overwinning op de Christiana Don Juan. Nog een paar zulke openbaringen, en de Civiele Dienst wordt gangbaar”.³⁴⁾

Groot vermaardheid in eie kring is Marais besorg toe hy op las van die Staatspresident in die openbare galery van die Volksraad gearresteer is op ’n aanklag van gekwete majesteit en hoogverraad, omdat hy in *Land en Volk* beweer het dat die President die Staat tekort gedoen het deur hoë reiskoste te bereken vir ’n geleentheid toe hy in werklikheid die gas van die Kaapse Koloniale Regering was.³⁵⁾ Marais is ná sy arres op ’n borgtog van £5,000 vrygelaat en daarna is ’n spesiale landdros en staatsprokureur aangesê om die saak in verhoor te neem. Adv. Hollard was staatsprokureur terwyl adv. Esselen vir die verdediging verskyn het. Groot belangstelling in die saak het honderde mense op die dag van die verhoor na die ou Landdroshof op Kerkplein gelok. Die aanklag was in verband met die landsverdediging en hoofoffisiere van die Staatsartillerie, veral luit.-kol. Henning Pretorius het ten spyte van moontlike argwaan by die owerheid, getuienis ten gunste van die beskuldigde afgelê. Marais is ná ’n lang verhoor onskuldig bevind en ontslaan.³⁶⁾

In verband met die vermelde hofsake is dit interessant om te lees wat Marais op 10 Okt. 1894 omtrent die ontwikkeling van die koerant skryf in ’n hoofartikel *Twee Verjaarsdagen*:

„Vandag (Woensdag) viert President Kruger zyn negen-en-sestigsten verjaarsdag en *Land en Volk* viert vandag zyn achtsten verjaarsdag. Acht jaar geleden werd *Land en Volk* voor de eersten keer op den verjaarsdag van den President uitgegeven. Vier jaar geleden werd het blad voor de eerste keer uitgegeven onder de redactie van een geboren Transvaaler. In die vier jaar heeft *Land en Volk* dertien aanschryvings ontvangen wegens beweerde laster. De totale vordering tegen *Land en Volk* gedurende dien tyd was vyf-en-zestig duisend pond. In twee van die dertien

zaken heeft *Land en Volk* eene explanatie gegeven en erkend dat hy verkeerd ingelicht was. In elf van die zaken heeft *Land en Volk* geweigerd om een apologie te doen en zich gereed verklaard om in het Hof te bewysen wat hy gezegd had. Alleen twee van de zaken werden voor het Hof gebragt de uitslag waarvan bekend is. Ook werd de heer Marais gearresteerd op klacht van den President wegens crimineele laster. Door het Hof werd hy onschuldig verklaard en werd aan de wereld te kenne gegeven dat de verkeerde persoon in de crimineele box geplaatst was. Uiteindelik toen het Hof niet in staat was de zaak van recht te smoooren werd de Editeur valschelyk door den Raad schuldig verklaard den uitslag waarvan hy nog te wachten is.

„Onze bede en wensch van dag is dat de Voorzienigheid President Kruger lang genoeg zal sparen om hem te vergelden voor al het kwade dat hy ons land aangedaan heeft en te zegenen voor al het goede; en dat Hy *Land en Volk* lang genoeg zal sparen om al het kwade dat hy verricht heeft ongedaan te maken en de vrucht van het goede zelf te zien.”³⁷⁾

Die genoemde skuldigbevinding deur die Volksraad³⁸⁾ omdat *Land en Volk* ruimte verleen het aan 'n artikel waarin R. K. Loveday, L. E. V. vir Barberton, melding gemaakt het van „volksraadsleden dom genoeg of schelm genoeg” en „zullen deze bedriegers” laat Marais in 'n hoofartikel skryf: „Door het schuldig vinden van *Land en Volk* is het beginsel daargesteld dat de Raad voortaan het recht heeft, om zonder verhoor een persoon van een misdadig schuldig te verklaren en door het Hof te laten straffen. Wat verhindert den Raad om aanstaande zitting te besluiten dat de Editeur van *Land en Volk* schuldig is aan verkrachting en moord en hem te laten ophangen”.³⁹⁾ Hy rig egter 'n memorie tot die Eerste Volksraad waarin hy verklaar dat hy „in staat is te bewyzen voor enig onpartydig Hof dat hy niet schuldig is onder gemelde wet (Art. 3. van Wet no. 11 van 1893): weshalwe versoek uwe petitionaris dat uw lichaam geen straf over hem zal uitspreken voor en aleer hy in gelegenheid gesteld is om zyne verdediging aan UEd. Achtb. lichaam openbaar te maken. Daarna zal hy gereed zyn eenig straf te ondergaan waarop UEd. Achtb. lichaam in uwe wysheid mag besluiten”.⁴⁰⁾

By die behandeling van die memorie merk die heer Jeppe op „dat de Raad in een wonderlijke positie stond, want het is ongetwyfeld waar, dat de Volksraad memorialist verleden jaar schuldig heeft verklaard. Er zijn toen twee opdrachten gegeven, waarvan een (betreffende Marais) niet is uitgevoerd kunnen worden, zoodat spreker het overeenkomstig de waardigheid van de Raad beter dacht, dat besluit van 1894 te herroepen”. Die Raad het egter besluit om te antwoord dat hy geen plan of bedoeling gehad het om 'n vonnis uit te spreek nie, en meen dat die versoek in die memorie op 'n misverstand berus.⁴¹⁾

Hoewel daar dié was wat Marais vir sy „manmoedig en zeer gewaardeerde gedrag in onzen Staatsbelang”⁴²⁾ bedank het, was daar ander wat veral met *De Volksstem* as mondstuk beweer het dat *Land en Volk* verkeerde berigte publiseer. Hoe Marais op dergelike bewerings gereageer het, is duidelik uit die volgende weerlegging: „Dit is niet erg mooi van de *Volksstem*. Laat hem zyn eigen loopbaan voor de laatste paar maanden nagaan. Eerst moest hy een publieke apologie in zyn eigen courant publiceeren voor een grove leugen die hy verspreidde aangaande den Editeur van *Land en Volk*, en onmiddelyk daarna werd hy opgebracht en schuldig bevonden van de crimineele misdaad van laster en beboet. Wanneer zulke vlekken op de wapen van *Land en Volk* zichtbaar worden, dan zal *Land en Volk* met de Hollander-*Volksstem* instemmen dat hy niet waardig is om officieel orgaan van eenig lichaam te zyn”.⁴³⁾ Ook lesers help hierin mee; so skrywe sekere B. J. Viljoen (Roodepoort) aan die adres van dr. Engelenburg, redakteur van *De Volksstem*, dat „uwe opmerking van de *Star* is zoo onbeleefd en ongegrond even als die op *Land en Volk*, of zal ik U vertellen dat *Land en Volk* duizendmaal meer door het volk gelezen wordt dan de *Volksstem*, dit bewyzen de duizende intekenaren, terwyl de *Volksstem* aandeelen voor 1d. verkocht worden”.⁴⁴⁾

Waar die redakteur van *Land en Volk* oortuig was dat hy reg is, het hy selfs nie vir die hoogste in die Republiek gestuit nie. „Op een publieke byeenkomst te Ermelo”, so lui 'n kort hoofartikel, „werd aan den President gevraagd waarom *Land en Volk*

niet vervolgd werd indien het blad onwaarheden verspreidde. ZHEd. antwoordde dat hy de Staatsprocureur niet kon opdragen om den editeur te vervolgen omdat deze zoo voorzichtig schreef dat de wet niet kon toegepast worden. Ons antwoord hierop is: De waarheid is *altyd* zoo voorzichtig dat de wet niet toegepast kan worden. En wy hopen ZHEd. dit spoedig te bewyzen in een gerechtshof".⁴⁵⁾

Uitvoering aan hierdie slotdreigement is gegee toe Marais deur sy prokureur die Staatspresident te kenne gee van sy plan om dadelik 'n aksie vir £ 10,000 skadevergoeding in te stel weens die „lasterlyke en malicieuze woorden" van die President op sy pas afgelope landreis, toe hy volgens „ontwyfelbare getuigenis" verklaar het dat die oorsaak waarom geen Staatsadvertensies aan *Land en Volk* gegee is nie, is omdat die koerant beide binnelandse en buitelandse sake op leuenagtige wyse voorstel; verder dat *Land en Volk* die gewoonte het om kriminele laster op te neem, maar dat die editeur so versigtig is dat die Staatsprokureur geen stappe kan neem nie; en laastens, dat die President die burgers aangeraai het om nie *Land en Volk* te lees of te glo nie. Intussen word aan die President meegedeel dat Marais as alternatief 'n openbare uitleg of apologie in oorweging sal neem.

Die antwoord van die Staatspresident deur sy prokureur is tipies: „De Staatspresident heeft ons gelast te zeggen dat hy niet bewust is uw client, op de gelegenheden door U aangehaal, belasterd te hebben. Wy zyn gereed bediening van eenige kennisgevingen of stukken namens Z.H.Ed. te ontvangen." Marais het hom toe blykbaar tevrede gestel met die publikasie van die korrespondensie.⁴⁶⁾

Die redakteur-eienaar van *Land en Volk* het egter nog nie genoeg aan lasteraksies gehad nie. In November 1895 gee hy kennis van twee lasteraksies, elk vir £ 5,000, teen *De Volksstem* en teen Tobias Smuts, kommandant van Ermelo.⁴⁷⁾ Die eerste het Marais gewen en £ 50 skadevergoeding met die koste moes deur die verweerder betaal word.⁴⁸⁾ Die Hooggeregshof het daarin besluit dat dit lasterlik is om van 'n burger van die Zuid-Afrikaansche Republiek te verklaar dat hy in die diens

van Rhodes is.⁴⁹⁾ In die tweede saak, waarin vir Marais advokate Wessels en Esselen en vir verweerder advokate Lohman, Esser en Barber opgetree het, het hoofregter Kotze, bygestaan deur regters Gregorowski en Kleijn, uitspraak gegee dat aan Smuts absolutie van die instansie verleen word met die koste.⁵⁰⁾ Die aksie is ingestel op grond van 'n anonieme lasterlike brief wat deur *Land en Volk* ontvang is en wat, volgens bewering van Marais, deur Smuts geskryf is. Die saak het drie dae geduur en 'n besonder ingewikkelde opsomming van regter Gregorowski het voorafgegaan aan die volgende uitspraak wat tans nog in ons howe geld: „Als ik den brief in kwessie vergelyk met de erkende handschriften van den verweerder, dan is de algemeene indruk die de brief op mij maakt, dat de verweerder het geschreven kon hebben. Als ik in byzonderheden ga, dan wordt dit gevoel versterkt, ... en als er andere getuigenis van den verweerder als den schrijver aanwijzende zoude het handschrift sterk bijkomend bewijs zijn. Maar al ander bewijs ontbrekende, kan ik niet anders dan aarzelen om tot de overtuiging te komen, dat de verweerder en niemand anders de schrijver moest geweest zijn”.⁵⁰⁾

„Absolutie van de instantie is iets geheel anders van finale vonnis”, verklaar Marais in 'n hoofartikel. „Het was voor het Hof — met het oog op de getuigenis — even onmogelijk om finale vonnis vóór Marais te geven, als het was voor het Hof om te verklaren dat Smuts niet de schrijver was van een lasterlijken brief”.⁵⁰⁾

Die uitspraak in die Smuts-saak het die redakteur van *De Volksstem* weer laat onklar trap toe hy in 'n hoofartikel o.m. as volg skryf:

„Het is duidelijk dat de editeur van *Land en Volk* een systeem volgt met zijn talrijke processen: hij is mogelijk de vechtersbaas (in de gerechtshoven wel te verstaan) van zijn party, waar anderen de woordvoerders, financiërs of leiders zijn. Met zijn positie als koerant-editeur heeft hij zich opgeworpen als de Gerechtshof specialiteit zijner staatkundige groep en richt zijn aandacht op de verschillende slachtoffers, evenals een spin zit te turen naar de vliegen welke in de nabyheid gonzen.

„Hij beskikt over een staf van „detectives” of reist zelf rond om bewijsmateriaal te vergaderen en heeft beurtelings de meest aanzienlike mannen uit ons volk gepoogd te compromitteren De heer Marais maakt op het grote publiek de indruk, dat hij hofzaakjes opwerk teen de aanzienliken des lands die niet tot zijn politieke vrienden behoren; dat hy loert op vergeten rollen telegraafdraad of kleine intriges napluist. Een onvoorzichtig gezegde word teen door luisteraars gedragen naar het spinneweb van den heer Marais; een onvoorzichtig schrijven in een obskuur koerantje word teen als toekomstige trofee zorgvuldig bewaard en gekweekt; voor de uitlating van een kranksinnige word teen vele honderde ponden schadevergoeding geëist. In dien dit systeem niet een openbaring is der taktiek van de politieke groep waartoe de heer Marais behoort, doch een private liefhebberij van dezen politikus, dan word teen het tyd om de balie te wijzen op de neigingen van dezen gerechtshof-monomaan, neigingen die, onzes inziens, de veroordeling verdien van elk advokaat, van welke politieke richting deze ook wezen moge”.⁵¹⁾ Die redakteur moes kort daarna die woorde terugtrek in 'n apologie-artikel.⁵²⁾

Die koste in die saak, wat deur Marais betaal moes word, het tussen £ 400 en £ 500 beloop.⁵³⁾ Dit was die einde van Marais se lasteraksies, want kort daarna is hy Europa-toe.

Afrikanus Junior.

Die persoonlike element was veel sterker in die dae vóór die Tweede Vryheidsoorlog as daarná, as ons die koerante van die vóór- en ná-oorlogse tydperk vergelyk. Dit was in die dae van die Republiek geen ongewone verskynsel nie dat in die pers briewe verskyn waarin persoonlike, mens kan byna sê lasterlike bewerings — altans volgens die maatstaf van vandag — meer as eens voorkom. Die „menings van lesers” was destyds minder oor die saak as oor die persoon wat by die saak betrokke is. Die inhoud van die briewe was egter van groot verskeidenheid, en daar is selfs briewe aangetref wat vandag deur min koerante geplaas sou word.⁵⁴⁾

Die meeste briewe in *Land en Volk* was van 'n politieke aard en het gegaan oor die verhouding van een of ander staatsamptenaar of volksraadslid tot landsake. Een van die vernaamste briefskrywers was *Afrikanus Junior*, van wie daar vry gereeld tussen die jare 1891 en 1896 briewe verskyn het wat die teenstanders van die sg. Progressiewe Party menige hoofbrekens besorg het, en gaandeweg vir die voorstanders 'n staatsmaker geword het weens sy gesaghebbende kennis van, en heldere insig in landsake, asmede om die vaardigheid en oortuiging waarmee hy sy argumente en bewerings kon tuisbring.

Sy intrede tot die politiek doen *Afrikanus Junior* met 'n „Ope brief an Syn Hooged. di Staatspresident S. J. P. Kruger” wat hy as volg aanvang: „Dit is di voorregt van elke Burger van 'n vrye Republiek om sy President te kan adresseer wanneer hy sulks noodig ag. Ek, wat nou di vryheid neem om 'n brief aan jou te rig is nie alleen 'n Afrikaner nie, maar selfs 'n Transvaler deur geboorte, en iemand wat met regvaardige hoogmoed kan sê dat hy nog nooit iets gedaan het ni sonder di vaste en waaragtige oertuiging dat hy di vryheid van di Republiek daardeur sou bevorder. My loopbaan is tot dusver skoon gewees, en dit is dus sonder eenige gevoel van skaamte dat ek jou adresseer.” Die briefskrywer kla dan oor vreemdelinge, Hollanders veral, wat staatsbetrekkings kry; konsessies wat aan spekulerende Jode en familiebetrekkings van die President toegeken word; die poging om die Delagoabaaispoor oor sekere plase te lê; en oor die houding van die President in die kerkkwessie van destyds. Hy sluit met die volgende woorde: „Nog een woord Hoogedele; jy sal natuurlik graag wil weet wat myn bedoeling is deur dit alles an jou te skrywe. Laat ek jou dan verseker dat myn bedoeling glad nie is ni om jou meer verdagt by di volk te maak; dit kan ek jou verseker op my woord van eer als 'n Afrikaner. Nog het di brief sy oorsprong in haat of nyd, of in 'n begeerte om jou van jou hooge plaas te sien afset. Ne, HoogEdele, ek verseker jou nogmaals dat ek jou anskou as die beste Staatsman wat die volk van di Suid Afrikaansche Republiek ooit kon gekies het als hulle voorman. Let op President, ek glo dit tot vandag toe nog. Myn bedoeling was

alleen om jou te wys hoe jy ons dierbaarste vertrouwe geskok het. Wees weer opregt, President. Jaag di Jode en Hollanders van jou weg; wees weer 'e opregte Afrikaner: stel ni meer Ameshoffs of Jorissens an as Regters van ons Hoo'e Hof; verbied di verleenen van konsessies en toon daardeur an di wereld dat jy persoonlik geen belang in hulle het ni; wees opreg in di kerk-kwessie. Wees met eens 'n openlike vyand van di Vereenigde Kerk of hou jou geheel en al onpartydig. Stoot Leyds van jou weg en set 'n Afrikaner in sy plek. As jy dit alles doen, Heer President, kan ek jou vas verseker dat jy nooit 'n warmer ondersteuner sal hê ni dan *Afrikanus Junior*." ⁵⁵⁾

Die bedrywigheid van hierdie briëfskrywer het dadelik die openbare belangstelling gaande gemaak, want 'n paar maande later vra „Nieuwsgierige" uit Wakkerstroom in 'n koerantbrief verskillende vrae aan *Afrikanus Junior*, ⁵⁶⁾ vrae wat deur „Nieuws" deur drie wedervrae beantwoord word. „Nieuws" vra aan die eg. briëfskrywer of hy dan onbewus is van die verandering in die firma van *Land en Volk* waardeur „persoonlyk geschryf gestop is." ⁵⁷⁾

Waarskynlik was „Nieuws" nie ver verkeerd nie want tot ná die vertrek van Roos na Kaapstad het daar niks verder uit die pen van *Afrikanus Junior* verskyn nie. Die briëfskrywer het 'n paar jaar gerus en daarna het *Land en Volk* sy herverskyning in die kolomme van die blad as volg aangekondig: „In de volgende uitgave van *Land en Volk* zal een brief verschenen geadresseerd aan "Dr. Leyds, Staatssecretaris" door "Afrikanus Junior". Onze lezers zullen herinneren dat de brieven van dezen schryver aan de heeren Kruger, C. J. Joubert, Dr. Leyds en anderen eenige jaren geleden groote belangstelling onder het volk veroorzaakte. In de uitgave daarna zal een brief van denzelfden schryver verschynen gericht aan den heer Koos Smit, Spoorweg Commissaris". ⁵⁸⁾

In die brief aan dr. Leyds, wat volgens belofte verskyn, trek *Afrikanus Junior* te velde teen 'n artikel in *De Volksstem* oor „Onze Staatssecretaris" waarin verklaar is dat die wagwoord van die Volksvereniging-beweging is om die Staatsekretaris sy betrekking te laat verloor. Die briëfskrywer beweer dat daar nooit so 'n gedagte was nie, „want wat zyt gy? Wat is uwe positie in de Zuid Afrikaansche

Republiek? Gy zyt de inkt-pot en pen van den heer Kruger, en niets meer"; en „indien de Kruger Regeering morgen valt zult gy uitvinden dat uw persoonlyke en directe invloed minder is onder het volk dan de schaduwe van een spinnekop rak. Een vreemdeling zyt gy onder ons en een vreemdeling zult gy blyven." 'n Ander grief van die brieffskrywer is dat hy teenwoordig was by 'n sekere eetmaal ter ere van die verjaarsdag van die Koningin van Nederland en daar gesien het hoe dr. Leyds „eer als een Hollander aannemen die gy op ons crediet gekreegen hebt." Die Staatssekretaris sou by die geleentheid dan gepronk het met „lintjes en vreemde medaillies" wat hy nie as Hollander of private individu, maar in sy hoedanigheid as amptenaar van die Republiek ontvang het, „omdat de mogendheden onder den seer verkeerden indruk verkeerden dat zy daardoor deze Republiek vereerden". *Afrikanus Junior* meen dat hy oor die dinge „recht heb van spreken. Ik ben een dienst-doende burger van deze Republiek geweest voor dat gy misschien het licht in Holland zagt, en van tyd tot tyd heb ik in het Staatsgebouw over het spoor van uw gedrag gekomen, en dit heb ik zorgvuldig nagegaan".⁵⁹⁾

In die volgende uitgaaf kondig die redaksie aan dat die tweede brief aan dr. W. J. Leyds, en ook dié aan die heer Koos Smit, deur *Afrikanus Junior* geskryf, weens gebrek aan plaasruimte moet oorstaan.⁶⁰⁾ Die briewe het egter nooit verskyn nie.

Die bedrywigheid van die brieffskrywer blyk verder uit 'n byvoegsel waarin drie ope briewe verskyn van *Afrikanus Junior* aan J. P. Meyer, kandidaat vir die distrik Heidelberg; Piet Roos en J. J. Malan, lede van die Eerste Volksraad vir Pretoria en Rustenburg; en J. J. Burger, vroeër voorzitter van die Tweede Volksraad. Met die oog op die toe aanstaande volksraadverkiesing word die politieke sondes van die genoemde persone blootgelê.⁶¹⁾ Die heer J. P. Meyer het geen gras onder sy voete laat groei nie en uitdagend is sy antwoord: „Laat *Afrikanus Junior* zich openbaren zoo zal ik gereed wezen zyn lasteren te behandelen, en goed weet wat met hem te maken als hy kruid en lood waard is". Ook word *Afrikanus Junior* in dieselfde uitgaaf ingeklim omdat hy in 'n vorige skrywe die kandidaat vir Ermelo nie tot sy reg laat kom

het nie, en wel deur „Afrikanus Senior”, wat homself ’n ware republikein noem en aan *Afrikanus Junior* sê „dat ik niet zulk een schrandere hoofd heb als gy, omdat ik niet de kunst versta met stroop te smeeren.” Gerugte het reeds die ronde begin doen dat die heer Loveday of die heer Jeppe die skrywer *Afrikanus Junior* is, sodat die redaksie van *Land en Volk* dit nodig gevind het om te verklaar: „Afrikanus Junior verzekert ons dat hy nog nooit de hulp of medewerking van eenige ander persoon heeft ingeroepen in zyn schryven. Verder kan de Editours van *Land en Volk* de verzekering geven dat noch de heer Jeppe noch de heer Loveday de skryver is van de briewe van Afrikanus Junior. Hy is een Transvaaler wiens naam niet ongepaard is met groote dienste aan zyn land bewezen in kryg zoowel als op politiek gebied, en hy schreef aan *Land en Volk* lang voor de twee boven genoemde heere aan den Editeur bekend waren.”⁶²⁾

Aangesien *De Volksstem* ook die naam van die heer A. H. Malan in verband met *Afrikanus Junior* gebring het, plaas Marais ’n beëdigde verklaring „dat, volgens myn beste kennis en geweten, geeneen van die drie heere (Malan, Loveday en Jeppe) weet wie die skryver „Afrikanus Junior” is.” Intussen wys „Oude-Afrikaner” uit Heidelberg die heer Meyer daarop dat die vraag nie is wie *Afrikanus Junior* is nie, maar of sy bewerings waar is? Jan Oerson weer skryf uit Lydenburg ’n ope brief aan *Afrikanus Junior* vol waardering oor „uw twee open briewe aan Tobias Smuts en Burt Kloppers, alias Spider-vanger, zooals gy hem noemt.” In dieselfde aflewering van die koerant is daar ook ’n tweekolomantwoord van die latere genl. Tobias Smuts, waarin hy so hoflik moontlik die anonieme skrywer daarop attent maak dat „hy die anderen belasterd is een lasteraar”.⁶³⁾ In ’n ewelange tweede brief word aanhalinge uit vorige briewe gedoen om tot die slotsom te kom: „Dus, Afrikanus Junior, gy zyt een bejaarde man, volgens uw eigen verklaring, grys geworden in ’s lands dienst. Volgens die andere aanhalingen zyt gy ook een conscientieuse en maakt gy u erg ongerust over de vraag of anderen wel volgens conscientie te werk gaat. Dus gy laat ook niet na ons op het hart te drukken dat gy steeds ernstig en in eene zeer godsdienstige geest te werk

gaat. Wat bewyst echter uwe daden? Dat het zyn schoone woorden, die zelfs het volk, dat u misschien een twaalfstal jaren geleden hare onverdeelde toegenegenheid en liefde schonkt, misleiden. Gy behoort toch zelf in praktyk te brengen hetgeen gy predikt. Ook gy zult door uwe daden geoordeeld worden! In uwe correspondenties gaat gy ongeveer te werk zoo als de spin, die hare gevaarlyke netten uitspreidt voor de niets kwaads vermeenende vliegen. Volgens uw eigen beweerding waart gy dan alsoo reeds voor meer dan 30 jaren ambtenaar van dezen Staat. Zonder dat gy nu juist zegt dat gy nog ambtenaar zyt wil ik u toch de vraag stellen: Bekleed gy tegenwoordig niet nog een hooge positie? Ja, koestert gy niet wellicht nog hoogere gedachten? Voor meer als dertig jaren schonk het volk van Transvaal u reeds haar vertrouwen en nu treedt gy eensklaps op als haar bekladder." ⁶⁴) As in gedagte gehou word van watter party *Land en Volk* die mondstuk was, kan mens byna gis op wie Smuts die oog gehad het, veral waar hy later in sy brief veel maak van die aanhaling „beroemd in de kryg zoowel als op politiek gebied." ⁶⁵) *Afrikanus Junior* het egter nie, soos versoek, met sy identiteit voor die dag gekom nie. ⁶⁶)

Die anonieme briefskrywer is deur die gissing oor sy identiteit glad nie afgeskrik nie, en weer verskyn daar 'n ope brief, gerig aan die Staatspresident, met ter inleiding: „Afrikanus Junior heeft ons verzocht melding te maken dat hy zyn belofte gehouden heeft en twee brieven geschreven heeft aan Dr. Leyds en den heer Koos Smit. Die aan Smit mag later verschynen. Die (die tweede) aan Dr. Leyds hebben wy tot ons spyt, na zorgvuldige overweging moeten weigeren te publiceeren van wege de moeilykheid om getuigenis aangaande zekere feiten voor een Hof te brengen met het oog op een mogelyke laster zaak — Ed. „Land en Volk". Die brief aan die adres van die President is nie vry van 'n bittere klank waar dit handel oor die Vaalrivier-waterkonsessie wat sonder medewete van die Volksraad aan 'n skoonseun van die President toegeken is, en oor die naasting van die spoorweg. Veral oor die laaste saak is die briefskrywer hartstogtelik in sy pleidooi: „Mynheer, indien ik U kon overhalen tot dien edelen weg van groot-hartige vaderlandsliefde, ik zou elk trotsch gevoel van vyandschap

in myn ziel smooen; ik zou voor U op myn knieën vallen, en met saamgevouwe handen U smeeken, in den naam van alles dat oprecht en eerlyk is om uw invloed niet te gebruiken tegen de naasting van den spoorweg". Byna pateties volg die slot van die brief daarop: „Maar wat helpen wenschen en begeerten? Zal Paul Kruger ooit tegen de zelfzuchtige belangen van een klomp speculeerende Hollanders werken, in belang van ons brave, dappere volk, in belang van hunne kinderen, in belang van het nageslacht dier kinderen „tot aan die einde der eeuwighe heuvelen". Ik wil tranen storten wanneer ik genoodzaakt ben te erkennen dat uw gedrag tot op heden die hoop niet rechtvaardigt. Mynheer President, hebben die Joden en uitlandsche speculateurs, met wie gy omringd zyt, niet genoeg gave van U ontvangen ten koste van den Staat? Wilt gy nu niet die kleine gifte aan uw eigen volk gunnen — aan vleesch van uw vleesch, been van uw been?"⁶⁷⁾

Afrikanus Junior het teen hierdie tyd al so 'n bekendheid verworf dat selfs een van die adverteerders in *Land en Volk* die „nieuw beroemd schryver" se naam gebruik om die aandag van die lesers op sy ware — tabak, koring, meel, mielies, ens. — te vestig.⁶⁸⁾ Die teenstanders het stellig begin besef dat die briewe van *Afrikanus Junior* — weens die oortuigende aanvalswyse en die intrigerende waas van geheimsinnigheid waarin sy identiteit verskole gelê het — hul saak skade aandoen en dat iets gedoen moet word om sy verdere bedrywigheid te kortwiek.

Met hierdie doel voor oë het 'n amptenaar van die Departement van Openbare Werke vriende gemaak met die voorman-setter van *Land en Volk* om so te probeer uitvind wie *Afrikanus Junior* is. Die verteenwoordiger het Marais op hoogte gehou van die ontwikkelings. Vir die naam en handskrif van *Afrikanus Junior* het die amptenaar £ 120 beskikbaar gehad, maar vir die naam alleen slegs £ 50. Verder het hy belowe om goed te betaal vir informasie wat die voorman van tyd tot tyd uit die kantoor van *Land en Volk* sou wou laat uitlek. Selfs het die amptenaar die setter 'n Staats-betrekking aangebied indien hy weens ontdekking sy pos moet ontruim. Marais het op 'n bepaalde tydstip aan sy voorman-setter 'n denkbeeldige naam en adres — J. de V. Smit, Waterberg —

verskaf as die ware naam van *Afrikanus Junior*, en die amptenaar het £50 oorhandig. In 'n volgende *Land en Volk* het Marais alles openbaar gemaak, asook 'n brief aan die amptenaar gerig, waarin hy skriftelike instruksies vra wat om met die £50 te doen. In die brief maan hy ook die amptenaar aan om hom te bepaal by sy werk van assistent-boekhouer en voeg daarby: „uw werk laat veel te wenschen over”.

In sy antwoord erken Malan dat hy die verteenwoordiger om inligting gevra het, maar bestempel die bewering as sou hy geld daarvoor aangebied het as „leugens en laster”. Die geld het Marais toe aan die hospitaal geskenk, maar die saak het 'n eienaardige nasleep gehad toe daar 'n tydjie daarna 'n amptenaar met name Smit uit Noord-Transvaal die kantoor van *Land en Volk* binne-stap en die redakteur meedeel dat hy gevaar loop om sy betrekking te verloor omdat die Regering meen dat hy *Afrikanus Junior* is. Dit was bepaald 'n verrassing vir Marais, wat tot daardie oomblik oortuig was dat „J. de V. Smit” die naam was van „iemand, die niet te vinden is binnen of buiten de Republiek”.⁶⁹⁾ „Wy hebben eene verzekering ontvangen die wy aannemen”, skryf Marais later. „dat Z.H.Ed. (die Staatspresident) niets wist van de poging tot omkoopning re *”Afrikanus Junior”*.”⁷⁰⁾

Drie weke later bied *Afrikanus Junior*, met sy masker nog ongeskonde, aan om op 'n sekere brief te antwoord, maar die redaksie verkies „echter dezen stryd zelf uit te vechten.”⁷¹⁾

Besonder skerp, maar tog met 'n element van waarheid is *Afrikanus Junior* se volgende skrywe aan die President oor die standbeeld wat met £10,000 van die heer Samuel Marks opgerig sou word. Die skrywer betreur die ontstaan van die drank-fabrieke⁷²⁾ in die midde van die volk en wys op die noodlottige gevolge van drankmisbruik aan die hand van Bybeltekste (Spr. 23²⁹⁻³², 1 Kor. 6¹⁰, Rom. 14²¹). „Maar laat het drank-beeld opgericht worden”, besluit *Afrikanus Junior*. „Het houdt iets goeds in zich en ik zal trachten u dat goed aan te toonen. Het fundament van het beeld wordt gelegd in de ellende van families, en het is een beeld dat bydraagt tot den ondergang van ons volk. Laat het dus opgericht worden als een teeken voor onze kinders. Laat

het bekend staan door gansch ons land als *HET DRANK BEELD*. Laat onze kinderen geleerd worden dat het beeld niet opgericht werd door een dankbaar volk aan een grooten voorman, maar door een Jood die het geld er voor gemaakt heeft uit den drankhandel onder ons volk, waarvoor hy eene monopolie had. Laat de kinderen weten dat de prys voor het beeld betaald, bestaat uit de tranen van weduwen, het rouwgeklag van weezen en de armoed en ellende van gansche families, en dan zal dat beeld niet enkel een slechten invloed hebben.

„Laat de kinderen ook de beteekenis van het beeld op politiek gebied geleerd worden. Laat het staan als een beeld van die verfoeielyke speculatie en concessie politiek, die zoo veel deed om ons land ten onder te brengen. Laat het staan als een beeld van die vreemdelingen overheersching waaronder ons volk zoo lang geleden heeft. Laat het staan als een beeld van alles dat een Transvaalsch kind behoort te haten en laat onze kinderen leeren om het beeld voorby te gaan met afschuw in hunne harten.

„En dan kunnen wy hopen, dat het goede uit het kwade geboren zal worden en dat uw volk U later een standbeeld zal oprichten, om uwe deugden te herdenken.”⁷³⁾

Twee weke later kondig *Land en Volk* aan dat daar in dié uitgaaf geen plaasruimte vir 'n brief van Afrikanus Junior oor die „bewaarplaatse”-kwessie is nie, omdat dit 'n bietjie te laat ontvang is, maar dat dit die volgende week sou verskyn. Die brief word weereens aan die Staatspresident gerig en sy optrede in die saak gekritiseer.⁷⁴⁾

Dit was die laaste brief wat daar van *Afrikanus Junior* in die pers verskyn het. Hy is egter nie gou vergeet nie, want 'n jaar later nog word sy politieke skrywe bespreek in twee samesprake wat deur Oom Stoffel van die Progressiewe Party en Oom Dolf van die Konserwatiewe Party in Afrikaans gevoer is.⁷⁵⁾ Die laaste vermelding van hierdie anonieme briëfskrywer vind mens in *Land en Volk* van 1 Dec. 1897, en wel in die volgende paragraaf: „In zeker Hollandsch blad wordt geschreven onder de *nom de plume* „Afrikanus Jr.” Wij behoeven nauwelyks het publiek te herinneren dat de schrijver niet de „*Afrikanus Junior*” is, die zoo

alom en gunstig bekend is door de kolommen van *Land en Volk*”.

Afrikanus Junior was niemand anders as Eugène Marais, redakteur-eienaar van *Land en Volk*.⁷⁶⁾

Politieke Rigting.

Uit die voorafgaande is dit reeds enigermate duidelik dat *Land en Volk* 'n getroue mondstuk van die sg. Joubert-party was. Daar is op 'n keer deur 'n tydgenoot beweer dat die blad aan genl. Joubert behoort en op versoek van die Generaal het die destydse eienaars, Marais en Roos, dit uitdruklik ontken.⁷⁷⁾ Dertig jaar later skryf Marais omtrent die politiek van *Land en Volk* van vóór die Tweede Vryheidsoorlog as volg aan sy vriend Preller: „U weet natuurlik wat die groot politiek van die Joubert party was. Dit was nie soveel gerig teen die Hollander-gesindheid van die Regering nie, als teen die Regering nie, als teen die antie-afrikaner gesindheid. Die eerste voorman was natuurlik Esselen. Met die koms van Lukas Meyer en Louis Botha het 'n nuwe era vir die party aangebreek. Lukas Meyer het 'n verbasende invloed op al die jong Afrikaners gehad. Hy het tussen ons verskyn in al die glans van sy Nuwe Republiek-heldestuk. Ons het almal verwag dat hy die toekomstige President sal wees, wat die Republiek sal veilig maak en die engelse dreigement vernietig. Generaal de la Rey was ook lid van ons party. Ongelukkig is dit 'n soort bestiering gewees dat ek my gehele lewe lang die ondersteuner moes wees van verlore sake. Ons groot doel het ons natuurlik nooit bereik nie”.⁴⁹⁾

Die progressiewe politieke rigting wat Marais in sy blad voorgestaan het, het sonder deeglike organisasie gedurende 'n sestal jare 'n opwaartse stryd gevoer en tog so vordering gemaak dat met die Presidentsverkiesing van Mei 1893 hul kandidaat, genl. Joubert, met slegs 872 stemme verslaan is. Die behoefte aan 'n politieke party-organisasie is daarna so sterk deur die teenstanders van die Krugerbewind gevoel dat onder leiding van adv. Ewald Esselen en ander op 6 Desember 1893 op 'n vergadering op Krugersdorp die „Volksvereniging der Zuid-Afrikaansche Repu-

blik" gestig is.⁷⁸⁾ Adv. Carl Jeppe was voorsitter en die latere genl. Ben Viljoen sekretaris van die vergadering, en die vernaamste woordvoerders Ewald Esselen, R. K. Loveday en ds. H. S. Bosman. Die „Volksvereniging" het gevaarlik na verwant aan die „National Union" van Johannesburg geskyn en is dan ook deur Pres. Kruger „'n kalfie van die Nasionale Unie" genoem.

Die „Volksvereniging" was egter die begin van party-organisasie in Transvaal en dit het die Kruger-gesindes genoodsaak om die „Burgermag" in die lewe te roep tot steun van die Regering. Beginselsake om oor in partye te gaan, was daar egter so weinig dat gou onderhandelinge tot groter eendrag onder die volk gevoer is. J. S. Smit, namens die „Burgermag", en Ewald Esselen, namens die „Volksvereniging", het in 'n omsendbrief onder datum 16 Okt. 1894 die „verdeeldheid onder ons Volk" betreur en afgevaardigdes opgeroep tot 'n konferensie op 12 en 13 November in Pretoria om „voor onze toekomst zeer gewichtige zaken te bespreken". Ongeveer honderd uitgenooides het onder voorsitterskap van die heer Koos Smit in die Caledonian-saal vergader en aan die einde is uit elf voorstelle die volgende met 58 teen 48 stemme aangeneem, nl. dat ses Burgermag-lede, ses Volksverenigingslede, en ses lede van die vergadering wat tot geen liggaam behoort, benoem word om die saak te bespreek en die konstitusie te ontwerp.⁷⁹⁾

In 'n kort hoofartikel oor die Smit-Esselen-kongres word dit as 'n halwe sukses beskryf en „indien het eenig gevolg heeft, zal het zyn om de partyen nog verder van elkanderen te verwyderen".

„Men kan niet tegen het licht der zon vechten", vervolg die redakteur. „Eenmaal moet de Volksparty de overwinning behalen — en God geve dat het spoedig moge komen. Dan zullen zy eene meerderheid gegeven worden die zy zullen moeten onder bukken. En dan zal ook die nacht gevogelte die *niet* aan ons volk behoort, maar die om de Regeering warlen om hunne onverzadigde keelen te vullen, en die ook onder ons volk zich als politieke patriotten willen uitgeven — dan zullen die nacht gevogelte verdreven worde naar de duisternis waar zy onzichtbaar zullen zyn, en waar zy behooren".⁸⁰⁾ Marais was nie tevrede met die uitslag nie, miskien omdat hy gemeen het dat by afwesigheid van Esselen, wat op die

vergadering meegedeel het dat hy as Staatsprokureur hom nie meer met die politiek sou bemoei nie, die Volksvereniging in die te stigte herenigingsparty nie tot sy reg sou kom nie. Want dat Marais veel van Ewald Esselen verwag het, blyk uit die waarderende hoofartikel na aanleiding van sy aanstelling tot Staatsprokureur. „Waar ligt nu juist de hoop van de Afrikaner party in Ewald Esselen? In de eerste plaats verwachten wy van hem dat hy zyn steun zal geven aan diegenen die strydend zyn om het Afrikaner Volk over zyn eigen goed baas te maken en die vechtende zyn tegen de neiging om van de Republiek een kolonie te maken van Holland of eenig ander vreemd land. Wy verwachten van hem dat hy zyn invloed zal doen gelden tegen onderkruipende Hollander politiek — de poging van elk ambtenaar om zyn, over hem geplaatste, uittewerken met het oog op zyne betrekking en salaris. Dat hy zyn invloed zal doen gevoelen tegen de geheimzinnigheid die als eene melaatschheid onze geheele Staatkunde besmet heeft. Dat hy de groote macht aan zyn betrekking verbonden hem by de wet toegekend zonder vrees en stiptelyk zal handhaven en laatstelyk verwachten wy dat hy eene les in *eerlykheid* zal geven aan allen in Staatsdienst met wien hy in aanraking mocht komen. Zyn oprechtheid, zyn openhartigheid, zyn eerlykheid, zyn vaderlandsliefde zyn de woorden waarmede Ewald Esselen beschreven wordt door alle Afrikaners die hem kennen”.⁸¹⁾

Meer tevrede was *Land en Volk* met die afloop van die tweede kongres van die Volksvereniging, wat op 14 en 15 November van genoemde jaar in Pretoria gehou is en waaraan Marais as afgevaardigde van die distrik Pretoria 'n belangrike aandeel gehad het. Uit 'n vereniging van die „Volksvereeniging”, de „Middelburg Districts Vereeniging” en die vernaamste manne en takke van die „Burgermacht”, is daar gebore „De Volksmacht, de Koningsstem der Z. A. Republiek” met die volgende doel:

„a. Om de onafhankelykheid van de Z. A. Republiek met woord en daad te beschermen en in stand te houden;

„b. Om in de veranderde omstandighede, waarin de Republiek thans verkeert, de Regeering krachtdadiglyk by te staan en te ondersteunen in al hare handelingen die recht en billyk en overeenkomstig de Grondwet zyn;

c. Om, wat die nuwe bevolking betref, die Regeering en die Volksraad by te staan in het maken en uitvoeren van zoodanige wetten hen betreffende, als een gevoel van rust en tevredenheid by hen zullen verwekken;

„d. Het aankweeken van een algemeene landbouwsstelsel”.⁸²⁾

Lidmaatskap van die organisasie is beperk tot „alle ten volle stemgerechtigde burgers der Z. A. Republiek, en alle genaturaliseerde burgers die den eed van getrouwheid aan de Z. A. Republiek hebben afgelegd en als zoodanig op hunne Veldcornetslysten aangeschreven staan”.⁸²⁾

Vir die redakteur van *Land en Volk* was die „zoo gewenschte vereeniging” nie die grootste sukses van die kongres nie. „Het grootste sukses van het Congres is de warme Afrikaansche geest die al de verrichtingen doorstraalde. En het is de geest die de gal van de Hollanders en het Hollanderblad, de *Volksstem*, deed ryzen. De geest van het Congres der Volksmacht (die ook de geest van het beste en getrouwste gedeelte van ons volk is) is met de buitensporige overheersching der Hollanders niet erg eens, en het is dit dat de Hollanders onrustig maakt. Het beginsel door de Volksmacht nedergelegd is eenvoudig de erkenning van de éénheid der Afrikaansche natie door het geheele Zuid-Afrika. Die erkenning van dit beginsel is de bron van onze toekomstige grootheid als een volk. De zending van de Zuid-Afrikaansche Republiek in Zuid-Afrika is om ons volk door het geheele Zuid-Afrika op te voeden tot het ideaal van nationale vryheid en onafhankelykheid. Elk oprechte Transvaaler gevoelt de noodzakelykheid om ons volk grootter en sterker te maken. Wy zyn een klein Republiek omringd door vyanden — door onzen grooten Vyand en Vervolger in Zuid-Afrika — en daarin alleen bestaat de gevaar voor onze onafhankelykheid. En hoe kunnen wy ons grootter en sterker maken? Alleen door de banden naauwer te trekken tusschen alle Afrikaanders, en om te erkennen dat de Afrikaansche natie één volk is, ofschoon van elkander door rivieren en grenzen gescheiden. Elk Transvaaler gevoelt dat wy ons moet sterker maken, door by ons nuwe inkomelingen in te smelten; maar elk Transvaaler voelt ook het gevaar om die insmelting onverschillig toe te kennen aan

alle nuwe inkomelingen. Er moet onderscheid gemaakt worden, en aan wie moet nu die voorkeur gegee word? Moet het niet gegee word aan ons eie volk van elders inkomende? Die band tussen alle Afrikaners is die band van bloed en er bestaan geen magt, geen swaard, geen moegheid, geen geld, geen natie, geen persoon die deze band ooit doorsnyden sal".⁸³)

Die regverdiging vir bostaande woorde en vir die beklemtoning van Afrikanerskap bo partyskappe vind mens genoegsaam in die gesamentlike weerstand, nie alleen in die titaniese worsteling van die Tweede Vryheidsoorlog nie, maar reeds in die episode wat in die geskiedenis as die Jameson-inval, geïnspireer deur Cecil Rhodes, bekend staan. Deur sy optrede in hierdie saak het Marais meegehelp om bloedvergieting in Johannesburg te vermy. In 'n spesiale uitgawe van *Land en Volk* op Maandag, 30 Desember 1895, word berig oor die onrus in Johannesburg; van „800 Engelschen die over die grens gekomen zyn met 6 martinis en 4 kanonen"; en verder word die manifest van die Transvaalse Nasionale Unie gepubliseer. Dit blyk uit die latere getuigenis van Marais by die verhoor van die lede van die Reform Committee dat hy en Abraham Malan, skoonseun van genl. Joubert, op las van die Kommandant-generaal die Maandag (30 Desember) in Johannesburg die toestand gaan waarneem het. Abe Bailey en adv. Leonard het albei verklaar dat hul doel nie was om bloed te vergiet, en dat hul niks met Jameson te doen het nie. Daarop het Marais aan hulle die vraag gestel waarom hulle dan nie 'n kommissie benoem om sake met die Regering te bespreek nie. Hulle was daarmee eens en het Marais en Malan gevra om te dien effekte rapport aan die Regering te doen. Die twee het aan genl. Joubert die vrug van hul ondersoek bekendgemaak en kort daarna is die twee deur die President ontbied. Die Uitvoerende Raad was gewillig om 'n kommissie uit Johannesburg te ontmoet en aan Marais en Malan is in die voege opdrag gegee. Marais en sy metgesel is toe per spesiale trein terug na Johannesburg, waar hulle deur Abe Bailey in sy koets op die stasie afgehaal en geblinddoek deur die strate na die Consolidated Goldfieldsgebou vervoer is. In die onderhoud, wat van 9 n.m. — 12 v.m. op die Dinsdag geduur het, het Marais — wat deurgaans

as segsman van die Regering opgetree het weens sy vertroudheid met die Engelse taal — die eerste maal gehoor dat die 50 tot 60 aanwesiges hulle die „Reform Committee” noem. Marais het hulle op die hopeloosheid van hul posisie gewys en meegedeel dat die Regering gewillig was om 'n kommissie ter onderhandeling te ontmoet, mits die versoek om oor te gee van die Reformers uitgaan, en op voorwaarde dat hulle hul daarvan weerhou om enige hulp aan die aanrukkende Jameson te verleen. Ná 'n langdurige bespreking, waarin Marais hulle verseker het dat hulle billik deur die Regering behandel sou word, het hulle tot die eis van die Regering toegestem en die Woensdagoggend vroeg het die here Lionel Phillips, J. C. Auret, Abe Bailey en M. Langermann as afgevaardigde kommissie na Pretoria gegaan. Marais en Malan is dieselfde nag per trein terug na Pretoria, en daarvandaan op kommando, sodat Marais as tolk nog die wag vergesel het wat die volgende Saterdagoggend Jameson en sy medeoffisiere Pretoria binnegebring het.⁸⁴⁾

Saam met meeste ander Transvaalse koerante het *Land en Volk* die Jameson-inval sterk afgekeur en uitvoerige berigte gepubliseer om die medepligtigheid van Rhodes aan te toon. Die eerste sending van Marais en Malan na Johannesburg deur die Kommandant-Generaal het 'n onaangename nasleep gehad toe 'n mede-lid van die Uitvoerende Raad genl. Joubert van verraad beskuldig het „omdat hy den heer Malan (en Marais) in het begin van de onlusten naar Johannesburg gezonden had om de waren toestand van zaken te rapporteeren”, met die gevolg dat genl. Joubert 'n lasteraksie ingestel het.⁸⁵⁾

Seker met die bedoeling om die kritiek op die handelwyse van die Regering nog meer te knelter, is daar deur die Eerste Volksraad in sy sitting van 1896 'n strenger Perswet, ter vervanging van Wet No. 11 van 1893, aangeneem. Hoewel die nuwe wet, No. 26 van 1896, eers in Okt. 1896 van krag geword het, het *Land en Volk* reeds by die publikasie van die wetsontwerp onder die hoof „Een ander Hou-jou-bek-wet” in 'n hoofartikel te velde getrek teen artikel 5 daarvan wat die Staatspresident die reg verleen het om ten alle tye met advies en goedkeuring van die Uitvoerende

Raad, die verspreiding van enige drukwerk vir onbepaalde tyd te verbied.⁸⁶⁾ 'n Ander artikel wat nog strenger is as dié in ons huidige Perswet — vereis dat in elke publikasie die naam en woonplek van die verantwoordelike redakteur moet verskyn, terwyl alle daarin voorkomende stukke of artikels van politieke of persoonlike aard deur die skrywer met sy volle naam en adres onderteken moet word. Een gevolg van hierdie artikel drie was dat *Afrikanus Junior* van die toneel verdwyn het en dat grond vir laster-aksies verminder is. Dis ook nie onwaarskynlik dat die beklemming van die nuwe Perswet, naas ander oorsake, ten gevolge gehad het dat Marais begin Desember van dieselfde jaar die redakteurstoel ontruim het vir die heer J. Y. O'Brien, voorheen redakteur van *The Press*, egter onder die verstande dat Marais as eienaar en verantwoordelike editeur die politieke rigting van die blad soos vroeër sou bly aangee.⁸⁷⁾ Waarskynlik het Marais gemeen om, deur sy vertrek na Europa om hom op aandrang van adv. Ewald Esselen en ander in die Regte te bekwaam,⁸⁸⁾ vervolging kragtens die nuwe perswet in die toekoms te vermy. Dit was in elk geval die opinie van *De Volksstem* omtrent sy vertrek.⁸⁹⁾

Ten slotte, watter oordeel moet mens vel oor die joernalistieke arbeid van Marais? Met die perspektief van die twintigste eeu is dit baie gewaag om tot 'n juiste slotsom oor die Transvaalse politieke joernalistiek in sy wordingstyd te kom. Miskien was „G”, 'n tydgenoot van Marais en 'n gereelde leser van *Land en Volk*, nie ver verkeerd nie in die volgende oordeel, wat volledig aangehaal word terwille van die samevattende inhoud daarvan:

„Schryver dezès wenscht de Zuid Afrikaansche Republiek van harte geluk met de overwinning door de Volks Party behaald by de laatste verkiezingen voor den Eersten en Tweeden Volksraden. Denken wy ons in het verleden terug, dan behoeven wy niet verder te gaan dan vyf jaren om 't jaar van de hergeboorte van de Volks Party in den Volksraad, toen den Eersten alleen, te vinden. Wy herinneren aan die heeren Paul Maré, Lodewyk en Gert de Jager en Loveday, later versterkt door de heeren Lucas Meyer en Jeppe. Meer of minder lang hebben die hh. geworsteld tegen de altyd jaknikkende party, die gesteund werd door de met aasvogelnatuur

levende kranten op 't grootste aandeel van de £6,000, die de lofschetteraars van de Regeering als belooning uittrok. Dat onder die lofschetteraars het weekblad *Land en Volk* nooit heeft gehoord kan de laatste kiezer binnen onze Republiek weten.⁹⁰) Zonder het minste aandeel in genoemde £6,000 heeft dat blad zich een plaats veroverd in 't hart des volks en zegeviert het na langdurigen stryd over al zyn gezamentlyke door de Regeering gesubsidieerde tegenstryders. Bravo *Land en Volk*, bravo redacteur van dat blad! Niet dat ik in allen deele met U saamga. Ik heb zelfs heel veel tegen den toon, die in uw blad werd aangeslagen, heel veel tegen uwe vermenging van den persoon met zyn beginselen, heel veel tegen den vaak ruwen vorm waarin kritiek op personen en zaken werd uitgeoefend.

„Maar van dat alles kan U veel vergeven worden terwille van U streven om vele ongerechtigheden en rotte toestanden in onze administratie aan het daglicht te brengen. Ook is door U 't bewys geleverd dat gy Jingoïsme haat en dat gy tot de laatste behoort die onze Republiek onder Downingstraat sou teruggevoerd willen zien. Daarom, en ook om uwe onafhankelykheid van eenige ryks-subsidie verdient gy 't vertrouwen van de meerderheid des volks, wat zich schitterend heeft uitgesproken in de laatste verkiezingen. By al de harde waarheden die gy publiceerdet, en die U enkele malen voor de rechtbank brachten, is 't slechts eenmaal u overgekomen in 't ongelyk te zyn gesteld, dat is niet méér dan de *Volksstem* redacteur, redacteur van de Transvaalsche jongeguffrouw onder onze kranten. Wel een bewys dat gy in hoofdzaken de waarheid aan uw zyde had, al werd deze niet zelden ontsierd door de byvoeging van details, die niets ter zake deden. Doch alles is voor verbetering vatbaar en dat wensch ik voor *Land en Volk* dat op heden 't meeste recht heeft zich het volksorgaan te noemen en de stem van de bovendryvende party. Om in die positie met het meeste beleid op te treden blywe met gerustheid aan u, redacteur, overgelaten. Elke party, welke het ook zy, kweekt haar oppositie. Het, „wee den overwonnene”, moet niet tot leuse gelden van den overwinnaar, hier moet door de progressiewe party wel gebruikt worden gemaakt van haar tegenwoordige positie, doch met

een kalmte en bezadigheid, die haar ook vrienden zal doen vinden onder haar vroegere tegenstanders. Ik vertrouwd dat *Land en Volk* daartoe onder nuwe bekwame leiding zal bydragen, gy en uw blad zullen er den dank en de waardering van 't gansche volk mede verdienen." ⁹¹⁾

Afgebroke joernalistieke werk.

Ná sy aankoms in Londen het Marais geen gras onder sy voete laat groei nie, maar verskeie briewe aan die Engelse pers — veral aan die *Daily Mail* — gerig, „om zyn land tegen verguizing te verdedigen". Sy briewe was so oortuigend dat 'n medestudent, P. F. Crots, hierin sy voorbeeld gevolg het en in 'n brief aan die *Times* aangetoon het dat die meeste Afrikaners teen die Geoktrooieerde Bestuur van Rhodesië was, en dat solank as wat dit voortduur, daar geen waarborg vir die vrede in Suid-Afrika kan wees nie. ⁹²⁾

Op sy aandeel aan die Chartered-ondersoek — waarin sy onderhoude met goedgesinde Engelse parlamentslede feitlik joernalistieke werk was, want hy het veel daarvan op skrif gestel om die heer Montagu White in sy ondervraging van getuies te help — is reeds in die vorige hoofstuk gewys. Dis nie onwaarskynlik nie dat Marais selfs daarna voortgegaan het om af en toe inligting oor die toe dáár vry onbekende Zuid-Afrikaansche Republiek in die dagbladpers te verstrek, want ons vind dat hy by die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog dadelik by die Engelse owerheid onder verdenking gekom het.

Behalwe studie in die regte en medisyne vind Marais tog nog tyd om in November 1897 'n lang beredeneerde brief vanuit Londen aan *Land en Volk* te stuur met die opskrif „Onder de Rooinekken":

„Wanneer een mensch Zuid-Afrika van uit Europa gadeslaat", so skryf Marais, „dan schynen hare toestanden geheel anders dan wanneer men in het land zelf woont. Het eerste ding dat zeer duidelyk wordt is dat het Zuid Afrikaansche volk een weeskind is onder de volkeren der aarde. Het heeft geen groote Mogendheid om op terug te vallen voor hulp in nood en toejuiching in voor-

spoed. Het staat alleen en zyne toekomst is in eigen handen". Voortgaande wys hy op die uitgebreidheid van die Engelse ryk en handel dan in besonder die toestand in Indië. „Hier in de Tempel ontmoet ik elken dag Indische studenten en wanneer men met hen allen spreken schynt er, wat politiek betreft, alleen één gedachte in hunne zielen en dit is om het juk van Engeland af te werpen." Hy wys dan op die gevaar dat Suid-Afrika sy eersgeboortereg op sy land, geheilig deur die bloed en tranen van die voorgeslag, kan verloor. Pessimisties is Marais oor die trou van die Kolonialers, maar erken wat hulle tot die gemeenskaplike vryheid kan bydra. „Het vrye gedeelte van het Afrikaansche volk in de twee Republieken is maar heel klein gerekend tegen dat gedeelte dat nog onder de vreemdeling staat, en wat ook al onze private gevoelens mogen zyn een ding blyft zeker, zonder het Kaapsche gedeelte van het Afrikaansche volk gaat de Afrikaansche zaak verloren. De twee Republieken alleen, omsingeld door de vreemdeling, zyn machteloos om de zaak voor altyd op te houden. Eendag zal het zwaard moet beslissen wie baas van Zuid Afrika zal zyn en wanneer ons geschil aan de arbitrage van dien scheidsrechter onderworpen wordt, zal de uitspraak afhangen van de houding der Kaapsche Afrikaners. Indien zy aan onzen kant getuigenis afleggen is de zaak gewonnen." ⁹³⁾

Marais het indertyd in Europa uit verskeie bronne sy ervaring verdiep en ná sy terugkeer in Transvaal wou hy natuurlik sy joernalistieke arbeid voortsit. Die ná-wee van 'n kwaaie aanval van moeraskoors het dit onmoontlik gemaak en dit is eers in *Land en Volk* van Vrydag, 17 Okt. 1902, dat die oud-redakteur van die blad so herstel is dat hy weer 'n hoofartikel geskryf het „wat geklink het soos 'n klok". ⁹⁴⁾

Dis die moeite werd om op die artikel se inhoud te let ter verduideliking van die rigting wat *Land en Volk* ná die oorlog ingeslaan het, ten spyte van die beknelling van die krygswet en die latere Vredeshandhawingsordonnansie. Hy skryf van die afkeer wat „deze diep ongelukkige menschen op zich vereenigd hebben" en stel dan die standpunt van die volksgetroues so: „De Engelschen zullen zeker praktisch niet anders van ons verwachten, zullen ons

voor dit gevoel niet veroordeelen en zelfs ook niet met ons in gevoel verschillen. Het is een zeker bewys dat het volk dat hen onderdanig geworden is, een edel volk is met edele hartstochten. Zeker zullen zy niet verlangen dat hunne nieuwe onderdanen gemeene zaak maken met den moordenaar en den dief, — en in het zedelijk wetboek der volkeren staat de verrader, die tegen zijn eigen vleesch en bloed voor geld het wapen opnam, ver beneden deze misdadigers. Het is spreekwoordelijk onder de Engelschen: "Wij gebruike, maar wij verachten den verrader". Van *ons* kunnen zij niet meer verlangen. Hoe dieper het gevoel is, des te beter onderdanen en burgers zal een volk uitmaken". Hy bespreek dan die houding wat teenoor die ontroues behoort ingeneem te word en vat sy beskouing saam in woorde wat later waar sou word: „In onze toekomstige letterkunde zal hun lot het nakroost als een eeuwige waarschuwing zijn. Uit een gedicht ons toegezonden, ontleenen wij het volgende — de eenige correspondentie over deze zaak door „Land en Volk” gepubliceerd. Het komt als eene weerklank van een algemeen bekend Engelsch gedicht :

De jongste dag die ooit zal dagen,
Leest nog op uw verachtelijk graf :
„Hier ligt de vloek van vriend en magen,
„Die het vaderland den doodsteek gaf”.

Dank sy die hulp van sy vriend Preller het *Land en Volk* die terugkerende burgers moed ingeboesem en ook op hoogte gehou van wat in hul belang oorsee gedoen word, onder die hoof „Onze Voormannen in Europa”. Dit was maar 'n klein begin — vier bladsye met af en toe 'n byvoegsel in klein-formaat, maar dit het die joernalis Marais die tevredenheid verskaf dat hy daardeur sy eie volk en die Afrikaner-belange dien.

„Verdeel en Heersch!” is 'n ander hoofartikel „wat ingeslaan het soos die blits”, maar wat byna die deportasie van die eienaar en die edituur sowel as die sluiting van die pas begonne koerant ten gevolge gehad het. In verband met die verkeerde voorstelling in kabelberigte uit Engeland van die optrede van die drie Boere-

generaals (Botha, De la Rey en De Wet) in Europa, is as volg geskryf:

„Deze valsche voorstelling van hetgeen daarginds door onze voormannen gesproken en gedaan wordt, kan niets anders ten doel hebben dan twist en tweespalt te zaaien onder het Afrikaansche volk. Dit probeert men ook hier te doen Het is niet de tijd deze dingen thans in den breedte te bespreken, doch by het overdenken ervan worden wij krachtig herinnerd aan een aloud gezegde: „Verdeel en heersch!” Nog nooit in heel ons wisselvallig volksbestaan hebben wij meer behoefte gehad aan eensgezindheid dan nu; niet om als razenden tegen de bestaande overheid te keer te gaan, of de verzenen tegen de prikkels te slaan, — het zwaard hebben wij tot zijne schede teruggekeerd en wij hebben onze vrede gemaakt —, doch dit zal ons nimmer beletten voor waarheid, vrijheid en recht onze stem te verheffen, en kunnen wij die stem de kracht geven van een volk die niet heen en weer geslingerd wordt door onnodige partijschappen, des te beter; en de verregaand ellendige toestand van het geheele land en volk vordert onze eendrachtige samenwerking en eensgezind optreden om een algeheele ondergang te verhoeden. Daarom oordeelen wij het raadzaam te waarschuwen tegen het hechten van een te lichtvaardig geloof aan de misleidende en verdraaide berichten die ontvangen, en de valsche geruchten die hier in omloop gebracht worden over het doen en laten der Generaals”.⁹⁵⁾

Hierdie uitspraak vind ons in nog skerper vorm in twee hoofartikels „De Bedelaars” en „Onbevooroordeeld” twee weke later. Die eerste begin: „Voorheen hebben wij reeds aanleiding ertoe gehad de opmerkzaamheid onzer lezers te bepalen bij de gemeene kuiperijen tegen onze Voormannen, van zekere personen die de onbeschaamdheid hadden zich in de Engelsche courantenwereld den naam van Afrikaners aan te matigen, en voor te geven dat zij de sienswijze van het volk verteenwoordigen”. Die tweede sluit met die volgende antwoord aan Chamberlain: „Wil onze hooggeplaatste bezoeker dus weten hoe wij over de zaken denken, — en dat dat inderdaad één zijner begeerten is mogen wij niet betwijfelen, niet alleen omdat hij het zelf gezegd heeft, doch ook

omdat de Engelsche pers hier te lande onlangs nog zoo goed geweest is der wereld kond te doen dat „de Boer ondanks alles nog steeds als een belangrijke factor in de toekomstige ontwikkeling des lands gelden moet”, — dan bevinden zich de gezaghebbende mannen die hij zoekt en die hem ook gaarne raadplegen willen, aan zijne deur, — de Bedelaars. Wij hebben geen anderen”.⁹⁶⁾ Hierdie uitspraak pas by 'n koerant wat selfs onder Krygswet sy leuse van voor die oorlog behou het, nl. Waarheid, Vryheid, Reg, en dié woorde in elke uitgaaf in groot letters afgedruk het, vlak onder die naam „LAND EN VOLK”.⁹⁷⁾

Marais is intussen tot advokaat in Pretoria toegelaat,⁹⁸⁾ maar het nog die politieke leiding van die blad, hoewel nie die redaksie nie, bly behartig.

Hoe streng die sensorskap was waaraan elke hoofartikel onderwerp is,⁹⁹⁾ blyk genoegsaam as ons naas mekaar plaas die stukke wat Preller oor die vervanging van die Krygswet geskryf het, en hoe dit in die koerant¹⁰⁰⁾ verskyn het nadat die proef by die sensor was :

„De Krygswet — door een zusje vervangen. — De Krygswet (Martial Law), een leelijke naam, is ingetrokken, en in die plaats is afgekondigd de „Vredeswet” (Indemnity and Peace Preservation Ordinance), een mooie naam. Dit heeft plaats gehad in een *Government Gazette Extraordinary* van den 19den dezer en de ommekeer trad dadelijk in werking.

„Hoe hebben wij toch verlangd en gezocht naar het oogenblik wanneer wij zouden kunnen zeggen : De Krygswet

„De Krygswet is ingetrokken, en in de plaats is afgekondigd de „Vredeswet” (Indemnity and Peace Preservation Ordinance). Dit heeft plaats gehad in een *Government Gazette Extraordinary* van den 19den dezer en de ommekeer trad dadelijk in werking.

„Gebrek aan plaatsruimte belet ons thans de voornaamste punten van overeenkomst der twee wetten aan te stippen. Genoeg voor het tegenwoordigen wanneer wij uit het „Voorbericht” bij de wet, op-

is teruggetrokken, of liever, er is een einde gekomen aan het bestaan van „Geen Wet”; wanneer wij tot verademing zouden kunnen komen en vergeten. Trans is er een zusje in de plaats geboren bijna even leelijk, indien noodig. Doch moed houden: in het „Voorwoord” of Introductie (’t is moeilijk te zeggen wat dat eigenlijk is), zegt men: „Het is niet de bedoeling dezelfde, (de nieuwe wet n.m.) voor altijd en overal van kracht te laten blijven”. Ook hieraan zal dus eendag een einde komen. Gebrek aan plaatsruimte belet ons thans de voornaamste punten van overeenkomst der twee wetten aan te stippen — verschil zullen wij maar niet zoeken. Genoeg voor het tegenwoordige wanneer wij uit het „Voorbericht” bij de wet, opmerken dat ofschoon „de Krijgswet ingetrokken wordt blijft het civiele gouvernement, voor de bewaring van rust en orde, gewapend met zekere bijzondere machten die vroeger onder de Krijgswet door de Militairen uitgeoefend werd”. Dat wapen draagt nu den naam dien wij hierboven vermelden.”

merken dat ofschoon de Krijgswet ingetrokken wordt blijft het civiele gouvernement, voor de bewaring van rust en orde, gewapend met zekere bijzondere machten die vroeger onder de Krijgswet door de Militairen uitgeoefend werd”.

Hoewel Preller redakteur van *Land en Volk* was, het Marais as verantwoordelike eienaar en uitgewer hom in verband met beleidskwessies van raad bedien. So lui 'n ongedateerde nota, waarskynlik eind 1902, als volg: „Maak de courant zoo tam mogelyk. Ik heb gister voor zeker gehoord uit Milner's kantoor dat de byvoeging tot de Peace Wet speciaal ten gevolge van de „L. en V.” artikel was. Het zou goed zyn als jy iets voor hulle kon ze in deze en volgende uitgawe — E.N.M.”. Dit was troebel tye vir die eg-Afrikaanse joernalistiek. Hoe versigtig eienaar en redakteur moes optree, word kensketsend vertel deur Preller in sy *Historiese Opstelle* (197v). In Marais se handskrif, maar haastig en vlug op die eerste die beste stukkie papier neergeskryf, intrigeer dit mens vandag nog om boodskappe te lees soos: „Warn Preller Govt. wants to shut up *L & V* unless no more opposition and ambiguous enmity. Just sent for by Governor”; of „Waarde Gustav, Ziet my zoo spoedig mogelyk — E.N.M.” (laasgenoemde na aanleiding van 'n bedreiging van die Regering om beide Marais en Preller oor die grens te sit).

Waar nodig het Marais nie geskroom om self kragtig in te gryp nie. In Maart 1903 is daar gepoog om die twee Pretoriase blaaië, *De Volksstem* en *Land en Volk*, te amalgameer met dr. Engelenburg as hoofredakteur, maar die onderhandeling was nie suksesvol nie. Die spesiale korrepondent van die *Morning Post* in Pretoria het egter op grond daarvan na Londen gekabel dat 'n poging deur genls. Botha, Smuts en De la Rey aangewend word om die Afrikaanse pers te koop, sodat 'n gesamentlike perskampanje teen die Regering kan gevoer word. Nie alleen het *Ons Land* dit ontken nie, maar ook Marais het self die pen opgeneem en in lang vloeiende volsinne die bewering ontsenu in 'n hoofartikel in *Land en Volk* met die hoof „*Leugens*”:

„Onnodig te zeggen dat deze lasterlijke en onwaardige aantijgingen tegen de eer van manne die zelfs bij den heer Chamberlain boven alle verdenking verheven zijn, ook in de ergste jingoe kringen weinig aandacht getrokken hebben, en nergens ernstig genomen zijn, toch kan het niet genoegzaam betreurd worden dat menschen die zulke sterke aspiratiën in het richting van het

gesticht daar ginds openbaren, aldus naar willekeur een schendende hand kunnen uitstrekken naar den goeden naam van mannen die het volkomen algemeen vertrouwen bezitten, en dat men met deze laatdunkende ongerijmdheden aan den eenen kant tracht tegen te werken wat over geheel ons werelddeel thans als een behoefte gevoeld en behandeld wordt, de toenadering der twee rassen." Die uitlating van die *Morning Post* het egter Marais en sy blad in 'n slegte lig by die owerheid gestel, sodat hy nog lank daarna onder verdenking was.¹⁰¹⁾

Hoewel Marais self nie sy volle aandag aan die koerant bestee het nie, het hy ook Preller gehelp waar dit noodsaaklik was om agter die waarheid te kom. Aan 'n „oud-ondersteuner en nog steeds warme belangstellende in *Land en Volk*” skryf Marais as volg na aanleiding van 'n anonieme brief wat teen dié persoon in *Land en Volk* verskyn het: „Zooals gij van ouds af weet ben ik altyd verantwoordelyk voor alles dat in *Land en Volk* verschynt. Waarom het stuk verscheen is aan twee oorzaken te wyten. In de eerste plaats geloof ik dat ik een zeker plicht tegenover het publiek heb. Ik mag verkeerd zyn, maar op die zienswyze heb ik altyd gehandeld. In het uitvoeren van die plicht heb ik nooit toegelaten dat eenig iets ter wereld my in den weg staan, — geen vriendschapsbanden noch eenige dergelyke consideratie. Gy zelf zijt my getuige.

„Een tweede oorzaak is deze: Het gansche land is doortrokken van geruchten en praatjes omtrent uw gedrag op het eiland (Bermuda). Myn handen is vol van stukken op de zaak betrekking hebbende. Nu het was my duidelyk dat tenzy eene duidelyke beschuldiging gemaakt werd op verantwoordelyke wyze of waarvan ik zelf de verantwoordelykheid kon aannemen, de waarheid der zaak nooit bekend zou worden. Geen hoorgezeg of geruchte was voor myn doel goed genoeg. De gepubliseerde brief scheen my echter in dit opzicht voldoende. Het is de eenige wyze waardoor gy uw naam van een blaam kan zuiveren dat in alle hoeken des lands dagelyks geuit worden.

„De wyze van zuivering is natuurlyk zooals gy zelf verkiest, by wijze van een laster of door *Land en Volk* wiens kolommen nu,

zoals altyd tevoren, voor U open zyn." ¹⁰²⁾ Die brief is saam met dié van A.H.M.— in *Land en Volk* geplaas om die saak van beweerde mishandeling van kinders in gevangenskap op Bermuda op te klaar.

Marais het gevoel, soos uit meer as een hoofartikel van *Land en Volk* van 1902 en daarna duidelik is, dat met verenigde kragte opgetree moet word om die volk weer op te bou. Treffend in hierdie opsig is die veranderde houding teenoor *De Volksstem*, wat op 11 Maart 1903 met dieselfde redakteur as van vóór die oorlog, dr. F. V. Engelenburg, weer verskyn het: „Met de veranderde landsomstandigheden zijn dan ook alle oorzaken die in het verleden tot twist en vervreemding aanleiding gaven, weg gevallen; wat toen onmogelijk was is thans niet alleen mogelijk, doch zelfs heel waarschijnlijk geworden, en er bestaat geen reden waarom wij meer "vereënd van zin", niet samen zullen arbeiden aan de veredeling en heropbouwing van het nationaal gevoel”.

Ook die Kerk het Marais by die herverskyning van *Land en Volk* sy regmatige plek in die koerant verleen, waarskynlik uit die besef dat die georganiseerde liggaam kragtige heropbouingswerk kon verrig. 'n Haastige instruksie aan Preller lui: „Hou jou oog op die prisoniers die terug kom, en moenie die Kerk heeltemaal vergeet nie. Ziet Ds. Bosman aankomde week en vraag hem ons elk week — zeg Dinsdag — die laatste Kerk nieuws te gê — Eugène N. Marais”. Kerknuus het daar toe gereeld verskyn, soms tot 'n paar kolom in een uitgaaf. Die preek wat op Kersfees 1902 deur ds. Bosman gelewer is, word bv. volledig deur 'n snelskryfster vir *Land en Volk* gerapporteer. ¹⁰³⁾

Met die vertrek van Preller na *De Volksstem* het mnr. J. S. M. Rabie die redaksie oorgeneem, en na laasgenoemde se vertrek het Marais self 'n tydlank waargeneem, omdat daar vir hom geen aardigheid aan was om onder die veranderde toestande vaste redaksionele arbeid te verrig nie. ⁹⁴⁾

Sy verdere ondervinding met die bestuur van *Land en Volk* was ook nie juis bemoedigend nie. Uit die tyd dateer 'n brief aan Preller waarin hy hom meedeel dat hy „ bezig is met L. & V. en zoo hoopeloos wat Bestiërs en Editërs betref dat ik besluit

het — of byna — om op te hou. Zelf zal ik nooit weer dit waar neem nie''. Op 6 Nov. 1905 deel hy in 'n ander brief mee dat *Land en Volk* eindelijk verkoop is.

Marais het daarna tot aan sy dood van tyd tot tyd in verskeie koerante en tydskrifte bydraes geplaas, maar meestal op aandrang van die betrokke redaksies. Die bydraes kan feitlik almal onder een of ander afdeling van sy letterkundige werk sorteer, en daarom is dit verkiesliker om sy eintlike joernalistieke werk met die verkoop van *Land en Volk* as afgesluit te beskou, hoewel sy latere werk die kenmerke van 'n joernalistiek geskoolde bly vertoon.

HOOFSTUK III.

AANDEEL AAN DIE AFRIKAANSE BEWEGINGS.

Hoewel Marais in sy onderrig tot matrikulasie en selfs in sy eerste twee jaar as joernalis hom byna uitsluitend van Engels moes bedien, het hy kort na sy aanstelling in 1890 tot redakteur van *Land en Volk* besluit om die nuusgedeelte van die koerant in Afrikaans uit te gee. As mens dink aan die invloede wat op hom ingewerk het, is die stap nie moeilik om te begryp nie. *Di Patriot* met sy vurigheid en kragtige optrede in belang van Afrikaans het stellig weerklank gevind in die hart van die begaafde seun wat daar aan die Paarl skoolgegaan het. Marais vertel later dat hy toe nog geen Afrikaans geskryf het nie, hoofsaaklik omdat die *Paarl District Advertiser* nie plaasruimte vir stukke in die „patois” of „kombuistaal” gehad het nie. Die gediggies uit sy skooljare was almal in Engels en dié het die koerant geredelik opgeneem. Daarby moet onthou word dat Marais wel vir die strewe maar nie vir die „taaltjie” van die Patriot — wat hy as vreemd aan sy eie Transvaalse spreekwyse beskou het — veel oor gehad het nie. Ná sy aankoms aan die Paarl het dit ’n rukkie geduur voordat hy die Bolanders goed kon verstaan.

Na sy terugkeer in Transvaal was dit veral die oud-redakteur en oprigter van *De Volksstem*, Jan. F. E. Celliers, wat veel invloed op Marais uitgeoefen het. Dit was hy wat Marais aan ’n joernalistieke baantjie gehelp het, hoewel aan ’n Engelse koerant. Celliers was self ’n warme kampvegter vir Afrikaans — hy was die eerste sekeretaris van die Afrikanerbond in Transvaal¹⁾ — en dis nie onwaarskynlik nie dat hy van dié liefde vir alles wat Afrikaans is ook by die jonge Marais ingeskerp het.

Marais was self 'n gebore Transvaler en van huis uit 'n liefhebber van sy eie moedertaal. Dis dus goed verstaanbaar dat toe hy redakteur van *Land en Volk* word, hy die geleentheid te baat sou neem om ook in Transvaal met sy blad 'n eerste kampvegter vir Afrikaans te word.²⁾ Daarin was hy dan ook heeltemal konsekwent. Nie net het hy nuusartikels en bydraes in Afrikaans aangemoedig en geplaas nie, maar een ná die ander hoofartikel geskryf in 'n Afrikaans wat in spelling en idioom probeer het om die Transvaalse spreekwyse weer te gee. Marais het wel iets van *Di Patriot* geleer, maar was glad nie 'n slaafse navorger van die Genootskap van Regte Afrikaners nie.

Dat die nuwe skryfwyse van *Land en Volk* verwelkom is, blyk uit meer as een brief aan die redakteur. „Ek wens ook, meneer Edikteur”, so skryf „Hans”, „om mijn groot blijdschap uit te druk dat *Land en Volk* nou in Afrikaans, di ware taal van Suid Afrika, geskrywe word. Ik hoor dat jy al baing nuwe inteekenaars gekry het. Dit het ik verwag. Vir my part kon ek nooit di Hollans van di ander koerante verstaan het ni. Hulle skrywe net so hoog as di hemel en dan spel hulle ook so snaaks daarby. Neef Jan is di eenigste een wat an my geskrywe het dat hy baing ontevrede is dat *Land en Volk* nou in Afrikaans uitkom, en dat hy ni meer inteekenaar wil wees nie. Di arme kerel skrywe 'n taal wat dit swaar is om kop of stert uit te maak. Dis seker dat hy ni Hoog Hollans ken ni; Engels ken hy oek ni en nou skrywe (hy) dat hy Afrikaans oek ni ken ni. Di arme kerel kan dus geen taal op aarde praat of skrywe ni. Maar hy het di Hollanders baing lief — dis al!

„Ik hoop dat jou koerant nou veul sal doen om die ware vaderlandslievende gevoel onder ons volk an brand te hou Dit alles kan jy nou makliker doen nou dat jy vir die heele volk in hulle ware taal skrywe, en ik verwag stellig dat jy nooit van jou heilige plig sal afwyk ni”.³⁾

Onder die hoof „Swart Pilletjes”⁴⁾ — sedert begin 1891 'n rubriek in *Land en Volk* — skryf „Wakker”: „Hoor ek is bly dat di „Land en Volk” die ware Suid Afrikaanse taal aangeneem het, nou kan ons lekker met makkaar praat”.

„Meneer jy kan my maar laat weet as di pilletjies goed werk, ek het nog baing in mye (memorie) apotheek, tot so lang saluut!” 5)

In 1891 verskyn daar gereeld „Hans se brief”, „Sonder Reserf” en „Swart Piletjies” in Afrikaans met kommentaar oor sake van die dag.

Kragtig is die getuigenis van die redakteur oor die sukses van die nuwe taalbeleid in 'n hoofartikel „Di Afrikaanse Taal”:

„Dis met groote blydschap wat di Redaksi van *Land en Volk* di geleenheid waarneem om te melde dat binne di laaste weeke ons 'n menigte nuwe intekenaars gekry het. Dis in twee opsigte goed. Vir die geldelike toestand van ons koerant is dit goed en dis oek goed daar dit toon dat di Afrikaanse taal byna algemeen deur ons volk goedgekeur word. Al ons private korrespondente se "ons is bly dat jy nou in ons ei'e taal skrywe." Daar is natuurlik 'n paar wat ontevrede was met di verandering in di taal van *Land en Volk*. Di mense ken ni Hollans ni, en hulle sal dit oek nooit ken al studeer hulle nog twintig jaar, want Hollands is ongetwyfel een van di moeilikste van moderne tale. Afrikaans ken hulle almal goed en hulle *praat* oek nooit 'n ander taal ni. Nou wil hulle 'n mens mos wys maak dat hulle Hollans beter ken dan Afrikaans, maar hulle vergeet dat hulle briewe an di Redaksi di teenoorgestelde bewys. Afrikaans is ons moeder taal. Dis di taal van alle ware Afrikaanders, en Afrikaans groei net soo 's alle tale gegroei het. Hollans, Engels, Frans, Duits, het almal gegroei uit differente tale en is langsamerhand verbeter geword toe hulle skryf tale geword het. Net so sal dit wees met ons ei'e taal. Waarom is dit nou dat mense teen Afrikaans is? Dis omdat hulle ni opregte Afrikaanders is ni. Alles wat vreemd is het hulle lief — ja selfs Hollanders is vir hulle meer ansienlik dan hulle ei'e broers en susters in Suid Afrika.

„Afrikaans is di maklikste taal wat daar nou in di wereld gepraat word en dis oek een van di mooiste vir wat klank angaat. Di Italiaanse taal word algemeen di mooiste taal beskou omdat dit meer *klinkers* het dan eenige ander taal, en Afrikaans *het meer klinkers dan Italiaans*. Alle Hollanders erken dat Afrikaans honderdmaal mooier klink dan die grove taal van Holland en dit erken

oek elkeen wat iets van tale weet. Dis maar net mense wat hulle slim hou, wat hulle ei'e taal en land en volk haat, en alle vreemdelinge tot sig neem.

„Ons is daarom bly om te kan sê dat vir elke een (daar was maar drie alles tesame tot dus ver) wat ontevrede was oer di verandering daar drie honderd was wat hulle blydschap uitgedruk het, en van dag kom daar nog honderde nuwe intekenaars in, — en dit is tog di beste bewys dat di volk van di Suid Afrikaanse Republiek hulle moedertaal lief het.”⁶⁾

Selfs *Di Patriot* het die nuwe medium van *Land en Volk* verwelkom, want uit Wakkerstroom skryf 'n korrespondent: „Waarde vrind, daar ek in *Di Patriot* sien dat jou blad nou in Afrikaans uitgegewe word, so wens ek intekenaar te word daarvan. Hier in Transvaal was het al lank een hoogveryste een nuwsblat in di taal van di volk te he.”⁶⁾

Spesifieke bewys dat Marais Afrikaans soos dit in Transvaal gepraat is, op die oog gehad het, blyk in sy antwoord aan 'n Zeerustse korrespondent wat as „Transvaalse Afrikaander dit waag om slegs één aanmerking te maak op di taal waarin jou hooggeëerde en geliefde blad nou verskyn en di aanmerking is eenvoudig dit dat jy eenige woorde gebruik wat ik nog nooit in Transvaal het hoor bezig ni. B.v. vir *mit* (Hollandsch taal *met*) se jy „moet”, vir *molik* mo'elik, vir *goeye* of *goeie* „gooie”. Ook denk ik ni dat di mense in di Westelike Provinsi van di Kaapkoloni so praat ni, anders sou di *Patriot* ook so skrywe. Dis vir my 'n bietjie (ni *beeki* ni) aanstootlik as ik moet se: “di man moet moet my saam gaan.” Ik hoop egter dat jy my ni sal kwalik neem om ik di aanmerking maak ni; ik is ook mar ongeleerd en 'n boer. Ik hoop slegs dat ons taal een dag as offisiële taal sal erkend word en dan sal ook wel di re'els vasgestel worde.”

Marais antwoord in 'n onderskrif: „Ons moet ons geagte Korrespondent dank se vir sy anmerkinge omtrent di taal van *Land en Volk*. Ons moet erken dat hy in eenige opsigte reg is, mar anders is hy verkeerd. Di te'enwoordige Editeur van *Land en Volk* is ook 'n Transvaalse Boer (waarvan hy trots is) en hy het lang di taal van di land gestudeer voordat hy oergegaan het om *Land*

en *Volk* in di ware taal van ons vaders te skrywe. *Moet* word byna algemeen gebruik onder Transvaalers in plaats van Hollands *met*. In di taal van di Suid Afrikaanse Republiek is daar ook ni so 'n klank as "j". Ons se "beeki". In di Westelike deel van di Kaap Koloni se di mense "beetje". Al ons verkleinwoorde ent op "ki" en ni op "je". Dus ons se ni „mannetje”; ons se manneki. As ons praat van "ons" dan bedoel ons natuurlik di meerderheid van Transvaalers. Angaande *molik* en *goeie* is ons Korrespondent heeltemal reg en ons sal in vervolg sorg dat di voute ni weer voorkom ni. Ons sal altyd verblyd wees van ons geagte Korrespondent te hoor." ⁷⁾

Watter mate van openbare steun daar vir die standpunt van *Land en Volk* was, blyk duidelik waar die *Patriot* na aanleiding van 'n debat op Middelburg (Kaapland), waar met 25 teen 10 stemme besluit is dat Hollands eerder as Afrikaans aangemoedig behoort te word, as volg berig: „Toen onlangs in Pretoria in 'n vergadering van Jong Suid Afrika, wat bestaan uit meer dan vyftig, mees gestudeerde, jonge Afrikaners, die kwessie van Afrikaans voor was en di teenstanders uitgedaag werd om di Hollanse taal in Hollans te verdedig, het ni een gewaag om dit te doen ni. Mar missskien is Middelburg vir Pretoria so ver vooruit en dan sal hulle wel by di Debat di 71 stellings van Ds. Du Toit fyn en vlinters gemaak het. Ons sal dan regte bly wees as di *N.M.* (*Nuwe Middelburger*) of imand anders ons di wederlegging van di stellings kan stuur, sodat Ds. Du Toit en di *Patriot* kan erken dat hulle nog altyd verkeerd gehad het en van nou af, saam met di *N.M.* kragtig vir Hollans kan gaan werk." ⁸⁾

Behalwe bydraes in gereelde rubrieke vind ons ook dat *Land en Volk* gediggies in Afrikaans uit ander koerante oordruk. Vroeg in 1891 verskyn daar egter al ingestuurde gedigte bv. *Die Arme Kaapscheboer* met as begin- en slotstrofe:

„Die sprinkaan en die droogte
Is zwaar op onze land,
En wat van ons zal worde
Is bowe mij verstant." ⁹⁾

Ook verskyn daar samesprake bv. Samenspraak tussen Oom Klaas en Dirk; tussen Oom Klaassie en Neef Piet; Oom Samuel en Willem Gesels; W. en M. over Landsake (oor *Afrikanus Junior*); Oom Paul en Freek.¹⁰)

Die redakteur het nie sy mening oor die vyande van Afrikaans verswyg nie. Na aanleiding van 'n vyandige brief in die *Patriot* merk hy op: „Wi is di vyande van di Afrikaanse taal? Is dit di mense wat ons land lief het, en wat di „Afrikaanse saak” als heilig beskou? Ne — Di vyande (van) di Afrikaanse taal is Jingo-Afrikaners — mense so laag gevalle dat jy lus het om jou mond uit te spoel na jy hulle name noem. Ons het al baie slegte nasies en mense in ons tyd gesien, maar nog nooit iets lager of gemeener dan een Engels-gesinde Afrikaner wat sy moeder-taal — di taal door sy vaders gesproke — verag. Di is di mense wat vyandig gesind is teun di opregte Afrikaanse mense”.¹¹)

Daarteenoor was daar ander wat die swakhede maar ook die ontwikkelingsmoontlikheid van Afrikaans gesien het. So plaas *Land en Volk* uittreksels uit die stuk „De Taal in Zuid Afrika” met die volgende verduideliking voorop: „In di *Zuid Afrikaan* van di 29 Maart verskyn daar 'n seer intresant stuk o'er „De Taal in Zuid Arika” door den heer W. J. Viljoen B.A. Die geheele artikel toon aan dat mnr. Viljoen di saak terdee deurgedink het. Hier volg 'n paar uittreksels daaruit. Skryvende van di taal van Afrikaanse studente seg mnr. Viljoen:

„In gezelschap der dames spreken zij, als zij nog niet op intiemen voet zijn, Engelsch; de meeste vryages worden dan ook in 't Engelsch aangeknoot, maar — als men eens verloofd is — dan wordt de lieve Afrikaansche taal gesproken. Zeer opmerkelijk is het, derhalve, dat men de Engelsche taal tot op zekere hoogte noodig heeft, maar voor de ontboeseming der zoetste gedachten weet de Afrikaner zich van geene andere taal te bedienen, dan het Afrikaansch.” Die redakteur merk dan hierop aan: „Ons weet ni of di skryver by die eerste sin heeltemal gelyk het mar wat hy in sen tweede sin seg is selfs van di meest verengelste waar”. Sonder verdere aanmerking plaas hy dan Viljoen se mening oor die skryftaal.¹²)

In die toekoms van Afrikaans het Marais toe al onwrikbaar vas geglo. „Die dag sal kom wanneer die Afrikaanse Taal sal erken worde, door geleerde mense, vir 'n soetvloeiende, sagt klinkende, musikale taal, die (net als Italiaans uit Latijns) uit de Hollandse Taal voortgesprote is. Spraakkuns! As of 'n spraakkuns 'n taal maak. Die taal maak die spraakkuns. Eers de Natuur, lang daarna word die natuurwette uitgevinde, en opgeteeken deur geleerde mense. Lang voor Copernicus, Galileo en Newton oer de Sterrehemel en di aarde gedenk en geskrywe het, was di hemel daar in al zyn heerlijkheid, en di aarde op syn vaste koers. So gaat dit oek met di Afrikaanse taal. Gen woordelys ni! Nonsens. Ons het net so veul woorde as ons wil he. Naarmate ons volk meer denk, in aanraking kom met di groote wereld, sal ons woorde uit di Hollandse, en Engelse tale neem. So maak alle tale. Hulle's nes boome wat van onder en bo, links en regs voedsel trek as hulle maar net eers groei. Letterkunde! waar is di gedichte van President Reitz, Oom Jan en andere? Waar is di werke van Ds. du Toit? En nog sal kom.”¹³⁾

Marais doen sy bes om aan te toon dat Afrikaans op elke gebied bruikbaar is. Sy hoofartikels was al maande lang in Afrikaans toe hy ook as *Afrikanus Junior* twee ope briewe aan die Staatspresident rig waarin hy grondig staatsake in Afrikaans bespreek.¹⁴⁾ Ook rig hy een „an di WelEd. Heer Hoofd van Mynwese C. J. Joubert”.¹⁵⁾

Hoewel daar, by die verkoop van *Land en Volk* aan Marais en Roos, redaksioneel aangekondig is: „*Land en Volk* is op dit oogenblik het eenigste waar Afrikaner blad in de Zuid Afrikaansche Republiek, en de politiek in dit opzicht tot hiertoe door ons gevolgd zullen wy blyven behouden”,¹⁶⁾ was dit met één uitsondering¹⁷⁾ die einde van hoofartikels in Afrikaans. Wel was daar nog bydraes in Afrikaans, bv. die briewe van „Magoa” en die rubriek „Dokkies”; gediggies soos „Neef Gert en di Spook” deur J. de W. uit die *Zuid Afrikaan*, „Gert Beyers” deur President Reitz,¹⁹⁾ „Di Afrikaanse Taal” uit *Di Patriot* (een van di mooiste versjes ooit in Afrikaans geschrywe — Ed. L. en V.),²⁰⁾ 'n vertelling van Neef Hans oor die gebeurtenisse in „Di Kamp” gedurende die Eerste Vryheidsoorlog, en selfs „Gert Senekal”, 'n oorspronklike

gedig van *Afrikanus Junior* „an di Kerk-partye verhaal”,²¹⁾ maar *Land en Volk* het nie meer sy Afrikaanse voorkoms, wat taal betref, vertoon ni.

Opvallend onder die laaste stuiptrekkinge is egter die kragtige pleidooi van 'n Nederlander, O. L. A. de Haans, wat onder die hoof „Afrikaansch moet Boven” in 'n brief vergunning vra om „een enkele opmerking mede te deelen, die ik als Hollander, na een verblyf van slechts enkele maanden in dit land, heb moeten maken, tot een nationaliteit behoorende, zeer beperkt in vertegenwoordigers, die op een kleine plek, slechts een stip op die wereldkaart, door eeuwen heen hun eigen taal hebben behouden”. Die briefskrywer verklaar dan hoe ingenome hy was om „dezelfde taal in dit werelddeel aan te treffen aan de andere kant gevoelt men smart en bedruktheid wanneer men hoort en waarneemt dat vele Afrikaners hunne eigene taal, zoo spoedig ze maar een vreemde taal geleerd hebben, over boord gooien en zich soms voor hunne eigene taal schamen.

„Ik heb onwillekeurig den indruk ontvangen als vindt mens de Afrikaansche taal (die niet zoveel van de tegenwoordige Nederlandsche taal afwykt als vele dialekten in myn vaderland) niet voornaam, niet deftig genoeg. Men vindt het soms wel aardig zich eens in die taal uit te drukken. Maar het staat nu eenmaal netter en men verraadt meer kennis en beschaving wanneer men zich van een eigenlyk vreemde taal bedient.

„De taal is gansch een volk. Moge men dit hier steeds voor oogen houden dat met die taal ook het volk zyn eigenaardig volkskarakter verliest en dat dat verlies ook een groot stap is op den weg voerende naar het verlies van een onafhanklyk volksbestaan.”²⁰⁾

Hoe beslis die kentering was, is duidelik as mens in 'n hoofartikel oor die Staatsbiblioteek die volgende slotsom lees: „Van de Regeering en van de leden van Bestuur, die zy zal aanstellen, zal het in groote mate afhangen, of wy Hollands in de toekomst in de hoofdstad als hoofdtal zullen hooren, die zelfs door uitlander vrienden aangeleerd zou worden, of ons taal van lieverlede achteruit geschoven ten gunste van het overal indringend Engelsch. Dit

is de verantwoordelyke taak die op de schouders van de Afrikaner leden van de Regeering rust. Wy zeggen Afrikaner, want het stuit ons altyd by opgevoede Hollanders in de Transvaal, dat zy overall, en op elke gelegenheid, Engelsch boven hun moedertaal verkieszen." ²²⁾)

Daarnaas verskyn in die rubriek *Dokkies*, wat nog gereeld in Afrikaans verskyn, 'n mooi gediggie (vir daardie tyd) oor „Di Meisies” deur *Afrikanus Junior* (Marais), en 'n minder geslaagde, maar byna kolom-lange „Di Twee Bokjagters” deur J. d. W., uit die *Zuid Afrikaan* oorgeneem, ²²⁾) 'n aanduiding dat Marais nie graag Afrikaans as koerantsmedium versaak het nie. *Land en Volk* het dan ook nie opgehou om letterkundige bydraes in Afrikaans aan te moedig nie, en reeds in die volgende uitgawe kon die skrywer van die *Dokkies* berig :

„Ek is bly om te hoor dat opregte Afrikaanse poësie van nou 'n vername plaas in *Land en Volk* sal inneem. Soos ek ernstig en kwaad word oer wat Lord Churchill lieg, of soos ek 'n jong Afrikaner sien whisky en namanade drink, dan lees ek gou soo 'n klein gediggie van President Reitz of Neef Jan, in di boeki wat deur President Reitz bymakaar gemaak was — soo's byvoorbeeld *Klaas Geswint en sy Perd* of *Di Slag van Amajuba*, en dan is ek net nou weer jollie. Daar sal nog een dag 'n groot Afrikaanse digter wees. Ek voel dit en ek hoop dat di Suid Afrikaanse Republiek sy geboorte plaas sal wees; daarom wil ek graag hê dat al Transvalers wat dig kuns besit, versies aan Neef Jan, ons Poësie Editeur, sal stuur. Die poësie is 'n groot ding om ons nasionaliteits gevoel wakker te hou.

„Ek hoop dat 'n Afrikaanse digter een dag 'n opregte volkslied vir ons sal skrywe. Di volkslied wat ons nou het waardeer ek, net omdat ons ni 'n beter het ni, maar ek het „Op, op met die vierkleur” meer lief. Die tegenwoordige volkslied is deur 'n Hollander vir Hollanders geskrywe. Di heel eerste lyn is onsin as dit deur Transvalers gesing word. Hoe kan ons vra „Kent gy dat volk?” as ons self 'dat volk' is? — Ek wil 'n ware volkslied hê; — 'n volkslied deur een van ons volk vir ons volk geskrywe. ²³⁾)

Neef Jan, die „Poësie-editeur”, word dan aan die hoof van

sy rubriek „Gesellig Onderhoud” met die volgende woorde voorgestel: „Ons is verblyd om in di uitgawe bekend te kan maak dat ”Neef Jan” een van di eerste Afrikaanse digters, wiens naam hoog staan als ’n ware Transvaalse patriot, voortaan editeur van die kolom zal wees. Ons kan ons jonge lesers ni genoeg aanmoedig ni om hulle te oefen met versies te maak en aan ”Neef Jan”, zorg van Editeur *Land en Volk*, te stuur. ”Neef Jan” sal hulle dan di foute reg maak en ons sal hulle publiseer. — Editeur L. en V.” Neef Jan se inleiding beslaan ’n hele span van 17 strofes, omtrent almal van die trant en gehalte van die eerste :

„Heer Editeur ! maak oop di deur
Van *Land en Volk* vir my ;
Want ’k is van plan, so goed ek kan,
Myn andag weer so nou en dan
An Poësie te wy”.²³⁾

By geleentheid van die volgende verjaarsdag van die Vrystaatse President (5 Okt. 1891) word daar aan President Reitz, „een onzer oudste intekenaars” vanuit die kantoor van *Land en Volk* gelukwense getelegrafeer, waarop die volgende antwoord ontvang is: „De President dankt u voor vriendelyke gelukwensch en hoopt dat uw blad nog lang tot nut van het Suid Afrikaansche volk mag blyven bestaan”. Deur *Land en Volk* word dan aan „hem en onze volk de verzekering gegeven dat als het tegenovergestelde het geval mag zyn, het dan niet te wyten zal zyn aan een schaarsheid van liefde of belangstelling die de redactie in haar goed werk gevoelt.”²⁴⁾

Die goeie werk van die redaksie het, ten opsigte van geskrewe Afrikaans, nie net gelê in die rubriek van die Poësie-editeur nie, maar ook in die besluit om met die aanstaande Nuwejaar ’n prys van £5 uit te loof vir die beste verhaal oor die lotgevalle van die Voortrekkers, nadat hulle die Vaalrivier oorgetrek het. Die mededinging is tot mans en vroue onder 25 jaar beperk en die stukke, wat in Hollands of in Afrikaans geskryf kon word, moes voor Kersfees ontvang word.²⁵⁾ Self nog jonk, het Marais en Roos hier

gekom met 'n wedstryd wat ongetwyfeld by die jong Transvalers in die smaak sou val, want in verband met die Paardekraal-herdenkingsfees skryf een van hulle in die volgende uitgaaf: „Afrika voor de Afrikaners en onse moedertaal onse landstaal! Dan sal ons 'n eenig volk wees en stil en seker woon in onse tente. Dit is di wens van en jul jong Afrikaans KIND.”²⁵⁾ Die pryswennende verhale was egter albei in Nederlands.²⁶⁾

Marais het seker dikwels teruggedink aan die vreemde skool-ondererrig wat hy gehad het en tree dus geredelik op as pleitbesorger vir die belange van die Transvaalse jeug. Na aanleiding van so 'n pleidooi in 'n hoofartikel „Nationaliteits Gevoel”²³⁾ skryf hy later: „De Zuid Afrikaan dink maar min van ons inleidingsartikel oer di Transvaalsche Universiteit.”²⁷⁾ Ons opinie was dat ons geen uitlandsche element hoegenaamd in ons Universiteit moet hê nie. Die *Zuid Afrikaan* in antwoord hierop se dat di redaksi van *Land en Volk* van di Kaapkolonie afkomstig is. Di beweeing (met referte tot di artikel oer ons Universiteit) is ni waar ni. Ek dink nog vas dat dit beter vir di Suid Afrikaanse Republiek sal wees om twintig jaar vir haar Universiteit te wag dan om onder di Universiteit van di Kaap-kolonie in di opsig te staan — virnaamlik nou dat di plan is van die heer Rhodes om 'n leerende Universiteit daar op te rig met professoren van Oxford ingevoerd.”²⁸⁾

Dis ongetwyfeld waar dat Marais met sy Afrikaanse koerant baanbrekerswerk gedoen het. Onder die hoof „Wie se ons is dood?” vind ons die volgende opmerking in die rubriek *Dokkies*:

„In een of ander courant het 'n Afrikaner 'n brief geskrywe waarin hy di wens uitgedruk het dat Afrikaners meer editours van courante moet word, want in sy opinie was di drukpers van Suid Afrika te veel in di hande van uitlanders. Di Vrystaatse Express sê hieroer dat di tyd naderhand sal kom wanneer Afrikaners hulle ei'e courante sal he — maar dat di tyd stadig an sal kom. Ek dink di tyd het al gekom. Wie se *Land en Volk* is dood?”²³⁾

Behalwe kolomme rymelary, wat dan as voorbeeld vir die aspirant-digter moet dien, het „Neef Jan”, behalwe in twee gedigte — „Wenke an Digtters” — ook af en toe in prosa een of ander aspirant van raad bedien. So word 'n gedig van Casparus Skaap-

kop deur „Neef Jan” reggemaak, en vir verder raad word hy dan verwys na „Wenke an Digters”, en ook die volgende wenke gegee:

„Hou altyd in gedagte dat ons taal di Afrikaanse taal is, en ons publike orgaan 'n Afrikaanse kerant is; lat ons dan oek uitsluitelik van ons ei'e taal gebruik maak en di Hollans op sy sit wat ons tog *nooit* volkome *kan* en *sal* magtig worre ni. Tevens is dit di roeping en plig van elk 'n Afrikaner om syn moedertaal te eer, bowe alles di voorkeur te gé, en alles te doen wat in syn vormo'e is di taal op di troon te virhef; 'n plaas di haar met di volste reg toekom, dog waaro'er — tot ons ei'e skande — tot hiertoe nog altyd vreemde indringers di heerskappy voer. Probeer dan by 'n vollende keer van ons ei'e taal gebruik te maak, en ek is zeker daarvan, jy zal dit sien en ondervinde dat dit waar is wat 'n Afrikaanse digter eens gezeg het, nam.:

„Afrikaans is net lig
Daarin litjies te dig.”²⁹⁾

Dit was waarskynlik ook te danke aan die aanmoediging van „Neef Jan” dat die latere adv. J. H. H. de Waal, toe onderwyser op Utrecht, „vir die eerste keer ernstig probeer om 'n gedig in Afrikaans op te stel, 'n vrag versies van vier reëls elk, bevattende 'n storietjie”. Die lang ding is volledig deur *Land en Volk* geplaas, nogal met 'n vleiende woordjie omtrent die insender. „In alle geval, ek het oefening sowel as aanmoediging gehad”, skryf De Waal later.³⁰⁾

Die skynbaar verminderde belangstelling in Afrikaans kan aan verskillende oorsake toegeskryf word. Niemand wat *Land en Volk* van 1891—1893 deurblaai, sal kan ontken dat die blad van 'n feitlik Afrikaanse uitgawe in 1891 weer teen 1893 byna heeltemal vernederlands het nie.

Die eerste waarskynlike oorsaak vir die verandering lê m.i. in die vennootskap wat Marais met Roos aangegaan het ten einde in besit van *Land en Volk* te kom. Hoewel dit nergens uitdruklik gesê word nie, is daar dadelik onder die nuwe beheer 'n kentering ten gunste van Nederlands te bespeur, bv. ten opsigte van hoof-

artikels, soos reeds aangetoon. Dis waarskynlik dat Roos nie dieselfde geloof in die toekoms van Afrikaans gehad het nie, en miskien ook sy mede-redakteur (wat feitlik al die skryfwerk in die blad gedoen het,³¹) ten gunste van Nederlands beïnvloed het.

Land en Volk was gedurende al die jare definitief teen die imperialistiese beleid van Rhodes, en begin 1891 het Marais in hoofartikel ná hoofartikel (in Afrikaans) die politiek van Rhodes aan die kaak gestel. Ten opsigte van die medium van die blad het Marais klaarblyklik in 'n lastige parket beland toe hy algaandeweg merk dat *Di Patriot*, in wie se voetspoor *Land en Volk* ook Afrikaans geword het, 'n voorstander van Rhodes se politiek word.

Hierdie verderflike rigting van ds. S. J. du Toit in *Di Patriot*³²) het Marais toe stellig voor die keuse gestel: of voortgaan om Afrikaans te skryf ten spyte van die feit dat *Di Patriot*, waaruit *Land en Volk* meer as eens stukkie oorgeneem het, al meer Rhodesgesind geword het — en daarby die gevaar te loop om as Rhodesorgaan bestempel te word —, of ophou Afrikaans skryf en so moontlike verdenking vry te spring. Marais het laasgenoemde weg waarskynlik die beste geag en opgehou om hoofartikels en vername nuusberigte in Afrikaans te skryf, nog vóór die einde van 1891. De Waal is dus nie so absoluut juis waar hy beweer dat Afrikaans destyds ongewild in Pretoria was nie.³³)

As mens dink aan die bevinding van die Transvaalse geregshof dat dit lasterlik gereken is om van 'n burger van die Suid-Afrikaanse Republiek te sê dat hy in die diens van Rhodes was (Marais vs. *De Volksstem*) dan is dit verstaanbaar dat Marais tot 'n tydelike versaking van Afrikaans genoodsaak is.

Sy belangstelling in die taal het hy egter bly behou. Bydraes in die vorm van kort samesprakies, rympies, en briefmenings word ná die vertrek van Roos nog geredelik geplaas, maar dit skyn asof "Afrikaans" en „di taal van die *Patriot*” ook by die lesers vry sinoniem geword het, met die gevolg dat Afrikaanse stukkie afgeneem het. Die misstap van S. J. du Toit om Rhodes te steun, was miskien die vernaamste oorsaak van die dood van die Eerste Afrikaanse Beweging, 'n beweging waartoe Marais in *Land en Volk* 'n belangrike maar miskende bydrae gelewer het.

In die openbaar was Marais steeds as 'n warme kampvegter van Afrikanerbelange bekend. Hy was een van die weinige wat in Transvaal, met Nederlands as enigste amptelike taal, die moed gehad het om Afrikaans voor te staan. As afgevaardigde van Pretoria het hy in 1894 op die kongres, waarop die „Volksmacht” tot stand gekom het, met 'n kragtige argument ten gunste van Afrikaans gekom: „Die heer Eugène Marais zeide dat hy van alle kanten des lands correspondentie ontving, en dat hy tot de conclusie was gekomen dat de Schoolwet *Hollandsch-* en niet *Afrikaansch-gezind* was. Het tegenwoordig gevolgde systeem had de kinderen des lands naar scholen gedreven waar niets dan Engelsch geleerd werd.” Hierdie argument het ingeslaan, want waar vorige sprekers dit alleen oor Engels en Hollands gehad het, tref dit mens dat „verscheidene sprekers werden in het verdere debat een beetje warm, waarom wilden zy nu een Afrikaander in een Hollander veranderd zien.”

Hoewel daarna met 32 teen 9 stemme besluit is om 'n voorstel aan te neem wat o.a. vra dat „drie uur per dag aan de Landstaal” bestee word, lui die vierde artikel van die konstitusie van die Volksmacht as volg: „De Officiële Taal van de *Volksmacht de Koningsstem der Z. A. R.* zal zyn onze Volkstaal.”³⁴⁾

'n Skrywe in *De Volksstem* het bovermelde besluit van die Volksmacht-kongres so vertolk „dat het Congres besloten heeft eene memorie aan den Raad te richten om de Engelsche en Hollandsche talen gelyke rechten op onze scholen te geven.” *Land en Volk* noem dit 'n buitensporige leuen en verklaar: „Het besluit van het Congres was om den Raad te smeeiken *de Concept-Wet door Dr. Mansvelt oorspronkelyk voorgesteld aan te nemen en om de Wet meer Afrikaansch-gezind en minder Hollander gezind te maken.*”³⁵⁾

Dat daar met die tyd geen verandering in die houding van Marais ten opsigte van Afrikaans gekom het nie, sien mens bv. in die driekolom-verslag wat *Land en Volk* op 30 Jan. 1896 plaas van die toe pas gehoue taalkongres en wel veral in die volgende inleiding met hoofde:

„Afrikaans Bô! Besluit van Geleerden. Afrikaansch Onze Taal.

— Een groot congres van voorname Afrikaners is onlangs in de Paarl gehouden. Er waren ongeveer een honderd Afrikaners tegenwoordig en onder hen zulke voorname en geleerde landgenooten als: Ds. M. Postma, M.A., van Middelburg; Ds. W. J. Snyman, van Venterstad; professor Cachet en professor S. Postma, B.A., van Burgersdorp; professor Logeman van Kaapstad.

„Het doel van dit geleerde congres was om de verhouding tusschen Afrikaansch en Hollandsch in Zuid Afrika vast te stellen en of men zou probeeren om een tusschen-taal voor Zuid-Afrika te krygen. Al die geleerde Afrikaners (waaronder ook Hollanders) waren eenparig er voor om Afrikaansch (zooals thans gesproken door het gansche Afrikaansche volk) als de taal van Zuid Afrika te houden.”

Vir politieke doeleindes verskyn daar af en toe gedigte, byna uitsluitlik in Afrikaans, bv. „Die Standbeeld”,³⁶⁾ en „Zal Hy weer kom”, wat as volg lui:

„Oom Paul gaat naar Engeland toe
Hul zal hom "goed" ontvang,
Maar reg, as ek Oom Paul was,
Dan was ek daarom bang.
Daar's baing goeie mense daar,
Maar jingoes is daar meer,
Ek kan nie help, ek is bevrees,
Oom Paul kom nooit nie weer”.³⁷⁾

Na aanleiding van beweerde verdagmaking word daar in 'n hoofartikel in *Land en Volk* verklaar: „*De Nieuwe Republikein* is van afkomst een Duitscher in eerste gelit, de *Volksstem* is een volbloed Hollander, *Land en Volk* een geboren Transvaal Afrikaner, hy heeft nog nooit, en kan en zal niets anders dan in belang van zyn land en natie spreken, schryven en handelen. Zyn twee tydgenoten echter kunnen het maar niet helpen, om onder elke omstandigheid hun afkomst te verraden, en daarvoor, en voor hun medegenoten te yveren, dog zy schynen het egter te vergeten, of zoeken het te verheulen dat zy zulks doen op kosten van den

Afrikaner, want alles dat zy voor den Hollander of Duitser trachten te winnen moet den Afrikaner worden ontroofd, en daartegen moet en zal *Land en Volk* namens den Afrikaner, trachten te waken".³⁸⁾

Dat hierdie selfopgelegde wag ook die oppas van die Afrikaanse taal in sy kinderskoene ingesluit het, kan nie ontken word nie as mens daarop let dat Marais, ten spyte van diepgaande politieke verskil met die Rhodesgesinde ds. S. J. du Toit, *Ons Klyntji* verwelkom:

„Ons moet di ontvangs erken van di eerste uitgawe van *Ons Klyntji*, di eerste tydskrif in di Afrikaanse taal uitgegê. Ons lezers zal herinner dat di tydskrif uitgegê is op besluit van di Taalcongres onlangs in di Paarl gehou, waar voorname Afrikaners soos professoren Cachet en Postma, verklaar het dat Afrikaans di skryftaal van Suid Afrika moet gemaak worde. *Ons Kleintji*, onder bestier van Ds. du Toit sal ongetwyfeld gauw groot worde. Di eerste uitgawe is net interessant, en bevat 'n paar mooie illustraties, waaronder ook een portret is van o'erlede V. C. Stephanus Roos. Ons hoop dat elke Transvaler, di syn taal en land lief het, sal inteeke, al was dit maar net om syn belang in di goeie saak te betoon".³⁹⁾

Selfs ná Marais se vertrek na Londen, eind 1896, het *Land en Volk* onder die nuwe redakteur, O'Brien, die standpunt van die eienaar bly handhaaf. Daar verskyn verdere gediggies, meestal oorgeneem, en natuurlik ook samesprake met politieke strekking, asook 'n simpatieke hoofartikel oor die Afrikaanse taal.⁴⁰⁾

Marais is gedurende sy verblyf in Europa in die geleentheid gestel om soos ander jong Afrikaners⁴¹⁾ tot die oortuiging te kom dat hy 'n eie moedertaal het met aanspraak op eerbiediging deur hulle wat dit aan moedersknien geleer het, vir sover hy nie reeds van die bestaansreg van Afrikaans oortuig was nie. Hy het in die tyd die hele Europa deurreis en is stellig getref deur die sterk liefde vir hul eie taal met sy tradisie by die Engelse, Hollanders en Duitsers.

Sy studie van die hiërogliewe kon ook aansienlik tot sy oortuiging insake die reg van die moedertaal bygedra het. Waar hy aanvanklik

deur middel van vertalings met die inhoud van die Egiptiese papyri vertrouwd geraak het, het hy by die ontleding van die grondtaal⁴²⁾ betekenisskakeringe kon ontdek wat alleen deur die oorspronklike grondteks hul juiste waarde verleen kon word.

Hoewel De Waal in soverre gelyk het dat daar *onmiddellik* ná die oorlog geen beweging vir Afrikaans of Nederlands was nie,⁴³⁾ het Marais op sy koorsbed al besef dat 'n Afrikanerblad nodig was om die oorwonne volk „'n bietjie op te beur, op die hoogte te hou van wat van hulle verwag werd.”⁴⁴⁾ Onder redaksie van Preller word die blad in Nederlands uitgegee, maar voorlank het Marais die geleentheid gevind om vir sy moedertaal in die bres te tree.

Nadat Milner sy onderwysbeleid vir Transvaal⁴⁵⁾ gereël het, het hy Marais na sy huis onthied en daaroor gedurende die noenmaal uitgewei. Daarvolgens sou Hollands (en Afrikaans) feitlik uitgeskakel word. Marais het by die eerste polsing kortweg geweier om die beleid te ondersteun. Naderhand het Milner hom gevra om dan eenvoudig niks daaroor te sê nie en daarby verklaar dat hy *Land en Volk* toegelaat het om weer te verskyn in die hoop dat hy die Administrasie sou help, maar as hy nie wou help nie, „it would be a very serious thing for you.” Stilsywe kon Marais hom ook nie belowe nie. Die gevolg was dan later 'n ernstige dreigement om *Land en Volk* te sluit, as sy houding teenoor die Regering nie vriendeliker word nie.⁴⁶⁾

Skaars 'n maand nadat *Land en Volk* weer die daglig gesien het verskyn daar die eerste artikel in die nuuskolomme oor „Onze Taal”, sowel as 'n Nederlandse gedig „In Memoriam”, deur oud-pres. F. W. Reitz op kommando geskryf.⁴⁷⁾

In „Onze Taal” word kommentaar gelewer op die mening van die korrespondent van die *Scotsman* nl. dat daar drie Hollandse tale is: Kombuis-Hollands, Kansel-Hollands en Hoog-Hollands. „Zóó beschikt men over onze toekomst juist zooals men met schendende hand ook in ons verleden getast heeft,” word na aanleiding van die onderliggende pleidooi vir die aanname van Engels geskryf. „Maar hoe gedrochtelijk, hoe verachtelijk ook in het oog dezer vreemden, men schijnt het te vergeten, zij is onze moedertaal, en de taal waarin wij het eerst geleerd hebben aan

de knieën onzer moeders te bidden, en zij is geen monument van steen, ook geen opschrift op een monument van steen."

By die gedig „In Memoriam" wordt opgemerk: „Bovenstaande verzen, uit de pen van den geachten Staatssecretaris der gewezen Republiek, de heer F. W. Reitz, werden in manuscript vorm onder de commandoes in het veld verspreid kort na den dood van dien alom geachten en beminden krijgsman, Generaal Spruyt wij vrezen dat het gedicht veel aan beide maat en rijm geleden heeft van wege onvoorzichtige afschriften."

Waarskynlik tydens die redakteurskap van dr. J. Vrolik⁴⁸⁾ verskyn daar in *Land en Volk* 'n hoofartikel na aanleiding van die verslag van 'n vergadering deur dr. Brill toegesprek waarin opgemerk word: „Dr. Brill legt een groote voorliefde voor het Afrikaansch aan den dag, eene voorliefde die wij ten volle deelen. Doch wij deelen ook de bezwaren om deze taal als schrijftaal aan te nemen. Vooreerst is het moeilijk om vaste regels voor hare spraakkunst aan te geven, wat zelfs Ds. S. J. du Toit met groot talent te vergeefs beproefd heeft. Ook zonder onderwezen te worden zal deze taal wel in het hart van ons volk blyven voortleven en nooit te gronde gaan." Die aanbeveling van dr. Brill, nl. die aanname van „een gewyzigd Afrikaansch Hollandsch, wat men vroeger wel „Hof Hollandsch" placht te noemen", word dan deur die redakteur gerugsteun.⁴⁹⁾

Vier maande later staan daar in *Land en Volk*: „De *Johannesburg Transvaaler* discussieert nog de kwesie van Afrikaans of Hollands voor Zuid Afrika. De Redactie schynt ten sterkste ten faveure van Afrikaans te zijn maar heeft den moed niet hunne courant geheel in Afrikaans te doen verskynen — gelijk meer ander Afrikaansche redakteurs! Intusschen schryft een Hollandsche correspondent dat er by hem geen kwesie is wat de Zuid Afrikaansche taal is. Zij is eenvoudig Nederlandsch. Wat wij Afrikaans noemen is een onzuivere en ongewenschte verbastering!"⁵⁰⁾ Waarskynlik is dit nog dr. Vrolik hier aan die woord.

Kort nadat die verslag van die aanname van die V. N. S. op die Taalbond-konferensie in Kaapstad verskyn het,⁵¹⁾ noem *Land en Volk* in 'n subartikel as een van „onze grote vraagstukken" die handhawing van die Hollandse taal.

In dieselfde uitgaaf waarin „Die Afrikaanse Pop” van „Janni” uit *De Goede Hoop* oorgedruk word, verskyn daar oor vier kolom menings van ander koerante oor die rede wat „Onze Jan Hofmeyr” op Stellenbosch gehou het, met die volgende opskrif in 'n kassie:

„Is het ons Ernst? Of zijn de Engelschen te Sterk? Gaat ons Taal ten onder? Wat de Vlamingen tegen de Franschen doen, en Jan Sauer's opinie over de noodzakelijkheid om Engelsch te leeren.”⁵²⁾

„Het doel van de heer Hofmeyr met het stellen van zijn vraag: „Is het ons ernst?” was natuurlik om aan te sporen tot meerdere ernst in het leeren en beoefenen van de moedertaal”, word in 'n subartikel verklaar.⁵³⁾

'n Maand later word daar aangekondig dat „een Afrikaansche student in Schotland heeft ons gemachtigd elk maand een prijs van £3 uit te looven aan den inzender van de beste Afrikaansche storie gedurende de maand. Er is geen condities wat ouderdom of stand van den inzender betreft. De eenigste conditie is dat de stories echt Afrikaansch moeten zijn, en dat de prijs-gever het recht heeft op eenige van de ingezondene stories of zij de prys krijgt of niet”. 'n Verdere opdrag lui „Schrijft in Hollandsch of Afrikaansch zoo eenvoudig mogelijk.” In Afrikaans word dan as voorbeeld gegee, „Die Tier en die Bok-ram” — „uit de Boesman taal overgezet uit de verzameling van een beroemde Zuid Afrikaansche spraakgeleerde Duitscher Dr. Bleek.”⁵⁴⁾ Om skrywers te help vorm en aan te moedig om gereeld hul te oefen, is daar nog 'n slotmededeling: „Een schrijver zal het recht hebben elk maand de prijs te nemen indien hij elke maand de beste storie inzendt.”⁵⁵⁾

Land en Volk plaas in dieselfde koerant „Piet van Snaar”, 'n „Ermelo rijmpie vir *Land en Volk*” van Klaas Vaakie. Hierdie ballade van Marais was die eerste Afrikaanse gedig wat hy ná die oorlog gepubliseer het. Net langsaan „Piet van Snaar” word 'n mening van die *Natal Afrikaner*, waarvan J. S. M. Rabie toe redakteur was, oor Afrikaans oorgedruk. Daarin staan o.a. „Onze toekomst is *Niet Hollands en ook niet Engels*, maar Afrikaans. Alle teekenen wijzen daar heen, en de Afrikaner die al lang Afrikaner

is moet zich daar over verblijden. Wij geven toe op vele punten, en voelen soms onrustig, maar zij die geloven haasten niet. De hoofdzak is dat men zich een doel stelt en geduldig en verdraagzaam en volhardend daarop aanstuurt. En al wat in diezelfde richting gaat moet voortgeholpen worden." ⁵⁵)

Die verhaalwedstryd het dadelik groot byval gevind want op 19 Mei 1905 word onder die hoof "Afrikaansche Stories" 'n viertal geplaas en daarby gesê dat daar „'n menigte" ingekom het en dat die meeste lesers die bedoeling gevat het. „Het is ook best", lui die raad, „om Afrikaansch te gebruiken wanneer de sprekers in die storie in die taal spreek." Aan een van die korrespondente lui die waarskuwing: „Let goed op die storie moet oorspronklik Afrikaans wees. 'n Storie uit 'n ander taal deur die skryver Afrikaansch gemaakt is voor ons doel niks werd." Dieselfde uitgaaf bevat ook *Die Smit*, deur *Klaas Vaakie* (Ermelo), die bekende gedig van Marais.

„Die Afrikaanse Stories in *Land en Volk* hebben schielijk groot belang weer in de Afrikaanse taal opgewekt", skryf die redakteur onder datum 23 Junie 1905: „*De Volksstem* heeft onze voetstappen gevolgt wat betreft de Stories. Die bron is echter, zoo te zeg, uitgeput. Een nieuw plan hadden meer en beter vrucht gedraagd. Men spreekt nu van eene bijeenkomst om de Afrikaanse taal te bespreken. Het doel is waarschijnlijk de spelling en meer of min de grammaticale regels neer te leggen. Zoo ver zoo goed. Het zou ook uitmuntend zijn eene vereeniging op te richten om *schrijven* in Afrikaans aan te moedigen. Daar zal natuurlijk groot verschil van opinies wezen. Een zal Hoog Hollands wil hebben, de ander patriots, en een derde een soort van tussen-beide dat nergens bestaat. Nu kan het als een vaste regel wordt aangenomen, dat de geschiedenis der wereld ten volste bewijst: Een taal kan niet *gemaakt* worden. Een taal kan niet behouden worden door *praat* alleen. Een taal kan niet gezuiverd worden door besluiten door eene bijeenkomst passeerd. Hoe dan moeten wij ons taal behouden en beter maken? Alleen door schrijven. Indien wij geen letterkunde krijgen dan is alles verlooren. Dan is onze taal verdoemd en het zal niet eens eene spoor nalaten, zooals de oude talen van vansleve.

„Het moet niet verstaan worden dat wij vereenigings in het minst minacht. Voor hen legt een groot werk, zoolang het hoofd doel is: Het schrijven aan te moedigen.

„Schrijf! schrijf! schrijf! Daar zijn dichters, daar zijn storie-makers onder ons zoo goed als kome kan. Ons werk is talenten te ontdekken en aan te moedigen. En laat bekende Afrikaners hun moeder-taal niet verachten. Laten zij hier onder ons eigen volk en in ons eigen taal trachten beroemd te worden indien zij naar roem verlangd. Generaal Smuts bevoorbeeld is door Holland als een schrijver vereerd geworden. Onder zijn eigen volk is hij het minste bekend als een schrijver. Het kan echter niet verlangd worden dat Generaal Smuts of eenig ander Afrikaner *boeken* in Afrikaans moeten schrijven en hier laten drukken. Het verlies op bijna eenig Afrikaanse boek zou enorm wezen. Onder ons volk bestaat geen lees-lust, omdat er geen letterkunde is, behalve miserabele nieuws-bladen. De eerste stap voor onze schrijvers is om klein te beginnen. Zij kunnen zelfs voor dat doel van die miserabele nieuwsbladen gebruik maken om het volk in de eerste instantie lust te geven. Zoodra wij een letterkunde hebben is alles gevonden. Dan staat ons taal op een vaste rots.

„Schrijven betaalt goed genoeg wanneer daar genoeg lezers zijn. Een *Land en Volk* schrijver heeft onlangs een Afrikaanse Storie in *Engels* naar een vriend in Engeland gezonden. Hij werd £ 500 voor de storie (novel) aangeboden, en de Engelsche vriend aan wien hij het zond, *is met de prijs niet tevreden* tenzij zekere rechten worden uitgehouden!”

Marais gaan voort in 'n volgende hoofartikel, „Nogmaals ons Taal”:

„De Stories door „Land en Volk” verzameld hebben nu zoo vermeerderd dat het doorlezen en rangschikken alleen een groot werk is, en het bereiden voor de pers een nog grooter. Bij allen is het nu duidelijk geworden dat de redding der Zuid Afrikaansche Taal in die richting ligt, en de eenigste kwestie is hoe gebruik te maken van die belangstelling om ons taal op een vaste fundament te plaatsen.

„En eerst komt de vraag: is dit werkelijke belangstelling, of heeft

de uitlooving van de prijzen het meest daarmê te doen? Dat de belangstelling zuiver is en niet alleen aan de prijzen toe te wijden is blijkt hier uit dat de schrijvers van de meeste en beste stories en rijmpjes *niet voor de prijs schrijven*. Zy verlangen alleen hunne stukken gedrukt te zien. De prijs kan aan anderen gegeven worden.

„Daar is dus goed reden om te gelooven dat die belangstelling zuiver en groot is. Hoe om er van gebruik te maken? Door *schrijven* alleen, door een letterkunde alleen, (hoe gering ook al in het begin) kan ons taal behouden worden. Praaten alleen helpt niks; vereenigings zijn machteloos zoolang dat niet hun voornaamste doel is: Machtig echter zullen zij zijn wanneer hun doel is om op een of ander manier Zuid-Afrika een Zuid Afrikaansche letterkunde te geven.

„Nutteloos zal het zijn te trachten een geest onder het Volk op te roepen, die elk Afrikaner een verrader zal beschouwen die van Engelsch gebruik maken. Indien ons taal verzwakt, zullen de Afrikaners verplicht zijn van Engelsch, de overheerscher, gebruik te maken. Anders loopen zij gevaar een mindere volk te blijven met hun mindere taal, altijd onderworpen aan de overheerschers met hunne overheerschende taal. Ons eenige hoop ligt dus de Afrikaansche taal zoo sterk te maken dat *geen man gevaar loopt financieel schade te lijden die alleen Afrikaans kent*. En de eerste stap is een letterkunde.

„Het is onmogelijk om eene wijze van opwekking nu al aan te toonen. Wij moeten nog eerst veel meer ondervinding hebben van des volks geest, wat schrijven betreft. Dat zal het werk van de toekomstige vereeniging wezen. Ons eenig doel met dit aanhoudend schryven is om de ware weg, — ons inziens, aan te duiden. De vereeniging zal niets uitvoeren indien zij trachten door kunstmatige wijze de taal te beschermen. Wij gaan zelfs zoo ver aan de hand te geven dat het een fout zou zijn te trachten een grammatica vast te stellen. Laat onze beste schrijvers in de toekomst zelf de regels van spel- en schrijfvorm vaststellen, zooals het geval was in alle andere landen. Indien een Taal Vereeniging ooit gesticht wordt moet haar doel enkel en alleen zijn een letterkunde te schapen, indien zoo iets mogelijk is.”⁵⁶⁾

Oor „De Taal Conferentie” staan daar in die volgende uitgaaf 'n belangwekkende hoofartikel:

„De ontmoeting van zekere heeren om de zaak van de Zuid Afrikaansche Taal te bespreken schijnt tot het besluit gekomen te zijn dat de Taal van Holland de eenigste mogelijke Taal voor Zuid Afrika is, daar Afrikaans geen taal is, geen grammatica heeft enz. Niemand kan ontkennen dat Afrikaans nog maar zwak is. Maar welke Taal is daar die niet zwak was in het begin en Afrikaans is maar 'n jong kindje. En wat de grammatica betreft heeft de Afrikaner goede reden Gode dank te zeggen dat zijn taal geen grammatica heeft en dat de spelling alreeds de zuiverste en eenvoudigste van eenige Taal in de wereld is. Een ding blijft zeker met al dit spreken indien men weigert Afrikaans spoedig te erkennen als de Taal der Afrikaners dan zal Engelsch binnen een geslacht de eenige Taal hier in Zuid Afrika zijn. De Krijgsgevangenen weet hoe het met Hollandsch in de oude Hollandsche Kolonie Ceylon ging Maar Hollandsch bestaat niet meer in Ceylon. De Hollandsche Taal is 'n prachtige Taal en bezit een edele letterkunde en Afrikaners zullen altijd trotsch op de afkomst van hun Taal zijn als van gedeelte van hun bloed. Maar indien men gaat trachten het door geweld de Taal van Zuid Afrika te maken dan zijn al onze strevingen alreeds gedoemd. Hollandsch is voor de meesten van ons 'n vreemde Taal die min kans staat stand tegen Engelsch te houden.

„Wij zijn Afrikaners en nooit zullen wij de Taal verachten of laten verachten die onze moeders spreken.”⁵⁷⁾

Twee weke later noem Marais in verband met die werk wat daar gedoen moet word aan die Afrikanerdom, wat soos 'n dor en onvrugbare land braak lê, ook die gebied van die Afrikanertaal, en daarnaas in 'n subartikel oor die trek van Afrikaners na Argentinie en Suidwes: „Wij hebben ons nooit met den trek naar vreemde landen kunnen vereenigen en met het oog op onze Afrikaansche taal is die dan ook af te raden, want wij kunnen die taal alleen tot een geregelde en goed ontwikkeling brengen wanneer wij samenwerken en niet van mekaar vervreemden.”⁵⁸⁾

Die week daarop neem Marais die geleentheid waar om die

„Manifes” van die Tweede Beweging by sy leserskring aan te beveel in die hoofartikel „Afrikaans”:

„De heer Gustav Preller heeft onlangs een artikel over Afrikaans in de *Volksstem* geschreven, de breedvoerigste, knapste en onwederlegbaarste pleit misschien nog ooit ten gunste van ons taal gedaan. Die opstelling heeft overal de aandacht van Afrikaners getrokken, en de heer Preller onvermoeid in zijn ijver voor de taal van ons volk, is er in geslaagd een voorloopige commissie tot stand te brengen om tesamen met een Vrijstaatsche commissie de zaak te bespreken. Ofschoon wij in sommige opzichten met de zienswijze van den heer Preller niet eens zijn wat de voorgestelde vaststelling van spel- en grammatica vormen betreft, toch is zijn werk in de zaak onwaardeerbaar en in 't algemeen in de ware en rechte richting. Wij zouden liever zien dat de taal door de toekomstige schrijvers van Zuid Afrika gemaakt werd. Maar dit is een ondergeschikte zaak. De groote zaak is: om het werk in alle ernst te beginnen. Wij laten hier volgen de laatste woorden van den heer Prellers opstel, die zijn doel uitlegt: ⁵⁹⁾

„Het geheele stuk van dien bekwame Afrikaner, in pamphlet vorm, kunnen lezers van „*Land en Volk*” gratis op ons kantoor bekomen. Het is de moeite waard een exemplaar te krijgen. Wij zullen ze gratis zenden aan eenig intekenaar van „*Land en Volk*”, die aanvraag doet by de redactie van dit blad.”⁶⁰⁾

„Alleen door onderlinge samewerking op Zuid-Afrikaanschen bodem,” lui dit na aanleiding van die Argentynse exodus, „zal de hoop van ieder rechtgeaard Afrikaander van eenmaal een groote en krachtige natie te vormen met een eigene door volharding opgebouwde Afrikaansche taal, kunnen verwezenlijkt worden.”⁶¹⁾

Hangende die verkoop van *Land en Volk*, het Marais op 25 Aug. 1905 die publikasie gestaak (die blad het op 10 Nov. 1905 weer onder nuwe eienaar en redaksie verskyn), maar voor die staking het Marais op 11 Augustus as deel van sy hoofartikel geplaas die oproep van die Vrystaatse kommissie, t.w. ds. W. Postma en mnre. D. F. du Toit en Joh. Visscher, sowel as „Ver Moedertaal en Vaderland” — die propaganda-gedig van „Blikoor” (Visscher).

„Meer en meer worden nu pogingen aangewend om de Afrikaansche taal uit haar sluimer toestand op te wekken”, skryf Marais daarby. „In de verschillende Kolonies zyn mannen van naam bezig om de belangstelling voor onze taal aan te moedigen, en de hieronder opgenomen „Oproeping van die Vrystaatsche Kommissie”, die ons welwillend werd toegezonden is opnieuw een aansporing om de handen ineen te slaan.

„Laat allen die onze taal werkelyk lief hebben daartoe van ganscher harte saam werken. In Transvaal mogen wij ons verheugen een man te bezitten, als den heer G. Preller, van wiens bekwaamheid een ieder ten volle overtuigd is, maar niet alleen om zijne bekwaamheden, maar vooral om zijne oprechte belangstelling voor de Afrikaansche taal is hij als het ware de aangewezen man om onze leider in deze zaak te zijn.

„Teneinde ons streven nu zoo suksesvol moegelyk te maken, is samenwerking ten zeerste noodig en wij hopen dus dat de verschillende Commissies in Transvaal en Vrijstaat en de Kaap voortdurend met elkander in verbinding zullen blijven.

„Alle Afrikaanders en de meest vër ziende Hollanders zijn nu tot de oortuiging gekomen dat de Afrikaansche taal uit haar tegenwoordigen toestand kan opgewekt worden, en dat het eenige middel om haar te behouden bestaat in ons streven om haar tot een schryftaal op te bouwen.”⁶²⁾

In die tweede laaste uitgaaf voor die verandering in die bestuur en redaksie vind ons 'n laaste pleidooi vir Afrikaans as Skryftaal, o.a. „De beweging die er sedert de laatste maanden in ons land en in de Vrijstaat ontstaan is om ons eigen Afrikaanse spreektaal te verheffen tot de waardigheid van schryftaal, die beweging is geboren uit de vaste oortuiging dat dat het eenigste middel is om onze nationaliteit van verbastering en uiteindelijke ondergang te bewaren, en gelukkig wint die beweging iedere week veld. Onze lezers worden eraan herinnerd dat zij die met ons en met de voorstanders ervan instemmen, gevraagd zijn hunne namen en adressen aan ons op te geven. Het plan bestaat om, zoodra moegelyk een konferentie van belangstellenden hier en in de Vrijstaat te beleggen, ten einde de oprichting van een werkende

Afrikaansche Taalgenootschap te bespreken." Die aandag word weer gevestig op die brosjure van Preller, en ter aanmoediging word die volgende genoem as reeds instemmende met die beweging: di. L. S. Brandt, W. Postma, P. Postma, J. A. du Plessis, Dr. W. Malan, Dr. J. D. du Toit, Dr. N. M. Hoogenhout, Prof. J. Lion Cachet, Dr. G. R. A. Moll, Dr. H. J. Reitz, Adv. N. J. de Wet, adv. E. Niemeyr, Generaals C. R. de Wet, L. J. Botha en J. C. Smuts.⁶³⁾

Uit die voorgaande kan met reg afgelei word dat Eugène N. Marais nie alleen „die belangrikste voorloper”⁶⁴⁾ van die Tweede Beweging was nie, maar reeds as jong seun van negentien jaar by die Eerste Beweging aangesluit het en toe al aan Afrikaans in sy kinderjare waardevolle dienste bewys het.

Dit moet dus betreur word dat die plek van die jong seun in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal en letterkunde, veral in Transvaal wat ten opsigte van letterkundige studie van die vroeë tyd nog veel afgeskeep is, — so lank onbekend gebly het of misken is. Weliswaar was sy aandeel beskeie, soos immers sy hele persoon, maar dat Marais 'n aandeel aan die Eerste Beweging gehad het, kan nie ontken word nie. Dis bykans onverklaarbaar dat geen boek oor die Afrikaanse letterkunde, met uitsondering van *My Herinnerings van Ons Taalstryd* (J. H. H. de Waal) wat die terloopse verwysing bevat wat reeds aangehaal is, iets te sê het oor die feit dat in 1891 Marais in *Land en Volk* hoofartikels en nuus in Afrikaans geskryf het, sowel as 'n enkele gedig wat met die bestes van die Eerste Beweging op gelyke voet geplaas kan word. Die taal van Marais (in 1891) staan ook baie nader aan die Afrikaanse skryfvorm van vandag as die taal van *Di Patriot*.

Soos Totius, D. F. Malherbe, Brümmer e.a.⁶⁵⁾ was Marais ook een van die jongere kragte wat in die ná-oorlogse dae saamgewerk het om Afrikaans as skryftaal tot sy reg te laat kom, maar Marais se aandeel is nie genoegsaam erken nie. Die miskennis van Marais is egter verstaanbaar as mens onthou dat hy indertyd joernalis van beroep was. Min sal dit betwis dat die rol van die Afrikaanse joernalistiek in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal en letterkunde grotendeels verontagsaam word, veral waar 'n

joernalis nie ook letterkundige produkte in die vorm van gedigte of verhale gelewer het nie. Meestal word vergeet dat gedigte, verhale en selfs romans eers in tydskrifte of koerante verskyn het en as sulks deur die lesers aangeprys is, voordat dit op grond van dié waardering gebundel en in boekvorm uitgegee is. Ook in verband met die vaslegging van die gewenste spelling en idioom is veel deur die Afrikaanse joernalistiek presteer. Dié heilsame invloed van Nederlands op die taalvorm van Suid-Afrika, veral vanuit die noorde beoefen, is ook so min raakgesien dat 'n ander baanbreker-joernalis soos Preller teenoor die standpunt van die taal-teoretici moes stel dié van die joernaliste wat bv. „in Transvaal en Vrystaat gedurende meer dan 'n halwe eeu Nederland erken en gehandhaaf het as enigste medium van al ons onderwys en as enigste offisiële landstaal, terwyl ons taalbroers in die suide op enkel van hul skole eenmaal in die week aan Elffers gedaan en tot in hulle Kerke Engels gepreek het.”⁶⁶⁾

Marais se aandeel aan die Tweede Beweging is beter bekend, hoewel vir die meeste dit alleen daarin bestaan dat Preller in sy „manifes” die *Winternag* van Marais as bewysstuk vir die bestaans-reg van Afrikaans as skryftaal aangehaal het. Sy aandeel was veel groter en dit is nie verregaande om aan te neem nie dat Preller tot die skrywe van sy „Laat 't ons toch Ernst wezen”⁶⁷⁾ deels deur die ywer van Marais in *Land en Volk* besiel is.

Dat Marais waardevolle voorbereidende werk gedoen het, val nie te betwyfel nie. Preller het geweet van die houding wat Marais teenoor die onderwysbeleid van Milner ingeneem het, miskien het hy onder leiding van Marais nog self die artikel „Onze Taal” in *Land en Volk* van 24 Okt. 1902 geskryf. *De Volksstem* druk op 4 Apr. 1905 „Die Afrikaanse Pop” uit *De Goede Hoop* oor, terwyl *Land en Volk* dit al op 31 Maart gedoen het. Naas „Die Afrikaanse Pop” plaas *De Volksstem* op versoek dr. W. J. Viljoen se brief aan *Ons Land* waarin hy die V. N. S. voorstaan, terwyl *Land en Volk* daarnaas meninge van redakteurs oor „Onse Jan” se rede op Stellenbosch plaas. Op 5 Mei 1905 kondig *Land en Volk* 'n pryswedstryd aan vir eg-Afrikaanse stories, by voorkeur in Afrikaans, en eers op 14 Junie volg *De Volksstem* die voorbeeld. Op

21 Junie plaas *De Volksstem* dan ook „Een Stert Storie” (A. Ja Zeker) wat reeds op 14 April 1905 in *Land en Volk* verskyn het. Net ná Preller se „manifes” verskyn het, plaas Marais die eerste van die agtereenvolgende hoofartikels waarin hy sy standpunt ten opsigte van die Afrikaanse taal as skryftaal o.m. as volg uiteensit: „Een taal kan niet *gemaakt* worden. Een taal kan niet behouden worden door *praat* alleen. Een taal kan niet gezuiverd worden door besluiten door een bijeenkomst passeerd. Hoe dan moeten wij ons taal behouden en beter maken? Alleen door schrijven. Indien wij geen letterkunde krijgen dan is alles verlooren.”⁶⁸) Die skrywe van Marais in *Land en Volk* het stellig daartoe bygedra om die „manifes” van die Tweede Beweging bekendheid te verleen.

Marais was as redakteur van *Land en Volk* lid van die Transvaalse komitee, wat in die saak van 'n „werkende Afrikaanse Taalgenootschap” voorbereidende werk moes verrig. Die komitee het bestaan uit dr. N. M. Hoogenhout, dr. M. Lingbeek, en die here N. J. Hofmeyr, Eugène N. Marais en G. S. Preller. Hoewel nie lid van die bestuur van die Afrikaanse Taalgenootskap, wat op 13 Desember 1905 in Pretoria gestig is, het Marais tog gehelp om die nuwe rigting koers te gee, veral nadat die ontwerp-konstitusie van die A.T.G. deur Vaalswaer (Izak van Heerden) opgestel is.⁶⁹)

Met die doel en strewe van die A.T.G. kon Marais hom heelhartig vereenselwig, want vir hom was dit net die voortsetting van 'n standpunt wat hy reeds in die verlede gehuldig het. Het hy dan nie herhaaldelik, al vóór die Tweede Vryheidsoorlog, die volgende bepleit nie: „Afrikaners te o'ertuig dat Afrikaans onse taal is, en dat die deur Afrikaners as hul spreek- en skryftaal behoort gebruik te worde; ontwikkeling van die Afrikaanse Taal in suiwere vorm; aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer afrikaanse nasionaliteits-gevoel.”⁷⁰)

Voorheen het hy in Transvaal feitlik alleen die vaandel van Afrikaans omhoog gehou en Marais het dit natuurlik verwelkom toe daar ander bygekom het om te help in die stryd vir erkenning van Afrikaans op alle lewensterreine. Die nuwe beweging het as 't ware by Marais sy aanknopingspunt gevind en „*Winternag*”⁶⁸)

was „'n *openbaring* vir die klein klompie wat in daardie dae begin droom het van 'n eie letterkunde.”⁷¹⁾ Preller het besef dat sy vriend Marais die talent gehad het en daarom het hy onmiddellik ná die verskyning van *Winternag* die gedig „triomfantelik aangehaal in die stryd om Afrikaans erken te kry as skryftaal, as afdoende bewys van die bruikbaarheid van ons Moedertaal vir die uitbeelding van ons mees subtiële gewaarwordings.”⁷²⁾

Land en Volk se verkoop, sowel as 'n wisselvallige gesondheidstoestand, het Marais verhinder om aktief verder aan die verenigingswerkzaamheid van die Tweede Beweging mee te doen, soos uit twee briewe aan sy vriend Preller blyk. Met sy voorbereidende arbeid het hy egter voldoende spoorslag gegee om 'n georganiseerde beweging vir Afrikaans aan die gang te sit, 'n aandeel waarvoor hy gedurende sy lewe lank nie die verdiende erkentlikheid van die Afrikanernasie, wat hy so lief gehad het en wie se belang hom na aan die hart gelê het, ontvang het nie. Beskeie het hy op die agtergrond van die Tweede Beweging beweeg en buite gesig van die openbare oog veel vir die Afrikaanse saak feil gehad.

HOOFSTUK IV.

DIGTER.

Van die ouer geslag digters uit die Tweede Beweging was Eugène Marais die een wat die minste gedig het, maar wie se enkele gedigte 'n baie suiwere uiting van die Afrikaanse gedagte was. Waar Celliers, Leipoldt, Totius en Malherbe veel in vergelyking met Marais die lig laat sien het, het laasgenoemde beter as enigeen van hulle daarin geslaag om te verruk en te verstom met 'n woordkuns waarvan geen onderdeel die indruk van die geheel verswak het nie. Treffend is dit dat waar Marais met groot tussenposes iets gelewer het, sy verse min of meer deurgaans dieselfde gunstige peil gehandhaaf het.

Hierdie verskynsel in die poësie van Marais is meer verstaanbaar as mens *Winternag* nie sien as die eerste of een van die eerste digproewe van die skrywer nie, maar as „Marais se dekadensie wat nog besielend op ander kon reageer”.¹⁾ Hierdie gedig het die skrywer op 34-jarige leeftyd die lig laat sien, maar reeds van sy twaalfde jaar het hy verse van 'n buitengewone skoonheid geskrywe. Dis jammer dat die verse nooit uit die kolomme van die koerante herdruk is nie, want dis verbasend om te sien hoedat die digter, wat sy onderrig tot by matriek in Engels en onder sterk Engelse invloed ontvang het, hom tog onafhanklik van die Engelse idioom gehou het, omdat die skone klanke van sy moedertaal geroep het om gebruik vir die vertolking van die geluk en veral smart van Afrikanerharte.

As mens onthou dat Eugène sy eerste skoolonderrig in Pretoria tydens die Engelse besetting ontvang het, is dit lig verstaanbaar dat

die seun, wat sy letterkundige voedsel regstreeks uit Engeland ontvang het, na aanleiding van die woorde „uncoffin'd and unknown” uit Byron se *Childe Harold's Pilgrimage* sy eerste gepubliseerde gedig op sy twaalfde verjaarsdag geskryf het oor die onderwerp "The Soldier's Grave". Kort nadat Transvaal aan die Boere teruggee is, het 'n jaggeselskap die geraamte van 'n Engelse soldaat naby 'n spruitjie gekry en dit toe daar op die plek begrawe. Eugène was daarby en het na aanleiding van die gebeurtenis die volgende neergeskrywe:

Beside a stream, whose waters lave
The ferns upon its bank,
There is an unknown, lonely, grave
O'er-grown with verdure dank.

A weeping-willow waves above,
And flow'rs around it spring,
And all the song-birds seem to love,
And ever near it sing.

It is a mossy, lonely, spot
Where only wild-flow'rs show;
Beside it is a snowy plot
Where water lilies grow.

That lend their sweetness to the breeze
Which murmurs with the rill
And waves the dark, and gloomy trees
Upon the neighb'ring hill.

Here sleeps a son of that great Queen,
Who rules the mighty deep,
In this low grave, unknown, unseen,
For whom no one did weep.

Perchance his parents wept in vain
Their hearts were filled with tears;
Their loved one never came again,
To wipe away their tears.

They little know, who love him so
The awful death he met
When guarding where those lilies grow
Alone, and sore beset.

He sleeps below a vernal tree,
Below a pall of flow'rs;
On that sweet spot it seemed to me
All nature's charms were show'red.²⁾

Hierdie eerste kindergediggie toon reeds dat daar by die twaalfjarige seun digterstalent is, veral as daarby in die oog gehou word dat hy hom van 'n vreemde medium moes bedien. Aan die Paarl het die reaksie egter begin intree wat sou verseker dat Eugène Marais gedurende die res van sy lewe nasionaal in uiting sou bly. Die verregaande verengelsing wat hy in die Kaapse huisgesinne aangetref het, het hom laat besluit dat daar gekeer moes word. Die toestand het gedien tot inspirasie vir 'n langere gedig "South Africa" waarin 'n hele span mitologiese figure bygesleep word om die skoonheid van die suiderhoek te besing. Eers in die slotgedeelte van die gedig word die toepassing gemaak op die teks wat hy uit „The Lay of the Last Minstrel” gekies het:

Breathes there a man with soul so dead,
Who never unto himself hath said,
This is my own my native land.

Die slotgedeelte bevat die volgende kragtige boodskap aan sy mede-Afrikaners:

And yet, sweet land, with all thy store,
 Of peaceful treasures, yet thy sons are slaves!
 Descendants of those men, who from the waves
 Have snatched their home; brave men
 To whom vile bondage had been death, for, when
 The tyrant took their home, with reckless hand
 They opened wide their dykes, and o'er the land
 The foaming water rushed; of men, who left
 Their native land, and so of home and friends bereft,
 And that for Freedom and their God; Oh shame
 That they, who now bow to foreign thrones, should claim
 Descent so noble, and should bring such shame
 Upon our Fathers' glorious, unstained, name.

Die gedig eindig met die volgende beroep op die godin van vryheid:

Here, Goddess, did our fathers worship thee,
 And we but boast their deeds; we bow the knee
 To other pow'rs. Descend and make us Free!³⁾

Hoewel in Engels, het Eugène se vaderlandsliefde suiwere uiting gevind in sy gedig *Majuba*:

On Majuba's rugged height
 England's standard high was reared
 When Aurora's foot-steps light
 On the hill-tops first appeared;
 And around its guardians press, in array,
 Forming there a glorious sight,
 All their swords and helmets bright,
 Glittering in the early light
 Of the day.

Far beneath a little band,
 Gazing on the awful height,
 While with throbbing hearts they stand,

Fearful of the unequal fight.
Hark! a shout: "Our brothers' blood still doth cry
From lone Boomplaats bloody field
For revenge! Dare ye yield, —
Ye, our country's only shield?
Rather die!

Moved by patriotic love,
Then the awful mount they climb,
While the booming guns above
Loosed their thunders for a time:
And afar the circling vulture shrieked in reply,
Sounding there a mournfull knell;
And from Morn's red lips a swell
On the fatal mountain fell,
Like a sigh.

But they stayed not, up they rushed
Through the smoke and fatal hail,
And their courage was not crushed,
Their devotion did not fail,
Till the guarded top they reached, far on high;
There to free their loved land
From the Northern Tyrant's hand, —
From ignoble slavery's band,
Or to die!

Hushed the rolling thunders are,
Hushed the echoes they awoke,
Silent all the din of war,
Fled the clouds of wreathing smoke.
Hark! the ravens requiems croak to the brave.
From the couch Aurora sweeps,
And the hills in glory steeps,
As her orient pearl she weeps
O'er their grave.

All thy wailing is now vain,
 Southern Lioness! cease thy groans,
 Thy sons died to break the chain
 That, like cancer, ate thy bones.
 Cleanse from off thy flowing mane all the gore.
 List! The gophyrs sigh their name.
 Wailing winds their death proclaim,
 Founts and rills repeat their fame,
 Evermore.⁴⁾

Uit die Paarl-tydperk dateer ook die hekeldig "*Anglified*"
Africans, waarin uitgewerk word

a maxim old
 By mighty Greek and Romans told,
 That slaves should ever imitate
 The lords and masters of the state!⁵⁾

Tot die min gedigte in ons Suid-Afrikaanse letterkunde wat tot onderwerp die see het, moet ook gereken word die skone "*There shall be no more sea*"⁶⁾ en "*Hymn for a Stormy Night at Sea*".⁷⁾ Die eerste van hierdie twee gedigte het tot grondgedagte Openbaring 21:1 en word hier in die geheel aangehaal om die betekenis wat, weens die treffende gedagte en ontleding, daaraan geheg moet word deur elkeen wat in die onthuiking van die digter belanstel. Dis 'n gediggie waarvan die stemming jou by bly nog lank nadat jy dit gelees en die woorde vergeet het:

I love to stand upon the sounding shore,
 And listen to the never-ceasing roar
 Of ocean's waves; for there is music in
 The sea, which sounds through all the seeming din
 Of winds and storms, — a glorious melody
 The grandest thou of all God's works oh sea!
 And yet when time and earth shall cease to be
 There shall be no more sea.

I love to watch the thundering storms, that sweep
 Across thy rolling, foamy, breast while deep
 Doth call to deep strange voices seem to speak
 From out thy hidden caves, and on the bleak
 And sullen shore wild anthems seem to fill
 The air, and yet thy waves their noise will still
 When first the radiance of Eternity
 Shall dawn, for then there shall be no more sea.

Far down thy awful green, and silent deep
 On beds of pearls, mid endless calmness, sleep
 The brave, who need not now thy raging fear;
 The roaring of the billow sounds not there,
 But motionless the waters lie around,
 There will they sleep, until the last trump's sound
 Shall thunder through the deep, and set them free,
 For then there shall be no more sea.

However great man's boasted might may seem,
 He's like a bubble floating down some stream
 When launched on thy remorseless bosom; He
 Who stilled the waters of stormy Galilee
 Is thy sole master; 't is he that guides the fisher's bark,
 While night, with lived lightning lit, hangs dark
 Upon thy troubled waters, and to Him we'll flee
 For refuge, when there shall be no more sea.

Uit hierdie tyd dateer verder *Ode to the Paarl composed on the Paarl Mountain* — die eerste van sy gediggies wat in druk verskyn het — waarin met behulp van Erato, Euterpe, Milton, Urania, Leviathan, Neptunus, Coleridge en Phoebus die skoonheid van sy skoolomgewing beskrywe word.⁸⁾ Van later datum is die twee romanties gekleurde gediggies, *On revisiting a spot where the Author met his Girl Sweetheart, years ago*⁹⁾ en *Love*.¹⁰⁾ Die eerste is in rymlose verse en is onderteken deur "Eugène, O.F.S." en die tweede is die laaste wat Eugène voor sy terugkeer na

Transvaal in dié koerant geplaas het. Ek haal dit ook hier aan omdat dit bykans verbysterend is om te glo dat 'n vyftienjarige seun so 'n gedig kon skrywe :

'T is Love that in the violet's crest
 With marvellous beauty glows,
 And draws the heart in ecstasy
 To gaze upon the rose.

'T is Love that leads our fancy o'er
 The mighty flood of years,
 And brings us to that golden shore ;
 Where yet we knew no tears.

Where angry billows never beat,
 But only ripples gleamed ;
 Ah! Love was then a pleasure sweet,
 To all our soul inflamed.

O noble Passion, strong and true,
 O Filial Love divine! —
 'T was thou that led'st Prascovia through
 Siberia's dreary plain!

A belt may make a haughty knight,
 An empty crown a king,
 But *Love* of justice, truth and right
 Alone makes man divine!

Love holds the Universe in sway,
 All other powers above ;
 The sphere its marvellous might obey
 And God Himself is Love!

In die tyd wat Eugène aan die *Transvaal Advertiser* werksaam was, mag daar verdere gedigte van hom in Engels verskyn het,

maar dis moeilik om ná soveel jare die skuilname wat gebruik is almal na die eintlike draers terug te voer. Uit die aangehaalde vroeë gediggies uit sy skooljare kan egter met reg afgelei word dat hy die temperament van die digter en ook van sy gawes in die beheer van die woord ontvang het. Hierdie eienskappe is deur die noukeurige lees van bekende Engelse meesterdigters soos Milton, Byron, Longfellow en Coleridge gekoester en dit is dus begryplik dat sy letterkundige aanleg Marais vroeg reeds tot uiting gedwing het. Terug in Transvaal het die joernalistieke drukte nie veel geleentheid verskaf vir digterlike ontboeseminge nie, maar tog kan met sekerheid een of twee gedigte as van Marais aangewys word. Intussen het Marais oorgegaan om in *Land en Volk* Afrikaans as medium te gebruik — omdat die hart van die volk na hul eie moedertaal gesmag het, hoewel hul verstand nog dikwels die voorkeur aan Nederlands of Engels gegee het — en in die koerant verskyn dan ook sy eerste gepubliseerde Afrikaanse gedig bo sy skuilnaam *Afrikanus Junior*. Die gedig *Gert Senekal* het dieselfde tema as die bekende *Abou ben Adhem* van Leigh Hunt en is spesiaal geskrywe ter onderrig van die partye in die toe bestaande kerkgeskille. Omdat dit die eerste bekende Afrikaanse gedig van Marais is en omdat dit — in 1891 geskryf — veel hoër as die gemiddelde *Patriot*-gediggies staan, haal ek dit aan, maar ook omdat dit 'n interessante openbaring is met betrekking tot dié Marais wat ná die Tweede Vryheidsoorlog met poësie en prosa soveel sou boei:

Gert Senekal, di Ouderling, was vroom,
 En kon terug kyk, sonder vrees of skroom,
 Op al die jare van sy lewes-loop;
 En in sy hart hou hy getroos di hoop
 Dat hy eendag di Hemel-poort sou haal,
 Want an sy siel had hy geen sorg of kwaal.

In vrede slaap di ouderling een nag,
 Toe hy so skielik wakker werd, en sag
 'N groote lig deur gansch sy kamer skyn.

Gen vrees had hy; sy hart was skoon en rein,
 En sonder skrik soek hy di glansryk bron,
 En siet daar staan, gelyk 'n gloeiend son,
 'N groote Engel, met deurskynend lyf,
 Die in 'n goude boek gestadig skryf.

Di Ouderling, vol hoop en vreugde sag
 Di pragtige gedaante an, en dag: —
 "Di Heer van Lewe en van Dood het my
 "Gekies om al di mensdom reg te ly;
 "'N Boodskap is dit seker van di Troon,
 "Want God gee elk regvaardig man sy loon."

Di Engel kyk nooit op. Sy aangesig
 — Skoon ne's di More Ster, en blink met lig,
 Dat glansryk sigbaar was in elke hoek, —
 Was vas gevestig op di goude boek.

En eindelijk vra Senekal heel sag:
 „Wat skryf jy daar, o Engel van di Nag?"
 Di Engel antwoord hom: "Ek skryf hier neer
 "Di name van di mense, wie di Heer
 „Een dag, na Dood en Graf, verheerlyk sal."
 "En is my naam oek daar?" vra Senekal.
 Di Engel se: „En wat het jy gedaàn
 "Dat jou naam waardig maak om hier te staan?"
 "Ek het God lief", se Senekal, "en werk
 "Gedurig vir di Heer en vir my Kerk.
 "My kerk het ek naast God di meeste lief
 "Ek is 'n Ouderling — gen skelm of dief —
 "En vir my kerk het ek vir jare lank
 "Glat sonder loon of mense-dank
 "Gestry, geveg, en dag na dag gepraat;
 "En nooit was ik bevrees vir mense-haat."
 "En nooit was ik bevrees vir mense-haat."
 Di Engel antwoord droevig: "Jy het niks gedaàn

„Dat jou naam waardig maak om hier te staan.”
 Hy roer sy sulver vlerke — blink en fijn,
 Soos maanlig wat deur groote boome skyn,
 En toe verdwyn hy sonder een woord meer,
 En Senekal di slaap di nag ni weer.

Een jaar daarna, toe kom di Engel weer,
 En stond daar by di dienstknecht van di Heer.
 Di goude boek hou hy weer in sy hand
 En stadig kom hy na di bed se kant.
 Hy vra toen weer: "En wat het jy gedaan
 "Dat jou naam waardig maak om hier te staan?"
 En toe rondborstig antwoord Senekal —
 "Ek het God lief bo wereld en bo al;
 "En langes God is dit my wens
 "Om dierbaarste te hou my eve-mens.
 "My kerk en alles sou ek wil verlaat
 "Om my net skoon te hou van mense-haat."

Di Engel se gen enkel woord, maar wys
 Aan Senekal di groote name-lys,
 En daar, in letters sonder vlek of blaam,
 En eerste op di lys, siet hy sy naam!¹¹⁾

In die trant van A. G. Visser is *Di Meisies* wat 'n week later in die rubriek *Dokkies* verskyn:

Di wereld is 'n speul-tooneel
 Waar elke man sy rol moet werk,
 En elke meisie hare speel,
 Want sy is swak en ons is sterk.

Ja, sy is swak, en tog het sy
 'N deel in elke saak of ding
 Wat ons hier op die wereld kry,
 Al is dit nog al hoe gering.

Daar was nog nooit 'n kind gebore,
 Daar was nog nooit 'n lag of soen,
 Daar was nog nooit 'n siel verlore,
 Of sy had iets daarmee te doen.

Dis net vir haar wat jonkmans loop,
 Wat jonkmans sug en honger ly;
 Vir haar wat hy laventel koop
 En lint en mooi klein doekies kry.

Vir haar sal ons veul dinge doen,
 Waarvoor ons later spyt en grief;
 'N moord begaan vir net een soen
 — En tog het ons hulle almal lief. ¹²⁾

Veral die derde strofe van hierdie gediggie word gekenmerk deur 'n speelsheid van toon wat met Visser op sy beste vergelyk kan word. Hierdie twee Afrikaanse gediggies is die enigste van vóór die Tweede Vryheidsoorlog. Van belang is hulle egter omdat hulle die bewys lewer dat hy die reg van sy moedertaal ook op die gebied van die digkuns erken het, nieteenstaande die feit dat hy deur opvoeding en gebruik die Engelse taal op die punte van sy vingers gehad het. As die aangehaalde gediggies uit sy skooljare nie oortuig het nie, dan behoort die volgende gedig, wat mens 'n besef gee van watter leemte deur die dood van sy vrou in sy lewe gelaat is, voldoende te wees. Op die ou manuskrip wat Preller ná die oorlog onder die ou rommel in die laai van Marais se lessenaar aan die kantoor van *Land en Volk* gevind het, lees ek die volgende woorde in die digter se haastige, nerveuse handskrif:

My heart is warm, its love is still
 A dreamy passion faint and far —
 A ghostly presence like the mist
 That slowly trails from star to star.

The passion of the world is dead
 Sweet nature clasps me to her breast.
 Winged spirits come with dreams of joy
 To soothe my passion into rest.

No evil thought disturbs the calm
 And one sad hope goes gliding through
 The darkened chambers of my heart
 With footfalls noiseless as the dew.

Op die keersy van die manuskrip staan drie treffende reëls, die begin van 'n ontboeseming waarvan die geheel nie in woorde vasgelê is nie :

"A starless night is closing round,
 Farewell, my Love, for thou wert lost
 Ere yet thy love I found." ¹³⁾

Wat Marais buite die grense van sy dierbare Transvaal ervaar het, het nie genoegsaam geblyk om die droefgeestige stemming wat aanvanklik uit die oorlye van sy eggenote voortgevloei het, tot 'n jubelgevoel om te skep nie. Die smartgevoel en die besef van eensaamheid is te midde van die gedrang van die beskaafde kringe van tans — waarin Marais met sy innemende persoonlikheid altyd 'n gewilde was — eerder verinnig. Wat vir ander geluk in die lewe besorg het, het by hom 'n vraagteken veroorsaak en twyfel in sy hart gebring of daar op hierdie ou aarde nou werklik nog geluk te vinde is. Ook die berigte wat hy daagliks in die Londense pers oor die lotgevalle van sy vaderland gelees het, het die onsekerheid en wantroue versterk, sodat hy in België — gedurende die tyd waarin die Ooskus-ekspedisie in die haak gebring is — by die besoek aan 'n hospitaal vir ongeneeslike kinders, besiel is tot die skrywe later van die pessimistiese *Is daar nog Trane?* ¹⁴⁾ In die gediggie kan mens die versweë antwoord aanvoel op die weemoedige vraag of daar by die aanskouing van soveel lye nog plek is vir trane, vir bly gelag, en vir gebede „wat in die Hemel nuut sal klink."

Hiernaas dateer uit Marais se tyd van ballingskap — ek sê ballingskap omdat hy nie na verlange dadelik na sy geboorteland kon terugkeer nie — die gedig 1902, geskrywe op die eiland Chiloaan aan die monding van die Sawi net voordat die tyding van die vredesluiting op Vereeniging deur die geselskap ontvang is. In hierdie veertiental reëls het die digter al 'n antwoord gevind op die kwelvrae wat sy rus verstoort het:

God van ons Vaders, as U wil bestaan,
dat ons as Staat en Nasie moet vergaan, —

.....

God van ons Vaders, bly U wil bestaan,
leer ons genadiglik die dood blymoedig in te gaan.¹⁵⁾

Terwyl hy nog op die koorsbed siek gelê het, het daar by Marais die oortuiging posgevat dat iets gedoen moes word om die deur oorlog geteisterde Boerenasie op te beur en te verhoed dat deur trekke na Argentinië en ander gebiede buite die sfeer van die nuwe oorheerser die reeds verswakke nasie nog verder verbrokkel. Hy het Preller tot sy mening oorgehaal en saam het hulle weer begin opbou. Moeilikhede was daar in die begin volop, maar toe die lewe weer 'n min of meer rustige gang begin vertoon het, was Marais die eerste om met sy ballade *Piet van Snaar*, 'n Ermelorympie vir *Land en Volk* ingestuur deur *Klaas Vaakie*, aansluiting te soek by die letterkundige beweging van voor die oorlog. Hierdie ballade wat op 5 Mei 1905 verskyn het, is die eerste gedig wat Marais ná die oorlog geskryf het. Omdat die nergens oorgedruk is nie, haal ek dit in die oorspronklike spelling aan:

Oom Koos het lang al "nee" gesê,
— "Ons dochter moet 'n ryk man hê,
"Di's heelmal uitgemaak en klaar:
"En jii het niks, Klein Piet van Snaar."

Die Ou Vrouw kon nie weer bedaar.
"Waar is jou vee, Neef Piet van Snaar?
"Gen grond of goed kan jii mij toon,
"En Annie is 'n huis gewoon."

"Wat praat ons nog ? Die Neef die dwaal,
"En Annie het die liefde-kwaal ;
"Net mor'e moet sij pille krij,
"En Neefie moet maar huistoe rij."

Die Oûe's is nou kooi toe voort,
En Annie laat die trane stort ;
Verlege staat die vrijer daar
"Dis alles twak !" — sê Piet van Snaar.

"Jou Pa die snork dat dit zoo dreun,
"Tant Sannie gê hom gooi'e steun.
Hoe slim bekruij ook die gevaar,
"Daar's altijd raad." sê Piet van Snaar.

"Wat sê jij nou as ons laat spat ?
"Die nach' is lang, mij perd is glat ;
"Dit sal die Ou'e goed bedaar,
"Eer hij die spoor krij van Van Snaar.

"Jou Pa se spider is gereed
"Sij skimmel staat ook daar te vreet ;
"Mij perd trek hot en zijne haar
"En more trouw ons" — sê Van Snaar.

Hij zoen haar driemaal op die mond ;
Hij vat haar om die lijfie rond ;
Sij twijfel net ver een minuut,
Toe laat zij alles o'er aan Piet.

En zonder omkijk, val of vee,
Daar gaat die spider met die twee.
En Pieta hou die teugels vas,
Die donker kom hom goed te pas.

Hij ken die pad nie al te goed,
En langs hem sit sij bruidjie zoet,
Hoe kon hij oplet, fluks en naauw,
As hij haar altijd vas moet hou ?

Sij hart die klop, sij kop die maal,
 Die liefde is 'n snaaksche kwaal!
 En naauw'lijks het die maan gedaal
 Of Piet was heeltemal verdwaal.

Deur sloote, en o'er rotse heen
 Hij steur hom aan g n stok of steen,
 Want voor hom roep die vreugde mos,
 En achter is die duivel los.

En nog 'n uur is hulle voortgevaar
 Toe zak die moed van Piet van Snaar,
 "Dit lijk vir mij ons word gevang
 "Die oore van die hot-perd hang.

Die woord was uit sij mond net pas
 Toe stuit die ou twee p rde vas.
 "Dit is 'n huis. Zoo waar
 "Ons trou nog mor'e!" — s  Van Snaar.

Soo's blitz is hij die spider uit,
 Hij klop aan venster en aan ruit.
 "Hij slaap net soos 'n meulenaar,
 "Maar hij moet uitkom" — s  Van Snaar.

En schielijk staat die huis-baas daar
 Tot groot verbazing van Van Snaar;
 Hij voel sij haare rech'op rijs,
 Want voor hom staat Oom Koos, konsuijs!

"Ach! Annie, ons het weer terug gekom,
 Die donker maak die rech uit krom.
 "*Dis julle huis!* Die gort is gaar,
 — Zoo zoobietjes fluister Piet Van Snaar,

Eer hij kon vra o'er plaas of pad,
 Toe het die O  hom beet gevat,
 Piet soebat, maar dit lijk maar naar
 Met al die planne van Van Snaar.

Die nooi moes afklim, teun haar zin,
 En al haar traane help haar min;
 Die ou vrouw was ook gou-gou daar,
 — En huis toe treurig rij Van Snaar.

Maar op die bult toe klim hij af.
 Sij moed die rijs weer uit die graf.
 "Al keer die Ou'es hot en haar,
 "Ek krij haar daarom", sê Van Snaar.¹⁶⁾

Twee weke later verskyn daar *Die Smit* van „Klaas Vaakie (Ermelo)",¹⁷⁾ 'n gedig wat ongetwyfeld bedoel is om die Afrikanernasie van die twee Republieke veral, maar ook van Natal en Kaapland, tot durf en daad aan te spoor:

Gen kraakloos tang of zuiver wiel
 Kom uit 'n vuile hart of ydel ziel,
 Blaas hoog die vlam.¹⁸⁾

Dat die digter, tewens redakteur van *Land en Volk*, met sy Afrikaanse verse 'n bepaalde doel gehad het, is duidelik as mens ongeveer 'n maand later onder die hoof "Stories — Klaas Vakie" lees: Mynheer: „Ik had al besluit om nie meer te skrywe nie, tenminste nie aan "Land en Volk" nie. "Piet van Snaar" het bai'e foute en in "Die Smit" is 'n heele versie zonder oorzaak uitgelaat. Waarom? Ik het beter daarvan gedink en stuur jou weer 'n paar stukkies. — (Klaas Vakie), Ermelo.

"Dit zou 'n groote teleurstelling gewees het, nie alleen vir ons maar ook vir bai'e lezers, die uitzien naar die rympies van Klaas Vakie, as hy by zyn besluit gebly het. Daar is gen Afrikaanse gedicht dat meer die dichters-geest toon dan sommige van zy stukke. Hy is 'n ongeleerde Boer, maar 'n ware digter. Die foute is toe te skrywe aan onduidelike skrif. Ons zal trag beter in vervolg te doen. Eers publiceer ons weer „Die Smit" met die uitgelate versie, en ook „Piet van Snaar". Aankomde keer, „Die Leeuwjacht", dat uitmuntend is. — Ed. „Land en Volk".¹⁹⁾

Die uitgelate strofe, wat ná die hierbo siteerde drie reëls in die gedig ingevoeg is, is nie in die later bundels van Marais se gedigte oorgedruk nie, miskien omdat daar geen manuskrip van die verbeterde gedig bewaar gebly het nie. Die strofe lui as volg :

“Ons mag is in begin alleen,
Die uitslag hang van Hooger Ze'en ;
En zal ons werk die ze'en verdien
Moet ons met helder ooge zien,
Dat goed Begin aan wa of wiel
Kom uit die swys-gloed van die ziel.
Blaas hoog die vlam.”

Gelukkig dat Marais tot 'n ander insig geraak het en „weer 'n paar stukkies” gestuur het, want anders sou „*Winter Nag*” miskien net so verlore gewees het vir die Afrikaanse letterkunde as „*Die Leeuwjacht*, dat uitmuntend is”, maar nooit ten spyte van die aankondiging verskyn het nie. Behalwe *Piet van Snaar* en *Die Smit*, albei herdrukke, vind ons in dié een uitgaaf ook die gedig wat beskik was om die oortuigingskreet van die Tweede Beweging te word :

O koud is die windjie en skraal ;
En blink in die doflië en kaal,
En zoo wyd als die Heer se genade,
Leg die velde in sterlië en skade,
En hoog op die rande en verspryd in brande,
Is die gras-zaad aan roere soos winkende hande.
O treurig die wysie op die Oostwind se maat,
Soos die stem van 'n meisie in haar liefde verlaat,
In elk gras blaar se vouw blink 'n druppel van doud,
En vinnig verbleek dit tot ryp in die kou.

Preller, wat later van die gedig verklaar het : „ Ek weet van niks in ons taal wat mooier en waarder gesê is(nie)”,²⁰) het nadat die laaste van sy vervolgartikels oor die aanvaarding van Afrikaans

as skryftaal reeds in *De Volkstem* van 17 Junie 1905 verskyn het, 'n paar weke later die gedig uit *Land en Volk* oorgeneem om daarmee sy pleidooi vir Afrikaans te versterk. In 'n byskrif sê Preller o.m.: „Die skrywer daarvan — hij teken zij naam „Klaas Vakie” — is 'n ongeleerde Boer, wat nimmer of nooit Hollands kan skryf nie, maar hij is ongetwyfeld 'n digter. Dit is maar net 'n brokkie, getiteld „'n Winter Nag”, maar jij kan daarna luister”.²¹⁾

Dis byna nie nodig om daarop te wys dat die algemene mening onder letterkundiges is dat *Winternag* 'n gediggie van suiwer siening en segging is. „Uit die tiental versreëls droef ons die skrywer se hele verdonkerde lewensviesie teë, — waar hy die doudruppel tot ryp laat verbleek in die kou, en die oostewind hoor huiel soos die stem van 'n meisie, in haar liefde verlaat”, skryf Preller.²²⁾ „Wat 'n sobere eenvoud van siening en segging”, aldus prof. dr. E. C. Pienaar,²³⁾ „maar tewens wat 'n gevoelig-beeldende plastiek, wat 'n oorspronklik-suggestiewe beeldspraak, wat 'n soetvloeiende sangerigheid, wat 'n rake stemmingsbeeld as geheel van 'n tiepies-hoëveldse, nagtelike wintertaferel..... As eerste gedig (?) seker 'n merkwaardig-gerypte kunsuiting in Afrikaans, gesien die feit veral dat Marais as joernalis destyds die pen gevoer het uitsluitend in Engels en Hooghollands (?)”. Prof. dr. G. Dekker²⁴⁾ noem dit „een van die juweeltjies van ons poësie, wat reeds in 1904²⁵⁾ in „Land en Volk” verskyn het. In hierdie sobere, suiwer gedig, waardeur die skraal windjie van die Hoëveld kla, het hy in sy eie natuurstemming die smart en lyde van sy volk gesimboliseer.” In sy plateatlas²⁸⁾ gee dr. Kritzinger naas 'n foto van Marais *Winternag* in die handskrif van die digter weer en noem dit „'n klasieke gedig in ons letterkunde.” Prof. dr. C. M. van den Heever, self digter, skryf van „die fynbesnaarde digter van *Die Winternag*, daardie juweel wat aan die begin staan van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.”²⁷⁾

Bogenoemde is nie te hoë lof nie vir hierdie gedig van min woorde maar ryke inhoud. 'n Nadere ontleding van die skoonheidswaarde daarvan is die moeite werd. Dit sal elkeen besef wat op die Transvaalse hoëveld opgegroeï het, maar dit nooit sô gesien het voordat die digter van *Winternag* die werklike skoonheid van die droefgees-

tige natuurgesig geopenbaar het nie. As deur die proses van herlesing die gevoel van die digter ook by benadering dié van die simpatieke leser geword het, word die meegevoel met die digter by die uitpersing van hierdie himne van smart nog sterker as onthou word dat *Winternag* eintlik bedoel is as die inleidende strofes van 'n langer gedig wat tot titel sou hê *Die Nagwag* en waarin die digter van voorneme was om die afwisselende indrukke van 'n eensame brandwag in die nag te laat herleef.²⁸⁾ Soos met die meeste van sy *magna opera* het daar ten gevolge van swakke gesondheid niks van gekom nie. Tog is ons dankbaar vir wat hy ons in *Winternag* nagelaat het, want „met hierdie gedig, wat aan die begin staan van 'n mooi tradisie in ons digkuns, het Marais een van die groot meesterstukke in die liriek geskep en Afrikaans, wat tydens die Eerste Taalbeweging nog nie sy geheimsinnigste evokatiewe mag geopenbaar het nie, se ryke, onontgonne moontlikhede onthul en tegelykertyd die eindelose weemoed en ellende, wat die Afrikaanse volk oorskadu het na die oorlog, weergegee soos geen ander Afrikaanse digter nie. Die hele visie en onfeilbaarjuiste beeldspraak, die suiwerheid van stemming en die onvervangbaarheid van die woorde lê die onweersegbare bewys af van Marais se seldsame aanleg as ligiese digter.”²⁹⁾

Stemmingsverwant aan 1902 en *Winternag* is die gedig van skerp kontraste waarin miskien die duidelikste die houding van die digter in sy droewiger momente — waarvan hy geen geringe aantal geken het nie — weerspieël word. Ek bedoel *Skoppensboer* met die aangrypende beeld van

'n Druppel gal is in die soetste wyn;
'n traan is op elk' vrolik' snaar,
in elke lag 'n sug van pyn,
in elke roos 'n dowwe blaar.

En luister na die digter se swartgallige slotsom ten opsigte van die rol wat „swart en droef, die hoogste troef oor al wat roer” in die menselewe speel:

Gewis is alles net 'n grap!
 Ons speel in die komedie mee
 geblinddoek met 'n lamfer-lap
 wat selfs die son 'n skadu gee.

Wat treur ons tog?

Viool en fluit maak nog geluid;
 en lank die nag wat voorlê nog.
 Al kan ons nooit volmaaktheid raak,
 nog blink die oog en gloei die huid
 wat heel die winter blomtyd maak.

Dus onverlee
 lag ons maar mee
 met elke toer
 van Skoppensboer!³⁰⁾

Wie op grond van hierdie swartgallige gedig Marais „'n pessimis”³¹⁾ wil noem, moet in gedagte hou dat hy ook die skrywer is van die forse opwekkingstrofes in die gedig *Die Smid*, „waarin hy so manlik aanspoor”.³¹⁾ By 'n eerste lesing van sy gedigte is dit die indruk wat mens kry as sou die digter verlang om die dood in te gaan, maar andersyds kan dit nie ontken word nie dat sommige van sy gedigte tog met 'n hoopvolle toon eindig, al is dit dan ook alleen die sug om verligting van die lye waaraan alleen die dood leniging kan skenk. Al was dit dan slegs op dié een grond, sou ek Marais geen swartgallige siener wil noem nie, omdat hy ná die teleurstelling van die aardse lewe, nog in die beëindiging van sy lyding in die dood glo. Daar is by hom die gedurige hunkering na rus en vrede, 'n vrede wat, soos hy glo, ook bestaan, al sou die lotsbestemming dit dikwels vir hom in vampiriese gedaante voorhou. Is dit dan nie die bekentenis van daardie pragtige „*Waar Tebes in die stil Woestyn*”, waarop by die eerste publikasie daarvan in *Die Boerevrou*³²⁾ M. E. R. verlief geraak het, en nou nog met niks anders in ons letterkunde kan vergelyk nie, so suiwer en verhewe, dog diep menslik is die gevoel wat dit so fraai uitdruk?³³⁾ Marais sê daarin:

Daar sou ik vrede weer besef
 Waar Tebes in die stil woestijn
 Sij magtig rotswerk hoog verhef
 En Mara in die sand verdwyn ;

.....

Mij bede sou net dit verkrij : —
 Laat Uwe eensaamheid mij daar
 Voor laas met roerend mag berei
 Uw 'groter stilte' te aanvaar.

Met Uwe vrede om mij heen
 Sal nagteliks uit die hemelstraat
 Sag neerskijn op mij laaste huis
 Die vonkelend sterrebeeld van Uw kruis.


Hierdie mees eensame onder die Afrikaanse digters — altans gedurende die laaste veertig jaar van sy bestaan — het in die natuur van die Transvaalse Bosveld nog 'n tydelike uitvlug uit daardie toenemende vereensaming gevind. Sy lewensomstandighede het hom ook in dié opsig gedwarsboom, want teen wil en dank moes hy geruime tyd sy tuiste in die stad maak, hoewel sy hart gehunker het na die stil woestyn. Van daardie bittere teleurstelling spreek die slotstrofe in die duister skeppende gedig, *Die Lied van Suid-Afrika* :³⁴)

En vlymend as 'n swaard, geheg
 Bly van my liefde slegs die pyn ;
 Ek smyt hulle oor die berge weg,
 En smoor hulle in die sandwoestyn.

Die jare wat Marais in die Waterbergse bosveld deurgebring het, is met die oog op sy kunsskeppinge die belangrikste, want in daardie omgewing het die natuur tot in die kleinste besonderhede so op sy ontvanklike kunstenaarsgemoed ingedring dat dit later daaruit in saamgestelde vorm as die skoonste gedigte gekristalliseer

KLAAS VAKIE.

GETEKEN DEUR ERICH MAYER.



GEDIG DEUR EUGÈNE N. MARAIS.

KLAAS VAKIE.

Hij stoot die voordeur stadig oop,
 en in die skaduw sien ik hom : —
 sij swart manel is oop-geknoop,
 sij snaakse lijfie hoepel-krom ;
 sij lang gesig is uitgedroog,
 hij staat bij mij skaars skouer-hoog !

Sij ogies knip, sij lippe lag,
 sij lang-bol hoed is in sij hand ;
 hij kom van buite uit die nag,
 en blij net in die skaduw-rand.

Een kêrs brand stadig in die tuit,
 die ander flikker heen en weer ;
 en langs mij deur die onder-ruit,
 daar loer die nag so swart soos kruit !
 Die skaduws, — kort en dik en bont —
 spring op die vloer soos lammers rond !

Tant' Sannie sit nog kouse stop ;
 haar naald blink nes 'n weerlig-straal,
 haar lijf is alles dof en vaal,
 die kêrs-lig skijn net op haar kop.

Vlak voor mij oë dans die dons,
 en als tant' Sannie met mij praat
 dan gaat dit nes 'n brommer gons :
 haar woorde is so nors en kwaad.

Die donker kruip uit elke skeur,
 die alles deurmekaar gevleg ;
 Ek sien hom nou, — dan is hij weg —
 die snaakse oudjie bij die deur !
 Die donker wikkel om hom heen,
 dit grijp sij voet en dan sij been,

en als mij oë wijer rek
 dan staat 'n skaduw in sij plek.
 Daar is hij weer, so skelm-slim,
 en voet vir voet bekruip hij mij ;
 Ek sien sij skaduw hoër klim,
 en tel sij knopies op 'n rij.

Dit is tant Sannie weer wat praat ;
 „Kijk, Jannie, dit is bale laat
 en tijd vir kleintjies om te slaap, —
 wat sit jij nog te snork en gaap,
 met reeds 'n krakie in jouw nek ?
 nou, snuiter, kooi-toe, op die plek l'”

Ek ken die stem, nou moet ek hoor !
 En als ek opstaan om te gaan
 dan kom hij weer van daar-van-daan
 en trap so soetjies in mij spoor !

is. Daar is die kiem gelê vir die pragtige vertelling en uitbeelding van die naturellesiel in die nooit volprese *Mabalel*,³⁵⁾ en die sangerige liriek van die milieuverwante *Lalasini*³⁶⁾ en *Eonone*.³⁷⁾ Daar is gebore wat later die sangerige liedjies in sy „Dwaalstories” sou word — *Die Dans van die Reën*,³⁸⁾ *Die Woestyn-Lewerkie*,³⁹⁾ *Die Townenares*⁴⁰⁾ en *Hart-van-die-Dagbreek*,⁴¹⁾ voorbeelde van suiwer plastiek wat eers tot volle skoonheid ontluik wanneer hulle op hul plek in die woordskone verhaaltjies van verdigte natuurgebeure geles word. Marais slaag goed daarin om die geestes-toestand van die naturel te laat uitkom; hy bereik dit deur treffende personifikasie en plastiese atmosfeer-skildering. Nie minder meeslepend is die toneel op ’n bosveldse plaas ná die droogtebreekende reën wat daar met vloeiende ritme geteken word in *Wanneer dit Reën op Rietfontein*,⁴²⁾ seker die laaste gedig van Marais wat daar dusver gepubliseer is.

Marais was sy lewe lank ’n egte kindervriend. Sy hele innemende persoonlikheid, wat niemand kwaad toegedra het nie hoewel soveel hom teleurgestel het, het hom ’n gewilde vriend van kinders gemaak. Hy het nie alleen die vermoë gehad nie om weer te gee „die magtige emosie van ’n man, wat daar sidder-snik in die mooiste taal”,⁴³⁾ maar ook om die kindergewaarwordinge te laat leef, ja om in sy gedigte self weer kind te word. Waar is daar iets mooier in ons letterkunde as die kindergedig *Klaas Vakie*⁴⁴⁾ wat onder die prille jeug seker net so bekend is as *Mabalel* onder die jongmense en *Winternag* onder dié wat baie winters ervaar het? In hierdie sprekende gediggie sien ons duidelik klein Jannie en die beeld wat hy daar in die skadu dreigend sien:

Sy swart manel is oopgeknoop,
 Sy snaakse lyfie hoepelkrom
 Sy lang gesig is uitgedroog,
 Hy staat by my skaars skouerhoog!
 Sy ogies knip, sy lippe lag,
 Sy langbol-hoed is in sy hand;
 Hy kom van buite uit die nag,
 En bly net in die skadufand.

Jannie se oë volg getrou die manewales van die eienaardige besoeker, totdat die wekstem kom :

Dis tante Sannie weer wat praat :
 „Kyk, Jannie, dit is baie laat
 En tyd vir kleintjies om te slaap, —
 Wat sit jy nog te snork en gaap,
 Met reeds 'n krakie in jou nek ?
 Nou, snuiter, kooi-toe, op die plek !”

En as die seuntjie slaperig gehoor gee, dan kom Klaas Vakie en „trap so soetjies in sy spoor !”

Die inhoud van hierdie gedig is deur Erich Mayer op die doek gebring in 'n skildery wat in besit van prof. J. J. Smith is,⁴⁵⁾ en waarvan 'n afdruk saam met die gedig in *Die Boerevrou* verskyn het.⁴⁶⁾ Met hierdie gedig het Marais ons nie alleen 'n blik in die kindersiel nie, maar ook in sy eie worstelende gemoed gegun.

Naas hierdie gedig wat kinders sowel as volwasseenes kan geniet, is daar die ernstige lykdiggie *Mahlo-a-Naledi*,⁴⁷⁾ opgedra aan die nagedagtenis van „Marie, vyf jaar oud, aan die Noordelike vorm van Laryngismus Crouposus gestorwe, ná 'n vreeslike lyding van agt dae en agt nagte”. Die digter het hom die lyding van die kind so aangetrek dat die diepte van die gedig 'n onversigtige kritikus tot die belaglike slotsom laat kom het dat „die vaderhart skeur van sy onoorkomelike verdriet wat nie in digterlike vorm vasgehou kan word nie”.⁴⁸⁾ Die getuienis van die digter se liefde vir die bosveldkindjie is pakkend van begin tot einde, elke reël deurtrek met die verdriet deur haar heengaan veroorsaak. Luister net :

Vaarwel Marie !
 ek weet dit nie
 tot wie se groot genoeë dit kon strek
 jou reine onskuld op die vreeslik' pynbank uit te rek ;
 miskien, ag, .as jou liewe lippies nou kon praat,
 jou soete stem weer hoorbaar word, was jy in staat

die groot geheim te openbaar
 waarvoor ons nou verbyster staar.
 Ag liefeling, almal sal jou bitter mis.
 Vaarwel Marie! Ek weet dit nie!
 Een ding weet ek gewis: voortaan
 sal niemand jou meer pynig nie.

Dieselfde ernstige klank word beluister in *Die Oorwinnaars*,⁴⁹⁾ hoë maar verdiende lof geuit by die aanskouing van die kindergraffies in die konsentrasiekamp van Nylstroom. Die digter wys op die betekenis van die offer van die „bleke spokies” in hul „kermend’, klagend’ wee”. Die eerste reëls van hierdie gedig staan ingegrif in die monument wat Sondagmiddag, 23 Oktober 1927, in die Heidelbergse konsentrasiekamp-kerkhof onthul is:

Oorwinnaars vir ons Volk,
 Bly u van al wat beste is in ons 'n ewige Tolk;
 Nooit sal 's vyands voet u stof so diep vertrap en smoor
 Dat ons u langer nie kan sien en' hoor.⁵⁰⁾

By die onthulling van die eenvoudige kegelvormige monument het wyle dr. A. G. Visser nog die woord gevoer oor die betekenis van die gedig van Marais, maar op die gedenksteen was ook uitgrif die woorde van Visser:

Rus sag, tere Bloeisels,
 Offers van die Storm.
 Hete Moedertrane
 Het die steen gevorm.⁵¹⁾

Die twee digters is albei reeds heengegaan, maar die woorde sal nog baie storms daar in die stille rusplaas trotseer, voordat hulle nie meer leesbare getuïenis van albei se liefde vir die kinders van hul volk sal kan verskaf nie.

Die verwantskap met Visser kom ook uit in die gedig wat oorspronklik bo die skuilnaam „Niggie van A. G. Visser,” as

eerste gedig van Marais in *Die Huisgenoot*, verskyn het,⁵²⁾ naamlik die speelse *Draadlose Wiegliedjie* waarin die tydgees gehekel word. Met dieper gedagte maar tog ook met 'n element van speelsheid is die villanelle, *Hoe gou gaan die Jare verby*.⁵³⁾ In sy gedig het Marais die gees van hierdie digvorm goed gevat, soos dit deur die Engelse eksponent van die Franse oorspronklike gekenskets is:

A dainty thing's the Villanelle,
Sly, musical, a jewel in rhyme,
It serves its purpose passing well.⁵⁴⁾

Streng gemeen, is die villanelle 'n gedig van vyf tersette en 'n slot-kwatrijn waarvan die laaste twee reëls die eerste en derde reëls van die eerste terset is. Die gedig word verder gekenmerk deur slegs twee ryme, en die eerste en derde reël van die eerste terset word om die beurt in elke volgende terset herhaal. Ten opsigte van die tersette is *Hoe gou gaan die Jare verby* suiwer, maar die gedig sluit met 'n quintet. Tog doen dit nie aan die sangerigheid tekort nie.

Tot Marais se kindergedigte moet ook nog gereken word die reeds aangehaalde gediggies uit *Dwaalstories*, veral die woord- en beeldskone *Dans van die Reën*, waarin die digter die blydschap van die Korannas die neerdalende reënbui laat sien as een van hulle:

En haar krale skud,
Tot die oudste op die slaapmatte wakker skrik in die nag
En gesels in die donker;
En haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
Sy trap af van die hoogte;
Sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
Die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Ousus!⁵⁵⁾

'n Paar verse het Marais op versoek onder kinderboek-tekenings geskrywe, t.w. *Die Spinnerak-rokkie*, *Die Naaistertjie* en *Sonder*

Betaling,⁵⁶⁾ en het stellig daartoe bygedra om aan die prentjies (groter waarde te verleen.

Waarskynlik omdat vertaling minder inspanning as oorspronklike digwerk vereis het, het Marais in sy later lewensjare veral aandag aan oorsettigs uit Duits en Engels geskenk. By vergelyking met die oorspronklike gedig is dit duidelik dat Marais naas 'n getroue vertaling daarna gestreef het om die gees van die gedig weer te gee, met die gevolg dat hy in die vertaling soms 'n nuwe gevoelsnuanse tot uiting gebring het. Ons merk dit reeds in die eerste strofe van sy oudste oorsetting, die bekende *Don Quixote*,⁵⁷⁾ geskrywe na die Duitse model van honderd jaar gelede:⁵⁸⁾

Nog 'n avontuur
wat mij roem beloof!
Sien jij al die reuse,
klaar om weer te roof?
Torenhoog, misgeskape;
as jij vinnig kijk,
is dit of die rakkers
net soos meules lijk!
Met verlof, heer Ridder,
kijk hulle stip maar aan.
Dit is blote meules,
wat daar draaiend staan.

Noch ein Abenteuer,
Welches Ruhm verspricht;
Siehst du auf dem Hügel
Dort die Riesen nicht?
Tormhoch, missgeschaffen,
Drohend in den Wind,
Welche anzuschauen
Fast wie Mülen sind?
Mit Vergunst, Herr Ritter,
Kann ich da nur seh'n
Mühlen, die im Winde
Ihre Flügel dreh'n.

Ook is dit die geval met *My Liefste's soos 'n dieprooi roos*,⁵⁹⁾ 'n omsetting van die gevierde liedjie van Burns⁶⁰⁾ op versoek van die redaktrise van *Die Boerevrou* (mev. M. C. Malherbe) gedoen:

O, my Liefste's soos 'n dieprooi roos
Wat skitter in die dou;
My Liefste's soos 'n helder lied
Wat sag sy wys ontvou.
O Liefeling, net so skoon as jy,
So reik my liefde hoog,
En glo my dit sal suiwer duur
Totdat die see verdroog.

O, my luve is like a red, red rose
That's newly sprung in June.
O, my luve is like the melodie,
That's sweetly played in tune.
As fair art thou, my bonnie lass,
So deep in luve am I,
And I will luve thee still, my dear,
When a' the seas gang dry.

By 'n vergelyking van die Afrikaanse bewerking deur wyle dr. Visser en Afrikaanse oorsetting van Marais met die Engelse oorsetting van James Stephens,⁶¹⁾ tref dit mens dat Marais die kontras tussen die vreugde en wee wat die „lilie skraal en blank, so skoon en slank” besorg, beter na vore bring as sy vriend, wie se bewerking met ritme en woord meer die vreugdevolle inhou.

Taamlik vry en met 'n eie klank is die oorsetting van die drie verse met die titel *Die stille Rusplaas*⁶²⁾ uit die twaalf strofes lange gedig van Swinburne.⁶³⁾ Dit het vir Marais 'n eie gedig geword, omdat hy sy eie lewensmoetheid en verlange na die rus daarin kon verklank, soos veral die laaste strofe getuig:

Nog gloeiend' son, nog duister,	Then star nor sun shall waken,
Nog keer van aand en dag,	nor any change of light :
Nog waters sag gefluister	Nor sound of waters shaken,
Sal ooit die slaap verkrag.	Nor any sound or sight :
En soeter, sagter, vromer,	Nor wintry leaves nor vernal,
Vergeefs kom weer die Somer,	Nor days nor things diurnal ;
Want droomloos is die Dromer,	Only the sleep eternal
Verdiep in ewig' nag.	In an eternal night.

Mooi is ook die oorsetting *Die Visser*,⁶⁴⁾ wat Marais met behulp van dié vriend wat 'n mooi borsbeeld van ons digter gemaak het, van een van die gedigte van Goethe⁶⁵⁾ gemaak het. Vergelyk net die twee laaste strofes met mekaar:

Die water ruis, die water woel,	Das Wasser rauscht; das Wasser schwoll.
Benat sy naakte voet ;	Netzt ihm den nackten Fuss ;
Sy hart versmelt in sag' gevoel,	Sein Herz wuchs ihm so sehnsuchtsvoll
As by die teerste groet.	Wie bei der Liebsten Gruss.
Sy sing tot hem, half trek sy aan,	Sie sprach zu ihm, sie sang zu ihm ;
Half sak hy weifelend self ;	Da wars um ihn geschahn :
Sy eerste weerstand glad verdaan,	Halb zog sie ihn, halb sank er hin,
Verdwyn hy in die blou gewelf.	Und ward nicht mehr gesehn.

Net soos in die geval van *Die Visser* het Marais se lokstem ook vir hom te sterk geword en, soos ons dit uitgedruk vind in sy

oorsetting *Die Swarte Dood*,⁶⁸⁾ Marais het die lokstem van die dood al meer as noodlot beskou :

Dit help jou nie hoe vlug jy stoot,
My ros ontsnap geen muiter.
Ek is die snelle Swarte Dood,
Ek agterhaal die snelste boot,
En ook die snelle ruiter.

Of soos dit elders in *Die Plaasvervanger*,⁶⁷⁾ op versoek van dr. Visser vertaal, tekenend staan :

As 'n beminde stem, wat steeds 'n snoer
Van pêrels was vir jou, skielik verdwyn,
En daar 'n stilte kom, ondraagliker dan pyn

.....

Voldoende Christus, U alleen vervul die stilte weer !

Om verstaanbare redes het Marais nie veel ongepubliseerde gedigte nagelaat nie. Dis slegs enkele in Engels en Afrikaans, maar naas onvoltooide en brokkerige stukke is daar dié wat tot sy beste gereken moet word. Opnuut verras hy in hierdie gedigte wat nog nergens in druk verskyn het nie, met 'n suiwerheid van siening en woordkeuse wat loënstraffing van die bekende adagio, *poeta nascitur non fit*, onmoontlik maak. 'n Engelse gediggie wat hy 'n veertig jaar ná sy vrou se dood gemaak het, kan die strengste toets deurstaan :

Were you but here, —
No more with tears the dreadful Night
Would in my soul her sorrows pour ;
And through the curtained door
The groaning of the Earth
I'd hear no more ;
Were you but here.

Were you but Here,

Were you but here,—

No more with tears the dreadful Night

Would in my soul her sorrows pour;

And through the curtained door

The groaning of the Earth

I'd hear no more;

Were you but here.

Were you but here,—

O, high in Heaven the pulsing Stars,

Your gracious way to greet,

Would scatter all their jewelled dust

In joyance at your feet,

And through the shadows, soft & low

The happy laughter of the wind would go;

Were you but here.

Were you but here, —
 O, high in Heaven the pulsing stars,
 Your gracious way to greet,
 Would scatter all their jewelled dust
 In joyance at your feet,
 And through the shadows, soft and low,
 The happy laughter of the Wind would go;
 Were you but here.

Ander Engelse gedigte wat hy voltooi het of half voltooid nagelaat het, is *Let me not die, Home, War, When Hope the Jester Died, The Little Lady of Endor en Death*. Die eerste en die laaste hiervan gee 'n treffende beeld van die stemming waarin die digter in sy laaste jare verkeer het. *Let me not die* is 'n digtersgebed waarin sy liefde vir die natuur uitkom:

Dear God, let me not die
 Before I reach the hills I love.
 Amid the whitened faces streaming by,
 Still in my heart I can behold
 Their vestiture of blue and gold.
 I see their stately crests against the sky,
 The glory of Thy sun on high,
 The beckoning of the friendly trees.
 I hear the drowsy murmur of the bees,
 And on my weary heart,
 Peace sinks like a sigh.

Here in this throng I could not rest,
 I always loved the wild things best.

Stel daarnaas *Death* met die weemoedige, doodse slot:

Fallen silent are the Four Winds of Heaven;
 No firely weaves
 its mystic bars,
 There is no welcome
 whispering of leaves.
 And there are no more stars.

Of beluister die wrangheid in *When Hope the Jester Died* :

Slow in the night, their cassocks wide ablow,
The monks went trailing through the snow
And held their glittering candles low,
Beside the bier the abbot sat on his mule astride,
And bowed his head and hid a smile
When Hope the Jester died.

And in the tavern warm and light
The Captain swore and sang
His wicked lays until the rafters rang :
"The Dead keep warm, they say,
"Or cannot feel the cold,
"We'll kiss the maids and drink our fill,
"Here's to the rascal stiff and still.
"We'll laugh, let good or ill betide,
"When Hope the Jester died."

Pasifisties is the uiting in die kort gediggie *War*, met die volgende, waarskynlik onvoltooide, slot:

No steel can bar our purpose set,
Your mantled wall is idle threat,
Your cannon's roar an empty threat,
You deal with men who've tasted death!

Die verlange van die digter in sy lewensaand vind ons ook in 'n ander bewoording in die vry lange gedig *Home* :

I know the place ; —
Just where the river starts to race
And where within the murmur of the gorge
The old-time hunters built their forge —
Peace to their happy souls!

There let me sleep
Where all the wild things peer and peep
With silent footfalls
Round my cairn of stones.

Die mooiste van Marais se nagelate gedigte is egter *Die Nag*, wat laat dink aan Longfellow se *Hymn to the Night*, 'n gedig wat Marais soms in die stilte van die nag vir een of ander vriend voorgedra het. *Die Nag* is bedoel as 'n intermezzo in 'n lang verhalende gedig, *Mvubu*, waarvan egter net brokstukke voltooi is. In hierdie intermezzo vind mens 'n skoonheid wat alleen beluister maar nie beskryf kan word nie, omdat dit die suiwere verklanking is van die sug van 'n siel na verlossing uit felle smart:

Stille moeder van erbarme,
Droomgevuld u sagte arme,
Uit u donker oge straal
Heling vir die felste kwaal,
Leniging van alle smarte,
Balsem in verwonde harte.

Soeter, sagter, O Beminde,
Dan van sneeuverkoelde winde
Op geskroeide lippe strelend
Raak u sagte hande helend.

Diep' vergetelheid, u duurste gawe,
Breek die kettings van die slawe,
Was die bloedskuld van bevlekte harte,
Neem van snoodste onreg al sy smarte.

Ster-gekroonde, in u skrede
Bloei die leliekelk van vrede!

Hierdie leedgesuiwerde versugting gee ons 'n gewyde blik in die diep beproefde siel van die digter, maar in byna elkeen van sy

gedigte kan die hunkering na verlossing, meestal in die vorm van die dood, verneem word, omdat hy gebind is deur 'n lotsbestemming wat die soetste genot galbitter nalaat en die hoogste vlug koppel aan die diepste see. Iemand wat soveel gely het, wie sal hom kwalik neem die togenemende aandrif om van die lyding verlos te word, so gou as moontlik, soos hy dit self uitgedruk het in die sleutelgedig van sy pakkende verhaal, *Diep Rivier*:⁶⁸)

O Diep Rivier, O Donker Stroom,
Hoe lank het ek gewag, hoe lank gedroom,
Die lem van liefde wroegend in my hart?
— In jou omhelsing eindig al my smart;
Blus uit, O Diep Rivier, die vlam van haat,
Die groot verlange wat my nooit verlaat.
Ek sien van ver die glans van staal en goud,
Ek hoor die sag gedruis van waters diep en koud;
Ek hoor jou stem as fluistering en droom,
Kom snel, O Diep Rivier, O Donker Stroom!

HOOFSTUK V.

KRITIKUS.

Hoewel Marais oor jare slegs 'n enkele keer sy mening oor een of ander boek gepubliseer het, is dit noodsaaklik om in verband met die ontwikkeling en standpunt van die kunstenaar daarvan kennis te neem, omdat hy in sy boekresensies willekeurig of onwillekeurig sy standpunt teenoor sekere kunsvorme laat deurskemer het. Dergelike uitsprake, kan met reg verwag word, sal hy dan ook gedeeltelik as norm vir sy eie produkte in die verskillende genres van letterkundige kuns gebruik.

Die beskouing van Marais oor die wese van poësie, die egte ontboeseming van die kunstenaarsiel, leer mens by voorbeeld ken in sy kritiek op *Lente-Stemme*, die eerste digbundel van J. R. L. van Bruggen,¹⁾ *Gedigte* van A. D. Keet²⁾; *Kinderverse*, van Totius, vir Skool en Huis³⁾; en *Ons Oudjies*, gediggies vir die kinders deur Hilda Postma.⁴⁾

Die eise wat Marais aan homself en ander ten opsigte van poësie gestel het, was ongetwyfeld streng. Na aanleiding van sy kritiek op *Lente-Stemme* merk hy op: „Ek voel jammer om enig jong Afrikaner skrywer onnodig af te knouw. Maar v. B. is nie meer 'n seun nie, en ander konsiderasies moet ook weeg. Die ding is onuitspreeklik sleg; meestal bespottelik. Hoe so iets deur die pers kom is my 'n onuitlegbare mirakel! Om te probeer om dit op te wysel sou eenvoudig 'n misdaad teun ons toekomstige smaak en letterkunde wees. Meer dan dit kan ik nie versag nie. Doet in die opsig wat jy goed denk.”⁵⁾

Wat was dan die mening van Marais ten opsigte van hierdie eerste

digbundel van „Kleinjan” van Bruggen wat in 1919 die lig gesien het? Met betrekking tot die invloede, wat volgens Van Bruggen in sy voorwoord op hom ingewerk het, nl. die Renaissance-kuns van ná '80 in Nederland, die ideë-wêreld van die Engelse belletrie en die skone natuur van Suid-Afrika, merk Marais op: „Dit is begripelik dat iemand wat gaan sit om rijmpies te skrywe onder die diepe bewustsijn van sulke magtige en — in twee gevalle — uitheemse invloede, nie die eenvoudigste van afrikaanse liedjies sal skep nie! In sommige gevalle laat een van die invloede sijn spoor na in uitdrukkinge wat eenvoudig snaaks is.”

Volgens die kritikus is 'n ander fout van die digter die neiging om te soet en te fyn te wil wees. „Dit lijk of hij dikwels baasgeraak word deur sy begeerte om nou reg-reg poësie te skrywe. Verklein woorde marsjeer in bataljonne deur die versies. In die eerste is daar nie minder dan sewen-en-twintig nie!”

Aan die „skone natuur van ons land” het die digter dan ook die titel *Lente-Stemme* ontleen, en in verband daarmee verkondig Marais 'n kritiek wat selfs op baie van ons gediggies van vandag gebillik is: „Die skoonheid en bekoring van die “lente” is 'n onuitputbare bron van inspirasie, en verskijn al om die ander bladsij. Maar, — in óns “skone natuur” is g'n “lente” nie, — seker nie dié soort lente wat spreekwoordelik die poëtiese gees in Europa elke jaar wakkermaak. Daar is niks bij ons wat daarmee gelijk staat nie. Daarom is 't ook dat die woord in ons spreektaal uitgesterf 't. Die week na die eerste somerreëns is in ons Afrikaanse natuur die éniigste opstanding-uit-die-dode, wat in die geringste na die Europese lente lijk. Deur hierdie lenteaanbidding werd die skrywer in allerhande growe natuurfoute gesleep, wat 'n weinig afrikaanse natuur-studie vermijbaar sou gemaak 't. Bij ons is daar meer en mooier rose in die middel van die winter dan in die lentel!”

Die kritikus wys ook op 'n ander belangrike waarheid, nl. dat 'n goeie gedig nie iets is wat alleen met die nodige „inspirasie” uit die mou geskud kan word nie, na aanleiding van Van Bruggen se verklaring in sy voorrede dat die digter „onder die stoeiing van sijn aandoening nie kan vra nie: „Is mij onderwerp nie altemit teenstrijdig met die kultuur-stroom van mij volk nie? Of: In welke

meter en rym-skema sal ik mij versies maak?" Die raad wat Marais aan die jong digter gee, is dié wat hyself met sukses toegepas het: — Om 'n goeie gedig te maak „vereis meer tegniese bekwaamheid en seker veel meer arbeid. Dit kos altijd handwerk om alle spore van sukkel uit jou werk te skaaf en weg te polier. 'n Rein „geïnspireerde" lied is 'n seldsame verskynsel in die wereld-letterkunde, dat enige digter in elke gedig volmaaktheid kan bereik deur inspirasie alleen, is eenvoudig ondenkbaar. Onwillekeurig kom hier die herinnering aan die franse Duitser, de Chamisso op. Welk 'n voorbeeld van hard werk vir elke jonge Afrikaanse digter! *Al sij oorspronklike handskrifte is bijna onleesbaar tengevolge van die oneindige verbeterings.*⁶⁾ Uit sulke arbeid werd sy onsterfelike meesterstuk *Salas-y-Gomez* gebore. En die enigste invloed wat op hom gewerk het was die gees van sij aangenome volk, en — hand-werk! Leerrijk is sij eie beskrywing van hoe hij die hoogte-punt van sij ambisie bereik het, toe hij al 'n ou man was: "die kinders resiteer mijn gediggies op skool! Musiek werd vir hulle gemaak! In die huise werd hulle gesing!"

Marais is nie in alles afkeurend nie. Nee, *De la Rey* en *Beeld van Oom Paul* sowel as 'n enkele reël elders lewer „onmiskienbare bewijs van ware poëtiese gevoel en digterlike uitdrukking; al wat mankeer is die handskaaf en die sandpapier", en die kritikus sluit dan met die wens dat die verdere ontwikkeling van die digter mag gebore word uit die ou Afrikaner-invloede wat vasgewortel was al voor die Renaissance van 1880 in Nederland, en raai die digter nogeens aan om as die grondbeginsel te eerbiedig: „in die maak van 'n volmaakte rijmpie is handewerk van net soveel betekenis als inspirasie".

Hierdie gelykstelling van tegniek en inspirasie is miskien 'n bietjie te streng, maar as mens in aanmerking neem in watter tyd en met die oog op watter verbetering die uitspraak bedoel is, is dit allesins verskoonbaar.

Oor die versameling van A. D. Keet se gedigte is Marais meer waardeerend. Vir die kritikus gaan die digter se natuurgedigte egter aan meer as een gebrek mank. 'n Indruk van gemaaktheid kom

dikwels op, daar is te veel woorde sonder betekenis, en daar sit te min musiek en te veel herhalings in.

„Dit sou ongelukkig wees als elke Afrikaanse digter sulke sorgbarende symptome aan die dag lê,” meld die kritikus skertsend waar hy op die gebrek aan waarheid wys in 'n strofe soos die volgende:

“Digter is hij, wat oog en oor
tref met 'n pragtige wordekoor.
En hij hef zij stem op 'n lieflike maat
Van die more vroeg tot die awend laat.”

„Deurgaans straal daar uit die gediggies 'n hartstogtelike liefde vir taal en volk”, merk Marais verder op. “Die gedigte is dan ook rijper dan die eensnaar natuurgediggies. Treffend en tragies is seker die gedig getitel “Die twee Boodsquappers”, 'n episode uit die tijd van die vrede te Vereeniging.

„Die minnedigte het die meeste gevoel, maar ook hier sou 'n snoeimes gedeug het. Neem so 'n tandpijner soos:

„Aanbiddend om jou om.”

Die lied sê hul, is een van die swaarste dinge om te komponeer, dit moet só perfek wees: in woordemusiek gaan dit net so met die minnesang. Tog is die liedjies hemelhoog bô die sinlose gesanik wat algemeen in Engeland vir “Love songs” deurgaans, en waarvan Afrikaanse jongelui so graag voor die piano gebruik maak om uitdrukking te gee aan hul erotiese gevoelens”.

„Suidafrika het kinderversies so bitter van node dat 'n mens geneig was om “Totius” toe te juig vóór jý nog sý boekie oopgemaak het”, vang Marais se kritiek op *Kinder-Verse* van Totius aan. “Ongelukkig was desillusie druk op die spoor van die kennismaking, want die títel is ongetwyfeld 'n wanvoorstelling van die werklikheid. Watter naam hulle ook mag verdien *kinder*-versies is hulle seker in enige opsig nie. *Ouer*-versies kon hulle met meer reg genoem word, — en hieromtrent het (volgens sy inleiding) bij die skrywer self twiifel ontstaan.”

Die kritikus wys dan daarop dat dit nie „elke ouer, nie elke skrywer of digter” is wat die gawe besit om hom in die siel en gedagtewêreld van die kind in te dink nie. „Waar iemand die seldsame sienersmag besit, en tegelyk ook kan skrywe, doet hij gewoonlik niks anders als kindergediggies en stories maak — soos die onsterflike Deen, Andersen. Dié genie moet vir Suidafrika nog gebore word.”

Marais meen dan dat dit miskien onregverdig sou wees om die versies as kinderverse te beoordeel, terwyl die titel klaarblyklik 'n verkeerde voorstelling is, maar merk tog *en passant* op dat hy „die ongelukkige kindjie diep bejammer wat deur ouer of meester gedwing word om die versies te lees of te leer of aan te hoor, terwyl hij al die tyd weet dat hij buite bij die waanhuis die ou Boesman die vier lijne van “*Jan-Piet-de-Wiet*” kan hoor resiteer, of “*Daar kom die Bobbejane*”!

Dat Marais se norm vir die geslaagde kindergedig of storie ook die aangehaalde van von Chamisso was, is duidelik waar hy aan die slot van die kritiek opmerk: „Onder die invloed van die pessimistiese dampkring het Pierneef drie of vier treurkindertjies geteken, álmal van hout gemaak, en op die voorgrond van eienaardige landskappies geplaas. 'n Dogtertjie op wie die boekie getoets werd het hulle almal dadelik herken als 'n sekere soort poppie, wat sij laaste Krismis mee kennis gemaak het, — “wat nie regte hare het nie!”

Ook ten opsigte van *Ons Oudjies* deur Hilda Postma beklemtoon Marais in sy kritiek hierdie toets: „Om kinderversies te maak of kinderstories te vertel maak 'n besondere begaafdheid nodig, en die beste toets is altijd die kindleser self. Gee jou gediggie of liedjie aan die kinders. Als hulle dit *vanself* leer opsê of sing, dan het jij 'n kinder gediggie geskrywe. Ik denk die besondere begaafdheid bestaat enkel in die mag wat sommige siele besit om weer 'n kind te word, gepaard natuurlik met die meer gewone gawe om te kan skrywe.”

Nadat Marais uiting gegee het aan die klag „wat teen die meeste van ons Afrikaanse kinder-boekies ingebrew word”, nl. dat die skryfster haar werk opvat uit die oogpunt van die volwassene en nie van die kind nie, opper hy ook beswaar teen die feit dat die

skryfster soveel koppel aan die Engelse "Guy Fawkes", "Land of Nod", "Dawn's Awakening" en "Maid of Athens". „En voorwaar Suidafrika is rijk genoeg aan stof om 'n biblioteek vol kinderstories en gediggies te maak, — sonder om "Guy Fawkes" of die "Maid of Athens" onder beslag te lê! As mens herinner wat die gebroeders Grimm met die volkstories van hulle vaderland gedaan het, en denk aan die onuitputlike skat van dergelijke stof in Suidafrika, dan lijk 't of elke skrywer onwillekeurig op die regte spoor moet *gedwing* word."

Die skryfster van die bundeltjie gediggies lê „meer bepaalde talent aan die dag dan die skrywer van enige ander versameling van Afrikaanse kindergediggies wat ons sover onder die oë gekry het bewijs is daar genoeg in haar teenwoordige boekie, dat 't binne haar bereik is om kinderversies te kan maak wat sal lewe."

Sy standpunt ten opsigte van poësie het Marais later nader omskryf in sy voorwoord by die eerste druk van wyle dr. A. G. Visser se eerste versameling gedigte, asook in die *In Memoriam* wat by 'n latere herdruk opgeneem is.⁷⁾

„Orals word sy gedigte gelees en geresiteer en sy gesegdes as spreekwoorde aangehaal", verklaar Marais ná Visser se dood. Die feit dat die sanger van Suikerbosrand binne vier jaar die bekende volksdigter A. G. Visser geword het, is deels te danke aan die fyn onderskeidingsvermoë van Marais, wat in skaars 'n halfdosyn gediggies genoeg gevind het om die ware digter te onderskei; „ek tenminste het van die begin geen twyfel gehad nie dat hier 'n Afrikaner-digter is wie se skoenriem ek onwaardig is om te ontbind." Die beskeie Marais was so oortuig van die digterstalent van die Heidelbergse geneesheer dat hy met veel oorreding hom eers tot publikasie van 'n gedig in 'n Afrikaanse tydskrif oorgehaal het. Die redaksie het Visser dadelik erken as 'n digter van besondere talent en daarmee het Visser ook bevestiging gehad van die kritiese vermoë van sy vriend. In die begin het hy dan ook al sy gedigte aan Marais oorhandig wat dit aan verskillende tydskrifte, soos *Die Huisgenoot* en *Die Boerevrou*, aangebied het.

Hoeveel waarde Visser aan die kritiek van sy vriend geheg het, kan nie sprekender bewys word nie as om *As hy Kom*, een van

Visser se mees bekende Vaderlandse gedigte, aan te haal soos dit in manuskrip aan Marais gegee is om te lees, met daarnaas die finale vorm, waarskynlik ná die lees van die fragmentariese maar reguit kritiek van Marais: „Kan alleen vir 'n lied dien. Jy weet ek hou nie van die soetsapperige dinge nie; maar as jy dit nou kan omwerk, met musiek daarby, kan jy miskien 'n liefde liedjie daarvan maak, as dit is wat jy bedoel.” Die twee lesinge van die gedig is as volg:

My Beminde, ek moet na die oorlogsveld
 Waar die bomme gons en fluit.
 Op die pos van gevaar is die plek vir 'n held
 En nie aan die sy van sy bruid.
 Jou beeltnis gaan met my alom,
 My hart die laat ek hier.
 As ek kom, as ek kom, as ek eendag weer kom,
 Dan sal ons bruilof vier.

O, die stryd was so lang en die dae so bang,
 En langer elk slaaplose nag,
 Met die glans uit haar oog en die bos van haar wang,
 Het sy dae en jare gewag,
 Gewag en verwelk soos 'n treurende blom
 Wat die tuin van haar hart nie meer sier.
 As hy kom, as hy kom, as hy eendag weer kom,
 Dan sal ons bruilof vier.

Die kommando keer weer en sy soek in die ry
 Na 'n dierbare aangesig.
 Hulle ry twee aan twee, nou is almal virby;
 Uit haar wese verdwyn die lig.
 Die lied so teer herhaal verstom:
 O God! Hy is nie hier.
 As hy kom, as hy kom, hy het nie weer gekom,
 Nooit sal ons bruilof vier.⁸⁾

As die oproep weerklink: Na die strydkamp van eer
 Want die vaderland is in gevaar,
 Saal die burger sy perd op en gryp sy geweer,
 En die ure van afskeid is daar.
 Waar ek gaan, gaan jou beelt'nis, my Liefste, alom:
 Maar my hart laat ek ewiglik hier.
 As ek kom, as ek kom, as ek eendag weer kom,
 Word ons bruilof, my Liefste, gevier.

Ag die stryd was so lang en die dae so bang
 En nog banger elk' slaaplose nag
 Tot die glans uit haar oog wyk, die blos van haar wang,
 Het sy dae en jare gewag,
 Steeds gewag en verwelk soos 'n kwynende blom
 Wat die tuin van haar hart nie meer sier; —
 As hy kom, as hy kom, as hy eendag weer kom
 Dan sal liefde en trou segevier.

Al die burgers kom tuis en sy soek langs die ry
 Vir 'n lang lang verwagte gesig
 Hulle kom, hulle gaan, nou is almal verby
 Uit haar wese verdwyn al die lig;
 En die lied, soveel male herhaal al, verstom
 Hy lê ver op die slagveld van eer
 As hy kom, as hy kom ... hy sal nimmer weer kom, —
 Net verlange en hartseer kom weer.⁹⁾

Ten einde sy tegniek te verbeter het Visser en Marais verskillende vertalings uit Engels, Frans en Duits as oefening saamgemaak, en selfs daarna het Visser met die vertalinge voortgegaan. Selfs die vertalinge was sommige so mooi dat op Marais se aandrang hulle in sy versameling van gedigte opgeneem is. En wie van die vertalinge met die oorspronklike vergelyk het, sal erken dat hulle 'n welkome aanwys vir die skrale Afrikaanse letterkunde is. Vir Marais was Visser „'n skitterende ster in die dowwe hemelstraat van die Afrikaanse poësie” en wel omdat die gedigte van sy vriend

aan die ware eis van waaragtige kuns voldoen het. „Vir hulle self spreek hulle (die gedigte) en die leser oordeel self of hier iets in Afrikaans gesê word wat die moeite werd was om van die vergeetlikheid te red. Wat ook al die krietisie mag sê een feit bly gewis: die hoogste toets van die werklike waarde van 'n gedig — soos van enige kunswerk — bestaan hierin dat die leser, aanskouer, toehoorder na dieselfde werk teruggedwing word, — en wat gedigte spesiaal betref, dat hulle gelees, geleer en geresiteer word, nie omdat iemand hulle aanbeveel nie maar van weë die genot wat die leser self daaruit skep. As dit die finale toets is, kan dr. Visser homself gerusstel dat hy alreeds die meeste bereik het waarna 'n digter kan verlang. Sy gediggies en liedjies word orals in Suidafrika gelees en geresiteer.”⁷⁾

Ten opsigte van die epiese gedig in die besonder het Marais hom ook uitgelaat waar hy Langenhoven se *Pad van Suidafrika* geresenseer het.¹⁶⁾ Ter inleiding gee hy 'n goeie skets van die persoon Langenhoven en merk daarby o.m. op: „Langenhoven is ook advokaat, ik weet 't heel goed, maar hij het gelukkig langal begriip hoe g'n man met 'n siel bokant die van 'n streepmuis hom bij voortduring aan die soort werk kan gee nie.” *Sonde met die Bure* noem Marais dan „'n ding van eindelose humor, — nie gewilde en gesogte humor nie, maar jou egte Langehoven-humor, wat jou dit hier en daar fijntjes laat voel en glimlag, en dan weer dit uit-skater, omdat jij dit nie kan hou nie”, maar „*Die Pad van Suidafrika*” is heelmaal iets anders. Dit is nie in dieselfde straat nie, maar baie hoger op. Dit is 'n epos in onberijmde versmaat, die geskiedenis van die Voortrek, die betekenis van die Voortrek, 'n uitbeelding van die ontstaan van 'n Nasie, — die pad van Suidafrika. Voordat hy tot nader kritiek op die *Pad van Suidafrika* oorgaan, verklaar hy dat Langenhoven met sy *Vrou van Suid-Afrika* en *Hoop van Suid-Afrika* getoon het „dat hij 'n epiese kijk op die geskiedenis besit, 'n geestelike houvas wat groot dinge sien; en ook die vermoë om groot dinge uit te beelde. Ik verbeel mij as hij 'n beeldhouer was sou hij die leeu uitgehou 't uit die lewende rotswand, soos ik ergens in Suid-Europa gesien 't, groter as die werklikheid om 't so imposant te maak vir die mense, en fierder

ook; of hij sou 'n graniete tempel gebou 't soos dié van Karnak aan die Nijl, groter as iets anders op aarde wat mense hande ooit gemaak 't. Hij sou g'n prutserij in gips of marmer saamgedruk 't nie, g'n engeltjes met uitgespreide gipse vlerkies wat nooit vlië nie."

Marais wys dan ook op die breë en grootse opset in die geval van die *Pad van Suid-Afrika*, die duidelike tekening van die historiese verloop, en haal o.m. die woorde aan waarop Piet Retief op die eerste groot volksbyeenkoms die bewussyn van 'n nuwe nasie-eenheid uitgedruk het:

Daar mag tije kom, wat ons weer sal skei, sodat
 broer teen broer sal staan,
 die een aan die sij van die vijand strij, dat die ander
 te gronde mag gaan;
 maar deur tweedrag heen sal die éénheid blij.
 Want elke geslag neem 'n fout naar die graf,
 en die wieg wat kom bring 'n deug wat blij: g'n
 Nasie sterf ooit sij bestemming af.

Ons smaak vir die een en ander is baie indiwidueel", merk die kritikus in verband hiermee op, „en as ik moes sê, sou ik denk dat ik nie baie voel vir die breë, onberijmde verse waarin Langenhoven hier sing nie. Maar dit lijk mij 'n paar reëls daardie, wat verdien om te leef in onse letterkunde, omdat 't so mooi is van segging. Dit is die kuns wat Langenhoven bij uitnemendheid verstaan, om namelik 'n ding op kernagtige wijze te sê, en tegelijk mooi te sê. 'n Omhaal van woorde, al is die woorde ook op versmaat en rijm, en al is 't mooie woorde wat niks sê nie, beteken ook niks. Maar is dit nie vol nie, dáardie grafte met nasionale foute, en die wiegies met blijwende deugde?"

Hoewel nie so ruim nie, het Marais ook vir *Vroue Trou*, 'n toneelstukkie deur C. J. Langenhoven, waardering gehad, en ook het hy nie gekroom om die gebreke in die stuk aan te toon nie.¹⁰) Marais wys daarop dat dit sterk te betwyfel is of die heldin Mieta die goedkeuring van 'n gewone gehoor sal wegdra omdat sy

in ooreenstemming met die wens van haar oorlede aangenome vader „trots haar liefde vir Hansie; teen haar sin en met gewelddoening aan die diepste gevoelens van haar hart” besluit het om met „die akelige Jan” te trou. Eerder dan haar van vrouetrou te verdink, meen die kritikus, sal „die meeste jonge dames sterk geneig wees om haar aan die uiterste dwaasheid skuldig te verklaar.”

Tereg wys Marais ook daarop dat die skrywer die waarde van sy toneelstukkies baie sou verhoog het deur in plaas van onberymde versmaat gewone prosa die voertuig by die eenvoudige huislike atmosfeer van die stuk te maak. Daardeur sou die voorstelling ook aan waarheid win. Ten opsigte van die ontwikkeling van die intrige laat die skrywer volgens die resensent 'n kans verlore gaan „om al sijn toneel-effek te verdubbel deur 'n eenvoudige ou middel-tje te verwaarloos”, nl. om die geheim van die testament vir die toehoorders sowel as vir die karakters te verberg. Die afkeurenswaardigste van die foute in ontvouing en tegniek is vir Marais egter die karikatuuragtige voorstelling van die skurk van die stuk — „Jan is 'n roekelose wreedaard, 'n boef van die eerste water.” En „arme Hansie — die held agter die gordijn — het maar min kans om die gehoor sijn ware karakter te toon. Hij verskijn wanneer alles, so te sê verbij is” en selfs dan is daar nie eers die verwagte liefdesontmoeting tussen hom en Mieta nie.

Aan die slot van die stuk het Marais dit teen die lastige „opsij”: „Dit is in die kuns van die toneel iets — dank die sterre! — van die ver verledene; vir g'n ander doel ooit geskape dan om die waarheidskijn te vernietig en 'n gehele voorval te verniel. Buite 'n onmolike soort van klugspel of klassieke treurspel word die „opsij” nooit gebruik nie. 'n „Alleen” is al sleg genoeg — maar „opsij”! Dit vereis dramatiese kuns van die hoogste rang om 'n „opsij” enigins passabel te maak; — en dit is altijd onnodig.”

Lig word gewerp op Marais se standpunt ten opsigte van die speurverhaal, waarvan hy later self 'n bekwame skrywer geword het, in sy beskouing oor *Verborge Skatte* deur wyle Reenen J. van Reenen.¹¹⁾ Ten opsigte van die wonderlike speurderswerk van “Professor Erts” — hoogleraar in die geologie — bygestaan deur “Professor Dierkunde” — hoogleraar in zoölogie — merk Marais

op: „Dit is bekend dat elke genie in die speurder kuns 'n goedgunstige sekretaris van die aard bijderhand het: Gelukkig! want anders sou al sijn avonture verlore gaan!”

Die kritikus wys verder daarop dat „die speurder tema is onuitputlik, en sal altijd vir die meeste lesers, oud of jong, 'n sekere mate van aantreklikheid behou, en die stories in hierdie boekie (weens die Afrikaanse atmosfeer) sal seker meer dan die gewone mate van aantrekkingskrag vir Suidafrikaanse lesers besit.” Net een ding val egter nie by die kritikus in die smaak nie en dit is „dat die skrywer gebruik maak van die ouderwetse metode om sijn persone beroepsname te gee: — Professor *Erts* en Professor *Dierkunde*. In sulke stories behoort die skrywer van alles gebruik te maak wat die kuns toelaat om die waarheidskijn te versterk,¹²⁾ en onses insiens is daar niks wat sô teen die waarheidskijn van 'n storie indruis as beroepsname. In 'n storie leef die man nooit in werklikheid nie voordat sijn sijn ware naam weet. Solang sijn onder 'n klaarblyklik opgemaakte naam deur die hoofstukke heen strijk, blij sijn vir die leser 'n skadu van skaduwees.”

In *Die Brandwag* het Marais hom ook oor werke uitgelaat wat geskrywe was oor een of ander vak waarin hy belanggestel het, bv. vaderlandse geskiedenis, wetenskaplike bekamping van droogte, geologiese ontdekking ten opsigte van prehistoriese gedrogte wat sou bestaan het, en wetenskaplike ontdekkings in die algemeen.

„Waarlik as die „Burgerleeskring” niks meer bewerkstellig het, en Gustav Preller geen ander geskiedkundig werk ooit gedaan het dan om hierdie uitgawe aan die volk van Suidafrika te gee, dan sou altwee niettemin geregvaardig wees om met trots 'n „*Nunc Dimittis*” op hul arbeid te sê”, merk Marais waarderend op oor *Voortrekkermense II* deur Gustav S. Preller.¹³⁾

In hierdie verband verdien melding die politieke munt wat 'n Engelse dagblad in Pretoria geslaan het uit die kritiek van Marais op N. Levi se karakterskets van genl. J. C. Smuts. *De Volkstem* het deur Preller aan Marais die versoek gerig om 'n resensie van die boek. Marais het ingewillig en, omdat hy toe geen Hollandse snelskrywer in Pretoria kon vind nie, sy resensie in Engels dikteer en toe aan 'n Hollander-vriend gevra om dit vir *De Volkstem* te

vertaal. Dis gedoen maar die verbasing van Preller was groot toe die Engelse oorspronklike kort daarna in die Engelse dagblad oorgedruk is, waarheen dit gestuur is deur C. T. te Water, wat in 'n begeleidende briefie beweer het dat die vertaling van die Nederlandse deur die blad nie heeltemal billik is nie. Die Engelse blad het nie alleen 'n hoofartikel oor die „Devotees of Dutch” gehad nie, maar ook die inhoud daarvan saamgevat in 'n noot aan die hoof van Marais se oorspronklike kritiek:

„It would appear that this mistranslation (soos deur Te Water beweer) is due to the pernicious Nationalist habit of thinking and composing and drafting their articles for the press originally in that hateful language English instead of the beautiful Afrikander Taal. — Editor.”

Dit ten spyte van die fyt dat Marais in sy kritiek sê dat die boek meer vir Engelse lesers bedoel is: „Many of the details of Mr. Levi's account will be not only interesting but new and even startling to English readers, Not so to Afrikanders. That is perhaps why the book has made its appearance in England and why it has not been thought worth while to give even a translation to the General's own countrymen.” In antwoord op 'n private brief van Preller oor die saak sê Marais dan ook duidelik dat die snelskrywer-moeilikheid „die ware en eenigste rede is waarom die recensie nie in Afrikaans of Hollands was nie” en druk teweens ook sy spyt uit oor die publikasie van die oorspronklike, nadat hy aan die vertaler sy tevredenheid oor die vertaling in *De Volkstem* te kenne gegee het.¹⁴⁾

Selfs by die bespreking van die Schwarz-skema, soos uiteengesit in *The Kalihari or Thirstland Redemption* deur prof. E. H. L. Schwarz,¹⁵⁾ gebruik Marais die geleentheid om sy moedertaal se regte te bevorder: „Dit betaam elke Afrikaner om van naderbij kennis te maak met Prof. Schwarz en sij “plan”, want met sulke geesdrif en geloof, gepaard met werklike kennis, sal hij sij saak vër drijf in die praktiese lewe van Suidafrika. Ons sal nog baie hoor van die Kalihariplan in die toekoms. Miskien ook (mag ons dit aan die hand gee?) in Afrikaans.” Ook in sy resensie van *Contributions to the knowledge of the Reptiles of the Karroo* deur dr. E.

C. N. van Hoepen — hoewel Marais nie kan help om oor die vonds van die dele van prehistoriese drake die draak te steek nie — word dinge vanuit die Suid-Afrikaanse standpunt besien: „Die werk van Dr. Van Hoepen is fondament-werk, waarvoor later elke Suidafrikaanse natuurondersoeker hom dankbaar sal wees, — of behoort te wees! Dit is grondig en goed gedaan en mens hoop dat sy eie werk meer gewaardeer en vergemaklik kan worde, want ons het hier 'n Afrikaner wat hierdie wetenskap grondig verstaat en liefhet.”¹⁶⁾ Wat betref *Populair Wetenskaplik Leesboek III*, wat Marais aankondig,¹⁷⁾ is dit „volstrek nie uit sentimentele oogpunt alleen wat die werk van die uitgewers die ondersteuning van elke reggesinde Afrikaner verdien nie. Vir 'n groot gedeelte van ons publiek sal dit 'n opvoeding wees om die boeke te lees en te herlees.”

In later jare toon Marais hom nog as gesonde kritikus wat veral belang stel in die ontwikkeling van die Afrikaanse leestaal. Onder die opskrif „Resurgam” verwelkom hy in 1929 die eerste verskyning van *Die Nuwe Brandwag*¹⁸⁾ en verklaar die opstanding uit die tydelike graf as „kensketsend van die nuwe Afrikanergees en daarom sal *Die Nuwe Brandwag* 'n bron van besieling word vir die nuwe Afrikanergeslag, — omdat die werk in die eerste plaas uit die harte van die oprigters kom”. Hy roep hulle toe die strofe uit Schiller se *Das Lied von der Glocke*:¹⁹⁾

Das ist's ja, was den Menschen zieret,
Und dazu ward ihm der Verstand,
Das er in innern Herzen spüret
Was er erschafft mit seiner Hand.

Ook verklaar Marais dat dit passend is „dat die inleiding geskrywe is deur ons Afrikaner geskiedskrywer, die heer Gustav Preller, oprigter en laaste redakteur van die ontslapene “*Brandwag*”, wat miskien meer gedaan het dan enige ander ‘geskrewe woord’ om Afrikaans tot die peil op te voer waarop dit vandag staan.”

Ek sluit met Marais se mening oor die „uiter interessante brosjure” in Engels uitgegee, *The Achievement of Afrikaans* deur

prof. dr. T. J. Haarhoff en prof. dr. C. M. van den Heever: „Die brosjure is 'n uitmuntende geskiedenis van die Afrikaanse taal en letterkunde in die afgelope paar jaar, waarin ons taal 'n meer voorbasende vooruitgang getoon het as waarskynlik gedurende al die jare van sy bestaan voorheen. Dit is 'n boek wat in elke skool in Suid-Afrika 'n plaas sal vind, en wat elke uitlandse student van Afrikaans gedurig tot die grootste voordeel sal vind.”²⁰)

Weliswaar maak die kunstenaar self nie altyd die beste kritikus nie, maar in Marais se geval is dit waar dat hy in sy enkele kritieke getoon het dat hy sake in hul juiste verband kon waardeer, terwyl hy ook nie geskroom het om in belang van 'n gesonde ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde en taal 'n kragtige stem te laat hoor nie. Die grootste dankbaarheid oor die nagelate kritieke moet egter spruit uit die feit dat Marais ons daarin 'n regstreekse aanduiding van sy opvatting ten opsigte van die verskillende letterkundige skryfvorms gegee het.

HOOFSTUK VI.

DRAMATURG.

Dis natuurlik om in die ontwikkeling van die letterkundige kunstenaar te verwag dat die drama die laaste vorm is waarin hy sal probeer om aan sy kunsgevoelens 'n blywende gestalte te verleen. Is die drama dan nie die hoogste vorm van letterkundige kunsuiting nie, omdat dit gebore word uit die reine sintese van die subjektiewe (liriek) en die objektiewe (epiek)? Eers waar hy getoon het dat hy skone liriek en boeiende epiek kan lewer, is die skrywer geregtig om ook as dramaturg te debuteer.

Voortvloeiende uit die temperament van die kunstenaar, vind ons dat hy kuns wat wesenlik verskil, kan voortbring. Gegronde op die temperamentsverskille vind ons by die een liriese, by 'n ander epiese of dramatiese kuns op die voorgrond. In navolging van die Duitse estetici motiveer Poelhekke hierdie verskynsel as volg :

„In de veelheid der temperamenten nu, vallen naar de hun eigen reaktieneigingen ten opzichte van het artistieke „gebeuren” twee hoofdgroepen aan te wijzen. De eerste kategorie bevat hen die alle gebeuren uitsluitend op zich zelf betrekken. Zij zijn verzonken in het eigen-ik: centripetaal. Dit zijn de lyrieci. De andere kategorie is die der centrifugalen. Met wijd-open ogen omvatten zij belangstellend de wereld met haar gebeuren. Een deel van dezen weerspiegelt in de rustige geest vooral de opeenvolging en verwikkeling der voltooide feiten. Dit zijn de epici. Het andere deel speurt in alle aktie de fel meegeleefde werkzaamheid van een konflikt. Dit zijn de dramaties voelenden. Wat deze drie hoofdgroepen voortbrengen, is lyriek, epiek of dramatiek, nie krachtens de uiterlike vorm, maar krachtens de innerlike.”¹⁾

In Marais was daar 'n vereniging van liriek en epiek en waar hy die diepste sielekonflikte geken het byna se hele lewe lank, is dit jammer dat hy nie meer aandag geskenk het nie aan die dramatiese vorm waarvoor hy kragtens temperament en vermoë om sy eie innerlike worsteling te sien as die afskaduwing van die algemeen-menslike konflik, besonder veel aanleg gehad het.

Daar is drie toneelstukke van sy hand, waarvan een nog nie in druk verskyn het nie* en die ander, omdat dit 'n kinderspelletjie is, nie ernstig in aanmerking kom nie waar die toneelstuk moet getoets word aan die vereistes van 'n goeie drama, soos bv. neergelê in die definisie van dr. G. Dekker: „Die drama gee 'n direkte voorstelling van 'n natuurlike handeling wat 'n aantal deur die kunstenaar geskape karakters deurmaak; hierdie handeling is 'n reeks veranderinge wat in die uiterlike en innerlike lewe van die hoofpersone ingryp; dit dra die karakter van 'n botsing wat geleidelik ontwikkel, tot 'n klimaks styg en tot ontknoping kom en daardeur die dieper wese van die mens openbaar, sy verhouding tot sy medemens en tot die magte wat sy lot bestier.”²⁾

Die eerste dramatiese werkie van Marais het in Desember 1929 in *Die Boerevrou* verskyn onder die titel *Slaap en Ontwaking*, maar is in 1933 in boekvorm uitgegee onder die gewysigde titel: *Waar die Blomme Geur*.³⁾ Dit dateer uit Marais se Heidelbergtydperk en die stukkie is geskryf veral op aandrang van mej. Charlotte Louw, wat dan ook geredelik met die aanwysings ten opsigte van toneel en kinderkleredrag behulpsaam was.

Hierdie toneelspelletjie vir kinders in een bedryf bevat drie tonele waarin met behulp van uitbeeldende tablo's en kort resitasies deur een of ander van die simboliese toneelfigure agtereenvolgens 'n voorstelling van slaap, die lente-ontwaking en die winter-verwoesting gegee word. Dis baie eenvoudig saamgestel, maar selfs in die eenvoudige rympies vir die kinders is daar 'n suiwerheid van siening en segging wat die meevoelende volwassene ook kan waardeer. Maar in die eerste plek is dit natuurlik gediggies en 'n toneelstukkie vir heel klein kindertjies.

Ter inleiding tot die tablo waaruit die eerste toneel hoofsaaklik bestaan, verskyn daar voor die gordyn 'n seun wat o.m. die volgende resiteer:

* Wel later, einde 1937, met die titel *Nag*.

Snel, helaas! uit alle oorde
 Roep die slaap ons lokkend weer,
 En van uit die verre Noorde
 Blaas die doodswind op ons neer.

Treurig soos die geurig aarde
 Welk ons weelde en lewenslus;
 Saggies bied die koele aarde
 Sy geskenk van droomloos rus.
 Slaap ons dan tesame met die blom,
 Tot vir ons die laaste somer kom.

Wanneer die gordyn opgaan, sien die toeskouers op die verhoog 'n hoekie van die blomtuin voorgestel, met blommekinders in die middel van die verhoog gegroep, almal in verskillende slaaphoudings. Links is die insekte, ook aan slaap, gegroep en heel agter staan vier meisies wat twee-twee Somer en Winter voorstel. Regs staan die tuinman op sy graaf geleun. Op hierdie toneel verskyn die Tuinfee wat inkom en *Die Tuinman* van A. G. Visser resiteer.

In die tweede toneel (lente) kom daar geleidelike beweging en wek die Skoelapper die blomme en insekte met haar blymoedige liedjie. By is die eerste bedrywig:

Ek werk, en neem die sakkies mee
 Die beste wat die blomme gee.

Spinnekop kom dan vertel hoe hy werk:

En weef uit mis en wolkerag
 'n Sluier van die fynste sy
 Wat jy ooit in die wêreld kry.
 En smôrens as die son weer skyn
 Dan blink dit met diamante fyn.

Roos, die koningin van die blomme, beveel dan aan haar sustertjies:

Nou al die klein gesiggies skoon gewas,
 Dat ons die mense kan verras.
 Kom wys nou weer jul skoonste kleure,
 Gee aan die lug jul soetste geure.

Die een blom na die ander neem dan haar plek langs die Roos in.
 Die Sonneblom prônk :

Een ding sal niemand ooit betwis,
 Die liefde van die Son het ek gewis,
 En daarom, as ek regop staan,
 Dan staar ek hom gedurig aan.

Werklik mooi is Marais se siening van die Afrikanertjie :

Nog geur nog kleur kan ek verklaar,
 'n Arme Boerenooientjie bly ek maar,
 Met geen satyn en sy is ek bela,
 Ek moet veldskoentjies en 'n kappie dra.
 Maar ver gaan ek alom,
 Waar geen van julle ooit kan kom,
 Op hoogste berg en diepste kloof,
 Op klippe kaal in donker loof,
 En ver weg, in die sandwoestyn,
 Waar al my maatjies gou verdwyn,
 Daar, helder soos die môrester,
 Begroet ek sag die reisiger.
 En sien 'n Afrikaner my,
 Dan word sy hart weer bly.
 Hy groet my saggies op die sand,
 „Ag, Sustertjie, dit is ons land.”

Die toneel sluit met 'n tablo waarin die twee meisies wat Somer voorstel, 'n paar gepaste Bybeltekste met begeleiding van sagte musiek voordra.

Op soortgelyke wyse word ook die winter in die laaste toneel

voorgestel, waarin die Angelier die stemming van die blomme en insekte, met uitsondering van die viooltjie en die skilpadbesie, vertolk:

Vaarwel aan son en reën en dou,
Weer kom die tyd van slaap en kou.

Onnatuurlik is die kinders wat nie deur die opvoering van hierdie kinderstukkie aangenaam gestem sal word nie.

'n Paar jaar nadat hy hierdie kinder-toneelstukkie geskryf het, het Marais met 'n groot mate van sukses sy hand gewaag aan *Die Swart Verraad*,⁴) 'n spanningsdrama in vyf bedrywe, 'n stuk wat in die stad en op die platteland met groot sukses opgevoer is. Persoonlik het ek die eerste opvoering in Pretoria deur 'n amateur-geselskap onder regie van Helène Güldenpfennig besonder geniet, asook 'n tweede opvoering deur 'n span plattelandse toneelliefhebbers by geleentheid van 'n Dingaansfeesviering in Oos-Transvaal. In albei gevalle het die gehoor die opvoering op prys gestel en hoewel die smaak van die gehoor natuurlik nie as kunsnorm geneem kan word nie, sê dit darem al veel as 'n stuk meer byval by die gewone leek vind as met die meeste van ons Afrikaanse toneelprodukte die geval is.

Die Swart Verraad is 'n stuk wat altyd met sukses opgevoer kan word, want die skrywer het die algemene sug na die sensasiewekkende, na die stuk met spannende en avontuurlike verloop, goed gepols en dienoooreenkomstig 'n toneelstuk geskryf wat nie aan spanning van 'n eg-Afrikaanse aard tekort skiet nie. Die hoofmotief in die stuk is die boete wat aan gewetenswroeging betaal moet word deur Hendrik Janse van Rensburg, 'n welgestelde boer van 65 jaar wat steeds onderhewig staan aan die openbaring deur Petrus Coetzee, 'n dronkaard-padloper, van die feit dat hulle in hul jeug vir die Kaffers die waens van die blankes vóór die noodlottige Mapela-moord afgespioen het, en dat die kaptein Van Rensburg, wat tien jaar ouer as Coetzee is en die seun feitlik grootgemaak het, met sestig olifantande en driehonderd beeste sou betaal het. In die eerste bedryf word daar afgeskilder 'n

herbesoek aan die plaaswoning van Van Rensburg deur Coetzee, in weerwil van sy belofte dat hy Van Rensburg nie weer sou lastig val nie, en ten spyte van die feit dat gereeld deur 'n prokureur aan hom maandelikse stilhougeld betaal is. Weens verbreking van die belofte laat Van Rensburg die toelae staak, maar Coetzee het nie te veel sukses met sy plan om alles op die lappe te bring nie, want sy lang verlore seun — 'n welopgevoede afrigter van resiesperde — steek daar 'n stokkie voor en beraam om Van Rensburg van enige vervolging te vrywaar. Die verhaal van sekere Fouché, die enigste ooggetuige van die „swart verraad” stuur egter die plan in die war en die stuk eindig skielik waar die lamp omgestamp en Coetzee, wat op die punt was om Van Rensburg te openbaar as een van die spioene, in die oomblik van duisternis doodgeskiet word.

Naas die hoofmotief, die laaghartige verraad, het *Die Swart Verraad* as liefdesmotief die verlowing van Enon, die dogter van Van Rensburg, aan Pierre Fouché, 'n magistraatsklerk wat in sy grootheidswaan hom die posisie van assistent-magistraat toeëien, terwyl sy (Enon) tog nie haar „kalwerliefde” vir Claude de Ville, die vriend van haar studentedae en tans geneesheer van beroep, heeltemal afgesweer het nie. Die dronklap Coetzee se slinkse plan was egter om deur afpersing die huwelik van sy seun Hektor en Enon te verseker, maar die seun self verydel die plan, terwyl Claude natuurlik fluit-fluit daarin slaag om te verhoed dat Pierre Fouché huwelikskaartjies laat druk en selfs aan die Minister van Justisie een stuur.

Hoewel dit „een van die weinige Afrikaanse stukke is wat geskik sou wees om op toer deur die hele land geneem te word”,⁵⁾ moet dit erken word dat die stuk om verskeie redes nie juis 'n werklik hoogstaande drama is nie.

Ten gunste van 'n geslaagde opvoering pleit die buitengewone gegewens wat tog tipies Afrikaans is. Van die staanspoor is daar spanning en botsing en dit word met die nodige afwisseling voortgesit totdat die verrassende maar tog sielkundig moontlike slot bereik word. Uiterlike handeling is daar in die stuk genoeg en dit is tog die kern van die meeste stukke uit die gebied van die toneel

wat vandag onder die oog van die Afrikaanse publiek kom — ek bedoel die uitheemse rolprente waar 'n perverse smaak, wat nie anders as nadelig op ons tipies nasionale kuns kan werk nie, gekweek word. Die Afrikaanse publiek, veral die minder ontboemde deel op die platteland, sal die dramaturg altyd dankbaar wees vir hierdie produk wat tot waarskuwing op volksfeeste opgevoer kan word om die laagheid van die verraad van jou volk aan te toon.

Ten einde egter as 'n groot drama bekend te staan, is daar ander vereistes waarin hierdie toneelstuk tekort skiet. Afgesien van die verdienste van die stuk, moet erken word dat die *deus ex machina* 'n nog te groot rol speel, bv. die feit dat die magistratsklerk se vader skielik blyk te wees die enigste witman wat die twee blanke spioene gesien het; en dat die perde-afrigter, Hektor Coetzee, 'n boesemvriend van die Minister is. Ook is dit waar dat die hoof- en by-motief nouer bymekaar kon aangesluit het, dat sekere karakters soos Pierre Fouché, en selfs die twee Coetzees, aan die karikatuuragtige grens. Die dialoog is soms te stroef en die taal van die verskillende karakters wissel nie genoeg nie; die geestige afwisseling moes meer spontaan wees en die liefdesgepraat minder soet woordjies in gehad het.

Marais het in *Die Swart Verraad* inderdaad gestrewe na „geslotenheid van komposisie, en sy drama het daarom geword een van die beste wat ons besit. Het ons nie al genoeg gehad van die eindelose gesanik in besonderhede in ons toneelstukkies nie? Is daar nie genoeg geskrywe wat niks met die kern, die sentrale draad van die verhaal te doen het nie? Die dramaturg moet 'n fyn ontwikkelde sin hê vir die *essensiële*. Alle onderdele moet in die bestraling kom van die skrywer se eenheidsbedoeling.”⁶)

Twee kunsvorms wat albei deur geslotenheid van bou en eenheid van plan gekenmerk word, is die kortverhaal en die drama. Marais het reeds getoon waartoe hy in die kortverhaal in staat is, en dit verbaas die kenner van hierdie twee kunsvorms dan ook nie veel om te sien dat Marais by sy eerste ernstige poging om 'n drama te skep, in so 'n hoë mate geslaag het nie. Weliswaar is die slot van die stuk baie abrupt, maar dit sluit immers logies by die voorafgaande aan, en hoewel skielik, is dit nie ongemotiveerd nie.

'n Ander klag is dat daar byna geen ontknoping is nie, dat daar geen duidelik bewys is dat die bymotief — die liefde van Enon en Claude — behoorlik afgerond is nie. Maar hierdie beswaar geld nie onteenspreeklik nie, want daar is geen sprake dat Claude nie bo so 'n lamsak as Pierre Fouché verkies sou word nie. Deur iets ook aan dié verbeelding van die toeskouer oor te laat, bv. die beantwoording van die vraag wie werklik die ou Coetzee geskiet het, wend die skrywer 'n middel aan wat hy jare vantevore Langenhoven aan die hand gedaan het,⁷⁾ 'n middel naamlik om die spanning te verhoog en die eie ontledingsvernuf van die toeskouer aan te wakker, op grond van die eenvoudige sielkundige beginsel dat as iets jou intrigeer, rus jy nie voor jy 'n vir jou aanneemlike oplossing vir die vraagstuk gevind het nie.

Van sielkunde gepraat, is dit nodig om hier daarop te wys dat 'n sielkundige van beroep, dosent aan die Universiteit Pretoria, indertyd na aanleiding van die première van *Die Swart Verraad*,⁹⁾ waarvan die opbrengs ten bate van die Heldefonds van die Universiteit was, as kritiek op die „sielkundige en kultuurfilosofiese momente van die toneelstuk” die mening uitgespreek het, dat waar die opvoering met dié oogmerk geskied het, „verwag 'n organiese-denkende mens dat die kuns wat aangebied word, nie afbreek aan die heldegees van ons voorgeskiedenis sal doen nie”. 'n Verdere beswaar is dat die held van die stuk geen tragiese figuur is nie, en o.a. word dit verder betreur dat „vroue, die simbool van vrugbare toekoms en die krag van die Afrikanervolk” tot 'n minimum beperk word.

Wat die karakter van Van Rensburg betref, word daar van redaksionele kant tereg in 'n voetnoot daarop gewys: „selfs uit sielkundig gemotiveerde standpunt is die karakter van Hendrik van Rensburg inteendeel tragies geteken. Ly hy nie sy hele lewe lank aan die bittere vervolging van sy gewete nie, net soos Petrus Coetzee aan dronkenskap ten gevolge van sy verraad teenoor sy eie kleur en bloed? Is dit nie diep tragies nie dat sy dogter verplig is om doodsgeweld te pleeg ten einde haar vader te red? Ons kan maar net byvoeg dat in 'n drama die held nie liggaamlik of geestelik geheel en al ten gronde hoef te gaan nie, maar dat die handeling ook net 'n gedeeltelike ondergang kan uitwerk.”

Oor die beswaar van dr. Willemse dat die held as eertydse verraaier geen edel karakter het nie, wys die Redaksie daarop dat „deur smart word persone gelouter en o.i. is dit in hoë mate ook die geval met Hendrik van Rensburg, sodat hy die simpatie van die toeskouwer afdwing, en sy karakter dus aan die vereistes van die tragiese held in die drama voldoen.” Veral waar die verhaal in die hele toneelstuk „suiwer verdigsel is”, kan mens nie verwag dat „dramas net historiese heldefigure moet vertoon nie, want dan sou dit ontrou wees aan lewenswerklikheid wat ook in kuns ’n vereiste is.”

In verband met toneelaanwysinge lewer *Die Swart Verraad* moeilikhede op, maar met ’n bekwame regie kan te veel toneelverandering vermy word sonder dat die gang van die spel daardeur skade sal ly. Die skrywer self gee dit as „’n noodsmiddel” in sy voorwoord aan die hand. Geringe wysiging in die toneelvoorskrifte, sonder om die tydverdelinge te skaad, doen nie aan die gehalte van die opvoering afbreuk nie.¹⁰⁾ Die skrywer het natuurlik die oog gehad op ’n verhoog waar toneelveranderings nie eindelose hoofbrekens aan die regie besorg nie.

„Veroorloof my u van harte geluk te wens met die skitterende opvoering van die *Swart Verraad*”, skryf Marais ná die première aan die regisseuse, mej. Helène Güldenpfennig. „Ek erken dat my oordeel meestal uit die tweede hand is, maar die getuienis was eenparig! Wil u so goed wees om my gelukwense en dank aan die spelers oor te dra. By die proefopvoering kon ek baie foute bespeur, maar ek kon ook sien dat almal aan die skrywer van die drama te wyte was en nooit aan die regisseuse of spelers nie. Baie dankie.”¹¹⁾ Die beskeidenheid van die skrywer het hom naamlik nie toegelaat om die aand by die opvoering in die stadsaal aanwesig te wees nie, hoewel joernalistieke vriende alles in hul vermoë gedoen het om hom oor te haal om te kom. Hy het alleen een toneel oefening bygewoon, dié een waarvan in die brief aan die regisseuse melding gemaak word.

Twee weke later skryf Marais in antwoord op ’n brief van mej. Güldenpfennig dat hy „seer gaarne en haastiglik” haar ’n voorstel wil maak: „Ek is nou besig met my tweede toneelstuk. Saterdag

het ek die ontwerp aan 'n criticus voorgelees aan wie se opinie ek die hoogste waarde heg. Hy was buitensporig opgewonde oor die stuk en het my herhaaldelik die versekering gegee dat dit die beste werk van die aard is wat nog ooit in Afrikaans sal verskyn het. Ek laat my nie deur sy hartstogt naar die hoogtes vervoer nie maar ek voel self dat dit die beste werk sal wees wat ek nog ooit gedaan het. Nou is my voorstel dit : Ek sal u die stuk oorhandig — die alleenreg. Maar ek wil hê dat u 'n geselskap op die been stel wat die stuk deur geheel Suid Afrika sal kan opvoer, en ek verlang 'n redelike aandeel in die profyte."¹²⁾

Hierdie tweede toneelstuk waaraan Marais in Julie 1933 begin het, het nie voor begin 1936, toe hy in 'n laaste onderhoud¹³⁾ die manuskrip aan die skrywer hiervan oorhandig het met die versoek om dit vir die pers gereeds te maak, klaargekom nie.

Dié laaste toneelwerk van Marais dra die kort maar suggestiewe titel, *Nag*. Dis 'n drama in vier bedrywe en speel „gedurende 'n periode van Afrikaner ontwikkeling waaraan die oorlog (Tweede Vryheidsoorlog) 'n verpletterende einde gemaak het".¹⁴⁾ Die plek waar die handeling aan die begin van die derde oorlogsjaar plaasvind, is die kombuis — ook as eetkamer ingerig — van die plaas Diepkloof, geleë in die eensaaamste en mees onbereikbare deel van die woeste Kransberg in Noord-Transvaal en om die rede tot dusver nog nie deur die vernielende Engelse kolonnes ontdek nie.

Hier tree as *dramatis personae* op Constantia van Eeden, die sewentigjarige eienares van die plaas; Marie van Eeden, haar kleindogter (22 jaar); Sophie van Helsdingen, aangenome dogter van Constantia en drie jaar jonger as Marie; Gert Visser, bejaarde bywoner; Wouter de Lannoy, Boeregeneraal en bevelvoerder van 'n kommando in die noorde; Ryk de Ridder, luitenant in die Staatsartillerie, adjudant van Generaal de Lannoy en verloof aan Marie; Mias Misry, persoonlike bediende en rapportryer van De Lannoy; Lodewyk Hendriks, Boer in diens van die Engelse as kolonel in bevel van „Rooikoppe", sg. National Scouts; en Piet Hendriks, seun en adjudant van laasgenoemde, sowel as 'n paar „Rooikoppe".

Die dreigende gevaar van ontdekking deur Engelse spioene blyk duidelik waar die eerste bedryf 'n aanvang neem in die vroeë oggend

waarin Marie besig is om as eerste werksaamheid 'n kombers voor die kombuisvenster te spyker, nadat haar ouma die vorige dag die soekligte van 'n Engelse kommando op die spoor van Genl. de Lannoy en sy manne die lug sien deursoek het. Die spanning word verhoog deur die vreesagtige vrae van Sophie wat 'n wreedaardige aanval van gewapende Kaffers in diens van die Engelse op die weerlose vroue vrees, die berig van Gert Visser wat met die melk binnekom dat die boerekommando so goed as vasgekeer is, die droom van Constantia in die nag, en die ontploffingsgeluide wat vertel dat daar buite tussen die berge die Boere en die Engelse slaags geraak het.'

Die toneel bly onveranderd in die tweede bedryf waar ons aan die aand van dieselfde dag van die eerste bedryf Constantia van Eeden, Marie, Sophie en Gert Visser in 'n atmosfeer van vrees en verwagting rondom die es aantref. Hulle wou net boeke vat voor hulle gaan slaap toe Marie, getref deur die onnatuurlike stilte buite, ondersoek daarna wil laat instel. Gert Visser beskou dit as onnodig maar nadat Marie die drie pistole gelaai het, hang sy 'n donker kombers om haar wit tabberd en gaan self na buite. Ná 'n aansienlike pose keer sy terug en sê dat sy haar verbeel het dat sy 'n klein liggie 'n oomblik in die rigting van die kransvoetpad gesien het. Haar opmerking oor die doodse stilte buite en die vraag aan haar ouma wat die oorsaak van die gebrek aan die minste geluid daar buite kon wees, ontlok aan Constantia 'n aangrypende verhaal van 'n kafferaanval tydens die Katlagter-opstand, toe haar moeder en sy as kind die geluid van waldhorings en oorlogstrommels in net so 'n nag van vreeslike stilte verneem het.

Terwyl sy nog met die aangrypende verhaal besig is, word daar skielik 'n harde geklop aan die agterdeur verneem. Constantia ver-geet oombliklik haar verhaal en tref dadelik voorbereidsels vir verdediging, indien dit moontlik gewapende kaffers of vyande kon wees. Marie maak eindelijk die deur oop en laat Mias Misry binne, sy hoof toegedraai in 'n bloedbevlekte hemp. Nadat hy hom oortuig het dat hy onder vriende verkeer, vertel hy van sy swaar gewonde veldkornet vir wie hy op las van die luitenant herberg en verpleging moes kom soek. Marie vind gou uit dat die luitenant niemand

anders as haar verloofde, Ryk de Ridder, is nie en gou daarna word 'n besem met 'n wit bandjie daaraan buite gesit om aan die luitenant te vertel dat dit veilig is. Bloedverlies blyk uit die houding en gesprek van Mias en by die aanskou van sy bloeddeurdrenkte sakdoek waarmee hy eerste by was om sy gewonde offisier by te staan, bars hy in trane van aandoening maar meer van oorspannenheid uit.

In die tweede toneel van dieselfde bedryf, 'n uur later, is Misry besig om te vertel hoe hulle aan die vervolging van die Engelse in die vroeë oggend met verlies van hul perde ontkom het. Sy verhaal word onderbreek deur die verskyning van Ryk de Ridder in die agterdeur. Ná hy haastig gegroet en homself oortuig het dat dit veilig is, deel hy mee dat hy 'n gewonde veldkornet by hom het. Hy gaan hom buite haal en by sy verskyning aan die arm van die luitenant herken Marie die veldkornet as niemand anders as Generaal de Lannoy nie. Constantia verseker die Generaal dat so-lank as Diepkloof staan, hy daar 'n herberg sal vind en die voorhang sak waar Ryk en Mias die swaar gewonde generaal deur die huisdeur na die slaapkamer help.

By die aanvang van die derde bedryf, tien dae later, blyk dit in 'n gesprek tussen Marie en Ryk dat laasgenoemde intussen erg jaloers geword het op die wyse waarop Marie aandag en sorg aan die Generaal bestee het. Ryk vertrek vererg en vergeet in die haas sy verkyker wat hy op die spioentog nodig sou kry. Die Generaal verskyn daarna op die toneel en bedank Marie in eenvoudige woorde vir die goeie verpleging. Sy laat haar met 'n soen bedank, maar op die oomblik verskyn Ryk, wat teruggekom het om sy verkyker te haal, in die deur. Ryk vertrek in woede voordat die misverstand uit die weg geruim kon word. Marie is bedroef en die Generaal troos haar met die versekering dat as hy vyf minute met Ryk gepraat het, alles weer sal regkom.

In die volgende toneel, die middag van die volgende dag, gaan die voorhang op waar die Generaal besig is om saam met Mias 'n kaart van die omtrek te bestudeer, terwyl hy sy verwondering uitspreek oor die feit dat Gert Visser en Ryk de Ridder nog nie van die verkenningstog terug is nie. Gert Visser daag kort daarna op

en deel mee dat Ryk hom alleen van die drif terug gestuur het waar hulle 'n kafferspioen ontwapen het. Ryk het die hele pad niks met Gert wou praat nie en sonder 'n rede te gee by die kaffer agtergebly. Marie gaan saam met Gert Visser die huis uit en kom verwilderd terug met die boodskap dat daar twintig Rooikoppe oor die kliprand na die huis toe aankom. Hulle sou egter van twintig minute tot 'n halfuur neem om die huis te bereik.

Die Generaal meen dat hy en Mias by die gewel van die waen-huis dit moet gaan uitveg, sodat die vrouens nie in gevaar sal kom nie, maar Marie kom met die plan voor die dag om die Generaal in haar ouma se doodkis te laat wegkruip en Mias hom as haar doofstom broer te laat voordoen. Haastig word voorbereidsels getref en met die koms van die Rooikoppe word hul aanvoerder, kol. Hendriks, en sy adjudant so gunstig deur Constantia en Marie beïnvloed dat die kolonel selfs belowe om die vrouens nie kamp-toe te laat voer nie. Die patrollie vertrek en almal verheug hulle saam dat die gevaar verby is.

In die vierde en laaste bedryf is almal met uitsondering van Gert Visser en Ryk de Ridder om die tafel by die kaart vergader. Gert kom binne met twee emmers melk en moet tot sy verbasing hoor dat die Rooikoppe intussen daar was, maar dank sy Marie se goeie plan niks gekry het nie. Hy word gevolg deur die sleepvoetende Ryk de Ridder wat sy geweer aan die Generaal oorhandig en vertel van die verraad wat hy gepleeg het deur 'n kafferspioen mee te deel hoe om die Generaal te vind. Die Generaal kon die omslagtigheid nie verstaan nie en vra Ryk waarom hy hom dan nie self op die plek doodgeskiet het nie. Die werklikheid van Ryk se verraad het intussen tot Mias deurgedring en hy wil met alle geweld Ryk daar en dan tereg stel. Met groot moeite word die rewolwer van hom afgeneem en terwyl hy op die agtergrond in 'n stille spel met Sophie betrokke is, doen Marie die belydenis dat sy eintlik die skuldige is. Toe verstaan die Generaal en besef die warboel van die mensehart. Hy sê dat hy miskien eerste teen die muur sal moet staan as daar veroordeling moet wees. Hulle het hulle te lank by die gloed van huislike liefde verwarm. Dis tyd om te vertrek. Daar word bewoë gegroet. Ryk groet ook

die een ná die ander maar stuit voor Marie. Hy weifel 'n oomblik, maar toe sy nader tree, groet hy haar in 'n versoenende omhelsing.

Nag, hierdie verdigte drama uit die geskiedenis, het bepaald die Afrikaanse letterkunde verryk. Soos in al sy letterkundige geskifte gee Marais ook hier voorkeur aan die eiegoed en beeld situasies uit met 'n liefde van 'n ware kind van Suid-Afrika. Die lotgevalle in die plaaswoning op Diepkloof is geput uit dieselfde ryke verbeelding wat veral in die kortverhaal hom intrige-bouer by uitnemendheid getoon het. Daar is bepaald verbetering op *Die Swart Verraad* te bespeur. Behalwe in een of twee gevalle is die dialoog beperk tot die essensiële en selfs waar die mededeling van een of ander gebeurtenis dit noodsaaklik maak dat een karakter lank aan die woord bly, het Marais gesorg vir afwisseling deur tussenwerpsels, vrae en ook deur die spannende atmosfeer wat langere mededelings nie onvanpas maak nie. Die skrywer behoort met die hulp van goeie spelers daarin te slaag om sulke langere mededelings nie tot vervelendheid nie, maar inteendeel tot suksesvolle ontwikkeling en ontknoping te laat bydra. Meer as in sy vorige toneelstuk het Marais gestreef na eenheid van handeling en die konsekwente nakoming van die strewe het die Afrikaanse letterkunde 'n drama gegee wat selfs voor 'n kritiese gehoor goed opgevoer kan word.

Marais het ook goed gesorg vir die nodige verskeidenheid in die karakters. Aanvanklik kom 'n karakter soos Mias Misry bietjie karikatuuragtig voor, maar as in aanmerking geneem word dat hy die eerste keer optree as een wat aan die hoof verwond is en later sy eienaardige optrede as natuurlik voortsit, raak die toeskouer met die karakter versoen. Wat ten opsigte van Mias waar is, geld ook van die ander. Dit is nie die geval bv. dat hulle almal die taal van Marais praat en die sinsbou van die skrywer gebruik nie, maar beide in optrede en spraak is hulle van mekaar onderskeie. Marais het in hierdie stuk sy kennis van die plattelandse Afrikaner van die vorige geslag goed te pas kon bring.

Van iemand met die temperament van Marais sou mens 'n ernstige drama kon verwag. *Nag* is dan ook een wat aan die verwagting voldoen. Treffend is dit egter dat waar die hele stuk

teen 'n agtergrond van lewensgevaar afspeel, Marais die karakters in die oog van die dood nog laat glimlag en skerts. Daarmee het Marais dan ook die hand gelê op die pols van die Afrikaner wat teen 'n geweldige oormag gestry het en nie moed verloor het nie, en aangevoel met watter krag die heldehart die are vul. Tussen die ernstige verwikkeling van die drama tref ons eg-Afrikaanse grappies aan wat meehelp om die spanning te verlig, maar nie die gang verstoor nie.

Wat mens by die lees van die drama tref, is die natuurlikheid van die gebeure. Daar kan geen oomblik getwyfel word aan die werklikheid van die handeling nie. Daar is geen gesogte situasies nie. 'n Mens voel geneig om die hele toneelstuk as 'n historiese feit te aanvaar, nie maar net as 'n verdigte verhaal teen 'n historiese agtergrond nie, so realisties en oortuigend is die skrywer in bou en intrige.

Wat die optrede van die karakters betref, kan daar miskien beswaar ingebring word teen die feit dat daar nie veel gegee word om die jaloerse houding van Ryk de Ridder te regverdig nie. Maar as in gedagte gehou word dat daar tien dae van verpleging verloop het, dat Marie die portret van die Generaal bo haar bed gehad het, dat met die gedurige sorg wat sy aan die Generaal bestee het terwille van sy waarde vir volk en vaderland Ryk nie soveel van haar aandag gehad het as wat hy graag sou verlang het nie, en dat daar ook tog iets aan die verbeelding van die leser en toeskouer oorgelaat moet word, is dit tog nie besonder ongemotiveerd nie.

Eweneens is die houding van die Generaal teenoor die verraaier van sy skuilplek verstaanbaar waar hy in sy binneste besef het dat ook hy verraad teenoor Ryk in sy hart gepleeg het, hoewel die kiem nie soos by Ryk tot rypheid gekom het nie.

'n Verbetering op *Die Swart Verraad* is dat hoewel vuurwapens nie van die toneel geweier word nie, daar geen skietery op die verhoog plaasvind nie, iets wat ten alle tye nie presies die gewenste uitwerking op spelers en toeskouers het nie. Weliswaar sal daar moeilikheid wees om die geluid van die verskillende vuurwapens waarvan in die eerste bedryf sprake is, agter die verhoog na te

maak, maar so 'n moeilikheid is darem nie onoorkomelik nie. Ten opsigte van die toneelaanwysigings is daar hier en daar verskil van mening moontlik, maar dit is van so 'n geringe aard en kan gewyt word aan die afkeer van baie teen te groot emosiespel en gebrek aan ingetoënheid op die verhoog. Maar daar die omstandighede dit regverdig, kan die skrywer nie van ernstige oordrywing verwyt word nie.

Waar Marais besonder aandag aan die skryf van *Nag* gewy het, kan ter samevatting gesê word dat hy in die tyd sy talent by die opstel van sy laaste belangrike letterkundige werk volle spel verleen het en dan ook 'n dramatiese werk geskep het wat sy naam waardig is. Hierdie toneelstuk behoort met nog groter sukses as *Die Swart Verraad* opgevoer te word, veral waar dit sal verskyn in 'n tyd waarin daar op letterkundige gebied herleefde belangstelling in die worsteltydperke van die Afrikanernasie te bespeur is. Ook in hierdie geval het Marais, hoewel hy 'n allenige pad bewandel het, nie verband met die hunkering van die volksiel verloor nie, die begeerte naamlik om die toekoms te bou op wat groots en verhewe in die eie verlede is.

In die laaste paar jaar van sy lewe het Marais hom dus in twee toneelstukke ook kunstenaar op die gebied van die drama getoon. Die werke wat hy gelewer het, verdien die waardering van elke Afrikaner wat in ons letterkunde belangstel, want Marais het uit die wye en diepe lewenservaring van 'n volle leeftyd geput en aan die jongeres sprekende voorbeelde nagelaat van die wyse waarop ook hulle die siel van die nasie van gister aan die volk van vandag tot besieling moet oorhandig. Marais was nie in die eerste plek toneelskrywer nie, maar elkeen wat *Die Swart Verraad* en *Nag* ken en sien opvoer het, sal hom ook 'n plek in die Afrikaanse skrywersnisse as dramaturg toeken.

HOOFSTUK VII.

WETENSKAPLIKE PROSA.

Nie alleen was Marais een van ons suiwerste digters nie, maar op die gebied van die wetenskap sal Afrikaners hom onthou as een van ons begaafste natuurkenners. Nes op die gebied van die Afrikaanse letterkunde het daar geen algemene erkenning vir sy wetenskaplike ontdekkinge gekom nie, hoewel ten opsigte van sy ondersoekings en die formulering daarvan dit duideliker is waarom hy nie die waardering gevind het waarop hy geregtig is nie.

Die verklaring lê voor die hand. Terwyl die Afrikanernasie reeds in 'n groot mate opgevoed is tot die lees van sy eie letterkundige produkte, is daar tot vandag toe op die gebied van die wetenskap — met uitsondering van handboeke wat geskryf is om in die behoefte van skole te voorsien en meestal vertalings of kompilasies is — min geskrifte in Afrikaans wat van oorspronklike ondersoek getuig. Opmerklik is dit dat in baie gevalle, selfs aan erkende Afrikaanse universiteite, die wetenskap alleen proefskifte in Engels lewer.

Ook op hierdie gebied het die Afrikaanse volk Marais as baanbreker nodig gehad. Sy wetenskaplike publikasies was wel nie die eerste in Afrikaans nie, maar met syne het die Afrikaanse taal 'n verryking ondergaan waardeur selfs vanuit die antipatieke buiteland erkenning moes kom vir die feit dat Afrikaans ook bevoeg is om as medium te dien vir oorspronklike wetenskaplike ondersoek, veral met betrekking tot verskynsels wat Suid-Afrika eie is op die terrein van die diere-, insekte- en plantewêreld.

Met enkele uitsonderings, waarop later teruggekom word, het

Marais al sy wetenskaplike geskifte in Afrikaans opgestel. Hy het dit nie gedoen omdat hy hom die maklikste in Afrikaans uitgedruk het nie. Intendeel, hy was so goed vertrouwd deur studie en gebruik met die Engelse wetenskaplike idioom dat dit soms vir hom 'n versoeking moet gewees het om nie die weg van gemak en die grootste reklame te kies nie. Toe daar van 'n Duitse vertaling van *Die Siel van die Mier* sprake was, merk Marais in 'n brief op: „With reference to the proposed publication in Germany I shall without question have to revise and recast the articles. They were written primarily for people who knew nothing about these things. I was continuously influenced (while writing them) by the “unconscious idea” that I was writing for children. This atmosphere will have to be removed for the European edition.”¹⁾ En met die onlangse vertaling van dieselfde termiet-artikels in Engels deur die Afrikaner dr. Winifred de Kok,²⁾ skryf sy aan Marais: „I can quite understand your feeling about writing only in Afrikaans. I find that ten years or longer of life in England has awakened all the feeling for Afrikaans that was dormant while I lived in South Africa. I love reading Afrikaans now — it is a beautiful language and I'd like to be able to write in it.”³⁾

Volgens sy eie verklaring het Marais sy lewe lank „vreeslik gehou van die idee van opdroog, so lewendig het ek dit voor my gesien dat ek daar opgewonde van geword het.”⁴⁾ By herhaling gee hy in sy geskifte blyke van hierdie voorliefde, en dan nie in die vorm van eie wetenskaplik-filosofiese bespiegeling oor die toekomsmoontlikhede nie, maar met blyke van sorgvuldige waarneming van natuurverskynsels en met inagneming van navorsing deur ander op die gebied van die Suid-Afrikaanse weerkunde gedoen.

Marais se eerste artikel oor die opdroog-verskynsel het 'n buitengewoon wye en vername leserskring gehad. Na aanleiding van 'n uitgebreide briefwisseling oor die saak in die amptelike landboublad van die Unie verskyn daar in Februarie 1914 die artikel „*Notes on Some Effects of Extreme Drought in Waterberg* by Advocate Eugène N. Marais, R. J. P., Rietfontein, Waterberg.”⁵⁾ Die waarnemende redakteur van die blad, mnr. H. J. Choles, F. S. S.,

teken oor die skrywer die volgende aan: „Mr. Marais is a careful observer and an interesting and instructive writer, and we recommend a careful perusal of what he has to say in regard to the changes that have taken place in the Waterberg District of the Transvaal during the time it has been known to Europeans. We would not regard Mr. Marais as a pessimist, but he evidently finds optimism difficult in the face of what he has observed and records.”⁶⁾

„In hierdie betoog”, so som Marais self later⁷⁾ die inhoud en uitwerking van die artikel op, „werd vir die eerste maal die bewyse uiteengeset dat droogte, oor ’n groot gedeelte van Suid Afrika, toenemend was en dat al die feite ’n pessimistiese vooruitsig skyn te regverdig. Hierdie skrywe had in die algemeen ’n ongunstige ontvangs in Suid Afrika gehad. Die algemene gevolgtrekking in die artikel gemaak, werd hewig (in die Engelse blaaie virnaamlik) bestry, en die skrywer werd persoonlik aangeval oor die skade wat hy deur sulke uit die lug gegrepe beweerings, Suid Afrika sou berokken. Vandag word al die gevolgtrekkings destyds in die artikel vervat as onbetwisbare waarhede deur geheel Suid Afrika aangeneem.

„In Amerika het die artikel ’n belangstelling verwek wat vir die skrywer self ’n groot verrassing was. Deur bemiddeling van Generaal Smuts (destyds Eerste Minister) het die Smithsonian Institution (’n wêreldberoemde wetenskaplike inrigting) verlof van skrywer en van ons regeering ontvang om die stuk in die jaarverslag van die Institution te herdruk, wat onder toesig van ’n regeerings departement geskied.⁸⁾ Ook werd dit in boekvorm apart uitgegee en aan lede van die Amerikaanse Volksraad en Senaat uitgedeel asook aan wetenskaplike vereenigings deur die gehele wêreld. Die theorieë deur skrywer aanvaard, werd van die meest onverwagte kante ondersteun. Die wêreldberoemde Franse astronoom Flammarion, onder andere, het daarop ’n verbysterende voorspelling gegrond: dat die gehele aarde aan uitdroë is omdat ’n ontsettende hoeveelheid water elke jaar vir eeuwig verlore gaan, deur opsplitsing van die onderaardse waters in die sentrale vure en die verdwyn van verdampte water in die oneindige ruimte. Hieruit het hy afgelei dat net so as die planeet Mars en ons maan, sou die aarde binne berekenbare tyd ’n waterlose en lewenlose woestyn wees!

„In genoemde artikel het skrywer sig nie op die oseaan van mogelike oorsake en molike middels gewaag nie. Die belangstelling wat genoemde artikel buite Suid Afrika geniet het, was juis te wyte aan die feit dat skrywer getrag het om te bewys dat die onbekende oorsaak van ons toenemende droogte (wat dit ook al mag wees) nie tot die vasteland van Afrika beperkt was nie, veel minder tot Suid Afrika, en dat derhalwe geen middel wat hier sou kan aangewend word waarskynlik van enige waarde sou wees.”

Marais gaan dan voort „om weer, na al die jare, die sienswyse van skrywer hier te herhaal, met aanhaling van nuwe bewyse wat intussentyd opgedaag het”, nl. dat daar voldoende geologiese en historiese bewyse skyn te wees dat al die groot vastelande van die aarde aan toenemende opdroging blootgestel is. Die wetenskaplike waarnemings van die Sweedse reisiger, Sven Hedin, word aangevoer om die uitbreiding van die woestyngebied in Asië aan te toon, terwyl Amerikaanse navorsers ook onlangs vasgestel het dat die tans ongenaakbare Gobi-woestyn binne 'n geologiese tydperk water-ryk moet gewees het. So ook word voorbeelde aangehaal om te bewys dat 'n algemene vermindering van die natuurlike water-voorraad oor die hele wêreld te bespeur is.

„Welke hoop is daar vir middels wat die mens kan aanwend wanneer miskien die oorsaak van ons droogtes in die getydlike swaai van ons sonnestelsel geleë is”, is Marais se slotsom. 'n Paar jaar gelede het ek egter iets in Waterberg opgemerk wat myns insiens 'n bron van hoop lewer op die plaas Deadbeat is daar deur uitspoeling walle van die rivier Magalakwen blootgelê myle in lengte en van 40 tot 50 voet hoog. Die walle was vroeër die bedding van die rivier — eeue tevore. Die walle bestaan uit reelmatig wisselende lae — fyn sand en rivier klippies. Met 'n maatstok sou dit onmoontlik wees om die laë meer gereeld neer te lê. Daar is 'n klippieslaag ongeveer twee voet dik, dan 'n sandlaag van drie voet, deur die gehele lengte van die myle-lank wal. Wat het die wisseling veroorsaak gedurende die afgelope eeue wat die rivier hierlangs gespoel het? Die antwoord is nie ver te soek nie. Dit gebeur vandag nog op kleiner skaal. Gedurende die groot

reen jare wanneer die rivier herhaalde male vol word, word 'n laag klippies afgespoel wat die sand van die rivierbedding vir groot afstande bedek en alle holtes opvul. Die fyn sand word na die see weggespoel. Die getuienis van die uitgespoelde wal op Deadbeat gee aan die hand dat die wisselende periodes vyftig tot sestig jaar geduur het. Ons het staving van hierdie feit in die jaarringe van bome ook gevind. Daar is dus rede om te hoop dat ons op die drempel staan van 'n lang periode van oorvloedige reen, — indien hierdie gevolgtrekking juis is, en indien die proses nog voortgaan!"

'n Uitvoerige sitaat soos bostaande, sowel as artikels waarin Marais persoonlike herinneringe omtrent die natuurstaat van plekke soos Waterberg en Boshof in vroeër dae meedeel,⁹⁾ laat genoegsaam blyk dat die proses van verdorring in die natuur hom kragtig beetgepak het,¹⁰⁾ waarskynlik omdat dit vir hom dieselfde onverbiddelikheid vertoon het as die verwording wat hy in sy eie binneste ervaar het.

Marais se belangstelling in vergelykende sielkunde — 'n uitvloeisel van die toepassing van die Darwinistiese veronderstelling op die gebied van psigologie — het hom gevoer tot noukeurige waarneming van die lewensverskynsels in die organiese wêreld van die plante, insekte, laer en hoër diersoorte en die mense. Watter uitkoms die studie gehad het, vat Marais op karakteristieke wyse saam als volg:¹¹⁾

"We set out to study the behaviour of our baboons in the first instance. I had prepared myself by a three years course in nervous disease and abnormal psychology. In Waterberg we lived among a wild troop for over three years. We realised at once that we had an opportunity here which no previous observer of primate behaviours had ever had, for the one great reason that our baboons have a *home*. i.e. sleep in one place. We tamed them sufficiently to render the closest contact possible and safe. We named and numbered each adult of the troop and knew each individually. It was here that we first came into contact with the communal mind. We realized in time that the troop was dominated by a psyche which resided in no single individual. It induced behaviour which, in the case of human society, we call "moral",

"altruistic". We could end this conduct by separating an individual from the troop. We saw and demonstrated experimentally that the "unselfishness" of the "moral law" was in reality the intense selfishness of the communal mind, which, in its own self-defence, never hesitated to sacrifice a whole succession of individuals.¹²⁾ It was the study of this communal soul which sent us to the termites. Its manifestation here is much more easily comprehended since it is not interfered with by the activity of the individual soul and *resides in a single individual*.¹³⁾ It was interesting to note that, although the communal soul in the case of the baboons did not centre exclusively in a single individual, kingship was nevertheless essential to its functioning. In the majority of wild troops which we investigated there was a single leader, whose destruction dislocated the functions of the communal mind. But single leadership was not an invariable rule. Our own troop was dominated by a council of ten old males and one barren homosexual female (with secondary male characteristics).

„You will see, therefore, that our interest in the behaviour of insects and plants¹⁴⁾ was quite incidental to the real investigation which we were making, and you can never imagine into what divergent lines of study it repeatedly side-tracked us. And we were working all the time (from one point of view) under the most disadvantageous conditions, — of which I shall tell you something later on. Let me tell you something of one of these side-lines and this will also serve to inform you of the greatest of our discoveries. (We *did* discover a number of things that are new to science):

In testing young baboons for hereditary memories ("instincts") we discovered a remarkable state of affairs. We found that a large percentage were utterly devoid of them. A few on the other hand had hereditary environmental memories, but nothing like what you find in the lower mammalia. It seems incredible but it is nevertheless true that a number of our young baboons, reared in captivity, had no 'instinctive' orientation of the sexual sense, — the most persistent and universal of hereditary memories. In the course of time it became quite clear that the baboon was psycho-

logically in a state of transition. It was losing the mind of hereditary memory and acquiring the mind of individual causal memory. There were two questions which demanded solution :

(1) Why? — what benefit was there in this new mentality that it should be selected? (2) What became of the old mentality? Quite clearly it was associated with the older portions of the brain, just as surely as the new mentality was associated with the development of the cortex. With reference to the first the solution is this: In all great continents — like Africa and Central Asia, — where there are frequently profound changes in natural conditions, it is of the greatest value to a species to be able to change its environment. It must be able to do one of two things: to immigrate to a new environment or to adapt itself psychologically to the changed one. It is quite unable to do this as long as it is chained by the mind of hereditary memory. (We saw the springbucks exterminated on the Flats in Waterberg because they could not acquire sufficient individual causal memories to enable them to live in the Bushveld which surrounded them. A single line separated them locally from absolute safety and they could not cross it.) It will be quite evident to you that two things must happen to enable a species thus to change its natural environment or to adapt itself to a changed one: First of all it must be able to acquire individual causal memories. But that is not sufficient. If race memories of the old environment persisted there would be a continual and destructive psychological conflict. The mind, therefore, of race memory must be obliterated. And this is what happened to the baboon. That is why he has been able to penetrate and live in the most divergent natural environments, from the fertile mountains of the Cape to the barren hills of the Kalahari, and in the great forest centres where he is purely arboreal. In each environment he has highly specialized habits. That is why man has been able to penetrate the wastes of the Sahara and the polar ice. You will see at once, if you consider the matter, that human reason and baboon reason are identical in substance and structure. The difference is in degree.¹⁵) Both are instances of the mind of individual memory and cause-and-effect.

But selection must provide a further quality. The new memories must not be transmissible since that would inevitably have the effect of releasing a species from one threatening environment only to chain it to another. Therefore all acquired environmental memories perish with the individual. All that he does transmit is a mind capable of acquiring new ones.

„That is what human reason is — and nothing else.¹⁶⁾

„The next puzzle was: what becomes of the old mind if hereditary memory, with all its intensely acute senses, its homing “instinct” etc.? It seemed very unlikely that it was utterly destroyed in the process, since there were not such changes in the old brain, with which it is associated, as one would expect in order to bring about destruction. We tested the baboon for sense-acuteness and found that most of his senses were not far below those of the lower mammalia. Some showed marked degeneration. His sense of smell i.e. is not much better than that of man. We were almost forced to the conclusion that neither in the baboon nor in man could there have been complete destruction of the old mentality. Much more likely was it that it was rendered functionless, just like the rudimentary organs. As the cortex submerges the old brain so the new mind connected with it submerges the old one. Inevitably the conviction gathered force in us that the so called “subliminal soul” in man, — the “sub-conscious mentality” is none other than this old “animal” mentality placed out of action by the new one.

„There is one way of inducing a partial re-functioning in man: by means of hypnotism. The first German investigators had seen that the hypnotic state in man meant no more than that the cortex of the brain was put temporarily out of action. So we commenced our experiments in hypnotism¹⁷⁾ which continued almost daily for several years. Our subjects were five young Boer girls and our station was on the farm Rietfontein, which is now the centre of Platinum mining. I do wish to impress upon you here that we did not set out to prove a pre-conceived theory. In all our work we were inspired by nothing more exalted than curiosity.

„Well, we found after a little ‘hypnotic instruction’ that our girls could do the usual wonderful things. They had the scent of dogs, the hearing of antilopes, both telescopic and microscopic vision; they could distinguish by touch a copper bar from an identical magnetised one through three thicknesses of baize. They could detect sulphate of quinine by taste in a solution of one in eight hundred thousand; they could hear the ticking of a watch in an adjoining room; they had a time-sense equal to that of most animals or plants, — (quite equal to that of the Pacific sea-worm which rises to the surface annually by calculating siderial time, irrespective of the season); they had a homing-sense equal to that of a namaqua partridge, — established by actual experiment. We compared, by carefully devised experiments, (requiring infinite patience and a great deal of time) these “hypnotic” senses with the normal senses of baboons and other animals and found a correspondence which cannot be accounted for by coincidence. You see man hears, sees, feels, tastes, etc. with the cortex. It is the ultimate switchboard where all sensory impressions enter the new mind — call it consciousness if you will. But there is quite another set of sensory apparatus in the old brain through which all these afferent impulses pass before they reach the sensory centres in the cortex. Animals which have no cortex to speak of hear, see etc. with these centres in the white brain exclusively. The more highly the cortex is developed the more completely does it monopolise these sense-impressions to the exclusion of the ancient centres, which become simply conduits to the grey brain. Now if you put the cortex out of action the organism once more becomes dependent on the ancient centres in the white brain. The human-being becomes an “animal” once more. Extensive vivisection experiments on the brain of the Baboon more than confirmed this. But it hardly needs this confirmation.

„The knowledge thus attained led to a further and even more interesting discovery. I had long since noticed how remarkably most forms of human insanity simulates the normal mental processes of the lower animals.¹⁸⁾ If one is enabled to study the mentality of animals, where the struggle for live is still insistent,

you get a vastly different conception of it from what laboratory experiments afford. You appreciate that a perpetual state of dread is the normal mental state of most wild animals. Fear of open spaces and fear of closed spaces are experimentally demonstrable in most animals, — especially in the Baboon. Fears connected with food, an uninterrupted state of *qui vive*, is always present in the baboon. In Waterberg he is generally hungry. He is surrounded by poisonous plants and he is dependent on his own individual experience to avoid them. He is perpetually afraid of eating the wrong thing. It was always intensely amusing to watch the tremendous conflict between dread and temptation when we submitted to our wild troop some kind of food with which they were unacquainted, — such as mosbolletjies for instance. All wild animals, baboons included, when once the fear centres have been excited look with suspicion, fear and anger upon everything in their environment. Even known conditions and things excite these suspicious states of mind under such circumstances. The psychological moment of grandeur which recurs regularly in the psychic life of all animals will be well known to you. The „display” of the male bird or of the male antelope is known to every south African. The male baboons also have their periods of inordinate pride and swaggering. Under the stress of this period of exaltation a young male will do the most foolish and insane things, even to the extent of defying one of the leaders. On the other hand we discovered quite early in our investigation a very peculiar psychological moment to which the troop were subject. Just before sunset they became profoundly and causelessly depressed. They gathered in groups, assumed attitudes of profound dejection and repeatedly uttered their cry of mourning even at times when things were going very well with them. One of the men with me declared that he was subject to the same depression at sunset. A careful enquiry revealed the fact that about ten per cent of the Europeans in our vicinity felt the same psychological ‘melancholy’ at sunset. It passed as darkness set in. In big cities it is far less often experienced since all the conditions tend to counteract it. Among “wild” Kaffirs it is almost universal. They mention all manner of

reasons as the cause, but in ultimate analysis you find that not one sufferer can explain why he feels like that. We named the moment "Hesperian depression".¹⁹⁾ I examined the literature of different nations and found that the moment was universal in civilization. I need only mention the wellknown English hymn :

Fast falls the eventide
Dear Lord with me abide,

in order to suggest numbers of references to your memory and you will remember also the many intensely melancholy nocturnes of musical composers.

„I could go on for several pages more, — but this will suffice for my purpose I wonder whether you know enough about human insanity to realize that all the things I have been telling you are the basic elements in most forms of human insanity. If you do not know enough about it to appreciate it any expert of your acquaintance will confirm what I say. Myself I have not found a single well-marked delusion of which the analogue was not a normal manifestation in animal life. Now you must understand that all these mental conditions of which I have described are due to the excitation of centres which are of direct benefit. All communal animals, for instance, are selected to feel this moment of depression at sunset in order to bring the troop closely together at their time of greatest danger. You can easily understand how these centres, long submerged in man, can become confusingly active in consciousness. If for any reason they become functional again while the cortex is still active they work havoc as delusional insanity.

„Everyone these days knows that the soul of man is not truly one but truly two.²⁰⁾ We differ from all accepted views only on the questions of the place and functions in man's mentality of the second soul. There is one idea that it is always hiddenly active in all its functions. I do not think that idea can any longer prevail in the face of what we found. Its activity is always pathological (I sometimes wonder whether that is not the case with the vermi-

form appendix). You must recognise two facts about which there can be no question: (1) Man is possessed of two souls. (2) That it is possible by means of hypnotism to imbue one of them with an activity which it does not possess normally. Now, in most forms and types of human insanity *we* recognise the same activity of the second soul with all its intense sense-impressions. There is this difference only between hypnosis and insanity, that in insanity the cortex and *its* soul is not put out of action. (It is interesting to note that Charcot recognised hypnosis as a pathological condition very like human hysteria.) The first and most general symptom of the insane mind is confusion of thought. It is not invariable but very, very common. Then come the sensory illusions; — illusions of touch, smell, hearing and taste. They are quite certainly subjective, but the patient does not think so. It would be very wonderful if he did recognise as subjective the activity of a mind which he cannot possibly recognise as his own, since he has never previously experienced its working and since his whole mental get-up is not fitted for the purpose. He is really receiving sense-impressions in two minds simultaneously. It is quite impossible not to recognise in most types this doubling of mentality. It is a real "possession", — a possession by his own ancient "animal" mind, thrusting its activity through into his normal consciousness. Very few observers fail to recognise the essentially "animal-like" change which insanity entails.

„If you know any one who has some little knowledge of animal mentality under natural conditions and who knows a lot about insanity, it will be very strange if he does not at once "feel" the truth of all this, — however revolutionary it may seem, and however much it may run counter to some pet theory of his own.

„You will see that all this does not quite accord with that dream structure of fantastic fallacy erected by Freud of Vienna.²¹) I often wonder what he would say when he learns that our Baboons under natural conditions are subject to exactly the same sexual perversions as man. He would have to reconsider very profoundly one of his pet "inspirations". The observations regarding these surprising perversions were the only ones of all our work which

we ever communicated to anyone else. We sent them to the Smithsonian Institution. In return they sent us facts observed at Montecito, California,²²⁾ and suggested publication in America preceded by an advertising stunt for the benefit of the Institute. Their methods were so distasteful to me that I never seriously considered the project."

„You will doubtless be inclined to ask why there has not been publication in book form of the results of our work", merk Marais aan die slot van dieselfde brief op. „Well, it is due to a succession of circumstances. During most of our time in Waterberg we were completely cut off from the world. We never came into contact with other investigators engaged in similar work. Since then I have found so few people in South Africa really interested that I have come to have very pessimistic views on the question of publication. It really does not seem worth while. Above all it is a very big business. I have prepared an outline compilation from the field notes and that alone will run into 400-600 pages octavo printed. One must have leisure and mental quietude for this part of the work and I have always lacked both. I am, however, quite willing to present my notes and the compilation to any society or publication that can make effective use of it." ²³⁾

Hoewel die resultate van Marais se wetenskaplike navorsings op die verskillende gebiede, soos deur hom self in die brief aangestip, nie in een alles saamvattende werk geboekstaaf is nie, tog het dit vóór en ná 1926 — die datum van die brief — in die vorm van los artikels oor verskillende aspekte van die werk hul weg gevind na Afrikaanse tydskrifte en koerante wat graag die populêr-wetenskaplike geskrifte in die boeiende styl van Marais geplaas het. In die artikels (waarvan sommige in voorafgaande aantekeninge oor hierdie hoofstuk aangedui is) gee Marais op onafgeronde maar tog altyd interessante wyse die verloop van sy ondersoekings weer. Nugtere wetenskaplikes van die stempel wat tevrede is met waarnemings en nie probeer om teoretiese gevolgtrekkings tot verklaring van natuurverskynsels te maak nie, kan miskien sy „wetenskaplikheid" in twyfel trek, maar hulle sal moet erken dat „ten spyte van baie bewerings wat onaanneemlik is, ander weer wat

foutief is, en ten spyte van die „Wahrheit und Dichtung“, wat soms so nou inmekaar geweef word, boei die skrywer sy lesers voortdurend en bereik wat soveel beter omlynde boeke nooit bereik nie — hy laat die leser *dink*, en *ernstig nadink* oor die belangrike biologiese en psigologiese vraagstukke; en as hy dit bereik het, dan was sy werk nie tevergeefs nie.”²⁴⁾

Die Siel van die Mier, wat eers as vervolgartikels in *Die Huisgenoot* verskyn het en later in boekvorm uitgegee is, is ongetwyfeld die belangrikste wetenskaplike werksaamheid waarvan Marais die resultate uitgewerk het. Marais het aan die termiet-studie self besonder waarde geheg, want toe hy vanuit Heidelberg aan sy vriend Preller skryf dat „alles in duie geval het: hoop, ambiesie, verlange, — onder die skadu van angs en vernederende stryd om 'n bestaan wat net lyding is“, en dat hy besluit het om op die aanbod van 'n vriend saam na Oos-Afrika te gaan, vra hy Preller om, aangesien hy „dus niks verder aan handskrifte sal doen nie“, die opdrag te aanvaar om te sorg vir 'n Duitse vertaling in boekvorm van *Die Siel van die Mier*, in samewerking met die heer Wilhelm Spilhaus. „Ek moes hulle (die artikels) self oorgeskryf het vir die Europese mark maar dit is nou uitgesluit“, aldus Marais. Daar het egter van die verhuising na Oos-Afrika niks gekom nie. Marais was stellig spyt daaroor, want hy het geskryf: — „Die werk wat van my sal verwag word, is vreeslik min ooreenstemmend met my gees en begeertes: aan die ander kant is die nabyheid van die wilde natuur baie aantreklik”.²⁵⁾

Soos Marais in Desember 1933 in sy voorwoord tot *Die Siel van die Mier*²⁶⁾ aandui, was die regstreekse aanleiding tot sy eerste termiet-artikel in *Die Huisgenoot*²⁷⁾ 'n skrywe van dr. A. J. Hesse, *Iets omtrent Miere*, wat op 18 Sept. '25 in dieselfde tydskrif verskyn het. Die groot belangstelling wat die artikel verwek het, het die redakteur Marais laat oorreed om met die artikels voort te gaan. Die opset van die artikels wat toe — soms met tussenpose van jare, die laaste op 10 Julie '31 — agtereenvolgens verskyn het, gee Marais dan as volg aan: „Die bedoeling van die skrywer was nooit om 'n uiteensetting of beskrywing te gee van die menigte termietsoorte wat in ons land inheems is nie. Hy het hom beperk

tot die sielkunde van die termiet, en oorspronklik is die gedrag van verskillende soorte beskrywe sonder benaming selfs van die verskillende soorte waarvan gewag gemaak word. Die artikels het later uitgeloop op een groot doelwit: die uiteensetting van 'n sekere teorie wat die skrywer ontwikkel het gedurende 'n ondersoek wat meer dan tien jare voortgeduur het. Hierdie teorie was: *die organiese eenheid van die termietnes.*"²⁸⁾

Toe Marais teen die einde van 1927 'n pas voltooide werkie van die bekende Vlaamse skrywer, Maurice Maeterlinck, in 'n Engelse vertaling onder die oë kry, het dit hom ontsteld aan 'n vriend laat skrywe:²⁹⁾ „I have just been greatly worried over the last book of the great Maeterlinck, *The Life of the White Ant*. He quite calmly "loots" a theory of mine and gives it as his own. It is the theory that the termitary is in fact a single organism in a certain stage of evolution. Not only does he use my theory but also my arguments in the same order that I did. He admits that he has "borrowed" all his information but in order not to "disfigure" his book he gives no references, — only a biography at the end in which my name does *not* figure. I am not in the least concerned about the "honour" of priority, but I am very much afraid that I shall in the future be accused of stealing from Maeterlinck and not Maeterlinck from me. There is, of course, no shadow of doubt about the plagiarism. You will see this at once if you make a comparison. I am going to have it put straight in the *Huisgenoot* and also in English in the *Star* in a fortnight's time if I get my original mss. from the *Nasionale Pers* before then. The theory was first described by me six years ago in a New Year Number of the *Huisgenoot*.³⁰⁾ Maeterlinck's book was published a few months ago. References to my work appeared in Dutch, Flemish and Belgium-French papers from time to time and it was no doubt from one of these that Maeterlinck got his information.³¹⁾ I am also writing to him personally and I have no doubt that he will at once, as a man of honour, admit the plagiarism. It seems a very small matter to you, no doubt, but to me it means a great deal. I should hate to undergo even the suspicion of theft of this kind and it will surely come if I do not succeed in putting it right straightaway."

Aan dieselfde brief het Marais later die volgende naskrif gevoeg : „I notice that in all reviews of Maeterlinck's work my theory gets place of honour. I have just had a cutting from some Belgian-French scientific paper in which this theory (attributed of course to Maeterlinck) is quoted as proof of his wonderful brain-power! That he, a purely theoretic thinker, should arrive at an explanation, which escaped the notice of all practical workers, is a remarkable instance of "reine Vernunft"! I wonder whether he blushes when he reads such things, and whether he gives a thought to the injustice he does to the unknown Boer worker?"

In 'n onderhoud met die Johannesburgse *Star*³²⁾ en 'n artikel in *Die Huisgenoot*,³³⁾ wat deur die redakteur (dr. H. G. Viljoen) voorrang bo alle ander leesstof in die uitgaaf verleen is, toon Marais dan aan dat hy reeds in *Die Burger-Nuwejaarsnommer* van 1923 onder die hoof *Verskynsels van die Dieriesel* „die eerste uiteensetting of, liever, suggestie van die dierlike eenheid van die miernes”³³⁾ gegee het, terwyl Maeterlinck se boek in November 1927 in Engels verskyn het, „waarskynlik gelyktydig met die oorspronklike Franse uitgawe”. Marais wys dan op woordelike ooreenkomste en met die vergelyking van parallelle passasies wil hy bewys dat Maeterlinck van *Die Siel van die Mier* gebruik gemaak het.

„Ek sou jammer wees as hierdie artikel beskou word as 'n aanval op Maeterlinck”, besluit Marais sy uiteensetting in *Die Huisgenoot*. „Ek kan goed begryp dat hy gebruik maak van die werk van 'n veraf en in Europa onbekende Afrikaanse skrywer sonder om sy naam te noem. Die blote gebruik sou my nie in die minste gestoor het nie as hy selfs net te kenne gegee het dat hy sy hipotese uit Suid-Afrikaanse werk geformuleer het. Nie die minste was ek daarop gesteld dat hy my naam moes noem nie. Maar die beskuldiging van plagiaat teen *my* sou, in Suid-Afrika, baie ernstiger wees as 'n dergelike beskuldiging teen Maeterlinck in Europa. In sy geval is dit maar net 'n groot en beroemde skrywer wat van die werk van 'n minder bekende gebruik gemaak het: in my geval sou dit gewone en onverdedigbare letterdiewery wees.”

Die gedagte aan 'n Duitse en Engelse uitgawe van *Die Siel van die Mier* is krag bygesit deur die vermeende plagiaat van Maeterlinck,³⁴⁾ hoewel die oortuiging dat daar groter geldelike voordeel as aan publikasie in Afrikaans sou wees,³⁵⁾ stellig ook as spoorslag gedien het. Ongesteldheid en die meegaande gebrek aan werklus³⁶⁾ het ten spyte van herhaalde versekeringe aan sy vriend Spilhaus dat hy druk besig is aan 'n Engelse uitgawe van sy termiet-onderzoek,³⁷⁾ meegebring dat die boek nie gepubliseer is nie. Met die oog op 'n vertaling van die termiet-artikels in Duits het mnr. Spilhaus tydens 'n besoek aan Europa eksemplare van *Die Huisgenoot* gelaat by die Suid-Afrikaanse konsul in Hamburg, wat gemeen het dat 'n Afrikaner-student die vertaling sou onderneem. Die heer Spilhaus het egter geen mededeling van die konsul ontvang nie en weet nie of daar ooit iets van Marais in Duitsland gepubliseer is nie.³⁸⁾

Tog het Marais een uitvoerige artikel³⁹⁾ op aandrang van die heer Spilhaus vir die Engelse tydskrif *Psyche* geskryf met die opskrif: *The Termite Queen as the Brain of an Organism*.⁴⁰⁾ Uit die brief van die heer Spilhaus wat 'n kort biografiese skets van Marais gee en dit laat volg deur 'n gemotiveerde verklaring dat „there cannot be any doubt whatever about Eugene Marais' priority” ten opsigte van die bewering dat die termietnes 'n organiese eenheid vorm, haal die redakteur, mnr. C. K. Ogden, volledig aan om Marais — in die aanhaling „our South African Fabre” deur mnr. Spilhaus genoem — aan die lesers van *Psyche* voor te stel.⁴¹⁾

Wat Marais egter self as sy *magnum opus* beskou het,⁴²⁾ was nie die werk oor die termiet nie waarvan die resultate vry volledig gepubliseer is, maar die wetenskaplike verhandeling wat moes gebore word uit die verwerking van uitvoerige aantekeninge wat Marais gemaak het in verband met die waarnemings van aapsoorte en veral die bobbejaan in sy natuurstaat, teenoor meeste ander wetenskaplike werke wat gevolgtrekkings gemaak het ná waarneming van diere wat ten gevolge van gevangenskap ten dele of heeltemaal ontaard het. Die werk wat veral die vrug sou wees van sy bobbejaanstudie in Waterberg is in Engels opgestel en bestem deur die outeur vir die Smithsonian Institution in die Verenigde State,

wat sy eerste artikel oor die droogte in 1914 in sy jaarverslag opgeneem het.

Ongeveer twee jaar nadat Marais uit Waterberg teruggekeer het, is die manuskrip die eerste keer afgetik. Die skrywer het daarna egter 'n menigte wysiginge en uitbreidings aangebring, sodat dit 'n aantal jare later weer afgetik is. Onder die skrale nalatenskap van Marais kon egter geen spoor van die manuskrip gevind word nie, en skynbaar weet niemand wat daarvan geword het nie. Was dit nie dat verskeie vriende van Marais dit meer as eens in hande gehad het nie, sou mens aan die bestaan daarvan, in die verlede altans, kon getwyfel het.⁴³⁾

Kort vóór sy heengaan het Marais self hom nog in belang van die publikasie daarvan beywer. Toe Dr. Winifred de Kok op sy versoek ingewillig het om *Die Siel van die Mier* in Engels te vertaal, het hy haar in 'n later skrywe gevra om met hom saam te werk aan 'n boek oor die aapsoorte. Ook het hy vertaling van sy kortverhale voorgestel, maar ten spyte van herhaalde aandrang in briewe deur die vertaler, het Marais nie meer gedoen as om haar 'n eksemplaar van *Die Siel van die Mier* vir vertaling te pos nie.⁴⁴⁾

Fragmente uit die verdwene *Siel van die Aap* het egter gelukkig, hoewel waarskynlik nie in dieselfde vorm nie, hul weg van tyd tot tyd na die Afrikaanse leserspubliek gevind. Lesers van *Die Huisgenoot* sal hulle die bydraes van Marais oor *Die Siel van die Aap* herinner en miskien onthou dat nieteenstaande die skrywer 'n reeks „natuurkundige aantekeninge” aangekondig het „omtrent sekere psigologiese toestande en neiginge: (1) en (2) Euforiese vergiftiging; (3) Hesperiese neerslagtigheid; (4) Hipnose; (5) Ontaarding van die mens en hoër aapsoorte (indiuiduele afwyking van tiepe); (6) Kranksinnigheid”,⁴⁵⁾ hy dit nie verder as die behandeling van die eerste vier afdelings in ses artikels⁴⁶⁾ gebring het nie. In die twee onverskene afdelings sou Marais waarskynlik die feit beklemtoon het dat waarneming van aapsoorte in gevangenskap ten gevolge van veelvuldige indiuiduele afwykings onbevredigende resultate oplewer, omdat sy waarnemings hom tot die oortuiging geneig het dat die aap (net soos die mens) op baie min of geen oorerwingskennis aanspraak kan maak nie. Die paral-

lel van die abnormale afwykings by die aapsoorte wanneer hulle uit hul natuurlike omgewing in 'n ander oorgeplaas word, het Marais by die mense gesien as soveel vorme van kranksinnigheid.

Dis jammer dat Marais nie die artikels in *Die Huisgenoot* voltooi het nie, maar uit sy briewe aan mnr. Spilhaus is dit duidelik dat die onderwerp op die hierbo aangeduide wyse afgerond sou word. Weliswaar het Marais later in *Die Vaderland*⁴⁷⁾ onder die hoof *Burgers van die Berge* op die onderwerp teruggekom, maar toe was dit meer om met die verfkwas van die romantiese — die wyse van omgang met die bobbejane in Waterberg en die metode van waarneming — die oorspronklike skildery van wetenskaplike ontdekkings met 'n nuwe skepping te bedek.

In albei gevalle egter deel Marais sy feite, uit die werklikheid of uit sy verbeelding geput, so talentvol en oortuigend mee dat mens tot die oortuiging moet kom dat sy verdwene *magnum opus* — selfs waar dit in Engels opgestel is — werklik iets van ons eie ingehou het en by verskyning stellig as deel van die breër Suid-Afrikaanse letterkunde — in Afrikaans of Engels — toegejuig sou gewees het. Het Marais dan nie die Engelse idioom meesterlik beheers nie? Was dit nie hy wat as kind al aan die roepstem van die wilde natuur gehoor gegee het, wat as student in London 'n jong sjimpansee⁴⁸⁾ en 'n klein Suid-Amerikaanse marmosetjie⁴⁹⁾ tot metgeselle gehad het, wat in Waterberg met die natuur en bobbejane verbroeder het om homself en sy medemens sielkundig beter te leer begryp nie?

Franciscus van Assisi, die sagmoedige heilige, het die voëls as sy „lieuwe gevleuelde boeties” beskou, deel Marais in een van sy artikels mee.⁵⁰⁾ Marais self het ook die voëls in hul verskillende lewenswyse met liefde waargeneem en aan hulle „dieselfde soort lewe en *psyche*”⁵⁰⁾ as aan die mens toegeskryf.

Van sy kennis van voëls⁵¹⁾ het Marais gebruik gemaak toe hy na aanleiding van genl. J. C. Smuts se aankondiging van die inhoud van sy te verskynende boek *Holism and Evolution* dit nodig gevind het om op sekere van sy stelling te reageer,⁵²⁾ „entirely from a naturalist's point of view, — not from the metaphysical side.”⁵³⁾ Marais vertel dan die interessante verhaal uit die dae van die alchemiste toe probeer is om nuwe verfstowwe vir skilderye

uit povere te verkry. Hulle moes egter ontdek dat „die pragtige pronkpou met al sy oënskynlik skitterende skakerings van blou en groen en goud, in werklikheid 'n grou voël is sonder 'n skyn van kleur in sy hele gestel”,⁵⁴⁾ Op die verklaring van genl. Smuts as sou mooiheid in die natuur iets objektiefs wees, poneer Marais dan die wetenskaplike waarheid dat „lig en kleur, soos die menslike gewaarwordingstelsel dit vervaardig, as sodanig hoegenaamd geen uitwendige bestaan het nie; dat lig en kleur reine produkte is van die menslike brein, en wat sonder die brein nooit kan bestaan nie.”⁵⁵⁾ By die bespreking van die rol van lig en kleur in die insekte- en dierewêreld toon Marais hom ook nou verant aan die seksuele uitsoekingsleer van Darwin, maar erken dat Darwin ook gedurig die menslike maatstaf besig. „Hy praat ook gedurig van mooiheid in die menslike sin, asof die diere sekere geure, kleure en geluide uitkies omdat hulle *mooi* is. As ons gevoel die maatstaf is, dan sou die kraai die lied van die nagtegaal mooier vind as sy eie geskater. Ons weet dat dit nie so is nie. Ons weet ook voorwaar dat Darwin in dié ópsig verkeerd gedink het, net soos genl. Smuts in die ander rigting verkeerd dink; maar dit raak nog sy algemene beginsel van seksuele uitsoeking nie.”⁵⁶⁾

In Waterberg het Marais ook die geleentheid gehad om slange, en veral die gevaarlike mamba — deur die naturelle *Muriti wa lesu* (skaduwee van die dood) genoem — in hul natuurstaat te bestudeer en hy het selfs slange in hipnotiese proewe op bobbejane gebruik. Deur proewe op sekere warmbloedige diere soos 'n hond en 'n ratel en deur studie het Marais 'n grondige kennis van slanggif in sy werking opgedoen.⁵⁷⁾ Besonderhede van gevalle van mense wat deur slanggif hul dood gevind het, het hy noukeurig gevolg en kon dit later op boeiende wyse oorvertel.⁵⁸⁾ Marais was gesteld op die weergawe van die juiste besonderhede, want hy laak dit dat die heer Fitzsimons van die Slangepark in Port Elizabeth sekere mamba-insidente wat Marais in 'n Engelse oorsig beskrywe het sonder erkenning oorneem, nie omdat Marais op die noem van sy naam gesteld sou wees nie, maar omdat Fitzsimons „stukkie van sy eie bygevoeg het, waarskynlik met die doel om die voorvalle meer dramaties te maak. Dit kom my egter voor dat hy alleen daarin geslaag het om hulle onwaar te maak!”⁵⁹⁾

Marais se wetenskaplike prosa verwek selde die indruk van afgerondheid. Die deurlopende gedagte van die deursnee wetenskaplike ondersoeker word gemis, maar die oorsaak daarvan lê nie in gebrekkige wetenskaplike waarneming nie, maar is van meer psigo-fisiologiese aard. Dit het die ondersoeker aan die vereiste gemoedsrus en liggaamlike gesondheid ontbreek om werklik 'n werk van magnefieke betekenis te lewer, hoewel wat Marais gelewer het, aantoon dat dit hom nie aan begaafdheid ontbreek het nie. Die denkbeeldige element in sy wetenskaplike prosa is nie heeltemal afwesig nie — inderdaad is dit juis dié element wat mens die reg gee om sy wetenskaplike geskrifte ook tot die Afrikaanse letterkunde te reken — maar ook dit moet toegeskryf word aan die gemoedstoestand waarin die skrywer verkeer het by die op-tekening van sy waarneminge, of by die waarneming self. Waar sulke sielkundige en liggaamlike faktore gunstig was, het Marais periodes van letterkundige arbeid beleef en dit was in sulke tye dat werke soos *Die Siel van die Mier* en die verdwene *Die Siel van die Aap* gekonsipieer en op skrif gestel is. Waar die aantekening van die gedagte nie volledig en goed gemotiveer was nie, het die wetenskap skade gely. Eugène Marais was ongetwyfeld „'n natuurkenner soos ons nog geen tweede opgelewer het nie”,⁶⁰) maar ongelukkig is al sy natuurkennis nie opgeteken om swart op wit as bewys van sy talent te dien nie. Op gesag van die vriende met wie hy oor wetenskaplike ontdekkings en teorieë gepraat en aan wie hy daaroor geskryf het, moet ons aanneem dat hy oor byna ensiklopediese kennis beskik het en op so 'n wyse dat hy én in gesprek én in geskrif steeds geboei het. En waar Marais vir 'n leserskring iets aangebied het, het die produk altyd 'n besondere stempel' gedra waardeur dit nie alleen 'n inherente deel van sy letterkundige produksie geword het nie, maar ook gereken moet word tot dié klein deel van die Afrikaanse wetenskaplike geskrifte wat in die letterkunde van die volk 'n ereverblyf verleen is. Op die stuk van die wetenskap het Marais tot ons letterkunde bygedra soos ons belletrie deur sy vriend Preller op die gebied van die geskiedenis verryk is.

HOOFSTUK VIII.

LETTERKUNDIGE PROSA.

Veral gedurende die laaste paar jare van sy lewe het Eugène N. Marais vir hom 'n eie plekkie onder die skrywers van letterkundige prosa in Afrikaans verower. Voor die tyd het hy af en toe toegegee aan die versoek van die een of ander redaksie en dan iets uit sy sfeer van sonderlinge ervaringe tot 'n produk van sy verbeelding gemaak en in die vorm van 'n verhaal vasgelê. Met uitsondering van sy kortverhale is daar in byna al sy prosastukke 'n onmiskenbare historiese kern te bespeur. Hy het daarvan gehou om die buitengewone voorvalle uit die geskiedenis van Transvaal en van sy eie ervaring in geskifte vas te lê, en dit moet as natuurlike uitvloeisel van hierdie voorliefde beskou word dat hy naderhand daartoe oorgegaan het om doelbewus kortverhale te skryf waarin die skyn van waarheid van die werklikheid van die gebeure nie agterweë gebly het nie. Intendeel, hy kon fiksie so in die drag van realiteit vermom dat ware speursin dikwels nodig is om die grens tussen die twee te onderskei.

Uit letterkundige oogpunt maak dit inderdaad geen saak of die skrywer werklike of verdigte gebeurtenisse beskryf nie. Wel is dit noodsaaklik dat die skrywer in albei gevalle aan die estetiese eise vir letterkunde moet voldoen. Een van die eise wat aan alle ware prosa gestel word, is natuurlik dat dit oortuigend moet wees. Die mees fantastiese en onmoontlikste saak uit nugter wetenskaplike oogpunt kan in die hand van die skrywer met vermoë — mens kan byna sê, onder hipnose van 'n Charcot van die Salpêtrière — vir die leser die onmiskenbare afmetings van lengte, breedte en

diepte binne ruimte en tyd aanneem. Hierdie karakterelement — die vermoë om te hipnotiseer — het Marais, na dit my voorkom, ook op die gebied van die letterkunde laat geld; net hier word dit nie hipnose genoem nie, maar die vermoë om te boei, die besit en aanwending van 'n taal en styl wat aan die gedagtes 'n skone gestalte skenk.

Wat die inhoud van Marais se prosastukke betref, is dit te verwagte dat dit sy belangstelling in die wye, oop veld, in buitengewone mense en dinge, tot in besonderhede sal weerspieël. Dis moontlik om sy prosa in te deel in groepe na mate die een of ander voorval wat beskryf word, verwant is aan 'n wetenskaplike vraagstuk of verskynsel waarin hy ernstig belanggestel en waarvan hy die geheime verder nagespoor het. Dis egter m.i. wensliker om 'n meer ortodokse en eenvoudiger indeling te volg, naamlik 'n tweeledige met aan die een kant die prosa wat meer histories-anekdotes van aard is, en aan die ander kant sy kortverhale, waarin die verdigte element baie sterker op die voorgrond tree. So 'n verdeling pas ook beter waar dit buitendien noodsaaklik sal wees om aan die hand van huidige gesaghebbende opvattinge oor die wese van die kortverhaal die geskrifte te toets wat Marais doelbewus geskryf het om as kortverhale gelees te word, en daarby ander te behandel wat ons tog ook tot die kortverhaal-genre moet reken.

Histories-anekdotes van aard is feitlik al die prosa wat Marais tot 1932 in verskillende tydskrifte en koerante laat verskyn het. 'n Deel daarvan is herdruk in *Dwaalstories en ander Vertellings*¹⁾ en in *Sketse uit die Lewe van Mens en Dier*²⁾ en so vir die algemene publiek toeganklik, maar daar is heelwat in die ou lêers wat 'n herdruk regverdig. Die feit dat dit nog nie gedoen is nie, is waarskynlik te wyte aan die feit dat die skrywer self geen inventaris van verskene stukke opgestel het nie en nog minder moeite gedoen het om manuskripte of gedrukte eksemplare van stukke te bewaar, terwyl die meeste ook al deur die lesende publiek vergeet is. Met die oog op 'n juiste waardering van Marais as prosaskrywer sou dit egter onbillik wees om die ongebundelde prosastukke uit sy pen in sy letterkundige ontwikkeling te verontagsaam.



ERICH MAYER.
1913.

„OU HENDRIK“

Marais was een van die eerste prosaskrywers van die Tweede Beweging, maar aanvanklik het hy hom tevrede gestel om Wolf- en Jakhals- en ander inboorlingstories as feuilleton-bydraes in *Land en Volk* te laat verskyn en dan saans vermaaklik te lag wanneer jong Eugène met sy skool-Nederlandse uitspraak die Afrikaanse stories hardop aan sy pa voorgelees het.³⁾ Die bekroning van Marais se geesdrif oor die taal en letterkunde van die uitsterwende Boesmanras vind ons neergelê in die viertal „fraai, fraai Dwaalstories, 'n oneindige bron van genot.”⁴⁾

Die Dwaalstories het ontstaan as gevolg van Marais se belangstelling in die figuur en praatjies van die ou Boesman, outa Hendrik, wat sy eensame verblyf in Waterberg veraangenaam het. Toe die kunsskilder Erich Mayer indertyd die plaas Rietfontein 1638 besoek het om in opdrag van Preller 'n portret van Marais te skilder, het hy ook die gelaatstrekke van outa Hendrik in 'n pentekening vasgelê. Outa Hendrik kon 'n reeks dwaalstories opsê en „al die stories het ten minste die suggestie bevat van 'n reeks verhaalgatige gebeurtenisse — net so 'n suggestie as wat nodig is om die lewendige verbeelding van 'n kind kragtig te roer. Iemand wat belang stel in die sielkunde van die kind, sal gou besef waar die aantrekkingskrag van die storie sit.”⁵⁾

'n Vergelyking van die Boesmanstories wat *letterlik* deur dr. W. H. I. Bleek opgeteken is⁶⁾ met dié wat Marais „onmiddellik ná die vertel”⁵⁾ deur outa Hendrik neergeskryf het, dus in Marais se eie woorde maar met behoud van die tiperende uitdrukkings in Boesman-Afrikaans wat aan die verhaaltjies hul besondere stempel gee, laat duidelik uitkom dat óf outa Hendrik óf Marais die gewone Boesman-verteller ver oortref het. Marais se viertal bevat 'n vlugheid van tekening wat die oorspronklik opgetekende van dr. Bleek nie mee kan spog nie. Marais het met die talent van die blanke die primitiewe kuns 'n nuwe karakter gegee en daardeur iets gelewer van 'n skoonheid waartoe die Boesman-beskawing, altans met die verhale van dr. Bleek as maatstaf, nog lank nie gestyg het nie.

Marais het „'n viertal Boesmansprokies met 'n fynheid weer-gegee wat slegs kan voortvloei uit 'n voorliefde vir, en 'n intieme aanraking met hierdie *genre*; dis 'n tere snaar wat Marais hier

aanroer, want dit vereis 'n insig in die Boesmansiël wat deur die verdwyning van die ras en die taal waarin die sprokies opgestel is, moeilik kan verkry word; maar sy aanraking is so lig, sy gebruik van die Boesman-beeldspraak so behendig dat hy die leser meevoer na die naïef-geheimsinnige, digterlik uitgebeelde sprokiesland waar arme „Riet-alleen-in-die-Roerkuil” sy plig versuim en „stywer gespan word as die snaar van die groot ramkie”.⁷⁾ Die verhaaltjies van hierdie geel Boesmantjie, die eerste boodskapdraer van Gamma-doe kies wat deur Nagali met haar sterk toorgoed op een van sy boodskappe so uitoorlê is dat sy vuurtjie deur die mense van Gammadoekies doodgemaak word,⁸⁾ is dan ook „'n wonderlike ding; elke woord leef, en gee die eensame veld weer.”⁴⁾

Die Koranna-dwaalstorie oor *Die Lied van die Reën*⁹⁾ waardeur Krom Joggem Konterdans met sy viool die hemel geopen het, openbaar die blydschap van dié wat deur die reën gered word van 'n toestand waarin die vet gedaan en die honger groot is, sodat hulle „wortels soek tot in die nag, en suigwater al was wat oorbly”. Hierdie storie is egter veral waardevol oor die pragtige gedig, van dieselfde opskrif, wat aan die slot 'n inherente deel van die verhaal vorm. *Die Vaal Koestertjie*¹⁰⁾ vertel van die klein meidjie Nampti, die vaal koestertjie, wat „so klein was dat die hansbökkies haar omstoot as hulle speel”, maar op raad van 'n koestertjie-wyfie steek sy die langste baardhaar van 'n dooie bergleeu onder die vel van haar arm in en kry so die mag om self 'n leeu te word „solank as die Volstruiswyfie in die groot veld met haar kleintjies wei”. Daarna was Nampti elke sterrenag „sterker as almal; en bo al die meide wat haar ouma spot.”

Die eintlik woonplek van die Boesmans „is die vlakte waar die baie wild is, en waar die sien ver is; waar die spoor diep lê en lank bly; waar 'n mens die wind kan ruik en die stofrand op die lugrand kan sien”.¹¹⁾ In *Die Reënbul* sien ons die ou meid Galepa, wat met haar twee kleinkinders, Nampti en die Valkvlerk, haar hut bo in die Langkloof maak, en hoe Nampti of Hart-van-die-Dagbreek by die skepplek deur die Jagter-van-die-Water bekoor word en hoe sy dan op die rug van die Reënbul verdwyn. Die Reënbul kom in verskillende Boesmansprokies voor, soms dood hy die meid-

jies omdat hy met hulle ontevrede is, soms word hulle in sterre verander en dan weer word hulle soos blomme wat groei in die water.¹²⁾

Saam met Marais voel ons spyt, nie omdat hy die dwaalstories van outa Hendrik nooit woord vir woord opgeskryf het nie, maar dat hy nie meer onmiddellik ná die vertel opgeskryf en so verhoed het nie dat baie van die ongetwyfeld mooi sprokieverhale verlore gegaan het.⁵⁾ „They impressed me very profoundly”, skryf Marais self oor die letterlike vertalings van Boesmanstories deur dr. Bleek en sy skoonsuster. „Not only were the Bushmen really wonderful story-tellers but their songs and poems reveal a high order of imagination and deep human feeling. Dr. Bleek (if I remember rightly) gives one little poem “To the Mother” which would be affecting in any language.”¹³⁾ Gelukkig dat Marais iets van hierdie verdwynende ras vir die Afrikaanse letterkunde bewaar het.

Van volkekundige naas letterkundige belang is eweneens 'n *Klein Kekrops en sy Werk*,¹⁴⁾ *Die Woestynvlug van die Herero's*¹⁵⁾ en *Modjaje*.¹⁶⁾ In die eerste deel Marais die eienaardighede mee van Ou Klaas, een van die twee enigste verteenwoordigers wat Marais in sy leeftyd gesien het van die Vaalpens, „'n suiwer swart dwerg, met peperkorrels en Kaffergelaatstrekke, maar met die maniere en geaardheid van 'n Boesman.”¹⁴⁾ Ou Klaas het nie alleen in Marais se aanwesigheid getoon dat hy 'n naturelle-metaalwerker van buitengewone kaliber is nie, maar ook 'n kennis van wilde diere en hul gewoontes geopenbaar wat moeilik oortref kon word, want „hy het hul lewe geleef en hul gedagtes gedink”.¹⁴⁾ *Die Woestynvlug van die Herero's* vertel die geskiedenis van die folteringe wat verduur is op die Kalahari-vlug van die Herero's van Suidwes na Waterberg en werp ook lig op die aanwesigheid in Transvaal van 'n paar honderd siele van die enigste suiwer swart naturellenasië wat Suidwes bewoon het, met gewoontes wat in sommige opsigte ver van dié van ons Bantoerasse afwyk. Marais het uit die mond van die kaptein Samuel en die prediker-skoolmeester Julius, die twee leiers van die trek, verneem van die groot ellende wat hulle op die vlug verduur het. Al wat behoue deur-

gekom het, was alleen die jong, sterk manne en vroue so tussen die agtien en veertig jaar. „Nooit”, mèrk Marais op, „het die Natuur haar uitsoekkrag op 'n ras duideliker getoon nie.”¹⁵⁾ In *Modjaje* deel Marais die beskikbare getuienis mee vir die eertydse bestaan van 'n blanke vroue-opperhoof van 'n naturelle-stam in Noord-Transvaal, hoewel daarna deur 'n ander beweer is dat daar geen sodanige *blanke vorstin* was nie.

In aldrie hierdie pakkende verhale uit die inboorlinggeskiedenis tref Marais die leser deur die eenvoudige en onopgesmukke wyse waarop hy die geskiedkundige besonderhede in 'n gepaste milieu weergee. Juis deur die ongekunsteldheid van sy weergawe doem die gebeurtenisse van die verlede helder voor die leser op en sien hy die verhaalde so duidelik asof hy dit self deurleef het.

Waterberg is ongetwyfeld deur Marais 'n blywende plek in ons letterkunde besorg, want in veel van sy prosawerk vorm Waterberg die agtergrond van die geskiedkundige of verdigte gebeure. Hy beskryf die gevalle van mense wat in daardie wêreld soos 'n speld verdwyn het en nooit weer van gehoor is nie,¹⁷⁾ hy deel eienaardighede van die inwoners op kensketsende wyse mee, die gewoontes van die voëls word met die liefde van 'n kenner beskrywe,¹⁸⁾ en later in sy kortverhale vorm Waterberg as vanselfsprekend telkens die agtergrond.

In '*n Voëlparadys*¹⁸⁾ byvoorbeeld noem Marais verskillende liefhebbers van diere en voëls, onder andere sy eie moeder wat „altyd 'n groot liefde vir blomme en diere” gehad het en gewoon was om kwikstertjies om haar kombuistafel te voer, en vertel dan eindelijk die mooi verhaal van die Waterbergse boer wat in die mak-mak van die voëltjies op sy plaas sy groot vermaak gevind het. Die twee verhale van die bewoners van Nooitgedag,¹⁹⁾ die een oor die geestige brief wat oom Hans geskryf het oor 'n weggeloopte ossie, maar wat byna 'n begrafnis sonder 'n sterfgeval ten gevolge gehad het; die ander oor die broodmielies waarvan die saad saam met die doodsklere van fyn linne in tant Sannie se doodkis op die balke bewaar is, is albei deurtrek van die Waterbergse bosveldlug.

Een van die bydraes wat Marais spesiaal vir *Die Boerevrou*

geskryf het, is *Twee Dapper Afrikanermeisies*.²⁰⁾ Hierin skets hy op nugter wyse twee voorbeelde van selfopoffering uit louter liefde. Daar is die dapper optrede van Annie Lotrie wat in die tagtiger jare van die vorige eeu 'n klein trek van algehele uitdelging gered het; en dan die geval van die twaalfjarige heldinnetjie, Rachel de Beer, wat nakend die koue van 'n winternag op die Drakensberge tussen Natal en Transvaal tot die dood toe trotseer het om tog maar net met haar klere en liggaamswarmte haar klein broertjie van verkleuming te red. Dis nie te verwonder nie dat Marais in hierdie optrede weer soos eenmaal tevore die Woord bewaarheid gesien het: „Zet mij als een zegel op Uw hart, als een zegel op Uwen arm, want de liefde is sterk als de dood.

In sy laaste jare het Marais 'n aantal minder bekende gebeurtenisse uit die Tweede Vryheidsoorlog te boek gestel, nadat hy reeds vroeër liefde vir sy volksverlede getoon het in *Die Laaste Mapela-moord*²¹⁾ en *Skaduwee van 'n Misdaad*²²⁾ en ons 'n onmiddellike verwysing na die vryheidstryd vind in die outobiografiese *By die Mond van die Sabie*.²³⁾ Tot hierdie oorlogsvertelling behoort *Buit-korpse in die Driejarige Oorlog*,²⁴⁾ *Op Drempeel van Dood deur Vriend in Steek gelaat*,²⁵⁾ sowel as 'n hele paar waarin diere meer as mense op die voorgrond tree.

'n Woordjie op sigself verdien *Plegtige Teraardebestelling van Adoons*,²⁶⁾ omdat dit die geestigste stukkie prosa is wat Marais ooit geskryf het. Twee grafstene met dieselfde naam en besonderhede is in die Heidelbergse begraafplaas deur Marais aangetref. Dit blyk dat sekere sers. McGregor van 'n Skotse regiment gedurende die oorlog vanuit Heidelberg op 'n verkenningstog uitgestuur is. Hy het nie teruggekeer nie en bevel is aan alle regimente uitgevaardig om die oë oop te hou. Nie te lank nie of 'n naturel vertel dat hy twee Boere iemand in 'n laagte sien doodslaan het. Hy het die plek gaan aanwys en die oorblyfsels van 'n lyk is onder die riviersand gevind. Seker dat dit die oorskot van die „uitgeskudde” en vermoorde verkenner was, is voorbereidsels vir 'n militêre begrafnis op Heidelberg getref.

„Ooreenkomstig 'n Skotse bygeloof”, vertel Marais, „is 'n Skotse mondering en 'n Skotse doedelsak saam met die bene in

die doodkis geplaas (sjt. McGregor was 'n vermaarde doedelsak-speler). Die onderliggende gedagte is natuurlik dat die oorledene by die opstanding behoorlik gekleed en toegerus sal verskyn. En dit bewys, — wat ik altyd beweer het, — dat die Skotte, niesteenstaande die algemene, teenoorgestelde vermoeding, in werklikheid die ligsinnigste optimiste is. Van die mondering niks gesê nie, — maar om die hoop te koester dat die Skotse doedelsak enige deel sal uitmaak van enige denkbare orkes hiernamaals, ... wel!"

Die komiese word verhoog deur die latere ontdekking — maar eers nadat 'n latere besetting van Heidelberg die ware geraamte met herkenningsbewyse gevind en ter aarde bestel het — dat die eerste vonds die geraamte van 'n volgroeiende mak bobbejaanmantjie was wat twee Boerseuns afgemak het, omdat hulle hom nie saam op kommando kon neem nie.

„Intussen werd in Heidelberg”, aldus Marais, „deur die Skotte uitgebreide voorbereidsels gemaak vir die plegtige teraardebestelling van ons ongelukkige landgenoot uit die hoog gebergtes, — gesneuwel op die slagveld van eer. Dit spyt my om te moet erken dat Adoons nie ortodoks was nie. Onder die naam van sjt. McGregor was hy in die Engelse militêre argiewe aangeteken as Rooms-Katoliek, en dit was onder die gemoedroerende formulier van daardie Kerkgenootskap wat sy bene op die laaste rusplek besorg was.

„Selde het Heidelberg 'n meer ontroerende plegtigheid deurleef. Al die troepe van die gehele Engelse en Skotse burgerlike bevolking was in grote getalle by die kerkhof geskaar om die laaste eer te bewys aan die oorledene. Die bene van Adoons was eerbiediglik op 'n kanon vas, en die doodkis in die Engelse vlag gehuld. En so is Adoons met wywater onder reukwerk en die uiterste militêre eerbewys na sy laaste rusplaas gedra, in die stille kerkhof van Heidelberg.

„Seker het soiets nog nooit tevore een van ons ou landgenote van die kranse te beurt geval nie.”

Waar Marais in *Twee Dapper Afrikanermeisies* die dapperheid en trou van mense beskryf het, vertel hy in *Getrou tot die Dood toe*²⁷⁾ gevalle van honde wat hul base werklik liefgehad het. *Ou Leeu - 'n beroemde Oorlogsmuil*²⁸⁾ en *Op Troue Perd* deur

*Engelse oormag heen*²⁹⁾ bevat die relaas van 'n muil en perd wat in die oorlog as 't ware die gevaar aangevoel en hul base deur die aanleer van nuwe gewoontes besonder dienste bewys het. Marais skryf met die oortuiging van 'n kenner en liefhebber wanneer hy oor die gewoontes van diere handel. Treffend blyk hierdie liefde ook in *Komdt. Henning Pretorius se Tier*³⁰⁾ en in 'n tweetal vertellings oor vermaarde perdediewe uit die dae van die Transvaalse Republiek.³¹⁾

Belangwekkende historiese anekdotes word deur Marais weer opgediep in sy beskrywing *Van Oudae en Oumense in Pretoria*,³²⁾ *Njabel-teregstelling in die Ou Dae*,³³⁾ en 'n *Vonnis van Paul Kruger*,³⁴⁾ wat lig op die sonderlinge lewensloop van die skrywer werp eweneens as die meer outobiografies-getinte *Waar die Wêreld verkeerd om Wentel*³⁵⁾ (Boshof) en 'n *Gentleman-Inbreker*,³⁶⁾ die laaste 'n skets oor die berugte „Beauty Bell” wat gedurende Marais se verblyf op Erasmus 'n inbraak daar gewaag het. Uit biografiese oogpunt is ook van belang sy simpatieke karakterskets *Sequali*,³⁷⁾ na aanleiding van die dood van die 93-jarige Hannaway Rowe in Londen, en sy waardering op die uitvaart van hoofregter Jacob de Villiers.³⁸⁾ Die voorkoms van laasgenoemde het Marais geskets in woorde wat *mutatis mutandis* van die skrywer self kon gegeld het, o.m.: „Sy gelaatstrekke was merkwaardig fyn; die egter Afrikaner-tiepe waarin die Franse herkoms nog duidelik aangetekend staan. Dit was 'n aristokratiese gesig, — 'n merkwaardige gesig, wat in enige geselskap van gewone mense dadelik die aandag van 'n toeskouer sou trek. Dit het aan iets herinner wat miskien nie dadelik aan die toeskouer duidelik was nie; en tog was die onsekere herinnering waarskynlik een van die vernaamste indrukke wat sy persoonlikheid op die toeskouer gemaak het.”

Tot doelbewuste skrywe van kortverhale het Marais hom aan die begin van 1932 laat oorreed.³⁹⁾ Sy skrale hoeveelheid prosa van vóór daardie datum het die rede verskaf vir die oortuiging dat Marais die aanleg het en met 'n bietjie toelig in staat sou wees om een van die beoefenaars van hierdie jong letterkundige kuns-genre op Afrikaanse bodem te word. Die vertrouwe was nie misplaas

nie, want in die volgende jare het Marais ook as een van ons beste kortverhaal-skrywers ontleik. In sy kortverhale, soos in sy ander geskrifte, het hy die karaktertrekke van sy eienaardige persoonlikheid getrou gebly en in die keuse van motiewe en die uitbeelding van karakters ons verdere introspektiewe produkte van sy eie sielelewe — versinnebeeld maar tog eg — aangebied. Sy individualiteit het hy deurgaans behou en mens kon geeneen van die kortverhale lees sonder om die skrywer en sy persoonlikheid daarin te herken nie.

Maar Marais het nie in 1932 sy eerste kortverhaal geskryf nie. Tien jaar van tevore het hy in *Magriet van Laastelust* en die *Wegraak van Sannie*⁴⁰⁾ feitlik al kortverhale gelewer, d.w.s. as mens by die beoordeeling tot maatstaf neem nie die lengte nie, maar die letterkundige vereistes van die genre, nl. 'n enkele oorheersende voorval, 'n enkele voortreflike karakter, verbeeldingskrag, intrige, bondigheid, samestelling en eenheid van indruk.⁴¹⁾ In die eerste verhaal kon die tekening bondiger gewees het, maar dit behels tog maar die tekening van 'n enkele situasie, nl. die kennismaking van die teruggekeerde Margrieta en haar reaksie teenoor die tweeling-spielmaats van haar jeug, die een 'n aanvallige jong man en die ander leier van 'n rowerbende en 'n skandvlek op sy familie-eer. In die *Wegraak van Sannie* vertel Marais teen 'n tipiese Waterbergse agtergrond van vroeër jare die verhaal van 'n meisie wat die herinnering aan gevalle waar mense in die buurt sienderoë verdwyn het, aangewend het om haar vader van sy koppigheid te bekeer en tot haar huwelik met die seun van sy dwarstreckende buurman te laat toestem.

Hierdie twee verhale munt uit in milieu-skildering en handige verwikkeling, maar gaan mank aan karakter-tipering en die uitbeelding van sielkundige aspekte. Marais se sterkte het egter steeds gelê in 'n vernuftige intrige en oortuigende uitbeelding van die verwikkeling, terwyl hy hom nooit besonder veel aan die innerlike lewe van die karakters gesteur het nie. Waar hy 'n enkele maal die innerlike met die uiterlike tekening verenig het, het hy ons van sy skoonste prosa op die gebied van die kortverhaal gelewer. So is bewaarheid die hoop wat na aanleiding van die verskyning van

hierdie twee verhale geuit is: „Deur sy veelsydige ervaring het Marais 'n goeie kyk op ons volkseienaardighede en die verdere ontwikkeling van sy plastiese talent kan nog heelwat moois oplewer”.⁴²⁾

'n Ander resensent van hierdie werkie⁴³⁾ maak melding van die feit dat die eksemplaar in die biblioteek van Johannesburg ten tyde van sy skrywe alreeds deur elf mense gelees is, „en dit is veel, aangesien vele boeke — vernameelik Hoog Hollandse werke, — maar min lesers, soms nie een kry nie.” Die sukses van die werkie is dan te danke aan die feit dat die heer Marais „wat 'n ou joernalis is, uitstekend die kuns verstaan om iets haarfyn af te skilder in woorde”. In elk geval het Marais met hierdie geringe werkie 'n nie onbelangrike deel bygedra tot die prosa van die propaganda-periode in die Afrikaanse letterkunde (1920-'22).

In *Die Boerevrou*, waarin hierdie twee verhale die eerste keer verskyn het, is ook later gepubliseer *Die Man te perd*,⁴⁴⁾ *M'Vubu (Die Seekoei)*⁴⁵⁾ en *Die Leeus van Magoeba*.⁴⁶⁾ In die eerste verhaal maak Marais gebruik van 'n sketskaart om die verhaal van die drie verskynings van die spookman te perd te verklaar. Opvallend is dat Marais nie probeer om die spook-indruk te aksentueer nie. Hy probeer intendeel om 'n wetenskaplike verklaring te vind in die subjektiewe toestand van die verskillende waarnemers. In sy beskrywing van die voorvalle is daar egter 'n lewendige suggestie van dieselfde aard as wat Marais in sy latere spookverhale nog duideliker vertoon het. Die agtergrond vir die verhaal *M'Vubu* is bykans dieselfde, nl. die plaas Rietfontein in Waterberg, en ou September wat in die vorige verhaal ook die spook gesien het, is in hierdie geval ou Stemmer, hoof van die vyf naturelle-konstabels en tolk aan die hof van die vrederegter, maar ook die baas-spoorsnyer wat in die kol dryfsand die geheim van die Seekoei ontdek en die verdwyning van die Jood Solly Cohen opklaar. *Die Leeus van Magoeba* word beskryf as „'n historiese voorval”; in hierdie verhaal uit die naturellelewe skilder Marais die bygelowige Magoeba en die besoek van die „getoorde leeus”. Sy raadsman sorg, op belofte van die kaptein dat die jong meid Maraledi sy beloning sou wees, vir 'n naturelle-leeujagter wat die

leeus dood. Die Kaptein besluit egter om Maraledi sy elfde bruid te maak, maar op die bruilofsfees word ook hy teleurgestel deur die ontdekking dat die leeujaagter en Maraledi saam verdwyn het.

Hierdie drie verhale is vry goed verteenwoordigend van die verskillende motiewe wat ons ná 1932 in Marais se kortverhale aantref, nl. dié van die misterie- of spookatmosfeer — die okkulte of bonatuurlike, dié van 'n geheimsinnigheid wat die vernuf van die speurder en grondige kennis van die mens en sy gewoontes vereis, en eindelik dié waarin Marais sy vertroudeheid met die psige van die mens en veral van die inboorling openbaar.

Dit sal miskien raadsaam wees om 'n bespreking van Marais se kortverhale te laat voorafgaan deur 'n kort uiteensetting van wat vandag onder 'n „kortverhaal” verstaan word en dan sy verhale aan die gestelde norm te toets, want daar is in verband met Marais beweer: „Aan tegniese vereistes vir bou en samestelling het hy hom in sy verhale min gesteun.”⁴⁷⁾

Aangesien die kortverhaal in eerste instansie 'n Amerikaanse produk van die negentiende eeu is, skyn dit wenslik om aan die hand van die eerste en moontlik die beste beoefenaars van die genre tot 'n omskrywing of definisie van 'n kortverhaal te geraak. Die Verenigde State is die land wat die grootste mark vir kortverhale besit en die volksaard van die Amerikaner leen hom ook meer tot die beoefening van die genre as byvoorbeeld die geval by die Engelse is.⁴⁸⁾ 'n Verwante sielkundige verskynsel is die feit dat die Afrikaanse kortverhaal in die essensiële karaktertrekke van die kunsoort veel lewenskragtiger as die Nederlandse is. Die volgende omskrywing van die deursnee-kortverhaal is treffend en volledig: „In the short-story of the first rank power, skill and invention combine to produce, with few materials, an effect similar in definiteness and intensity to that which lies within reach of the masters of fiction alone. It deals, as a rule, with an episode rather than a complete movement of experience; with a situation rather than a series of events; with a single character than with a group; it must be condensed without sacrifice of shading or atmosphere; It must move swiftly to its climax, without any appearance of haste; it must omit the great mass of details, and yet leave nothing

essential unsaid. It is not a study for a longer tale, nor is it a long story abbreviated; it is a work of art which has its own laws, its special qualities, its individual sources of charm; it must stand complete in itself".⁴⁹⁾

Die volgende definisie kan ook as handige rigsgnoer by die bespreking van Marais se kortverhale dien: „A short-story is a brief, imaginative narrative, unfolding a single predominating incident and a single chief character by means of a plot, the details of which are so selected, and the whole treatment so organized, that a single impression is produced.”⁵⁰⁾

In *Die Huis van die Vier Winde*,⁵¹⁾ die eerste verhaal van Marais in sy tydperk van letterkundige verjonging, tree die oorlede dr. Paul de Roubaix op as die verteller van 'n gebeurtenis waarvan die besonderhede die naaste kom aan 'n bewys vir die voortbestaan van die menslike persoonlikheid ná die dood. Dr. Paul de Roubaix vertel dan die boeiende verhaal van die nag in die Poort-huis, waar vanuit die nag, waarin die hewige storm woed, die gees van die gewonde man sy verskyning maak. Die verduideliking van die verskyning word gegee deur die ou heer „Groot” Willem Prinsloo, 'n oorgeblewe skakel uit die dae toe die Kaffers die wrede moord in die poort gepleeg het. Aan die slot volg 'n wetenskaplike uiteensetting van die vraagstuk wat by die begin aangeroei is en daarmee word aan die eenheid van die verhaal skade aangedoen, daar die slotparagraawe swaar van inhoud is en nie aansluit by die boeiende verteltrant wat dr. De Roubaix voorheen geopenbaar het nie.

Op hierdie verhaal van die bowesinnelike wêreld het Marais laat volg *Die Spookbul van Farellone*⁵²⁾ waarin dié element skynbaar weer voorkom, maar by ontleding blyk dit tog doodgewone gebeure te wees vir elkeen wat met die Suid-Afrikaanse veld- en naturellelewe bekend is. Dr. De Roubaix is weer die verteller, maar staan geredelik sy plek as held van die verhaal af aan kol. François de Ville, 'n bekwame speurder en kenner van naturellegewoontes. Saam besoek hulle die plaas Farellone waar hulle verskillende bedreigings van die lewe van die eienaar waarneem, waarskynlik aan die gang gesit deur die vriendelike en

godsdienstige Charles du Plessis, oom van die eienaar van die ou familieplaas. Die ondersoek geskied op grond van die besorgdheid van mev. Armand du Plessis oor die veiligheid van haar man, maar eers nadat 'n klein Kaffertjie en 'n hond die slagoffer van die Ra-di-Nari (vader van die buffel) geword het, ontdek De Ville die geheim van die dood in die populierbos in die aanwesigheid van boogbome en die stuk inboorlingtou wat as vernietigende wildwip gedien het.

Hierdie verhaal bevat in bou en samestelling die voorafskaduwing van *Diep Rivier*,⁵³) die vernuftigste speurverhaal en ook die mooiste kortverhaal wat Marais geskryf het. Die Donker Stroom wat in hierdie keurverhaal so prikkelend op die verbeelding van die leser inwerk, is ook die worstelperk van Jan Hendrik van Vuuren in *Die Uit Uil*⁵⁴) — „nooit het ein Wanderer auf dem letzten Wege so geworstel om sy heengaan te vertraag”. Pakkend, asof in aanwesigheid van die naderende Dood, beskryf Marais die roerende toneel in die plaaswoning waar Van Vuuren byna vyftig jaar lank 'n kluisenaarsbestaan gevoer het. Aan 'n diepe godsvrug en Bybelkennis is daar die sonderlinge verskynsel gepaard dat hy nooit die Avondmaal wou gebruik nie. Eers op sy sterfbed het die dominee en sy neef Gert Terblanche — wat vyftig jaar van die sterwende as 'n dode gedink en gepraat het — die tragiese verhaal van moord gehoor, moord met oorleg gepleeg om 'n mededinger om die liefde van „Klein Bessie” uit die weg te ruim. Die bekentenis is skaars gedoen of Jan Hendrik van Vuuren deurwaad die Donker Stroom. Sy neef het geen geleentheid gehad om hom te vertel dat hy in die bedrieglike maanlig 'n wit uil, 'n albino soos by alle diersoorte af en toe voorkom, en nie 'n mens doodgeskiet het nie. In dwingender vorm as in die ware verhaal van *Skaduwee van 'n Misdaad* dring hierdie abnormale psigologiese verskynsel hom aan die leser op. Marais sorg alleen dat die vraagstuk oor die straf van Van Vuuren gesuggereer word, maar bied wyslik geen oplossing aan nie.

Marais wend sy wetenskaplike kennis van hipnotisme aan in die geskiedenis van *Laramie die wonderwerker*,⁵⁵) saamgestel uit die dagboek en nagelate papiere van dr. De Roubaix en vertel

asof dr. De Roubaix self sy ontmoeting met Laramie meedeel. Deur middel van hipnotiese toertjies voer die ontaarde en eertyds besonder belowende leerling van die gevierde Franse onderzoeker, Jean Martin Charcot (1825-1893), nou hier in Suid-Afrika 'n sukkelende bestaan. In sy laaste grootse poging om deur hipnose gou ryk te word, is hy deur dr. De Roubaix ontmasker en ná sy bieg van agteruitgang en misbruik van die kennis van sy voortreflike meester, pleeg Laramie in sy tent met 'n rewolwer selfmoord. Die verhaal eindig dan met die raak menslike siening waar Issy Wassermann, die Joodse magnaat wat onder hipnose die grootste geloof aan die wetenskaplike ontdekking van Laramie geheg en miljoene aan wins in die verskiet sien verrys het, die Dokter toefluister: „U sal waarskynlik vir die begrafnis sorg, en as daar familie of so iets is,“ en dan 'n rol banknote in sy hand druk. Hierdie verhaal is goed vertel en elkeen wat die prestasies van die wetenskap op die gebied van die hipnose erken, sal onder die bekoring van Marais se suggestiewe oorreding die waarskynlikheid van die gebeure aanvaar. Die wetenskaplike divagasies van die skrywer (alias dr. De Roubaix) doen egter afbreuk aan die verwikkeling van die intrige en kan nie altyd as essensieel en meewerkend tot die ontknoping beskou word nie.

Dr. De Roubaix se ryke skat van nagelate dokumente lewer ook die stof vir die kortverhaal wat sy titel ontleen aan 'n bekende gedig van die Duitse volksdigter, Adelbert von Chamisso (1781-1838), waarin die lotgevalle van 'n Spaanse edelman, die enigste ontkomeling uit 'n skipbreuk, in sy stryd om 'n lewensbestaan op die eensame rots Salas y Gomez in die Stille Oseaan beskryf word, in Marais se oorsetting beskryf as

„Verbrand van loodreg sonnegloed
 Rys bar en bloot van uit die stille vloed
 Salas Y Gomez; 'n rotsgestalt in eensaamheid verlore
 Slegs deur geveugeltes as broeiplaas uitverkore.
 Geen voetspoor ooit van dier of mens
 Oorkruis sy rotsbeskansde grens.”⁵⁶⁾

Die verhaal van die Afrikaanse *Salas Y Gomez*⁵⁷⁾ is op werklikheid gegrond.⁵⁸⁾ Anders as die Spaanse edelman wat op drie lei-tafels sy ervaringe uitgegrafeer het, het oom Hendrik du Preez, tipiese verteenwoordiger van Afrikaner-adel, in sy drie-en-negentigste jaar aan dr. De Roubaix vertel hoedat hy vyf maande lank teen die hang van Roerdomp op 'n rotslys gestrand was, waarvan „die bruikbare gedeelte veel kleiner is dan die buik-planke van 'n gewone ossewa”. Nie minder vernuftig as die historiese Robinson Crusoe het Hendrik du Preez te werk gegaan nie. Met hout wat deur die jare teen die lys vergaar het, het hy 'n beskutting teen die stekende sonstrale gebou. Sy sterk gestel het dit vir hom moontlik gemaak om in die reënbuie tog te rus, om te leef van bosduiwe en dassies wat hy in die naburige klipskeure gevang het, om die salpeteragtige rotssweet vir sout te gebruik, bronkors te eet toe hy aan skeurbuik begin ly het, en selfs het hy die tyd verwyd deur 'n tou gereed te maak, die tou waarmee hy eindelik die touleer van uitredding na boontoe gehys en aan die stam van die wildevyboom aan die kant van sy rotslys vasgemaak het. Die waarde van die verhaal lê egter in die treffende wyse waarop Marais die innerlike en uiterlike gewaarwordinge van die held verenig het. Wanhoop aan sy uitredding en jaloesie oor die vermeende afrokkeling van sy agtergelate vroultjie deur 'n ou mededinger, Slap Willem, dryf hom byna tot selfmoord. Sy godsdiens en veral sy liefde vir die boek Job het hom in die oomblikke van verlatenheid egter goed te staan gekom en toe die verlossing kom, was sy enigste wrok nog teen Slap Willem, maar dié se onskuld word darem betyds „met die gewone fynheid van vroulike deursig” deur Racheltjie verseker.

In die beskrywing van die geestelike pyniging wat Hendrik op die rotslys as uitvloeisel van liggaamlike foltering te verduur had, bereik Marais soms poëtiese prosamomente. Aangrypend in 'n ritme van doodsangs is die beskrywing van sy nagtelike droom; simpatiek teken Marais die influistering van die stem dat Racheltjie dood is in sy periodieke tye van „hesperiese neerslagtigheid”, in naakte realisme vind ons die waansinnige maar kort verset teen die beskikking van die Almagtige, en hoe kernagtig is die humor nie in die uitroepe van woede wat die gefolterde ontsnap by die

aanskouing van die vermeende hofmakery van die ellendeling, Slap Willem.

„Uit die Arabiese reisverhaal van Abool en Nara, sekretaris van die Sheik al Islam, Ben Mora" het Marais vertaal *Die Winde uit die Woestyn*.⁵⁹⁾ Die aantekeninge by die Arabiese name wat in die stuk voorkom, wek die vermoede dat Marais probeer het om 'n letterlike vertaling te gee, of om die indruk van 'n vertaling te wek. Oor die bestaan van die oorspronklike Arabiese verhaal kon ek geen sekerheid kry nie. In elk geval vertoon *Die Winde uit die Woestyn* as skerp satire op die onbestendigheid van die vroulike liefde sterk ooreenkomste met die verhaal van Petronius oor die vrou van Efese⁶⁰⁾ en met 'n ou anonieme Chinese verhaal.⁶¹⁾ In die laasgenoemde verhaal tref 'n filosoof 'n jong weduwee aan wat besig is om die hoop vars grōnd op die graf van haar pas afgestorwe eggenoot met 'n waaier droog te maak, die parallel van die voorval wat in die Arabiese verhaal die Sheik al Islam tot die bedroewende slotsom laat kom het: „Meer ondeurgrondelik, meer wisselvallig dan die winde uit die woestyn, is die dryfvere en togte van die vroulike hart. Allah is groot, en Hy alleen verander nooit." ⁶²⁾

Eweas *Die Wit Uil* is die eenaardige *Isaak Slyk*⁶³⁾ suiwer verdigsel,⁵⁸⁾ nieteenstaande die versekering van die skrywer in die laasgenoemde geval dat die geskiedenis waar is „tot in die kleinste besonderheid". Isaak Slyk is die naam wat die ou Boesman, Skottelgoed, aan een van die hekpile van die plaaswoning op Gannapan gegee het. In die Tweede Vryheidsoorlog het ou Skottelgoed op die plaas gesterf en alleen die mak kraai het ná die oorlog weer die huismense ontmoet, maar intussentyd het die kraai sy hele woordeskat kwytgeraak op twee woorde na, nl. „Isaak Slyk". Met vroulike ingewing het die huisvrou 'n verband tussen die woorde en die verdwene familieskat gevind in die versreël in Gesang 43:2 — „Goud en silwer is als slijk", — 'n reël wat die ou Boesman uit die huisgodsdienst oorgehou het as „goud en silwer is in Isaak Slyk". Reg genoeg en *mirabile dictu*, by ondersoek het geblyk dat die geldtrommel met die volledige bedrag in die pilaar Isaak Slyk deur ou Skottelgoed toegemessel is voordat hy van honger en ander

ontberinge dood is. Hy het „geen pennie vir sy eie redding gebruik nie.”⁶⁴)

Hierdie verhaal is met soveel oortuiging vertel dat mens geneig is om te sê: dit kon gebeur het, veral waar die gebeurtenisse hulle afspeel teen die ongewone omstandighede van die Tweede Vryheidsoorlog. Afbrek aan die toegewing van waarheid word m.i. egter gedoen deur die versekering van die waarheid van die verhaal aan die adres van die leser; dit wek die indruk asof die skrywer self bietjie huiwerig gevoel het oor die geloofwaardigheid van sy skepping.

In die inleidende beskrywing van die plaas Gannapan is daar tekenende deeltjies. Die plaas self is „geleë in die woestyn gedeelte van ons land, — die droewigste woestyn gebied — waar geen boom groei nie en die wonings so ver van mekaar geleë is dat niemand ooit bevrees hoef te wees dat hy die rook van sy buurman se skoorsteen sal sien nie”. Gannapan kon met geen koppie of geen boom spog nie, „al wat daar in die landskap oorstelpend was, was miershope, — miershope oneindig, in regimente en battaljons, in honderde, in duisende, in miljoene.”

Dieselfde motief — die selfopoffering van 'n ou Boesman om die kosbare besit van sy baas teen roof deur die Engelse soldate te bewaar — doen ook nuttig diens in die mooi verhaal van Ou Hendrik, wat nie alleen die vasgekeerde verkenner, Gool Winterbach, uit die strikke van die vyand red nie, maar sy gedresseerde trop Afrikanerbeeste op 'n paar na oor die vyand heen na veiligheid laat uitstorm.

*Afrikanerbeeste*⁶⁵) is 'n boeiende verhaal waarin Marais die geleentheid ten volle gebruik om sy liefde vir diere bloot te lê. Fyn geestige trekke ontbreek nie. Daar is die vervaarde „Halt, who goes there!” van die wag wat verskrik die geheimsinnige geluid van die aanstormende trop beeste verneem; die ou Boesman wat ná die op loop gaan van die beeste Gool verseker: „Seur ken my veldkuike nog nie. Hulle is nes klein kindertjies en ek is die ou aia”; en daar is „Generaal”, die pragtige jong Afrikanerbul, 'n Bosveldkalf, wat die stormloop gelei het en met 'n stuk jas aan sy een horing daaruit gekom het, 'n las waarvan ou Hendrik hom

bevry het met die opmerking: „My offisier het hulle oorlogsvlag buitgemaak!”

’n Soortgelyke geval van „redelike” optrede by ’n dier vind ons in *Jonkheer van der Made tot Zevenster*.⁶⁶⁾ die verhaal waarin blootgelê word waarom die jong Friesbul, „’n kampioen onder kampioene” op die Goudstadse landboutentoonstelling, eenmaal ’n Hollandse stalkneg in ’n hoekie vasgekeer en verbrysel het. Mooi beskryf Marais die intieme verhouding tussen klein Douwe en die bulkalfie, by wie hy hom gaan uithuil wanneer sy stiefvader, die stalkneg, hom in sy dronkmansroes keer op keer oop mishandelingswonde toegedien het. Op ’n keer toe die knapie dit nie meer kon opkrop nie, het hy die Jonkheer geroep en die bul het die besope Abbema teen die stalmuur vermorsel. Dit was klein Douwe wat by die eenaar gepleit het om die lewe van die bul te spaar: „Niet schieten, m’nheer, niet schieten! Niet de Jonkheer doodschieten. ’t Was alles mijn schuld. Ik heb hem geroep. Schiet liever mij, m’nheer. Niet de Jonkheer schieten!”

Nadat Marais in dié paar verhale dr. De Roubaix laat rus het, word hy in *Die Pad van Drome*⁶⁷⁾ weer ingevoer om in ’n gewone gesprek om die brandende kaggelvuur ’n wetenskaplike teorie oor die droomstaat in die mens uiteen te sit en met die verhaal van die droomlewe van Donou Winterbach te illustreer. Die wetenskaplike uiteensetting pas nie in ’n kortverhaal nie. Die skrywer kon met minder omslagtigheid te werk gegaan het, maar die versoeking was stellig te groot en dit was ’n mooi kans om dr. De Roubaix as mondstuk te gebruik vir die minagting wat die skrywer self vir die droomteorie van Sigmund Freud gekoester het. Die verhaal self kom daarop neer dat Winterbach in herhaalde drome ’n waarskuwing van ’n meisie ontvang en dat hy later as verkenner in die oorlog ’n meisie van dieselfde gelykenis ontmoet. Sy kom te perd en bring ’n waarskuwing, terwyl dit opvallend is dat die terrein van die ontmoeting herinner aan dié uit die droomlewe, behalwe dat dit omgekeerd is. Die gesig uit die droom en die uit die werklikheid word met behulp van twee sketskaarte verduidelik, ’n middel wat Marais voorheen ook in *Die Man te Perd* met sukses toegepas het.

Tot die terrein van die abnormale sielkunde behoort eweneens

die verhaal van oorerflike vervolgingswaansin wat Marais teken in *Die Vliegende Hollander*. Dis 'n aanwinst vir die Afrikaanse letterkunde dat die legende van die spookskip, waarvan die verskyning altyd langs die kus van Suid-Afrika sou plaasvind, vasgelê is in die taal wat aan dié land eie is. Waarskynlik was dit die gedagte dat die Vliegende Hollander eintlik aan Suid-Afrika behoort wat Marais daartoe aangespoor het om sy verhaal saam te stel aan die hand van die opera van Wagner, *Der Fliegende Holländer*; August Jal se verhaal, *The Flying Dutchman*;⁶⁹) en *The Phantom Ship* deur kapt. Frederick Marryat.⁷⁰)

„Using these references”, skryf die vriend⁷¹) wat Marais die literatuur oor die onderwerp verskaf het, „Eugène Marais built up a picture of the psychological legacy of fear and persecution-mania the Flying Dutchman might leave, and his story takes the form of a study of the lives and fates of succeeding generations of an old Cape family, whose history is bound up with the misdeeds of Jan de Roode Beest van Buuren, the Flying Dutchman Finally, a clever alienist, the hero of the story, unravels the whole history. I might add that the Flying Dutchman's name in this story is coined by Marais. As you are no doubt aware, one of the leading professors of Modern Language in England has given it as his opinion that Marais' *Flying Dutchman* is the finest introspective study since Thornton Wilder's *Bridge of San Luis Rey*.”⁷²)

Die waarde van hierdie verhaal, deur besonder vernuftige bou en treffende dialoog en beskrywing gekenmerk, sou egter hoër gewees het as daar nie soos in die slot van *Die Huis van die Vier Winde* ook hier 'n paar bladsye van die wetenskaplike verklaring ingevoeg is nie. Deur die liefde vir die wetenskap het Marais sy kuns laat skade ly, maar tog is dit waar dat dit feitlik alleen in die verklarende gedeeltes is dat hy nie daarin geslaag het om wetenskap en kuns in vrede saam te laat woon nie. Sulke lerende elemente doen egter afbreuk aan die eenheid van die verhaal.

„Die volgende verhaal is saamgestel uit verslete dokumente, die inhoud van 'n leersak wat die naturel Buffel in 'n kransskeur op Kroonkop gevind het.” Hierdie noot van Marais by die verhaal *Ondergang der Tweede Wêreld*⁷³) laat dink aan Poe se *Ms. found in a Bottle*,⁷⁴) in elk geval wat die tegniek by die mededeling van

die besonderhede betref. Die skrywer van die merkwaardige dokument oor die uitdelging van die wêreld van lewende wesens is uit die verhaal self alleen bekend as Willem en Wimpie, en wat hy beskryf, blyk aan die slot te wees die lewendige herinnering van 'n tafereel wat hy in 'n geheimsinnige instrument, die spektro-periskoop, aangaande die toekoms van die menseras aanskou. In hierdie verhaal van ryke verbeeldingskrag werk Marais in sy konsekwensies uit die opvatting dat die aarde stadigaan aan die uitdroog is. Buitengewone vulkaniese bedrywigheid laat die watervlak op land en see so daal dat alle lewende wesens ná tonele van onbeskryflike ellende van dors omkom. Slegs 'n paar oorleef die ramp, een die kroniekskrywer wat op Kroonkop naby die Transvaalse dorpie Nastergal 'n geheime watervoorraad gevind het en 'n ander, 'n jong dame wat in 'n groot winkel in Pretoria deur die ontdekking van 'n vergete watertenk in die gebou gered is. Willem gaan naderhand na Pretoria waar hy by toeval in die stad van verlatenheid en dood, wat hy op skrikwekkende wyse afskilder, die enigste oorlewende ontmoet. Oor en weer deel hulle mekaar hul ervarings mee.

Hierdie verbeeldingsverhaal van die toekoms — die visioen in die spektro-periskoop — word dan as persoonlike gewaarwordings deur die kroniekskrywer opgeteken. So reël is die indruk dat „selfs nou dat ek besluit het om my ondervindinge neer te skrywe, kan ek nie besef dat ek aan iets baie wonderliks deelgeneem het nie. Ek kan nie verstaan dat hierdie stukkie papier waarskynlik die eerste historiese dokument mag uitmaak wat die nuwe mensegeslag (as daar ooit weer een tot stand kom) in kennis sal stel met die vernietiging van die voorwêreldlike beskawing. Dit is moeilik om te besef dat hierdie dokumente die Boek Genesis mag wees van die nuwe skeppingsverhaal.”

Soos 'n droom wat werklikheid geword het, klink hierdie verhaal van 'n wêreld-katastrofe. Die verbeelding van die leser word sterk geprikkel en vrye gang gelaat op plekke waar die samesteller moes aanteken dat die manuskrip daar onleesbaar geword het. Die feit dat die opdroog-verskynsel Marais altyd self buitengewoon beïnvloed het, het waarskynlik meegehelp om hom in staat te stel om so

'n treffende verhaal van die eindgevolg van die afwesigheid van water te skep.

Pessimisme, die lewenshouding wat meer as enig ander die lewensloop van Marais beïnvloed het, vind mens weerspieël in die verhaal *De Boom in het Midden van den Hof*,⁷⁵) waarin Marais die Mephistopheles-motief in 'n Afrikaanse milieu uitbring. Aan die einde van 'n vyftigjarige bediening op die sendingpos Drogebult het eerw. Scalinger afgetree en as kruie-verkoper in die blikkiesdorp-geweste van die hoofstad saam met sy ou vrou gaan woon, met die wrange oortuiging in sy hart dat sy lewe vrugtelos was. 'n Besoeker, Stoffel Seebul, bied hom die ware lewenseliker aan; hy weier eers, maar gee later aan die versoeking toe. In sy verjongde staat besef hy dat sy lewe by herhaling maar weer sal misluk, daarom verkies hy weer die folteringe van die ouderdom wat nie ver van die dood verwyder is nie. „Wat 'n dwaas was hy om nou te vergeet 'n gevolgtrekking wat hy lank gelede as die eerste artikel in sy lewensgeloof aangeneem het: *Dat die Herr-Gott nooit bedoel het dat ons in hierdie lewe gelukkig moet wees nie.*”⁷⁶) Die volgende oggend het hy sy rusteloosheid van die nag aan sy vrou verduidelik as „'n akelige droom” wat hom gestoor het.

Eerw. Scalinger is in sy troostelose lewenskyk 'n tipe van die skrywer self. Marais sou ook nie weer sy lewe van lyding wou oorhê nie, wou ook nie weer 'n kans gehad het nie, maar „liewer die dood wat ten minste rus en vergetelheid skenk.”⁷⁷)

Net soos in *Salas Y Gomez* en *Die Vliegende Hollander* het Marais ook uitmuntend daarin geslaag om in hierdie verhaal 'n bekende motief in die letterkunde van 'n ander volk tot ons volkseie toe te voeg.

Marais se meesterstuk in komposisie en woordkeuse op die gebied van die kortverhaal is egter die skone verhaal *Diep Rivier*,⁵³) waarin die beste uit sy prosa met die beste uit sy poësie verenig is en die handeling gekenmerk word deur 'n dramatiese spanning wat alleen in die uitsonderlike momente van toneelwerk geëwenaar is. Interessante wetenskaplike waarnemings wat hy ook elders te boek gestel het, dien in hierdie verhaal om 'n intrige te skep waar-

aan daar niks haper nie, sonder dat die nodige toeligting oor verdubbeling van persoonlikheid en die rol van geur as seksuele signaal by diere die verrassende verwickeling vertraag. In hierdie verhaal vertel dr. De Roubaix hoedat kol. Sois de Ville die geheim ontdek het van die treffende wraaklied van Juanita Perreira, 'n bastermeid wat in diens by mev. Van Niekerk op die plaas Avonduur as 'n fyn opgevoede dame optree, maar in die kraal van haar Kaffer-oupa die gewoontes en drag van 'n naturellemeid handhaaf. Van haar oupa het sy die toepassing van seksuele muskus geleer om slange na Avonduur te lok en meer bepaald na mev. Van Niekerk, wie se aanwesigheid sy nie kon duld nie, omdat sy as jong meid haar speelmaat Boy van Niekerk leer liefkry het. Haar lis, gebore uit die waansin van 'n onbevredigde liefde, misluk egter; sy word deur De Ville ontmasker en twee dae later het die aanwesigheid van 'n sakkie seksuele klierstof in haar naturellekleding twee slagtagmerke en die dood gebring. „So het sy haar Diep Rivier eindelik self deurwaad.”⁷⁸⁾

Niemand as net Eugène Marais kon hierdie verhaal geskryf het waarin hy die wee van 'n leeftyd van lye saamgepers het in die hartroerende sleutelgedig, waarin hy sy eie sielelewe ontbloom het meer as in enige ander geskrif uit sy pen. Mens kon geen ander verhaal aanbeveel het vir insluiting in die bundel *Tien Uitgesoekte Kortverhale*⁷⁹⁾ as net hierdie een, „die uitstaande verhaal in hierdie bundel, die verhaal wat deur die herinnering voortwerk na jy al die ander vergeet het, die diepe *Diep Rivier* van Eugène Marais, met sy donkere onderstroom van tragiese bewustheid, tog weer verklaar deur die enkele ligstraal van verlore liefde, wat verheerlik en verdoem, met sy simboliek waartoe die ander verhale tevergeefs opstrew. — Hoe word 'n ganse menselot in hierdie verhaal saamgegryp en as simbool voorgelou!”⁸⁰⁾

Diep Rivier verteenwoordig Marais se hoogtepunt as kortverhaalskrywer. *Swart Bobbejane of Amnestie*⁸¹⁾ wat daarop volg, mis eenheid. Die titel dui dit reeds aan. In 'n te lange inleiding vertel Marais van 'n Kalahari-tog om „swart” bobbejane te soek. Die ontdekking van 'n eensame woning in die woestyn voer dan tot die mededeling van die betekenis van die woord amnestie aan 'n man

wat jarelank daar in die woestyn geskuil het van die gereg wat hom tot verantwoording sou roep vir 'n moord wat geen moord was nie, maar waarvoor hy voëlvry verklaar is. Alleen die gedagte aan sy kleindogter se toekoms is kragtig genoeg om hom te oorreed om na die beskawing terug te keer, nadat hy al feitlik deel van die Groot Dors geword het. Die motief uit die ware verhaal *Skaduwee van 'n Misdaad* het Marais hier lank nie so goed gebruik as in *Die Wit Uil* nie.

Onverklaarbare, bonatuurlike gebeurtenisse speel weer 'n belangrike rol in *Die Man met die Mantel*,⁸²⁾ 'n verhaal uit die dae van die beleg van Pretoria gedurende die Eerste Vryheidsoorlog. Teen 'n agtergrond van persoonlike herinneringe uit sy kinderdae maak die leser kennis met ou Gert Grootman Olivier en sy enigste dogter Sophie, sowel as met die skildery wat daar in die sitkamer van die Oliviers gehang en 'n rol in die lotgevalle van die gesin gespeel het. Die skildery was bekend as „die Mantel-man” en het tot „mees interessante, mees geheimsinnige aspek” gehad die feit dat dit in sekere ligskakering die vorm van 'n engel met twee groot gevoude vleuels aangeneem het, in plaas van die beeld te vertoon van 'n jong man met 'n mantel om die skouers en 'n lang wandelstok in die regterhand. Ook het die legende geleef dat die gedaante soms die vorm van 'n duivel van die uiterste duisternis aangeneem het. Met behulp van 'n geneesheervriend en die Mantel-man word Sophie en haar vader uit die hande gered van 'n avonturier La Fleur wat Sophie en haar erfenis wou bemagtig deur haar vader 'n dodelike dosis opium toe te dien. Dr. Van der Heystraat klaar ook die geheim van die Mantel-man op: die ou skilder het met behulp van bepaalde wysigings van ligval 'n beeld op die doek gebring wat van die gedaante van 'n skone engel met gevoude vlerke tot 'n spottende duivel kon verander, 'n bedoeling wat ook geblyk het uit die titelplaat met die opskrif II Kor. 11:14 („En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig”).

*Die Pas van Santarey*⁸³⁾ is die laaste verhaal wat Marais saamgestel het uit die denkbeeldige “nagelate dagboek, briewe en ander fragmente van die beroemde Afrikaner-chirurg en plantkundige,

dr. Paul de Roubaix. Hierdie tragedie van 'n jong man wat as swerwer deur die lewe gegaan het en nie die liefde van 'n beminde kon smaaik nie, omdat hy onwetend die vloek van medepligtige by die dood van sy enigste en geliefde broer moet dra, herinner sterk in die wesensgelykheid van die motief aan *Skaduwee van 'n Misdaad*, *Die Wit Uil* en *Swart Bobbejane of Amnestie*. Mens wonder waarom Marais hierdie motief so by voorkeur aangewend het. Hoewel die geregtelike ondersoek aangetoon het dat Hendrik de Savvoye „deur 'n ongeluk gedood is”, so doeltreffend het die metgesel van 'n oomblik die moord uitgevoer, kon Pierre de Savvoye wat die vreemdeling daar in die pas slegs 'n vuurhoutjie gevra het, nie van die besef dat hy alleen vir sy broer se dood verantwoordelik was, weg kom nie.

Marais het 'n uitstappie uit sy gewone omgewing gedoen en in *Die Diamant* ⁸⁴) ons 'n verhaal gelewer wat 'n interessante bydrae is tot ons letterkunde oor die spoeldelwery, wat 'n paar jaar gelede 'n taamlike donker kwas in die gesonde hout van ons volkslewe gevorm het. In die kleim van oom Gillie Bezuidenhout, die oudste burger van die delwerspubliek, word vir die grap deur een van die jong delwers 'n blou-wit schlenter-diamant van sestig karaat gesit. Oom Gillie doen eindelijk 'n vonds, maar op die verkoopdag is die grapmakers in groot verleentheid, want selfs Koos Boshoff kon hom self daarvan oortuig dat die skitterende blouwit diamant, van die eerste water en sestig karaat in gewig, die volle koopsom van £ 6,000 werd is. Oom Gillie en sy vrou vertrek om op die ou plaas te sterf en sy afskeidsgroet aan die grapmaker Boshoff is: „Jakobus, ek skenk die orige van die gruis aan jou. Die Here het my genoeg gegee. Ek verlang nie meer nie.” En al wat Koos Boshoff uit die hoop gruis gewas het, was die schlenter wat hy self daarin gesteek het.

Die Diamant is 'n mooi kortverhaal, wat uitmunt deur simpatieke siening en 'n vernuftige, pakkende slot.

Ná 'n tussenpose van byna 'n jaar het Marais sy laaste bydrae tot *Die Vaderland* gelewer, nl. die verhaal *Die Vonnis op Regter de Wildt* ⁸⁵): Ná 'n loopbaan waaruit die hoofregter nie kon onthou hoeveel mense hy tot die dood veroordeel het nie, het hy afgetree

om met sy gade en enigste dogter sy oudag in vrede op die plaas Eensaamheid te slyt, maar sy vrou sterf skielik en by hul aankoms op die plaas laat die dogter haar skaak deur Hendrik du Plessis en trou met hom teen die wil van haar vader. Sy sterf by die geboorte van haar tweede kind, nog voordat haar vader haar kon vergewe en groet. Die seuntjie en dogtertjie word sy troetelinge op die plaas. Op 'n dag verskyn daar 'n ru-bebaaarde vreemdeling wat dreig om die Regter se lewe te neem, omdat hy 35 jaar van tevore hom onskuldig veroordeel het. Dit blyk dat hy die vader van Hendrik du Plessis is. Die klein dogtertjie is die middel om haar tweede oupa se hart te vermurwe, met die gevolg dat ook hy 'n onderdak op Eensaamheid vind, waar hy saam met De Wildt die twee kinders as gemeenskaplike besit waardeer.

Ongeveer op gelyke peil — 'n interessante intrige maar minder toegewyde aandag aan die onderdele waardeur oppervlakkigheid in die hand gewerk word — staan Marais se laaste kortverhaal, *Spore in die Sand*.⁸⁶) Ooreenkoms met die motiewe van vroeëre verhale ontbreek nie. Onder die bekoring van die skoonheid van die rooidag en van Susan — sy Lalasini (sy wat in haar slaap sag asemhaal) — staan Euvrard Marchand die oggend op en gaan uit om 'n ruiker vir sy vrou te pluk en haar daarmee te verras wanneer sy opstaan. Perdespore in die sand vertel hom egter dat daar gereelde besoek by sy vrou afgelê word deur sy intieme vriend en naaste buurman, Jim Raikes. Hy gaan uit en skiet Raikes in die grootpad dood. Terug in sy huis ontdek hy dat dit sersant Paul Beneke se spore was wat hy in die sand gesien het. Maar Paul Beneke het met sy rewolwer goed geskiet nog vóór Euvrard sy geweer agter hom kon gryp. En Susan, wat met historiese geskree op die voorneme van haar man gereageer het, staan 'n paar tree van Beneke met haar blik stip gevestig op die bloed uit die skouer van die dode. „Sy gee die indruk van die skoonste van die Skikgodinne, wat van naby, aandagtig, nuuskierig haar jongste handewerk betrag Lalasini het gewee; sy het die oggend reeds geraai. Sy het goed gewee wat Euvrard se laaste woorde beteken het toe hy gepraat het van spore in die sand.”

Marais se liefde vir die weergawe van die interessante in die

volksverlede en vir die kortverhaal vind mens verenig in twee speurverhale, *Wêreldskokkende Drama van Menslike Offerandes*⁸⁷⁾ en *Wonderbaarlike Speurvernuf van Jong Afrikaner*⁸⁸⁾ waarin hy op interessante wyse van twee gevalle verhaal waar die werklikheid baie meer boeiend as die vernuftigste verdigting is. Die eerste is 'n geval van mense-offers by 'n naturellestam in Noord-Transvaal wat alleen ná lang en geduldige speurwerk ontdek is, terwyl die tweede vertel van 'n jong Afrikaner-konstabel wie se opletendheid en veldkennis hom baie beroepspeurders laat oor-skadu.

Tot die opkoms van die kortverhaal in Afrikaans, toegeskryf aan die feit dat „verstrakking in die kuns, die moderne „saaklikheid” ook by ons al meer 'n behoefte word”,⁸⁹⁾ het Marais geen geringe deel bygedra nie. In sy aantal kortverhale het hy getoon „hoe indringend hy kon ontleed en hoe gevoelig hy is vir komposisie-waarde”,⁹⁰⁾ en as die Afrikaanse kortverhaal sy welslae aan dieselfde sielkundige oorsake as die lewenskragtige Amerikaanse te danke mag hê, dan het Marais al ontdek dat die geheim van die Afrikaanse kortverhaal nestel in die behandeling van karakteristiek Afrikaanse lewe met absolute kennis van sy eienaardighede en simpatie met sy metodes; met geen punteneurige verbysien van sy gewone uitdrukking, of die onontwikkelde poësie wat selfs in die volkstaal bespeur mag word nie; met geen morele bepaling as dié wat 'n gebillikte uitvloeisel van die verhaal self is nie; met geen uitskakeling meer as wat nodig mag wees vir die voorstelling van die kunstenaar nie, en nooit uit vrees vir die fetisj van vormlikheid nie.⁹¹⁾

In sy histories-anekdotiese prosa van voor 1932 het Marais deur die eenvoudige vertelling van buitengewone verskynsels en gebeurtenisse uit die werklike lewe 'n agtergrond van geloofwaardigheid opgebou wat goed te pas gekom het toe hy ook sy kortverhale laat kenmerk het deur ongewone, fantastiese motiewe, in die trant van die grootmeesters Hoffman en Poe, tot die sfeer van die moontlikheid oor te plaas deur oorspronklikheid van siening en eenvoud van segging, met behulp van 'n kunsmiddel gegrond op suggestie, nl. dat alles tot in besonderhede waar is. Dieselfde

middel is met sukses deur kortverhaalskrywers in ander lande toegepas,⁹²⁾ en deur taktvolle herhaling in verskillende vorme is dit gebruik om die suggestie van geloofwaardigheid te versterk.

Marais se prosa, ook sy kortverhale, is byna alles op aandrang vir die lesers van een of ander tydskrif of koerant geskryf. Die vereistes was dat dit vlot sou lees, dat dit die lesers so sou boei dat hul liefde vir hul taal verskerp word en indien moontlik, dat dit ook tot die verfyning van hul smaak sou bydra. In *Die Wit Uil*, *Isaak Slyk* en *Diep Rivier* — om die beste te noem — het Marais ongetwyfeld ook aan die laaste vereiste voldoen, maar ook sy ander prosa het 'n positiewe uitwerking gehad, want Marais was 'n gebore verteller wat kon voorsien in die behoefte aan 'n goeie verhaal. „Die eenvoudige begeerte om 'n ideale wêreld waarin fiktiewe persone 'n rol speel, lê dieper in die menslike wese en is ouer as die reëls vir goeie kuns en, na ons mening, ook belangriker. „Elkeen van ons het” — om Chesterton⁹³ aan te haal — „in ons prille jeug vir ons so 'n wêreld geskep; maar die gedagte het nooit by ons oppasters ontstaan om die skepping van ons verbeelding te verbeter deur 'n noukeurige vergelyking met Balzac nie!” Ons wil nie juis beweer dat letterkunde 'n luukse is nie; maar aan die ander kant is dit 'n blote noodsaaklikheid. Alleen deur die laaste te voorsien, kan ons hoop om later die ander te bekostig. By 'n volk wat in die leerstadium is, is dit dus in die eerste plaas noodsaaklik om ligte leesstof te verskaf, al is dit ook nie altyd leesstof wat die toets van die kunskritikus sal deurstaan nie.”⁹⁴⁾

Marais het nie die waarderingsvermoë van die Afrikaner oorskat nie en deur met 'n pakkende verhaal te boei, terwyl hy op talentvolle wyse situasies afskilder, het hy en deur sy kortverhale en deur sy ander prosa in verskillende stadia tot die estetiese verdieping van sy landgenote bygedra, nes sy wetenskaplike prosa vermeerdering van kennis by die leek beoog het.

HOOFSTUK IX.

INVLOEDE EN SKRYFMETODE.

Soms in die lewe van hom wat in eensaamheid sy dae laat verbysleep, is daar hier en daar 'n persoon wat hom tot die kluisenaar aangetrokke voel en miskien deur taktvolle toenadering daarin slaag om die eensame se vertrouë, al is dit dan maar net tydelik, te verower. Daar is ook natuurlik die groot skare ongevoeliges wat alleen van een standaard-metode van toenadering weet en geen besondere medelye betoon teenoor die sonderlinge individu wat in die moeras van sielsmart 'n knou van die dood opgedoen het, maar wie se sinne nie vir die kankeragtige afstomping van die alledaagse bestaan vatbaar is nie. Hoe kan hy wat self nie kan voel nie, meegevoel hê met iemand wat in 'n toestand verkeer waarvan die buitestaander geen denkkeeld kan vorm nie.

Sulke ongevoeliges het Marais dikwels langs sy smartvolle weg teengekom, nie alleen in die sarkofae van hiëroglifiese beskrywings nie, maar ook in die hedendaagse samelewing van hooggeroemde wellewendheid. Sulke kabelbesnaarde siele kon geen weerklank by Marais ontlok nie; sulke persone was stellig die oorsaak dat die alleenloper hom met 'n digtere waas van mistieke en ontegemotekomende eensaamheid omring het en, op enkele uitsonderinge na, selfs gaan wantrou het aan die trou van die wat hulle sy vriende genoem het.

Eugène N. Marais, fynbesnaarde belletrist en onderhoudende storieverteller, het in sy eensaamheid, en by die nodige gemoedsrus, veel gelees. Niemand wat van sy wye belangstelling in letterkunde in sy jeug — soos ten oorvloede uit sy eerste geskifte blyk —

kennis geneem het nie, sal dit as eienaardig beskou dat hy ook later, ten spyte van struikelblokke wat soms dae aaneen gesonde belangstelling belemmer het, veel gelees het met 'n onderskeidingsvermoë wat van sy besondere smaak op die gebied van die letterkunde getuig.

In 'n onderhoud¹⁾ het hy vertel dat hy tydens sy verblyf as student in Londen al kennis gemaak het met kunstenaars soos H. G. Wells, Marie Corelli en Sarah Bernhardt. Dit was op die eetmale wat hy in geselskap van die heer Montagu White, konsul van die Zuid-Afrikaansche Republiek, bygewoon het. Waar hy met hulle kennis gemaak het, het die belangstelling in die persoon ook gelei tot belangstelling in sy geskrifte. In die Britse Museum het Marais die groot hiëroglifis, Wallace Budge, ontmoet en in later jare was boeke van die Egiptoloog onder sy beste vriende.²⁾

Die verblyf saam met sy Duitse vriende in die voorstad van Londen het waarskynlik daartoe bygedra dat Marais ook Duits begin lees het en belang gestel het veral in die werke van die groot Duitse digter, Wolfgang von Goethe, die skrywer wat volgens Marais se eie bekentenis die grootste invloed op hom uitgeoefen het.³⁾ Invloed het ook uitgegaan van Adelbert von Chamisso, en dit was sy voorbeeld wat Marais in later jare 'n jonger Afrikaanse digter voorgelê het,⁴⁾ en wat hy self ook met groot sukses gevolg het. Die oorspronklike handskrifte van Marais se gedigte is feitlik onleesbaar ten gevolge van die oneindige verbeterings wat hy aangebring het. 'n Oppervlakkige vergelyking van verskillende publikasies van sekere van sy gedigte sal ook dadelik aan die lig bring dat Marais steeds probeer het om 'n juister uitdrukking vir sy digtersvisioen te vind. Schiller is 'n ander Duitser in wie se werk Marais belanggestel het en waaruit hy meer as eens iets aangehaal het.

Op die gebied van die kortverhaal was Marais goed vertrouwd met die beste van Nathaniel Hawthorne, Bret Harte, Edgar Allan Poe, O'Henry, H. G. Wells, C. K. Chesterton, sowel as — in vertaling — met die beste verteenwoordigers uit die Franse letterkunde, nl. Guy de Maupassant, Honore de Balzac en Anatole France.⁶⁾

G. R. von Wielligh se inboorlingstories het Marais geken, maar

veral is sy belangstelling gewek deur die letterlike vertaling van Boesman-verhale, gedigte en liedere deur dr. W. H. I. Bleek en sy skoonsuster.⁷⁾

As jong seun het Marais die letterkundige skoonheid van die Bybel leer waardeer,⁸⁾ en hoewel hy gedurende die grootste gedeelte van sy lewe nooit aan godsdiens meegedoen het nie en onder sy vriende as 'n agnostikus bekend gestaan het,⁹⁾ het Marais as leek tog 'n besondere kennis van die Bybel gehad. Die Boek Job het altyd vir hom 'n besonder bekoring gehad¹⁰⁾ en die laaste geskrif uit sy pen was die oorskrif uit die Engelse vertaling van die eerste paar verse van Job xix.¹¹⁾ Hy was uiters verdraagsaam teenoor die godsdienstige opvattinge van ander mense, maar kon nie anders as om alle vorme van huigelagtige oorgodsdienstigheid te verfoei nie.¹²⁾

Daarteenoor kon Marais ook met heel ligte leesstof die tyd verdryf. Dit was geen ongewone gesig om hom verdiep te sien in tydskrifte soos *The Master Detective* en *The Startling Detective* en in oppervlakkige Engelse romans nie.¹³⁾ Sy ruime belangstelling het hom byvoorbeeld laat ontdek dat H. de Vere Stacpoole — bloot by toeval, soos Marais dit gekarakteriseer het — in 'n kort-verhaal *Armand du Plessis* min of meer dieselfde intrige as Marais in *Magriet van Laastelust* gebruik het.³⁾ Uit dieselfde sameloop van omstandighede is dit waarskynlik ook te verklaar dat John Buchan 'n jaar of twee gelede 'n roman met die titel *The House of the Four Winds* gepubliseer het.¹⁴⁾

Ook deur welwillende vriende het Marais hom tot skrywe laat beïnvloed. Dis eintlik opvallend dat Marais selde iets gepubliseer het in 'n tydskrif of koerant waaraan daar nie in daardie tyd iemand verbonde was wat besonder moeite gedoen het om die beskeie skrywer aan te moedig nie. Daar is sy vriend Preller, vir wie hy bydraes geskryf het om in *De Volkstem*, *Die Brandwag*, *Ons Vaderland* en *Die Vaderland* te plaas. Wyle dr. A. G. Visser was ongetwyfeld by uitstek die Heidelbergse vriend deur wie se bemiddeling die eerste van Marais se waardevolle bydraes in *Die Huisgenoot* verskyn het.¹⁵⁾ Besonder dank kom ongetwyfeld ook toe aan mev. M. C. Malherbe wat as redaktrise van *Die Boerevrou*

daarin geslaag het om, al was dit dan met besonder veel oorreding, 'n aantal van sy beste gedigte, historiese vertellings en sy eerste kortverhale uit sy pen te laat vloei.¹⁶⁾ Die aanmoediging van sy pennevrind, mnr. Wm. Spilhaus, het Marais besonder hoog op prys gestel en 'n vry uitgebreide korrespondensie is met hom gevoer.¹⁷⁾ Marais het sy vriend op hoogte gehou van sy wetenskaplike werk en het op sy beurt graag van mnr. Spilhaus geskifte ontvang waartoe hy nie voorheen toegang gehad het nie.¹⁸⁾ Aan *Die Vaderland* was daar, naas sy vriend Preller by wie hy in die laaste jare ingewoon het, die here A. M. van Schoor en O. E. Schweltnus wat bereid was om meer van Marais te verdra as wat die reëls van die redaksie aan 'n medewerker toegelaat het.¹⁹⁾ Dit was hulle veral wat hom tot 'n Afrikaanse redaksie van *Burgers van die Berge* oorgehaal het, wat die kortverhale wat hy inderhaas vir die volgende aflewering van die koerant geskryf het, by hom gaan afhaal en vir die pers gereed gemaak het; ja, selfs die masien-setters oorgehaal het om in die één geval potloodkopie aan te neem, omdat Marais so graag en op sy lekkerste geskryf het met 'n sagte potlood in die hand. Die ontstaan en voltooiing van Marais se eerste drama, *Die Swart Verraad*, moet ook in 'n groot mate aan die ywerige belangstelling en hulpvaardige kritiek van die heer Van Schoor toegeskryf word, terwyl die tweede toneelstuk ook op aansporing van dieselfde joernalis aangepak is.

Hoe het Marais dan eintlik by sy skrywe te werk gegaan? 'n Onderzoek na sy skryfwyse by die opstel van 'n gedig, kortverhaal of toneelstuk sal hier die moeite loon. Dis bekend dat Marais 'n fyn waarnemer was en oor 'n besonder goeie geheue beskik het, ten spyte van die hoë eise wat sy lewenswyse aan sy intellek gestel het. Aan sy seun het hy die raad gegee om nooit aantekeninge van iets te maak wat hy nie wou vergeet nie.²⁰⁾ Nee, hy moet dit lees totdat hy dit so goed begryp dat dit as deel van sy geheue-inhoud 'n vaste verblyfplek in sy onderbewussyn kry, om weer uit die kelder opgehaal te word op die oomblik wanneer die bewuste dit tot voordeel van die individu se bestaan kan gebruik. Deur hierdie studiewyse het Marais uit sy wye ervaring 'n besondere waardevolle geheue-skat opgegaar, en later in ge-

sprekke met vriende om die kaggel of kampvuur, òf in geskifte, het hy dit weer opgedis as 'n ryk en kostelike gereg van die intellek, wat uitmunt deur helderheid en ongeunsteldheid van siening, sowel as deur 'n eie en oorspronklike wyse van feiteverbindings. „My tegniek”, het Marais eenmaal erken, „is om my verhaal die skyn van werklikheid te gee. Ek het gewoonlik die hele ding in my kop voordat ek begin skryf. Baie maal in die nag as ek nie kan slaap nie, lê ek selfs hele paragrawe en sinne en uitdink”.³⁾ Dit het dan ook meer as een keer gebeur dat Marais op 'n oggend die redaksiekantoor van *Die Vaderland* binnegekom en in hooftrekke die inhoud van 'n verhaal meegedeel het wat hy daarna binne 'n paar uur in 'n afgesonderde hoekie van die gebou sou voltooi. Soms het hy moeg geword en die verhaal onvoltooid gelaat; daarna het dit baie keer veel geduld en takt geverg om Marais weer aan die skryf te kry. Meestal was dit egter nie onwilligheid om aan die versoek te voldoen nie, maar fisiese onbekwaamheid om die nodige energie te beheers wat nodig was om die verhaal, wat vóór die neerskryf van die eerste woord reeds gekonsipieer is, in die onestetiese atmosfeer van die koerantkantoor uit die sfeer van verbeelding in die gebied van drukkersink en koerantkolomme oor te bring.

'n Enkele maal het Marais by die opstel van 'n verhaal gevoel dat hy te haastig geskryf het en dit meegeneem huis-toe met die doel om dit 'n slag na te sien,²¹⁾ maar gewoonlik het hy die manuskrip sonder herlesing stuk vir stuk — mens kan byna sê vel ná vel — aan die genade van die verantwoordelike redaksielid oorgelaat. Dit is die geval met sy kortverhale en gewone prosa-bydrae, maar waar hy wetenskaplike artikels gelewer het, toon die manuskripte tekens van hersiening en korreksies is aangebring. Dis ook die geval met die twee dramas wat Marais geskryf het. Marais het nie maklik gedig nie en handskrifte van sy gedigte toon dikwels soveel deurhalings en vernude pogings in die soek na die juiste woord-rangskikking of uitdrukking dat die samehang van die geheel alleen met groot moeite en geduld blootgelê kan word.

Van sy gedigte het die bekende ballade, Mabalêl, ongetwyfeld die interessantste geskiedenis:

Nadat Marais reeds 'n lang artikel oor die *Verskynsels van die*

Dieriesel vir die *Burger-Nuwejaarsnommer* van 1923 bygedra het, ontvang hy op Erasmus 'n telegrafiese versoek om 'n gedig vir dieselfde uitgawe. Die versoek was so dringend dat Marais besluit het om daaraan te voldoen, hoewel hy geen gedig voorradig gehad het nie. „Die gedig is van ná aandete tot middernag geskrywe — die gouste wat ek ooit geskryf het”, het Marais later verklaar. Hy het die gedig in sy geheel laat oortelegrafeer, en nog later verbeteringe op dieselfde wyse agterna gestuur.³⁾ Die pragtige Mabalël is dus in een kort en rustige someraand op die Transvaalse platteland geskryf.

Dadelik is mens geneig om te dink dat Marais by sy skepping die gedagte maklik in woorde gebring het, dat hy reël ná reël as 'n bomenslike ingewing ontvang en neergeskryf het. Nee, dit was lank nie so sprokiesagtig nie. En as mens met die oog op die kort tyd waarin die gedig ontstaan het, nog lus voel om so 'n *generatio equivoca* voor te staan, dan is daar 'n nagelate ou skryfboek wat by die eerste deurblaai al alle gedagte aan 'n vlottende spontaneïteit oorboord laat val.

Tussen 'n hele aantal bladsye met letters beskryf, sommige bladsye met slegs enkele reëls daarop, staan daar ook twee waarop die volgende „synopsis” van die gedig aangegee word, in haastige skrif oor die skuinste van die bladsy aangebring:

„1. Langs voetpad; 2. Zeekoegat in aand; 3. Wag Mabalel — end; vrolik sing sy; 4. In die diepte; 5. Weer meidjie; 6. Uit die diepte rys Lalele; 7. Mymering wi(th) lines: Uit die diepte rys Lalele; 8. Trossie blare; 9. Vlug Mabalel; 10. Scream. silence. bloedvlek; 11. In die diepte repeat.”

Voorbeeld van hoe Marais gesoek het na die rymwoorde wat die beste aan sy doel beantwoord, staan daar op 'n hele aantal bladsye. Een bladsy bevat byvoorbeeld agt-en-dertig woorde, die een onder die ander geskryf, almal uitgaande op *-ele*; daarteenoor 'n ander bladsy met drie-en-dertig rymwoorde op *-el*; twaalf op *-ater*; een-en-twintig op *-ek*; en ses op *-iel*.

Strofes en versreëls word oor en oor geskryf, al soekende na die ontdekking van die treffendste woord of pakkendste reël wat die fyn kunstenaarsgevoel sou bevredig. Laat hierdie bewering bevestig

word deur die wording na te gaan van die gedig *Mabalel* se musikale aanvangsreëls :

Vinnig langs die paadjie trippel Mabalel;
 Vrolik klink die liedjie
 Wat die klingelinge van haar enkelringe vergesel.

Hierdie tekenende reëls het die volgende ontwikkelingsstadia :

- (1) Vrolik langs die voetpad
 Deur die bome na die water
 Met voetval ferm en snel
 Trippelend gaat die meidjie Mabalel
 Klink jou enkel ringe Mabalel.
- (2) Vrolik deur die skemer
 Klink haar enkel ringe
 Stem van vreugde en jeug
 Als in vrolik spel
 Water waarts Mabalel
- (3) Vrolik tinkel al haar enkel ringe
 Deur die vrede van die skemer
 Deur die stilte en die vrede
 Klink die lied van Mabalel .
- (4) Met voete rats en snel
 En klinkend enkel ringe
- (5) Rats en snel
 Jou voete in die paadjie Mabalel
- (6) Vinnig snel
 Klink haar voete op die paadjie
 En 'n vrolik liedjie vergesel
 Die klink van krale snoer
- (7) Vrolik klink haar enkel ringe
- (8) Vrolik snel
 Klap jou voete langs die paadjie Mabalel
- (9) Langs die paadjie snel
 Klap jou voete Mabalel
 En 'n blye liedjie vergesel

- Die silwer klinge van jou enkel ringe.
 (10) En bly die liedjie wat die klingelinge
 Van jou enkelringe vergesel²²⁾
 (11) Vrolik in die paadjie val jou voete, Mabalel
 En nog vroliker die liedjie
 Wat die klingelinge van jou enkelringe vergesel.
 (12) Vrolik klink jou voete in die paadjie Mabalel,
 En vroliker die liedjie wat die klingelinge
 Van jou enkel ringe vergesel.
 (13) Vinnig val jou voete in die paadjie, Mabalel
 En vrolik klink die liedjie
 Wat die klingelinge van jou enkel ringe vergesel.

In die sestig bladsye van die ou kwarto-skryfboek het Marais na dit skyn die gedig *Mabalel* deur 'n soort probeer-en-tref metode laat ontstaan, en selfs toe het die strofes nog nie die presieste vorm van die eerste publikasie in 1923 aangeneem nie. Dit sou inderdaad vir niemand behalwe die skrywer moontlik gewees het om uit die chaotiese mengelmoes van kruis en dwars geskrewe versreëls in ink, kleur- en gewone potlood die gedig *Mabalel* tot die eenheid, soos die kind op skool en die voordragkunstenaar hom ken, saam te voeg nie.

Hoewel Marais meestal haastig en vinnig gewerk het sodra hy tot skryf oorgegaan het, was dit sy gebruik om die inhoud van 'n gedig in sy gedagte te laat ryp word voordat hy gewaag het om die vrug van sy verbeelding te pluk. Die gedig *Lalasini* is so gebore. Toe Marais een oggend die redaksiekantoor van *Die Boerevrou* besoek, het mev. Malherbe daarop aangedring dat hy iets moet skryf voordat hy loop. Hy het ingewillig en die gedig is „by haar op kantoor geskrywe, daar en dan, sonder verandering of verbetering”.³⁾ So het ontstaan die lied waarin Lalasini sing

..... van die vreugde onverbiddelik verdaan,
 Van die liefde wat vir ewig moet vergaan;
 Treur sy in die sombere skadu
 Wat geen lewe kan vermy,
 Wat vir ewig alle liefde skei.

Aan die hand van die gedig *Eonone* (die *Woestynriet*) kan Marais se digmetode verder geïllustreer word. Hierdie gedig, geskryf op 'n jagtog in die Transvaalse bosveld saam met sy vriend Preller, „beskrywe in sinnebeeld die eerste storm-reën op die berge van die sogenaamde „Woestyn-gebied” van ons land; die skielike afkom van die woestynrivier Inkwedi, en sy net so skielike afloop. Die bevallige skoonheid van die woestyn se rivier-riet sal aan meeste reisigers in die dorste streke van ons Noorde bekend wees. Die riet maak haar verskyning in die gedig as Enone, die eerste geliefde van Paris, wat hy troueloos verlaat het toe hy hoor van die wonderskoonheid van Helena.”²³)

'n Besondere verskynsel in verband met die wording van die gedig *Eonone* is 'n anderhalfbladsy in kwarto-formaat (deel van die eerste manuskrip) gevul met woorde met hul Engelse ekwivalente; om 'n paar te noem ter verduideliking: „*Wroeg* = torment, accuse, trouble; *Wroeging* = remorse; *afwagting* = anticipation; *expectation* = verwagting, afwagting; *moeselen* = muslin; ens.”

Die eerste manuskrip van hierdie gedig toon verder gedurige wysigings en verbeterings, asof die skrywer oorhaastig maar tog deeglik te werk gegaan het. Hy was nie met die eerste die beste uitdrukking tevrede nie. Gedagtig aan die gesegde: „goed begonne, half gewonne”, kan mens ook hier die wording naspoor van die eerste strofe:

Ademloos van bly verwagting
 Staen Eonone marmerblank
 Na die vuur van haar versmagting,
 En haar lede weerspieël lenig slank
 In die laaste donker poel
 Met 'n moeselen van maangeweef omwoel.

Dit het gegroei uit:

- (1) In die maanlig staan sy
 Wonder wit en slank
 En sy luister met gebuigde hoof

- Een hand aan oor
 Van ver hoor sy die gedruis
 Van haar minnaar fier en fors
 Deur slagskaduwees kom hy
- (2) In die maanlig staan sy ademloos
 (en verder soos in (1)).
- (3) In die wit bordurend sand
 Staar sy wonder wit en slank
 Staar sy in die maanlig
 Staar sy wonderskoon en slank.
- (4) Ademloos van bly verwagting
 Staar Eonone in die sand
 Wonderwit en slank
 En haar lede marmer blank
 Waar die nag
 Haar skoon gestalte, haar marmer lede
 In 'n gase mantel hou
 In 'n spinnerak van maanskyn vou.
- (5) Ademloos van bly verwagting
 Staar Eonone, marmerblank
 In die vuur van haar versmagting ;
 En haar lede lenig slank
 Weerspieël in die somber poel
 Met 'n moessellen van maangeweef omwoel.²⁴⁾
- (6) Na die vuur van haar versmagting
 Staar Eonone, marmerblank ;
 Ademloos van bly verwagting
 En haar lede weerspieël lenig slank
 In die laaste donker poel
 Met 'n moeselein van maangeweef omwoel.²⁵⁾

Hoe soms 'n hele strofe verskillende redaksies deur Marais ondergaan het, kan voldoende deur die volgende uit *Eonone* aangetoon word :

- (1) Langs sy voorbestemde baan
 Toef die dreuning van sy gaan
 En uit duister ver benee
 — Met haar hart verblind en seer —
 Hoor sy hoe gestadig
 Kom die minlied van sy nuwe liefde weer;
 Deur rotsgebaande boom allee
 Kom sag die roepstem van die see,
 Droomagtig ruis die lokstem van sy see.²⁵⁾
- (2) Langs sy voorbestemde baan
 Toef gestaag die donker van sy gaan;
 En Eonone, al haar skoonheid buigend
 In die wroeging van haar smart,
 Luister angs-vol naar die juigend'
 Minnesang van sy troueloos hart;
 Stil, met bleek-gestrykte wange,
 Hoor sy luid die lied van sy verlange,
 En uit dieptes ver benee haar keer
 Van sy nuwe Lief die loklied weer;
 Sag deur 'n rots-gebaande boom-allee
 Kom die roepstem van die See,
 Droom'rig ruis die lokstem van sy See.²⁶⁾
- (3) Langs sy voorbestemde baan
 Toef gestaag die donder van sy gaan;
 En Eonone, al haar skoonheid buigend
 In die wroeging van haar smart,
 Luister angs-vol naar die juigend'
 Minsang van sy stormgeskeurde hart;
 Stil, met bleek-gestrykte wange,
 Hoor sy luid die lied van sy verlange,
 En uit dieptes ver benee haar keer
 Jesus die loklied van sy nuwe Liefde weer;
 Deur 'n rots-gebaande boom-allee
 Kom sag die roepstem van die See,
 Droomagtig ruis die lokstem van sy See.²⁷⁾

Eind 1922 het Marais *Mabalel* gedig, *Eonone* in die winter van 1927, *Lalasini* in Desember 1929, en nog in November 1933, toe die gedig *Wanneer dit reën op Rietfontein* in een uur aan die kantoor van *Die Vaderland* geskryf is,³⁾ was Marais se digwyse in sy grondtrekke dieselfde as tien jaar tevore.

Op die agterkant van agt blaaië kwarto-tikpapier, bewaar as deel van die manuskrip van die kortverhaal *Die Man met die Mantel*, kan mens 'n deel van *Wanneer dit reën op Rietfontein* in sy eerste vorm nagaan. Op een vel staan onder mekaar die volgende rymwoorde: *beskyn, klein, kwyn, konyn, dosyn, myn, pyn, plein, rein, satyn, skyn, trein, verdwyn, fyn, verskyn, myn, grein, gordyn, gekwyn, lyn*; en ook *blink, skink, sink*. Die verdere getuienis dui aan dat Marais betreklik gou en maklik die nodige ritme gevind het om in so 'n kort tyd 'n gedig met so 'n buitengewone musikale effek te skryf.

Toe Marais die gedig klaar had, het hy die eerste strofe finaal oorgeskryf en na 'n ondergeskikte lid van die koerantredaksie geneem met die versoek om dit oor te tik. Die koerantman het gereedlik ingewillig en vel ná vel oorgetik nadat Marais dit oorhandig het. Toe die getikte kopie klaar was, het Marais glimlaggend die joernalis gevra om dit as sy eie bydrae aan die verantwoordelike tydskrifredakteur (mnr. A. M. van Schoor) te oorhandig en hom te vra wat hy daarvan dink. Terwyl mnr. Van Schoor besig was om die gedig te lees, het mnr. Marais — wat in die redaksiekantoor heeltemal tuis was — ongemerk, maar met die uitdrukking van 'n skoolseun in afwagting van lof wat hom vir 'n mooi stukkie werk toekom, daarby kom staan. 'n Keer of twee van tevore het Van Schoor al van sy kollega 'n letterkundige bydrae ontvang en vra toe ingenome of hy dié gedig ook kon kry. Vóór daar egter 'n antwoord kon kom, deel Marais laggend mee dat dit *sy* gedig is, maar vra in dieselfde asem na die ontlukende talent waarvan hy geen kennis gedra het nie, asook na dié joernalis se mening oor *Wanneer dit reën op Rietfontein*.

Die jong koerantman wat deur aftik taamlik goed met die inhoud van die gedig vertrouwd was, het nie geskroom om die ritmiese vloeiendheid en kentekenende siening en segging aan te prys nie,

maar bowendien selfs gedurf om die digter se aandag te vestig op een reël wat die maat en ritme van die geheel syns insiens verstoort het, naamlik aan die slot van die tweede strofe :

Ja almal raai wat die geheime werskaf meen
Wanneer dit reën op Rietfontein.

„Nou goed dan”, het Marais toegegee, „sorg jy dan maar asseblief vir een wat beter sal pas.” Spyt oor die voorbarigheid het nie gehelp nie en Marais wou ook nie self die verandering onderneem nie. Hy het skielik haastig geword en is die voordeur uit. Eers die aand laat kon die koerantman die tyd vind om ’n verandering aan ’n gedig van Eugène N. Marais te waag, en selfs toe was dit met teensin en huiwering dat hy ’n reël naas die oorspronklike neergeskryf het om vóór publikasie eers die goedkeuring van Marais te verkry. Dis die volgende dag aan Marais gewys en hy het geredelik sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging :

Ja, almal weet die werskaf is nie blote skyn,
wanneer dit reën op Rietfontein.

Toe die gedig later in sy *Versamelde Gedigte* oorgedruk is, is die gewysigde vorm gehandhaaf. Dis nie elke digter wat teenoor kritiek van so ’n beskeie oorsprong sulke grootmoedigheid aan die dag sal lê nie!²⁸⁾

Ons kan dus aanneem dat Marais, soos Leipoldt,²⁹⁾ party gedigte somer maklik neergeskryf het, maar aan ander lank moes timmer en skaaf. Wanneer Marais egter prosa geskryf het, laat sy metode meer dink aan D. F. Malherbe wat in die rustige afsondering van sy strandhuisie aan Kleinmond binne ’n paar maande ’n roman soos *Hans-die-Skipper* kon voltooi, sonder geskaaf of getorring die een bladsy ná die ander!³⁰⁾ Naas die opvallende ooreenkomste is daar egter ook diepgaande verskilpunte: Marais se rustige afsondering was ’n kunsmatige wat ’n paar uur op sy uiterste geduur het — daarom dat hy nooit ’n uitgestrekte taak soos die skryf van ’n roman kon aanpak nie —; sy oord van afsondering was geen

strandhuisie by die deinende see nie, veel eerder 'n onbesette ruimtetjie in 'n woelige koerantkantoor met die aanhoudende gedreun van setmasjiene in die ore om sy rus te verstoor, en 'n steeds brandende sigaret van een besondere soort tussen sy lippe om geesteskalnte te bring.

Dit was die atmosfeer waarin hy meer as een kortverhaal en artikel vir publikasie geskryf het. Sy manuskripte versterk die indruk dat hy haastig geskryf het, skaars vyf woorde oor die breedte van 'n vel en ongeveer 'n halfduim ruimte tussen die reëls. Hy het by voorkeur in potlood op die redaksie-tikpapier van folio-formaat geskryf, maar by ontstentenis van 'n voorraad daarvan het hy in sy haas hom van papier van enige gehalte en formaat bedien. Sy manuskripte bevat velle wat in grootte varieer tussen die groot rooi-en-blou bestrepte waarsonder boekhouers nie sou kon bestaan nie en die van die klein skryfblokkie wat 'n onmisbare artikel in die binne-baadjesak van die rapporteur is. *Isaak Slyk*, 'n kortverhaal van beperkte lengte, het Marais op nie minder as drie soorte papier geskryf nie.

Waarskynlik was dit die besef dat hy alleen skryf, omdat die allernodigste vir sy weeldelose bestaan deur geld moes gekoop word, wat Marais aan sy prosa nie dieselfde sorg as aan sy gedigte laat bestee het nie. Ook moes hy haastig skryf, omdat die tyd waarin hy skeppende arbeid oor een boeg kon verrig, uit die aard van sy lewensomstandighede nooit lank was nie. Dit moes ook vir hom as kunstenaar 'n behoefte gewees het om die verhaal — waarvan hy die inhoud in breë trekke soms voor die neerskrywe meegedeel het — vorm te laat aanneem, voordat sy belangstelling in die saak skielik sou taan. Dit het moeite gekos om Marais weer tot skrywe aan te spoor nadat sy belangstelling verflou het,³¹⁾ 'n moeite veroorsaak meer deur onvermoë (op die oomblik van aansporing) as deur onwilligheid van die kant van die skrywer.

Marais se skryfmetode hang nou saam met die aard van sy lewensbestaan wat hy self gekenskets het as „'n gedurige stryd teen die diepste neerslagtigheid wat werk en konsentrasie baie moeilik maak”.³²⁾ Met die jare is in toenemende mate bewaarheid woorde byna tien jaar voor sy dood geskryf: „Sistematiese werk onder

bestaande omstandighede is absoluut onmogelik. Alles het in duie geval: hoop, ambiesie, verlange — onder die skadu van angs en vernederende stryd om 'n bestaan wat net lyding is."³³) Sy skryf-metode kan nie los van sy persoonlikheid beskou word nie, net so min as wat die betekenis van sy letterkundige geskrifte na waarde geskat kan word sonder inagneming van die buitengewone vraag van smartvolle emosie — deur kunsmatig gestimuleerde herinnering gestadig verswaar — wat hom eindelik in die dood geheel oorpel het.

HOOFSTUK X.

TAAL EN STYL.

1. *Inleiding :*

Marais het by geleentheid¹⁾ waarderend geskryf oor *The Voortrekkers*, 'n bundel epiese gedigte wat met 'n voorwoord deur dr. G. S. Preller gepubliseer is, en vind die groot verdienste van die digteres Ethel Campbell in die feit dat sy hulde bring aan die taal wat die Voortrekker gebruik het om sy kinders „moed, onafhanklikheid, waarheid, geduld en liefde en 'n vaste vertroue in God" te leer. „In hierdie eenheid bestaan die werklike krag van die Afrikaanse taal. Elke aangeleerde woord het uit die hart gekom en daarom was dit moontlik om in hierdie taal die diepste hartstogte van die mens weer te gee." Die slotstrofe word deur Marais aangehaal as „miskien die mooiste en seker die mees aandoenlike van haar uiting oor die Taal van die Voortrekkers", want lofwaardig is dit immers waar 'n Engelse digteres uit Afrikaanse bodem sing van

..... every trek comes past
 Speaking the brave old Taal — come home at last!
 A greater Taal — still growing from the soul
 Of a brave people sworn to keep it whole.
 I sing it — it the sister tongue I sing
 And wish it all the greatness time will bring."

Hierdie digteres het met die treffende slot weerklank gevind by Marais wat sy hele lewe lank 'n sterk kampvegter vir Afrikaans

gebly het, want sy ondervinding was ongetwyfeld dat hy dié taal soos geen ander taal ter wêreld kon gebruik nie. „Want met Eugène Marais se werk soos met dié van enkele andere van onse digters, het jy Afrikaans op besonder wyse behandel gesien. Die meeste goeie Afrikaanse skrywers gebruik die moedertaal omdat dit hulle eie is; by hom het jy dié gewaarwording gekry dat hy dit gebruik omdat dit vir hom die fynste werktuig was, vatbaar vir die hoogste gebruik. Hy was ook 'n meester van Engels.”²⁾

Marais het in 1891 al besef dat tegniese vaardigheid in 'n vreemde taal minder vermag as die spontane uiting in die selfs nog ongevormde en ongesistematiseerde moedertaal. Politieke oorgewings het hom egter voorlopig laat terugstaan, en dit was eers ná die Vrede van Vereeniging dat die geleentheid hom weer voorgedoen het om Afrikaans as skryftaal aan die Afrikaner voor te hou.

2. Standpunt voor en ná 1900.

Waar Marais onder Republikeinse bewind — met Nederlands die enigste amptelike taal — 'n tyd lank die heftigste kampvegter vir Afrikaans as volkstaal was, en teenoor die Nederlandse taal-idioom Afrikaans in sy streng gewestelike uitspraak gaan stel het om die skeiding des te meer absoluut te maak, daar tref dit mens dat hy so gou ná die vrede met wyse oorleg nouer aansluiting by Nederland soek en die verskille van die verlede as begrawe beskou in die oorlog waarin republikeinse Nederlanders en Afrikaners skouer aan skouer geveg het om 'n gemeenskaplike vryheid te behou. Marais het besef dat as Afrikaans tot 'n taal moet word wat én in sy letterkunde én as spreektaal Engels die hoof kant bied, dit nie kon bekostig om die Nederlandse taal waaraan dit vir sy ontstaan soveel te danke het, van hom af te stoot nie.³⁾

3. Toenadering tot Nederlands.

Die toenadering tot Nederlands was egter meer noodgedwonge as andersins, want Marais — wat in die Engelse taal goed deur-

kneed was — moet beseef het dat 'n Afrikaans, nou verwant aan Nederlands, ook vir hom persoonlik 'n teenvoeter vir die sterk Engelse taal-invloed sou vorm. Geleidelik het *Land en Volk*, en daar is genoegsame grond om aan te neem dat dit feitlik deurgaans Marais se sienswyse vertolk het, oortuigend vir die regte van Afrikaans begin optree.

„Onze toekomst is *niet Hollands en ook niet Engels*, maar Afrikaans.”⁴⁾ Met hierdie uitspraak van mnr. J. S. M. Rabie, later mede-lid met Marais in die Transvaalse komitee in verband met die oprigting van die Afrikaanse Taalgenootskap, het Marais hom heelhartig vereenselwig. Wat die praktiese bevordering van Afrikaans betref, het Marais die standpunt ingeneem en gepropageer dat die Afrikaanse taal alleen deur skrywe behou en beter gemaak kon word — „indien wij geen letterkunde krijgen is alles verloren.”⁵⁾

4. *Maak Afrikaans sterk!*

„Nutteloos zal het zijn te trachten een geest onder het Volk op te roepen, die elk Afrikaner een verrader zal beschouwen die van Engelsch gebruik maken.” Nee, gaan Marais verder, dis die duple van die Afrikaner om die Afrikaanse taal so sterk te maak dat geen mens deur die gebruik daarvan gevaar loop om geldelik skade te ly nie.⁶⁾ Marais het in 1905 al terdeë gevoel dat „indien men weigert Afrikaans spoedig te erkennen als de Taal der Afrikaners dan zal Engelsch binnen een geslacht de eenige Taal hier in Zuid Afrika zijn.” Hy het nie geskroom om daarby te bely: „De Hollandsche Taal is 'n prachtige Taal en bezit een edele letterkunde en Afrikaners zullen altijd trotsch op de afkomst van hun Taal zijn als van gedeelte van hun bloed. Maar indien men gaat trachten het door geweld de Taal van Zuid-Afrika te maken dan zijn al onze strevingen alreeds gedoemd. Hollandsch is voor de meesten van ons 'n vreemde Taal die min kans staat stand tegen Engelsch te houden. Wij zijn Afrikaners en nooit zullen wij de Taal verachten of laten verachten die onze moeders spreken.”⁷⁾

5. Ywer vir Afrikaans.

Blyke van hierdie standpunt tref mens dwarsdeur die letterkundige produksie van Eugène Marais aan. Hoewel hy in Engels só opgevoed is dat hy feitlik sy hele lewe lank in Engels bly dink het — getuig die wording van *Mabalel* en *Eonone*⁸⁾ —, het hy tog volhard in die oortuiging dat alleen in Afrikaans hy die beste taalmedium het, omdat dit sy moedertaal is. Dit was dan ook geen toeval dat Marais geen Engelse vertaling van die gedig *Diep Rivier* — een van sy laaste en persoonlikste gedigte — kon voltooi nie. 'n Paar los manuskripvelle toon pogings, maar tot 'n afgerondheid het dit in geen twee agtereenvolgende reëls gekom nie. By die lees van Marais se prosa en gedigte moet dus altyd in die oog gehou word dat die beïnvloeding van die Engelse taal sterk ingewerk het, hoewel Marais hom bewus toegelê het op 'n Afrikaans, wat in vorm baie aan die taal van 'n ouer geslag Afrikaanse skrywers laat dink.

6. Baie Anglicismes.

Hierdie invloed verklaar dan ook in 'n sekere mate die aanwesigheid van 'n menigte anglicismes in Marais se taal, meestal egter van subtieler aard as wat De Waal byvoorbeeld in sy reeks werke — veral in die eerste drukke — geopenbaar het. Bestudering van Marais-manuskripte bring 'n groot aantal van hierdie taalonderkruipers aan die lig: *meer of min*, *meer en meer onduidelik*, *meeste* inwoners, *stap neem*, die dokter wat *eerste* gepraat het, *daar is* geen twyfel nie, miskien was dit *beste*, dit het *my nie lang geneem*, ek dink hy het dit alles *gemeen*, daar kom *anders*, *familie* (i.p.v. gesin), *vir die nag te slaap*, hy was van *opinie*, *vir myle*, selfs op die *distansie*, *moterkar*, as 'n briesende leeu, altyd *herinnerende*, hy sou eers *seker maak*, sonder vonnis te *gee*, *vir* een of ander doel, *in my opinie*, *mees eienaardige*, *jare voor dit*, *prehistoriese tye*, dit verskaf 'n *dowwe idee*, ek *herinner* een geval, sy verblyf *opgeneem* het, *vir* vermomming was daar geen *node* nie, *by die naam van*, *gronde* (i.p.v. terrein), *yard* (agterplaas), *boekies* (beroepswed-

ders), dit het *tyd geneem*, die grens *te kruis*, *speurder-verhaal*, bekend *vir* sy diensvaardigheid, en *herinner* altyd, hy het nooit 'n fout *gemaak* nie, soort *van* bloedwreker, *ligaam* (lyk), *onnodig te sê*, ek is daar *seker* van, posisies *opgeneem*, die roofdier in besit van sy prooi *latende*, nou net *vir* 'n paar syfers, *van hier naar*, voorsorgmaatreëls moes *geneem* word, *suid van* Magaliesberg, paal en perk gestel *tot*, rekords (gegewens), in gevalle waar 'n aar geraak word *neem* dit sekondes, reeks *van* ongelukke, dit sou 'n boekdeel *neem*, een na die ander staan op *met* 'n *luide uitbars van lag*, het die *opinie uitgedruk*, wat ons wetenskap *tot blote raai verneder*, die lesers sal miskien *herinner*, in ander woorde, ens.

7. *Invloed van Nederlands.*

Dit moet egter ook verwag word dat Marais — soos ander skrywers uit die ouer geslag in die noorde — in sy taaluiting nader aan Nederlands as die hedendaagse skrywer sal staan. Burger van 'n republiek waarin die amptelike taal Nederlands was, het Marais hom vry goed met die taal vertrouwd gemaak, hoewel hy in die gebruik daarvan soms elementêre taalkundige foute begaan het, soos enige kenner van Nederlands in die aanhalinge in die vorige hoofstukke kan opmerk. Daarby is daar dikwels iets styfs en boekagtigs in sy Hoog-Hollands.

Die Nederlandse invloed het egter in later jare nog sy spore nagelaat, toe Marais konsekwent voorkeur gegee het aan uitdrukings soos: wat die termietnes *van node* het, onafhanklik *van elkaar*, dat 'n boodskapper *aan kome* was, *anderhalfuur*, *denk*, *horolosie*, *als*, *werd*, *voornaamste*, dit *had* die koningin *van node*, *als hulle als* enkelinge, *alook*, *soals*, *voornamen*, *buiten alle verhouding*, *sig*, *likdoring*, die *gehele* nag, *doorendraad*, *uitgenodigd*, *nuusgierigheid*, *welk* 'n onuitputbare, *broedregters*, *adem*, *ten gevolge van*, *ongenodigd*, op *elkaar*, ens.

8. *Skryf volgens eie insigte.*

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dat Marais hom nie juis moeg

gemaak het oor voorskrifte van die Akademie en oor die menings van taalkundiges nie. Hy het 'n aantal taaleienaardighede in sy werke geopenbaar waarvan die vernaamste later in hierdie hoofstuk nader bespreek sal word.

'n Duidelik eie standpunt teenoor Afrikaans vind mens reeds in sy heel eerste geskrifte in Afrikaans. Dit geld nie alleen taalvorme nie, maar ook die spelling van woorde. Sy houding was een wat radikalisme in spelling vermy het — hy het die oog gerespekteer, maar aan die ander kant dit miskien nie so nou met die eise van die oor geneem nie. So skryf hy bv. nie *ii* i.p.v. *ie*, *f* i.p.v. *v*, en in die meeste gevalle ook nie *y* i.p.v. *ei* nie, soos destyds in die Patriot die gebruik was.⁹⁾ Hy het verder die taal van die Transvaalse burger fyn beluister en selfs gewestelike uitsprake in die skryftaal probeer weergee, bv. „die man moet *moet* (met) my saam gaan”.¹⁰⁾ Dié eienaardighede in skryfwyse was die gevolg van sy eie waarneming van die spreektaal, want „di te'enwoordige Editeur van *Land en Volk* is oek 'n Transvaalse Boer (waarvan hy trots is) en hy het lang di taal van di land gestudeer voordat hy oergegaan het om *Land en Volk* in die ware taal van ons vaders te skrywe. *Moet* word byna algemeen gebruik onder Transvaalers in plaats van Hollands *met*.”¹¹⁾ Dit kom ook duidelik aan die lig in die onderskeiding wat hy in die spelling en uitspraak van die verkleinwoordsuitgang *-tjie* maak: „In di taal van di Suid Afrikaanse Republiek is daar oek ni so 'n klank as *”j”*. Ons se *beeki*. In die Westelike deel van di Kaap Koloni se di mense *beetje*. Al ons verkleinwoorde ent op *ki* en ni op *je*. Dus ons se ni *mannetje*; ons se *manneki*. As ons praat van “ons” dan bedoel ons natuurlik di meerderheid van Transvaalers.”¹¹⁾

9. Taalverwant met Preller.

Later sal ook aangetoon word dat Marais hierdie standpunt teenoor die taal behou het. Hy het geskryf die taal wat hy in die volksmond — veral in Transvaal — verneem het, en daarnaas 'n paar deftige skryfwyses uit Nederlands bly handhaaf, terwyl hy die tekort aan voor die hand liggende Afrikaanse woorde dikwels

deur vertaalde leenwoorde uit Engels, wat by hom vry spontaan opgewel het, aangevul het.

In hierdie opsig toon hy 'n sterk verwantskap met sy vriend Preller wat sy taalstandpunt eenmaal as volg saamgevat het: „Van die begin van die tweede Afrikaanse taalbeweging in Transvaal en Vrystaat werd die standpunt ingeneem, dat ons Afrikaans is: *Afrikaans plus Nederlands*, en dat derhalwe die ganse Nederlandse woordeskat as sodanig ook aangemerkt moes word as ons besit. Ons sou dit verkeerd ag om selfs daar waar goeie (en miskien selfs betere) Afrikaanse ekwiwalente bestaan, daarom alleen die Nederlandse woord geheel en al uit te skakel, terwyl dit ons tot verdere rykdom van ons taal as wisselwoorde kan dien. Dit kan slegs tot taalverarming lei; as ons twee woorde het om een begrip aan te dui, dan is ons taal soveel ryker as wanneer hy slegs een ken. En die gebruik van die Nederlandse woord behoort gelaat te word vir rekening van die skrywer alleen, solang as hy die taal-eige geen geweld aandoen nie.”¹²⁾

10. *Marais taal-getuie van Preller.*

In hoeverre Marais en Preller meer na Nederlands geneig het, word veral duidelik uit sekere gemeenskaplike taal afwykinge. Hierdie ooreenstemming geld in besonder die „Transvaalse uitspraak” of die standpunt van die noorde en vind genoegsame bewys daarin dat Marais se uitspraak oor sekere aspekte van taalontwikkeling aangevoer word waar G. S. Preller, prof. dr. S. P. Engelbrecht en Jochem van Bruggen 'n driemanskap vorm „met opdrag om aanbevelings te doen aan die Akademie, met betrekking tot punte wat betref die taalvorm van Afrikaans, waaroor daar nog onsekerheid bestaan of waar dit 'n kwessie is van suiwering van ongewenste elemente,”¹³⁾ en as kommissie in April 1928 aan die Akademie uitvoerig verslag doen.

In verband met sekere bepaalde eieaardighede in die taal van Marais kom sekere uitsprake van die verslag later in hierdie hoofstuk weer ter sprake, veral waar dit die *ipsissima verba* van Marais geld.

11. *Uitgangspunt by Ondersoek.*

Voordat egter tot die bespreking van eienaardighede in die taal van Marais oorgegaan word, moet hier daarop gewys word dat 'n studie van die taal van 'n persoon alleen dan betroubare gewens kan lewer waar die taalstudent daarvan oortuig is dat hy met die *autographa* te doen het. Vir hierdie doel is die taal van Marais se gepubliseerde werk nutteloos, aangesien dit redaksies ondergaan het.

By die studie van Marais se taal het ek my dus beperk tot oorspronklike handskrifte van letterkundige werk, tot briewe in sy eie handskrif of deur hom onderteken, terwyl ook gebruik gemaak is van 'n paar bydraes waarby die redaksie aangeteken het dat die spelling op versoek onveranderd gelaat is. By die verdere behandeling moet dit dus in gedagte gehou word dat die uitgangspunt by die ondersoek die oorspronklike, onveranderde geskrifte is en alle gevolgtrekkings alleen daarop gegrond word. Eers word nagegaan afwykinge in die spelling van 'n aantal woorde, en daarna word die aandag by sekere stilistiese eienaardighede in die taal van Marais bepaal.

12. *Ik x Ek.*

So vroeg as 1891 is daar getuienis voorhande dat Marais aanvanklik *ek* geskryf het.¹³⁾ Toe hy kort ná die Vrede van Vereniging weer in Afrikaans sy moedertaal bepleit, is hy 'n konsekwente *ik*-skrywer.¹⁴⁾ Hy het dit lank gebly en selfs die groot aantal voorstanders van die skryfvorm *ek* in die uitgebreide briefwisseling oor die twee vorme het Marais (soos ook Preller¹⁵⁾) nie van *ik* laat afsien nie.¹⁶⁾ Die verdwyning van die *ik*-vorm uit die tweede uitgawe van die Akademie-spelreëls in 1921¹⁷⁾ het miskien daartoe bygedra dat Marais van standpunt verander het, want in April 1923 en daarna gebruik hy *ek*, hoewel 'n geskrewe voetnoot by 'n brief van 11 Mei 1923 weer *ik* bevat en Preller hom in die verslag van die genoemde Akademie-kommissie weer *ik* laat sê, maar dit staan ongetwyfeld vas dat Marais vroeg in die twintiger

jare die vorm *ik* as verouderd oorboord gegooi het, want latere manuskripte bevat dit nie. Hy het dus langs 'n omweg weer tot 'n skryfwyse van dertig jaar tevore teruggekeer.

13. *Hem x Hom.*

Wat die skryfwyse hier betref, het Marais ook by *hom* begin en selfs hierdie vorm in sy eerste geskrifte na die Vrede gehandhaaf,¹⁸⁾ maar *hem* kom ook voor¹⁹⁾ en so laat as 1921 sou Marais nog teen „die ellendige *hom*” uitwei: „Waarom hij nie 'n banneling van die begin af gemaak werd nie, is moeilik te begrippe. Dit sal jare en jare van gewoonte vereis voor 'n mens die beroerde "hom" in onse poësie kan ontmoet sonder 'n gevoel van siddering. Dit kan gebeur dat die woord soms net verdraagbaar gemaak word in die poësie deur die kuns van die skrywer waar hij sij sinsbou só inrig dat ons ongewenste vriendje só min op die voorgrond kom dat jij sij teenwoordigheid skaars gewaar word.”²⁰⁾ Hierdie standpunt, in een lyn met dié van Preller,²¹⁾ het Marais egter nie lank volgehou nie, want in 'n brief aan Preller onder datum 11 Mei 1923. — dus geen twee jaar later nie — gebruik hy deurgaans *hom*. Ook by Marais het die spreektaal 'n sterker invloed as die tradisionele skryftaal laat geld.

14. *Na x Naar.*²²⁾

Die vorm *naar* as voorsetsel van rigting, om te onderskei van die bywoord *na* wat tydsbepaling aandui, word sedert jare nie meer in die skryftaal gehandhaaf nie, en die verskil is alleen uit die sinsverband uit te maak. Albei vorme *na* en *naar* word deur die Akademie toegelaat om as voorsetsel van rigting gebruik te word.²³⁾

Marais het aan die vorm *naar* vasgehou, bv. *naar* die hospitaal, *naar* die ingang; ook in samestelling, bv. ons het *daarnaar* goed opgelet. So gesteld was Marais op die erkenning van *naar* dat hy by die manuskrip van *Salas Y Gomez* 'n veelseggende noot vir die redaksie bygevoeg het: „As jou baie blief *na* en *naar*. E.N.M.” Saam met Preller het Marais blykbaar „die eliminasië van *naar* 'n nuttelose taalverarming geag.”¹²⁾

15. Slotmedeklinkers -d en -t.

In weerwil van Akademie-besluit²⁴⁾ het Marais hom nie tot die afskaffing van die slot -d en -t laat beweeg waar hulle in die Nederlandse taal voorgekom het nie. So skryf hy by voorkeur *geneigd, aspekt, geest, stipt, kust* (strand), *gastvryheid, laast-genoemde, geruststellende, tekst, voorkomst, kuststreek, beslist, oost, ampt, hoofd, jeugd, vernuft, agttiende, uiterst, aankomst, bevoegd, ontroostbare, meest, nietteenstaande, godsdienstgevoel, gastvrou, gast, oost-kust koors, distriktsdokter, onvermoeidbare, jagttogt, hoofdstuk, egtgenote, vogt* — genoeg voorbeelde uit 'n tiental manuskripte uit 1930 en daarna om ooreenkoms aan te toon met Preller se sienswyse dat „wat die geëlideerde slot -t en -d betref, voel ons dat dit behoort geskryf te word waar dit nog uitgespreek word, soos in die woorde *agt, takt, maagd, distrikt, insekt.*”¹²⁾

Inderdaad was Marais op hierdie punt nog minder toegeeflik as Preller en hy het selfs die slotmedeklinker behou in die geval van werkwoordelik gebruikte verlede deelwoorde, terwyl dit by bevoeglik gebruikte deelwoorde ook gehandhaaf word.²⁵⁾ „A.u.b. gevormd” voeg Marais bv. in die manuskrip van *Salas Y Gomez* by die volgende sin: „Hy kry 'n ander denkbeeld van God, (— 'n denkbeeld wat grooteliks onder die invloed van die ou Hollandse matroos gevormd werd)”. Verder geld die volgende as voorbeelde van Marais se skryfwyse: *gehuld, aangekleed, verteld, blootgesteld, hersteld, verergd, verlamd, gedoemd*, sy gehele lewe *gewyd* was, *vervoerd, besield, sterk geboud, bewoond*, dat die diefstal ooit *ontdekt* sou word nie, *ongevraagd, geoefend, geknoot, gerapporteerd, aanvaard, geraakt* het, *omringd, gemaakt, vernoemd* was, *gefusileerd, begroei, bevreesd, uitgestrekt, gepleegd, deurdagt, misplaast, geskeid* was, e.d.m.

Marais het dan ook „die kruistogt teen die uiteenlopende medeklinkers” as 'n „toenemende swakheid” gaan beskou. „Dit was van die begin van ons taalbeweging 'n geliefkoosde stokperdjie van my.” skryf hy in verband met die behoud van die slotmedeklinkers. „Ek gevoel self dat dit nou te laat is om op 'n skielike omwenteling te hoop. Ons het die kans verspeel. Maar ons kan niettemin die uit-

breiding van hierdie degenerasie met hand en tand beveg; en die kleinste verowering van reeds ingenome gebied sal 'n oorwinning vir Afrikaans wees." ²⁶⁾

16. Intervokaliëse g.

Marais se skryfwyse veroorloof die volgende formulering: „Die intervokaliëse *g* behoort geskryf te word in die verboge vorm van byvoeglike naamwoorde: *hoge(r)*, *vage(r)*, *droge(r)* en in die meervoud van selfstandige naamwoorde met korte klinker: *brugge*, *egge*, *sogge*, *trogge*, met uitsondering van *vlag* — *vlae*, en in woorde soos *ogenblik*, *mogelik*, *berge*, *wege*, *genoëge*, ens." ¹²⁾ Of Marais hierdie standpunt verkies het „om vermyding van deeltkens en minder vër gedrewe gelykmaking van woordvorme soos *gelege* en *gelede*, groter klankvolheid en makliker uitspraak veral vir publieke redenaars en op die toneel," ¹²⁾ is nie somar so uit te maak nie. Hy skryf in elk geval *oge*, *segevier*, *dageliks*, *wege*, *eigenaardig*, *agterwege*, *gespiegel*, *logenstraf*, *vroeger*, *aangelegenhede*, *ogenskou*, *ergens*, *vrage*, *onmogelik*, *mogelikheid*, *insage*, *eigendom*, *gelegenheid*, *ruige*, *hoge*, *ongevleugelde*, *boge*, *hogevelde*, *verkrege*, *dreigende*, maar daarnaas ook soms *geleeë*, *oë*, *nêrens*, *vroeëre*, *eienaardige*, *daë*, *afgeleeë*, *molik*.

17. Intervokaliëse d.

Tussen 'n beklemtoonde klinker of tweeklank en 'n swakbeklemtoonde *e* val *d* dikwels weg, ²⁷⁾ maar opvallend by Marais is dat hy die *d* soms laat wegval waar dit gewoonlik bly, bv. *optreeë*, *aftreeë*, *intreeë*, maar daarenteë handhaaf waar dit algemeen wegval, bv. *bekleeders*, *verskeidene* (verskeie), *ouderlike*.

18. Verbuiging van *Snwe*. op *-ee* en *-a* (*-ag*).

By die verbuigingsuitgang *-e* by woorde op *-ee* volg Marais nie die reël van die skrifverkorting van die eerste *ee* nie, maar plaas drie *e*'s naas mekaar, bv. *optreeë*, *breeë*, *afgeleeë*. Hy gebruik egter die vorm *twede* i.p.v. *tweede*.

By snwe. op *-a (-ag)* volg Marais die buitengewone spelling in verboë vorme: *daë, waëns, oswaëns*, alhoewel geen klank of twee-klank in Afrikaans met *ae* voorgestel word nie.

19. *Vir, ver en voor.*

Marais se spelling wyk hier af daarin dat hy *vir* as voorvoegsel behou, bv. *virby, virnaamlik*, maar daarnaas onder Nederlandse invloed nog *voor* as voorvoegsel handhaaf: *voornaamste*. Etlike kere gebruik hy *ver* as voorsettel: *ver, ver* eeuwig.

20. *ei, y en ij.*

Selfs waar hy Nederlands geskryf het, het Marais hom nie besonder gekwel oor die Ndl. *ij* nie, want in die stukke in *Land en Volk* word deurgaans *y* gebruik. In sy taal het Marais eweneens onverskillig te werk gegaan en dikwels ook *ei* en *y* verkeerd om gebruik, bv. verlies *lei*, *peil*-regop stam, deinstestigheid, ingebyteld, uitwy, *sky* (jukskei), terwyl *y* deur hom behou is in gevalle waar na die gangbare spelling *e* of *i* verwag word, na die geval mag wees in *dikwyls, onmiddelyk, tamelyk, dergelyke, belangrykste, mysterieuse, psychiese, fisiologiese, hypodermiese, e.d.m.*

21. *Die w in nuws.*

Ten spyte van die reël dat die *w* in die Afrikaanse spelling verdwyn oral waar dit nie gehoor word nie,²⁸⁾ het Marais tog volhard met vorme soos *eeuwe, nuws, vernuwd, nuwsgierigheid, skaduw*, vorme wat reeds in 1921 by die tweede uitgaaf uit die Akademie-spelreëls verdwyn het. Marais staan hier saam met Preller wat in 1928 nog pleit vir erkenning van die besitlike vorm van die *vnw. uw* en *uwe* (i.p.v. *u*) as „'n geheel oorbodige afwyking van die Nederlands”. Preller skryf dan verder: Dieselfde geld vir die woord *nuws*, terwyl ons hier konstateer dat die *w* in albei gevalle in die Noorde nog gehoor word. Daar is wel degelik verskil in die uitspraak; en dit sou taalverarming wees om die lewende spraakvorm

uw, waarin die *u* gevolg word deur 'n kleine oe-klank, verlore te laat gaan, temeer daar die *u* in die besittelijke vorm gebesig deur baie as uiters stuitend en hinderlik gevoel word." ¹²⁾

22. *Elisie van die swakbeklemtoonde e.*

Hoewel die swakbeklemtoonde *e* voor die uitgang *-lik* gewoonlik net geskryf word na (i) *b, d, w*, (ii) *ft, gt, kt, pt, st*,²⁹⁾ het Marais — stellig onder Nederlandse invloed — vorme verkies soos *onwenselik, menselike, feitelik, tamelike, degelike, owerige, werkelykheid, heimelik, grooteliks, vertwyfeling, afhankelik, oorspronkelyk, opsettelik, korteliks, beminnelik, soeietjies* (i.p.v. *suutjies*), maar daarnaas *hulplose, slaaplose, hulploosheid*, en selfs *oswa, oswaëns*.

Ook Preller gee die voorkeur aan die behoud van die *e* en keur die neiging tot veelvuldige elisie van die *e* sterk af.¹²⁾

23. *Spelling van sekere woorde.*

Wat 'n hele aantal woorde betref, hou Marais 'n eie spelling daarop na wat blykbaar aan niks as bloot gewoonte toegeskryf kan word nie; vgl. die volgende voorbeelde:

ligaam, ligaamskrag, ligaamlike, sersant × *sersjant, voorwensel, chirurgyn, bergskappe* (vgl. *landskappe*), *rande* (*rante*), *verassing* (*verrassing*), *verledene* (*verlede*), *khaki's, wesens* (*wesens*), *patrolie* × *patrolje, gerinnik, teuls, cel, nuusblaie, wrevel, uitroeping* (*uitroep*), *reciesperd, teeken, ambtenaars, kevers, cyfers, paradox, skaakeerings, doorings, indooping, cement, baaie* (*baie*), *poplierbos, tikkie* (*tiekie*), *millioen* × *miljoen, gevangenisneming* (*gevangene-neming*), *manuwer, enkelling, uitsaaing, manniere, soldat, yver, lyfwagters* (*lyfwagte*), *sawel* (*sabel*), *Zoelu* × *Zoeloes*. Veral geld dit verkleinwoorde soos *geldtjies, pakketjie* (*pakkie*), *baatjie* (*baadjie*), *padjies, geluidtjie*.

24. *Spelfoute.*

Die vraag ontstaan: hoeveel van die pas genoemde skryfwyses eenvoudig as spelfoute beskou moet word. Dis moeilik om te bepaal,

aangesien Marais meestal haastig geskryf het en selde die moeite gedoen het om sy taal, wat spelling betref, te hersien want, soos voorheen aangetoon is,³⁰⁾ het hy selde sy manuskripte oorgelees. Elementêre foute soos 'n enkele medeklinker in plaas van twee en omgekeerd (*ligaam, onmiddelik, enkelling*) moet m.i. tot die haastige skryffoute gereken word. In sy gedigte, wat uiteraard met groter sorg geskryf is, het Marais baie minder aan die taalvorm gesondig. Vir die ander afwykings van die gewone skryfvorm kan daar bepaalde taalopvattinge ten grondslag lê, maar dis nie onwaarskynlik dat baie woordvorme eenvoudig as spelfoute beskou moet word nie.

25. *Die refleksief sig.*

Sig as refleksief het in Afrikaans eintlik geen reg van bestaan nie, selfs nie in die skryftaal nie, omdat dit altyd styf is en gedwonge lyk.³¹⁾ By Marais is die vorm nog aan die orde, vgl. op *sig* vereenig, gewoon was *sig* ten toon te stel, die korte het *sig* voorgestel, die sersant het *sig* dadelik verseker, hy het *sig* bereid verklaar, ... die koning onmiddelik *sig* opgevol met vloeistof. Prelle is ook ten gunste van die handhawing van *sig* en meen „dat die al of nie gebruik daarvan vryelik oorgelaat word aan die skrywers van ons taal.”¹²⁾

26. *Die as relatief.*

'n Ander reste uit Nederlands is die relatief *die* (i.p.v. wat) wat nog soms in Marais se taal opduik. Dit kom b.v. nog sporadies voor in 'n manuskrip uit 1933, *Die Pas van Santarey*, tot *die* as relatief op grond van die spreektaal geen reg van bestaan meer gehad het nie.

27. *Die voorsetsel vir.*

Uitgaande van die standpunt dat „elke onnodige, betekenislose, on-Afrikaans woord lelik is en alleen daartoe strek om sinne meer

omslagtig en minder verstaanbaar te maak,"²⁶) het Marais sterk te velde getrek teen die veelvuldige gebruik van *vir* in die Afrikaanse Bybelvertaling en in die Afrikaanse geskifte in die algemeen: „Die vreeslike “ver”, wat as ’n moordenaar rondsluip, met die dolk van sy donker roeping in hande, om die fynste styl te vermoor, om die mooiste sin van alle skoonheid te beroof! Vroeër was hierdie “ver” ’n veel meer seldsame verskynsel.”²⁶)

Marais verklaar die veelvuldige aanwesigheid van die onestetiese *vir* as volg: „Dit is natuurlik een van die ingesloope verfoeilikhede wat ons te danke het aan die “Pidgin”-beginsel in taalvorming: die poging van opgevoede blankes om sig verstaanbaar te maak aan ongeletterde naturelle in die vorm van hulle eie taal wat die naturelle spreek. Afrikaans het baie ongewenste vorms aan hierdie beginsel te danke. Die kaffer sê: „Die Baas slaana vor my”: „die baas gee vor my”; „die man vertelle vor my”. Dit is ’n Bantoeïdium wat die naturel trag om in die taal van sy blanke oorheersers uit te druk; en ons aanvaar dit gediensdiglik as ’n gewenste vorm in beskaafde, geskrewe Afrikaans!”

Marais gee verder sy blydschap te kenne dat dit „gelukkig tot dusver in Afrikaanse poësie nie voorkom nie; of indien dit voorkom, is dit baie selde, so selde dat ek op die oomblik geen geval kan herinner nie. Ek weet dat dr. Visser dit verfoei het en ek geloof nie dat hy dit ooit gebesig het nie. Ek dink nie dat ’n beter bewys kan genoemd word nie van die inherente lelikheid van die vorm dan die feit dat ons digters dit vermy.”²⁶)

Tog het Marais meer as eenmaal self in die val van ’n oorbodige en anglisistiese *vir* verstriek geraak, bv. *vir* ’n tydlang (geruime tyd), *vir* die eerste keer, *vir* ’n tyd (’n tydlank), *vir* ’n paar uur, *vir* jare, *vir* ure na die val, *vir* myle, almal uitdrukings wat in ’n meer Afrikaanse vorm die *vir* oorbodig sal maak.

28. Gebruik van verkeerde voorsetsels.

Dikwels tref ’n mens die verkeerde voorsetsel aan. Marais skryf bv. as daar ooit rede *van* (tot) klagte was, *van* (aan) ’n ongetroude seun sou ek nooit gedroom het nie, *vir* (om) een of ander

rede, *vir* (om) sy ontslag aansoek doen, *te* (in) Pretoria, *onder* (in) gewone omstandighede, deur die mens *vir* (ter) bevrediging van sy welluste, *op* (aan) ons kuste aangetref word, *in* (met) ander-woorde.

29. *Dubbele Ontkenning.*

In die vorm *nie ... nie* word dit baie selde aangetref dat Marais die tweede lid van die ontkenning agterweë laat. Meer dikwels ontbreek dié *nie* in sinne waar *geen*, *nooit*, *niks* of *niemand* die eerste lid van die ontkenning vorm, sonder dat die weglating van die tweede lid (*nie*) deur besondere nadruk geregverdig kan word.

30. *Dubbele Voorsetsels.*

As „'n toenemende neiging om oortollige en betekenislose woorde in sinne te voeg, waar hulle geen voordelige werk verrig nie”, bestempel Marais die herhaling van die voorsetstel met versterkende krag by werkwoorde wat beweging aandui. Vir hom was „hy haal dit uit die kis uit” geen verbetering op — nie mooier of eenvoudiger as — „hy haal dit uit die kis.” Inderdaad, hy het hierdie tipies Afrikaanse uitdrukkingswyse as „'n ingevoerde “Pidgin”-vorm” beskou.²⁶⁾

31. *Onvoltooid Verlede Tyd van die Werkwoord*

(*Imperfektum*).

Net soos Preller het Marais die verdwyning van die imperfektum uit die skryftaal sterk betreur. Marais is dan ook deur Preller tot getuie geroep toe laasgenoemde — saam met dr. S. P. Engelbrecht en Jochem van Bruggen — die Akademie wou beweeg om die imperfektum „in die welbegrepe belang van ons Afrikaans” te herstel, of allermens die gebruik daarvan „geheel en al permissief te laat.”¹²⁾

Marais se getuienis oor die waarde van die imperfektum het Preller opgeteken: „Ik (d.w.s. Marais) verklaar met al die nadruk waaroor ik beskik, met die nadruk van bittere ondervinding, dat dit nie so is nie (dat ons met “toe” en “toe” kan volstaan). Daar is nuanse van betekenis in die taal wat alleen deur die verboge vorm kan weergegee word; daar is nuanse wat mens in Afrikaans nooit sonder die onvolm. verl. tyd kan weergee nie.

„Ik verklaar dat die aangenome vorm in die poësie hopeloos is, en dat die beletting van die onvolm. verl. tyd bittere en onnodige moeilikhede veroorsaak. Die groot saak by Afri. digters is in hierdie opsig, nie om mooi woorde en sinne te soek en tot skoonheid te verwek nie, die groot saak is om die belemmerende omslagtigheid van die onvolm. tydbepaling te vermy, en vorms en sinne sodanig in te rig, dat aanduiding van die onvolm. verl. tyd onnodig is.

„By die verhaal van 'n storie veroorsaak dit eindelose hoofdbrekens. Diegenes wat nie skryf nie, sien alleen die voltooide werk, en betoog: ons kom klaar sonder die onvolm. verl. tyd! Hulle weet nie van die bloed en tranes wat dit gekos het nie. Hulle hoor nie die sug wat daar van so menige Afr. skrywer opgaan: hoe maklik sou dit wees om die gediggie mooi te maak, of die storie maklik en vlot te vertel, as ons maar net die onvolm. verl. tyd mag besig!”¹²)

„Dit lê op die weg van die Akademie”, voeg Preller hieraan toe, „om na te denk oor die onvermydelike gevolge van 'n nodelose taaldwang, as een van die vernaamste beoefenaars van die Afrikaanse taal dit sê.”

Preller beskou dit as „seer bedenklik” dat „ons jong taal in sy opbloeiende lewe gekniehalter moet gaan deur 'n uitgestorwe barbaarse spraak”, en laat dan weer Marais — „deskundige insake die oue taal van Egipte” — aan die woord: „Ik verklaar, dat in die bestaanstryd van 'n taal, die onvolm. verl. tyd 'n eienskap is wat die kwessie van lewe en dood behels. Die oud-Egiptiese taal het geen tydbepaling deur vervoeging geken nie. Toe Grieks sy verskyning in Egipte (as ik nou mog sê: maakte!) gemaak het,

het die land (lieflike sin, nie waar nie?) 'n tweetalige land geword. Elke poging werd aangewend om Egipties aan die lewe te hou. Dit was 'n taal wat toe reeds vir 'n sesduisend jaar onveranderd voortgeleef had, — daar was geen bestaanstryd nie, — dit was die taal van die oudste godsdien in die wêreld, 'n godsdien wat bowendien deur die veroweraars aangeneem werd. En wat was die gevolg toe Egipties teen Grieks moes wedywer, teen 'n taal met die fynste vervoeging en tydbepaling van alle tale? Binne 'n honderd jaar was Egipties 'n dooie taal, — so dood, dat dit die vernuf van die mensheid tweeduisend jaar laat sukkel het om dit weer te ontsyfer en te verstaan. Vandag nog is die ontsyfering van opgegrawe Egiptiese dokumente 'n ware monnike-werk, wat daaraan en daaraan alleen te wyte is dat die taal geen tydbepaling of vervoeging geken het nie!"¹²⁾

Dis sterk te betwyfel of Marais werklik dieselfde ondergang vir die fleksie-arme Afrikaanse taal sou wou voorsê, maar dit toon duidelik genoeg aan dat hy nie maklik van die imperfektumvorme, uit Nederlands geërf, sou afsien nie. Dit geld veral die konsekwente gebruik van *werd* as imperfektum i.p.v. *is*,³²⁾ bv. dit *werd* aan hom toevertrou, gerapporteerd *werd* dat....., vrae *werd* gesteld, sterker middels *werd* gebesig. (Marais maak ook dikwels gebruik van die vorm *had* i.p.v. *het gehad* om die plusquamperfektum aan te dui, bv. berig gebring *had*, die dorp se beeste *had* gister gedrink, *had* vergaard, dit was die storie wat hy my te vertelle *had*, ens.)

Waar Preller pleit vir die behoud van die vorme *had*, *mog* en *wis*, naas die reeds erkende *was*, *wou*, *sou*, *kon*, *moes* as ww. met behulp waarvan die imperfektum aangedui word,¹²⁾ is dit heeltemal in ooreenstemming met die skryfwyse van Marais, wat enduit gehou het aan *wis*, *dag*, *had* en *werd* om 'n handeling uit die verlede uit te druk, en dan ook voorkeur gegee het aan preteritumvorme wat soms nog in die spreektaal gehoor word, soos voet *geset* op, was *gesete*, en veral, *gedaan*, bv. Wat het ek *gedaan* om die straf te verdien, 'n sinsnede uit die manuskrip van *Salas y Gomez* waarlangs geskryf staan 'n noot aan die redaksie: „In Godsnaam nie *gedoen* nie! E. N. M.”

32. *Abstrakte snwe. van ww. afgelei.*

By Marais tref mens ongewone afleidings aan soos *vermoeding*, *beswaring*, *uitroeping*, *afmaking*, met daarnaas, ten gevolge van klaarblyklike Nederlandse invloed: *indringe*, *passere*, *oprukke*, *aarsele*, *raaie*.

33. *Bywoordelike gebruik.*

Oor die algemeen kan al die bnw. onveranderd as bywoorde diens doen.³³⁾ Volgens Preller is Engelse invloed mede-verantwoordelik „vir die oortollige aanhegting van die uitgang *-lik* agter bywoorde, asof 'n bywoord daardeur, soos deur die Engels *-ly*, van 'n byvoegl. nw. onderskei word.”¹²⁾ Hierdie verskynsel is oral in Marais se taal op te merk. Engelse invloed is daar stellig, maar baie van die onegte bywoordvorme op *-lik* kan ook gevorm wees na analogie van egte vorme in Marais se taal soos *feitelik*, *tamelik*, *onmiddelik*, *opsettelik*, *beminnelik*, *molik*, *tydelik*. Voorbeelde van onegte bywoordvorme by Marais is die volgende: *plegtiglik*, *vrywilliglik*, *haastiglik*, *sorgvuldiglik*, *gretiglik*, *genadiglik*, *geheimsinniglik*, *openhartiglik*, *voorbariglik*, *geduriglik*, *geheimlik* (Eng. secretly), *beleefdelik*, *eenpariglik*.

34. *Lang × lank.*

Opvallend is dit dat Marais geen onderskeid in spelling maak nie tussen *lang* attributief en *lank* predikatief of bywoordelik gebruik. Deurgaans skryf Marais *lang* en nergens in sy manuskripte het ek die vorm *lank* teengekom nie.

35. *Slotopmerking.*

Uit die voorafgaande blyk die noue verwantskap, ten spyte van kleinere verskille, in die taalstandpunt by Preller en Marais. Hierdie ooreenkoms moet m.i. minder aan weersydse beïnvloeding toegeskryf word as aan die feit dat albei by uitstek Transvaalse

skrywers genoem moet word. Hul taalkundige grondslag was Nederlands as amptelike taal van die Republiek, en later met die opkoms van die moedertaal hou hulle veel nader aan Nederlands as hul taalbroers in Kaapland, wat met meerdere seggenskap in die besluite van die Akademie alleen tot „'n suinige inwilliging van 'n bietjie groter vryheid in die skrywe van Afrikaans”¹²⁾ deur verteenwoordigers van Transvaal beweeg kon word.

Op voet van die spelling van vreemde woorde in Afrikaans het Preller die „rationalisering daarvan, in die rigting van vereenvoudigde Nederlands” deur die voorskrifte van die Staatsvertaler (mnr. J. D. Louw) in 'n hoofartikel *Nugterheid in Spelling*³⁴⁾ verwelkom met die woorde: „Die sg. „ver-Afrikaansing” van vreemde woorde het gedreig om aan die malligheid te gaan grens, — dit was o.i. die voortvloeiende van 'n enge Afrikaanse taal-jingoïsme of -partikularisme, wat ons nie kan bybreng nie. Ons verwelkom die nuwe rigting as 'n terugkeer tot die gesonde stelsel van die ou „Afrikaanse Taalgenootskap” van 1905; so na moegelik aan die Nederlandse spelling, — ten einde die verskil tussen die beide tale nie so groot te maak dat die een naderhand vreemd word aan die ander nie, wat naardit ons voorkom, die hardnekkige Afrikaans-jingoïstiese drywery gewees is van die indoeëns. Ons verwelkom die voorskrifte as 'n terugkeer tot rede en verstand, waar ons gedurende 'n tiental jare gesukkel het met onbestaanbare idiosyncrasies van welwillende maar hopeloos onpraktiese taal-teoretici. Ons verwelkom dit eindelijk, as erkenning van die omstandigheid hoe ons in Transvaal en Vrystaat gedurende meer dan 'n halwe eeu Nederlands erken en gehandhaaf het as enigste medium van al ons onderwys en as enigste offisiële landstaal, terwyl ons taalbroers in die suide op enkel van hulle skole eenmaal in die week aan Elffers gedaan en tot in hul kerke Engels gepreek het.”

Vandag, wanneer op die gevolge gelet kan word en daarvolgens geoordeel moet word, is mens geneig om veel toe te gee op die behoudende taalstandpunt van Preller en Marais, wat anders as hul tydgenote in die suide nooit heeltemal met die rigting van vereenvoudigde Nederlands skoonskip wou maak nie. Hulle het die gevaar

van anglisering van die taal ingesien en hul ywer het hulle weliswaar gebring tot 'n taalvorm wat ten opsigte van meer as een kenmerk gekunsteld was — boekerig, met iets styfs en gemaaks daarin; met ander woorde, hulle het nie genoeg rekening gehou met die feit dat geskrewe Afrikaans op die algemene spreektaal gebaseer moet wees nie, net soos in die suide die feit verwaarloos is dat 'n gewestelike verworping in die rigting van anglisering nie die algemene spreektaal mag vervang nie.

Die Afrikaanse taalontwikkeling het so gou gegaan en sulke sterk invloede het daarop ingewerk dat Afrikaans al gaandeweg van Nederlands losgeraak het en tans nouer aan die vir ons taalvreemde Engels staan. Marais en Preller het die gevaar van die verlies van die Nederlandse taalverband sien dreig, en as teenvoeter selfs tydelik geheel en al tot die Nederlandse skryfvorm teruggekeer,³⁵⁾ soos Preller dit uitdruk: „uit pure moedeloosheid oor die gang van sake”,³⁶⁾ maar daarna tog weer meegedoen aan die stryd om erkenning en behoud van 'n suiwer Afrikaanse taalvorm.

Marais het dit ten opsigte van sy taalgebruik nooit te nou met die algemene skryfreëls geneem nie, ongetwyfeld omdat hy 'n weersin gehad het aan alles wat 'n sweem van dwang ingehou het. Miskien hoofsaaklik met die oog op sy eie gemak het hy 'n eie standpunt gehandhaaf, dikwels teen die eise van die taalwette en redelikheid in, en daarom het 'n studie van sy taal en styl nie alleen dié waarde nie dat dit ons 'n blik gee op Marais as verteenwoordiger van die ouer geslag skrywers in die noorde, maar dit toon ook aan dat die gebore kunstenaar hom afwykings van die normale, vryhede en selfs slordighede in idioom kan veroorloof wat by die gewone man nie geduld word nie. Marais het 'n uitsonderlike persoonlikheid gehad wat natuurlik ook in sy taal en styl weerspieëling moes vind.

HOOFSTUK XI.

BESLUIT.

Eugène Nielen Marais beklee 'n enige plek in die ry van Afrikaanse skrywers, omdat by hom meer as by enige ander Afrikaanse skrywer daar so 'n noue verband tussen liggaamlike en geestelike welsyn was dat sy letterkundige werk nie na waarde geskat kan word sonder om van sy besondere toestand van liggaamlike en geestelike krankheid, ten opsigte van die essensiële verskynsels, kennis te dra nie. Dit is hier nie die plek om sy ongesteldheid in besonderhede te ontleed nie, maar vir sover dit nodig is om tot 'n grondiger besef van die eienaardige in sy voortbrengsels te raak, wil ek net op bepaalde aspekte daarvan wys, veral in verband met die sielkundige uitwerking wat dit gehad het en die kenmerkende stempel wat dit op sy skryfmetode en werk afgedruk het. En dit is nodig, omdat daar geen afgeronde oordeel oor Marais se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde anders moontlik is nie.

Dis nie ondoenlik om „vier afgeslote tydvakke in sy span van 65 jare”¹⁾ te sien nie, maar dit skyn aanneemliker om in die lewe van Marais slegs twee groot periodes te sien. Die eerste is dan een van vinnige en ongelooflike opbloei en die tweede — in jare dubbel so lank — een van geleidelike en soms tydelike vertraagde afneem in kragte. Die eerste tydperk kan gerieflikheids-halwe as afgesluit beskou word met die afsterwe van sy eggenote, maar die oorgang tot die tweede periode kom reeds uit in die verskynsels van neuritis en slapeloosheid wat al voor dié wrede skeiding voorgekom het.

Raadsaam is dit bepaald nie om die eerste tydvak van sy lewe as die sonkant voor te stel en die tweede as die lang winter nag te beskou nie, want ook in sy latere lewe het Marais baie van die inherente jeug eienskappe bly behou, en in sy jeug reeds het hy daardie temperamentele eienaardighede vertoon wat later die vorming van sy karakter en lewenswyse so sterk beïnvloed het. Naas die feit egter dat albei tydperke 'n ooreenkoms vertoon, is dit nie te betwis dat Marais in sy jeug sekere karaktertrekke besit het wat in sy latere lewe gemis word, en dat die tweede tydvak sekere aspekte vertoon wat alleen daaraan eie is nie.

Let mens op sy bedrywigheid as skoolseun aan die Paarl en jong joernalis in Pretoria, dan blyk duidelik „sy vermoë om situasies te deurgrond, sy ingebore aanleg om oombliklik die aanval te wend op die kwesbare plekke van mense en sy briljante gawe om te skryf, wat vir hom gou groot invloed verwerf en mag bereik het.”²⁾ As seun het Marais veel nuttige kennis geassimileer en ywerig studeer, terwyl sy eerste gediggies in Engels 'n besondere talent openbaar om die gewaarwordinge van sy Afrikanersiel bloot te lê. Dit is egter in sy joernalistieke bedrywigheid in die Pretoria van die negentiger jare dat dit veral deurstraal met watter onversadigbare ywer hy sy dagtaak verrig het. 'n Sterk en oortuigde liefde vir volk en vaderland het hom laat volhard totdat die liggaam te swak vir die vurige gees geword het. 'n Middel is gevind om die liggaam eweneens tot volharding te dwing, maar op die duur kon hy dit nie volhou nie en geleidelike verslapping het ingetree.

Dié verslapping het hom in die geesteslewe van Marais openbaar, want in die tweede tydperk van sy lewe mis mens in sy werk die vuur van sy jeug, die oortuiging wat hom selfs die President van vriendelike raad in volksbelang laat bedien het en wat hom nie laat skroom het om die kankerplekke in die maatskappy bloot te lê nie. Hierdie onbaatsugtige belangstelling in openbare sake het Marais miskien veel geld gekos, maar daar was by hom stellig tevredenheid oor die feit dat hy die Republiek na die beste van sy vermoë en insig van alle onsuiverheid wou reinig. In die eerste tydvak het Marais sy geestesrus gevind in die feit dat hy sy volk en vaderland so getrou moontlik probeer dien. Hy het veel opgeoffer

vir die ideaal om sy volk te dien. Hy het selfs afgesien van die jare-oue begeerte om in die medisyne te studeer omdat sy vriende die mening toegedaan was dat hy sy land as advokaat meer sou kon bystaan. Die begeerte van diens aan sy volk moes egter swig vir die drang *ad oblivionem doloris* wat met sy toenemende ongesteldheid tred gehou het. Ironies is dit dat dié ongesteldheid in die wêreldgeskiedenis sy oorsprong gehad het juis in Egipte, 'n land in wie se ou beskawing Marais baie belanggestel het. Die tweede tydvak in Marais se lewe was een van liggaamlike en geestelike dekadensie, met hier en daar 'n genadige verposing. Uit sy ongesteldheid het voortgevloei toenemende wilsverswakking en onverskilligheid teenoor alles behalwe die ego, wie se tevredenheid, gemak en gerief voorrang gehad het en aan wie alle breër ideale ondergeskik en diensbaar geword het. Daarnaas het gestaan periodieke versterking van verstandsaktiwiteit, maar met 'n nadraai wat onverpoosde 'en aaneengeskakelde arbeid heeltemal onmoontlik gemaak het. Dit was 'n noodlottige sirkelgang van die dieptes van geesteskwalling en liggaamlike pyniging en die hoogtes waar mens 'n held voel wat die lewe met al sy eise kan aandurf.

Geen wonder nie dat vir so 'n persoon, in die foltergreep van so 'n lewensmirage, die lewensbloed al hoe kleurloser word, die gelaat die kleur van die dood nog in die lewe vertoon, en hy as 'n wandelende lyk met 'n bleek gelaat en dowwe, dood-starende oë rondgaan. Deur al sy bepeinsinge klink 'n ewig vaarwel, oor alles hang die skaduwee van die dood, die oneer van die graf. Maar daar verskyn 'n gebenedyde wese met die sleutels van die paradys, wat vir 'n kort tydjie alles regmaak, wat in een oomblik tempels en paleise vir die ongelukkige op die doek van die duisternis bou. Maar daarna volg altyd die dieper graad van foltering, sodat dit ons glad nie verbaas as Marais die woorde van Shakespeare³⁾ in vertaling tot sy eie maak nie:

Milde Hemel

Verkort die pose. Front teen front

Bring hierdie Satan en myself;

Plaas hom net binne swêrdbereik,

En as hy vry kom mag God hom ook vergewe.

Die lewe is 'n storie deur 'n gek vertel
Vol klanke en geraas; ... betekenisloos.

Die patologiese egosentrisiteit het Marais in die eerste plek van die gewone samelewing vervreem. Hieruit is te verklaar sy anti-sosiale neigings en ook die besondere beskeidenheid ten opsigte van sy vermoëns. Toe sy gedigte die eerste maal gebundel is deur die toedoen van vriende het hy sterk beswaar teen 'n kort lewenskets daarby geopper: „daar sien ek vreeslik teen op! Al die slegte goed kan maar wag tot ek dood is.”⁴⁾ Toe sy vriend Preller egter aangedring het, het hy bietjie meer toeskietlik geword omdat „ik weet dat jy diskreet sal wees” en daarby melding gemaak van die feit dat „dit altyd vir my bietjie skrikwekkend is om my eie naam selfs in druk te sien.”⁵⁾ Hoe beskeie Marais hom in die lewe beweeg het, kom aan die lig as mens die inhoud van 'n haastige briefie lees, waarskynlik na aanleiding van 'n mening van sy vriend: „Vertel my Gustav, dit was maar 'n droom dat ek ooit iets gedoen het vir die Afrikaanse saak en letterkunde. Eugène.”⁶⁾ Ook moet hier daaraan herinner word dat Marais, ten spyte van herhaalde aanmoediging, van die première van *Die Swart Verraad* weggebly het.

'n Opmerking van Preller dat die lewe „'n mosaïek van herinneringe” is, het Marais beaam met die toevoeging, „vir my ongelukkig meestal pynvol als ek my bewussyn ooit toelaat om in die donker stroom in te duik.”⁵⁾ Hoe ingrypend smartvol en skaduryk Marais die lewe gevind het, kan enigsins verstaan word as mens sien dat hy skryf: „In die laaste tyd is ek in 'n nag van neerslagtigheid en senuagtigheid gedompeld, met toenemende slape-loosheid.”⁷⁾ Die lewenslas het by tye besonder swaar gedruk en dié keer sou hy aan Preller te kenne gee dat „net die skemer van hoop wat jy verwek het, het my in staat gestel om tot dusver die gemaklikste uitweg te vermy.”⁷⁾ Uit vrees vir 'n wanhoopsdaad het sy beste vriende hulle beywer om vir Marais 'n heenkome te vind waarin hy hom so kon verdiep dat sy eie toestand vergeet sou word,⁸⁾ maar ook daarin het dit geblyk dat Marais niks anders was nie as „des Unglücks Sohn, der nichts sich wünscht als Vergessen”. Sou hy nie menigmaal na rus en vrede gehunker het,

Wenn ihn die lange Nacht quälet mit bitterem Schmerz,
Wenn er sich schlaflos wälzt, stöhnend im Folterbett,

'n toestand veroorsaak deur die enigste rusbringende middel self?
Al is die uitredding tydelik, bly dit so aanloklik:

„Träufle, o träufle ihm
Huldvoll perlenden Tau, dass die schmachkende Seele sich labe,
Herrlicher König der Traumwelt!

Zaubre die Jugend vor seinen entzückten Geist,
Lass ihn noch einmal schaun glücklicher Tage Glanz,
Maiduft hauch' ihm gelind in die schmerzverdunkelte Seele,
Hoffnung der besseren Zukunft!

Namate die magteloosheid en onbevredigheid van die eie toestand nie meer verdoesel kon word nie, het vir Marais ook die hoop op 'n betere toekoms in die verskiet verdwyn. Die kort tydspanne van agt uur of minder waarin sy gees in die wêreld van visioene geleef het, kon nie meer vergoed vir die keersy van liggaamlike en geestelike foltering nie. Die lewe het doelloos geword; hy voel hom al meer die pleitbesorger van verlore sake; „ek het op die uiteinde van alles geraak..... ek was eenvoudig nie bedoeld om gelukkig te wees nie”.⁹⁾ Hiermee gaan gepaard agteloosheid in drag en persoonlike sorg, verlies van tydswaardebesef, nalatigheid in besigheid en werk¹⁰⁾ en opmerklike verslapping van famieliebände:

Die Nahen und die Lieben
Hält er für Schemen nur.

Met die tydelike verbetering in hierdie toestand van verlies van die vermoë tot juiste waardebeplating het die verstandsprosesse verskerping ondergaan en is dit tot 'n buitengewone bedrywigheid aangespoor. Daar ontstaan 'n nie te ontkenne verruiming van die verbeeldingsfeer, 'n vermeerderde skerpheid van herinnering, aanhitsing van verbandvormende prosesse, die vergroting van verhou-

dinge in ruimte en tyd, gepaard met die minder rooskleurige kenmerk van ondermyning van die wilsenergie, sodat die besondere lewensvisioene selde verwerklik is.

Soos een van Marais se intieme vriende dit eenmaal van hom uitgedruk het: „Ek het al swaar probeer om hom weer belang in die wêreld en die mensdom te laat stel, maar hy sê dat aangesien die lewe geen doel het nie, is dit heeltemal onverskillig waar of hoelang hy leef en wat hy op aarde of enige ander plek kan verrig. Hy wil liewers wees waar hy so min moeglik van die mensdom kan sien — ek verstaan hy raak partykeer vir ses maande of so in die bos weg met 'n donkie sonder dat iemand ooit van hom hoor.”¹¹⁾

Gedurende die jare in die Waterbergse bosveld mag die malaria sy liggaamskragte verder aangetas het, maar ek glo nie dat hierdie energie-vernietiger „'n groot deel van sy gewoontes en lewensopvatting” as uitvloeisel gehad het nie,¹²⁾ net so min as wat daar ruimte is vir die gedagte dat die innige liefde vir sy vrou en die tragiese omstandigheid van haar dood hom teen die wêreld gekeer het en hy daarna gestreef het om die herinnering aan haar as kosbare kleinood ten koste van alle ander belange te bewaar. Nee, sy sinisme, swartgalligheid en hunkering na verlossing uit die moegheid van sy lewensbestaan is gebore uit „'n gedurige stryd teen die diepste neerslagtigheid wat werk en konsentrasie baie moeilik maak”.¹³⁾ Die herhaalde neerlaag en die daaropvolgende reaksie was so ingrypend dat „sistematiese werk onder bestaande omstandighede absoluut onmogelik is.”¹⁴⁾ Vir Marais het gaan-deweg „alles in duie geval: hoop, ambiesie, verlange, onder die skadu van angs en vernederende stryd om 'n bestaan wat net lyding is.”¹⁴⁾ En dit was sy woorde op 'n tydstip toe hy voornemens was om die aanbod van 'n vriend te aanvaar om uit te skei na Oos-Afrika: „Die werk wat van my sal verwag word is vreeslik min ooreenstemmend met my gees en begeertes; aan dié ander kant is die nabyheid van die natuur baie aantreklik. Ek skryf vandag om voorbereidings te maak vir die trek, want hier (op Heidelberg) kan ek nie nog 'n maand uithou nie.”¹⁴⁾

Hierdie tragiese omstandigheid dat Marais „die wrangheid van

verbygaande sinlikheid belewe en die doem van aardse verganklikheid tot in sy bloed gevoel het",¹⁵⁾ het ten gevolge gehad dat Marais altyd individualis in sy kunsuiting gebly het. Omdat hy in 'n eie wêreld van kunsmatige skepping geleef het en 'n enige graad van welwese en sielswroeging geken het, was die uiting in skrif ook op 'n wyse wat alleen uit dié lewensomstandigheid reg te verstaan is. Die taal waarin hy verligting gevind het van die worsteling van teenstrydige begeertes, is deurdrenk van die bloed wat die pyn uit sy lydende hart gepers het. Dit was 'n eienaardige begeesterde taal „wat, als zij opkomt, geheimzinnig, uit den dichter en, sterker dan zijn dagelyksch Ik, over hem vaart en zich opstelt voor zijn zinnen, als een bewegend stuk Leven, dat alleen bestaat om zijn mooië zelfs wil. Dan wordt de taal tot iets heel anders dan de taal van elken dag. Want de waarachtige dichter is niet een mensch, die met andere menschen spreekte over dingen, die beiden bekend zijn. De lyrische dichter verzinnelijkt voor het gehoor en die verbeelding de intieme en individuele toestanden van zijn gevoel. Hij moet geluid maken van zijn eigene bewogende Ikheid, hij moet het allerpersoonlikste en allerdelicaatste werk op de wereld doen. Vandaar, dat dan ook de woorden hem iets anders zijn dan voor gewone menschen, geen abstracties, die hun dienst verrichten, maar waardevolle individuen, die hij kent en lief heeft, wier mooiheid hij proeft, en door de subtiele combinatie van wier geluiden hij weergeeft, wat hij ziet en hoort in het ontroeringsvolle oogenblik.”¹⁶⁾

Die uitsonderlike kenmerke van sy kuns, soos in die vorige hoofstukke aangetoon is, het 'n noue verband met sy geestes-toestand, een van 'n buitengewoon individuele aard wat aan verwante emosies uiting sou gee, emosies soos dié van die Tagtigers in hul eerste hoogvlug-jare en dié van die heel jongeres onder die Afrikaanse skrywers. Maar tog is daar 'n duidelik waarneembare verskil. Marais is so nugter en sober in sy leeduiting dat daar nooit 'n sweem van gemaakte individualisme bespeurbaar is nie. By dié wat nie so diep liggaamlik en geestelik gelyk het nie, wat nie te doen gehad het met 'n martelmiddél wat „dinge lang vergete en vergewe weer tot skrikbaar lewe verwek”,¹⁷⁾ by hulle kan

mens nie dieselfde oortuigde geesteservaring in woorde vasgelê vind nie, eenvoudig omdat dit vir hulle iets vreemds en onbekends is.

En by Marais, en vernaamlik in sy gedigte wat by uitstek die persoon weerspieël, is daar heel selde die opvatting moontlik dat mens 'n gekunstelde produk voor jou het, ten spyte van die skaaf-metode wat hy in sy digkuns en in sy strewe om die suiwerste vertolking vir sy gevoel te vind, as onmisbaar beskou het. Eerder moet 'n mens hom verbaas oor die feit dat Marais in weerwil van sulke sterk remmende faktore nog tot poësie van so 'n uitnemende gehalte in staat was.

In Marais se werke van breër opset mis mens die eenheid en afgerondheid van gedagte wat aan sy mooi gevoelsuitbeeldende gedigte eie is. Pragtige brokstukke is daar wel, maar 'n aaneengeskakelde, hegte gang ontbreek omdat Marais nooit in staat was om lank aaneen te werk sonder besonder skadelike gevolge vir sy gestel nie. En waar hy tog nog werk gelewer het wat saamgevat kon word as die uiting van een groot grondliggende gedagte of plan, soos byvoorbeeld *Die Siel van die Mier*, moet dit toegeskryf word aan die verligting en vermeerdering in arbeidsvermoë wat hy in die enkele tydperke van verposing ondervind het. *Die Siel van die Mier* (die grootste gedeelte) en 'n hele aantal van sy gedigte het ontstaan in 'n tyd toe hy die vriendskap en bystand van wyle dr. A. G. Visser gehad het.¹⁸⁾ Die simpatieke sorg van sy vriend Preller het geen geringe aandeel aan die wording van 'n groot deel van sy prosageskrifte gehad nie, afgesien van die persone wat die regstreekse aanleiding tot skrywe verskaf het.

Marais se werk word gekenmerk deur skitterende momente. En as mens met die persoon en leefwyse van Marais bekend is, kan mens dit begryp dat dit nou saamhang met oomblikke van besondere verstandshelderheid. Dit sou dus onbillik en onredelik wees om te verwag dat hy in 'n lang verhaal of toneelstuk deurgaans dieselfde peil sou handhaaf. Hier lê ook die verklaring waarom Marais, met sy besondere vermoë om persone en situasies te teken op die raamwerk van 'n fyne en oorspronklike intrige, nooit probeer het om 'n roman of epos te skep nie. Selfs as mens aanneem dat hy die talent gehad het om iets groots op dié gebied te lewer, sou sy liggaam en

gees hom stellig in die steek gelaat het. En Marais het dit self erken toe hy eenmaal aan 'n vriend geskryf het waarom hy nog nie sy natuurkundige ondersoekinge volledig te boek gestel het nie: „One must have leisure and mental quietude for this part of the work and I have always lacked both”.¹⁹⁾

Sy lewensomstandigheid was nie bevorderlik vir werk wat aan die streng eise van kuns en wetenskap volledig sou voldoen nie. Tog is dit waar dat Marais daarin geslaag het om dinge so voor te stel dat die verbeelding geprikkel en die belangstelling in sake gaande gemaak word, omdat hy as kunstenaar 'n eie benaderingswyse gehad het waarmee hy tog in sekere sin sy doel bereik het, nl. om belangstelling by sy lesers op te wek. Die nadele waarmee hy in sy werk te kampe gehad het, het hom onder die indruk gebring dat sy stukke nie altyd mooi afgerond is nie: „Please make allowance for the fact that I am working under a great stress of other distractions and other worries”, skryf hy eenmaal aan 'n vriend en vervolg: „It (die artikel) is even now not quite what I would like it to be, — in fact, the entire article is lacking in many respects. But that is largely due to my existing environments. I could not command the necessary peace of mind which is very necessary in work of this nature, — for me at all events. But there is improvement in that connection since I wrote the article and I shall soon be in quiet seas again;”²⁰⁾

Die bedroewende feit bly egter waar dat in die laaste veertig jaar Marais se lewensee byna onafgebroke deur 'n onstuimige eb en vloed gekenmerk is.

En omdat Marais hom nie in die openbare lewe beweeg het nie, die eensaamheid bo die gedrang van die beskawing verkies het, het hy in die lewe nie die eer ontvang wat hom as skrywer toekom het nie. Eers die tragiese omstandigheid van sy dood het weer by baie die besef laat ontwaak dat daar geen rede is om hom te verwaarloos omdat hy 'n afgesonderde bestaan gevoer het nie. Meer as een van sy volksgenote moet ten minste dit van hom erken het, woorde wat Marais self eenmaal van die vader van ons digter Jan Celliers geskryf het: „Zijn werk is klein misschien vergeleken met het werk van anderen, maar het is een werk dat een dankbaar volk niet ligt mag vergeten.”²¹⁾

Hoe teenstrydig dit ook mag klink, moet mens altyd onthou dat Marais se skoonste uiting uit die diepste lewenstragiek gebore is en om die grondliggende egtheid des te hoër geskat moet word. In die woorde van M. E. R.: „So neem ons van die kunstenaar die goeie en die verwarde, net wat hy sin en wil het om aan ons te gee. Solank as hy leef sien ons die verwarde; en ons betreur dit; en ons dwing altyd om te sê: Ag, as daardie verwarring nou nie daar was nie, hoe skoon sou dan nie wees die gifte en gawe wat ons van hom ontvang! So het ek een dag aan Langenhoven gesê, en hy het 'n antwoord gegee wat ek nooit vergeet het nie. Hy was 'n innige bewonderaar van Eugène Marais se gedigte, wat hy hoër gestel het as dié van enigeen. Hy antwoord toe, soos ek dit naastenby reg onthou: „Sulke mense is maar so; jy moet ook die deurmekaar kant aanneem; en nie vergeet nie dat jy sonder daardie kant ook nie die ander kant sou kry nie.”²²)

Wie weet, as Langenhoven se woorde vroeër meer ingang gevind het, of daar nie tydens sy lewe reeds meer opregte waardering vir Marais se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde sou gewees het nie!

—: EINDE :—

AANTEKENINGE.

Die volgende afkortinge word gebruik :

Burg. (*Die Burger*); D.B. (*Die Boerevrou*); D.Br. (*Die Brandwag*); D.H. (*Die Huisgenoot*); D.V. (*De Volksstem, De Volkstem, Die Volkstem*); L. en V. (*Land en Volk*); O.V. (*Ons Vaderland*); P.D.A. (*Paarl District Advertiser*); *Sketse* (*Sketse uit die Lewe van Mens en Dier*); T.A. (*The Transvaal Advertiser*); Vad. (*Die Vaderland*); Vers. Ged. (*Versamelde Gedigte*).

HOOFSTUK I.

¹⁾ Tensy waar anders vermeld, is ek vir die lewensfeite dank verskuldig aan E.N.M. self, wat op 29 Jan. 1935 in 'n onderhoud in sy kamer ten huise van dr. G. S. Preller uitvoerige biografiese gegewens verstrek het; verder aan dr. Preller wat genoemde gegewens gekontroleer het en wie se *Eugène N. Marais* in sy *Historiese Opstelle* (180-206) ek kon raadpleeg; en eindelik aan mnr. Eugène Marais jr. vir wenke en verdere mededelings.

²⁾ Henry Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806*, a reprint of the translation from the original German by Anne Plumtre. The Van Riebeeck Society, Cape Town, 1928, pp. 30-34. Van Reenen se dagboek is ook onlangs deur die V.R.S. uitgegee.

³⁾ *Zuid-Afrika's Geschiedenis in Beeld*, Platenatlas door Dr. E. C. Godée-Molsbergen en Joh. Visscher, Amsterdam, 1913, 53.

⁴⁾ E.N.M. in brief aan Preller uit Heidelberg, 15-5-'23.

⁵⁾ Vgl. sterfberig van mev. Marais in *The Press*, 19-7-'95.

⁶⁾ Vgl. artikel van T.T. in Vad., 28-9-'34.

⁷⁾ Die alarm was op 4 Maart 1897 volgens kronologie van Pretoria deur G.S.P. in O.V., 10-10-'30.

⁸⁾ N. J. Hofmeyr, *De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval*, Kaapstad, 1896, 46.

⁹⁾ G.S.P. se kronologie van Pretoria, t.a.p.

¹⁰⁾ E.N.M., *Van Oudae en Oumense in Pretoria* in O.V., 15-1-'30.

¹¹⁾ *'n Paradys van Weleer verlore in die Wreedheid van Droogte* (E.N.M.) in Vad. 8-7-'33. Aanhaling uit oorspronklike MS.

¹²⁾ S.F.N. Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika*, Deel II, Stellenbosch, 1928, 518.

¹³⁾ Onderhoud met mnr. D. P. Mostert, Stellenbosch, 15-4-'36.

¹⁴⁾ Uitslag in P.D.A., 13-7-'87.

¹⁵⁾ L. en V., 7-7-'91.

¹⁶⁾ C. N. Kempff, *Levensskets van J. de V. Roos* in D. H., Aug. '18.

- 17) Mnr. J. de V. Roos in poskaart aan my, 28-1-'36.
- 18) T.A., 27-8-'94.
- 19) Besonderhede oor verlowing en huwelik deur mev. M. Serfontein van Pretoria in onderhoud, 21-2-'36.
- 20) *The Press*, 19-7-'95.
- 21) L. en V., 25-7-'95.
- 22) *The Press*, 19-7-'95.
- 23) T.A., 18-7-'95.
- 24) L. en V., 28-11-'95.
- 25) Hofmeyr, t.a.p. 245; J. F. van Oordt, *Paul Kruger en de Opkomst der Z.A. Republiek*, Kaapstad 1898, 698-699, 749; J. P. Fitzpatrick, *The Transvaal from Within*, Londen 1900, 116-119.
- 26) D.V., 2-12-'96.
- 27) idem, 16-2-'97.
- 28) E.N.M. in onderhoud met my, 24-2-'36.
- 29) L. en V., 22-7-'97.
- 30) E.N.M. in onderhoud met my, 1-2-'35.
- 31) Artikel van W. v. H. oor Gustav S. Preller in *Vad.*, 21-2-'36.
- 32) Jurie H. J. van As oor G. S. Preller in O.V., 5-12-'30.
- 33) D.V., 14 en 17 Sept., 24 Des. 1904; en 8-11-'05.
- 34) D.V., 11-11-'05.
- 35) L. en V., 9-11-'05.
- 36) Vgl. Transvaalse Ord. No. 19 van 1904.
- 37) Mnr. S. J. van Wyk in 'n brief aan my, 13-2-'36.
- 38) Reuter-verslag van geregtelike ondersoek, Burg., 13-4-'36.

HOOFSTUK II.

- 1) C. L. Leipoldt, *Terugblik oor Veertig Jaar — Roeping van die Afrikaanse Pers* in D.V., 8-8-'33.
- 2) T.A., 19-5-'88.
- 3) idem, 5-6-'89.
- 4) Preller, *Historiese Opstelle*, 182.
- 5) T.A., Junie 1889.
- 6) G. R. von Wielligh, *Die Tydperk tussen die Eerste en Tweede Taalbeweging* in D.H., Jan. 1922.
- 7) Preller, t.a.p., 183.
- 8) L. en V., 7-7-'91.
- 9) idem, 9-2-'92.
- 10) idem, 23-6-'92.

11) Die spotprent het as bylae tot *The Press*, 25-6-'92, verskyn met die onderskrif „The Joys of Journalism (the Libel Case of the Week)” en ook in die Nederlandse weekblad *De Pers*, met onderskrif „Welverdiend”.

12) L. en V., 28-7-'92.

13) idem, 15-12-'92.

14) *Staats-courant der Z. A. Republiek*, 13-9-'93. *Artikel Een* het bepaal dat ten opsigte van elke nuusblad 'n beëdigde verklaring aan die Staatssekretaris verstrek moet word met opgaaf van die ware naam van die nuusblad, van die verantwoordelike redakteur, asmede van die naam van die eienaar en uitgewer. *Artikel Twee* verplig die verantwoordelike uitgewer om aan die einde van elke nuusblad (en byblad) sy naam af te druk, en om 'n eksemplaar van elke uitgawe aan die Staatssekretaris te stuur. Die straf vir oortreding van een van die twee artikels was 'n boete van hoogstens £25 of gevangenisstraf van hoogstens een maand. *Artikel Drie* bepaal dat „de drukker en uitgever van enig nieuwsblad en van elk byblad, boek, brochure of ander drukwerk, bevattende stukken, oproer verwekkende of seditie (mouterij), of eerschenis, belediging of aanranding van iemands karakter inhoudende, zijn verantwoordelijk voor gemelde stukken, en zullen, bij overtreding van dit artikel, gestraft worden met eene gevangenisstraf van ten hoogste 12 maanden, met of zonder harden arbeid.” *Artikel Vier* lui dat „hij, die iemands eer of goeden naam ten onrechte aanrandt in geschrifte, hetzij in een nieuwsblad, of in welken anderen schriftelijken vorm ook, door ten laste legging van een bepaald feit, met het doel om den betrokken persoon (of personen) te benadeelen, en aan dat feit ruchtbaarheid te geven, word gestraft met eene boete van ten hoogste £150, of met gevangenisstraf van ten hoogste zes maanden, met of zonder harden arbeid, gezamenlijk of afzonderlijk”. Die laatste artikel (*Vijf*) lê neer dat hoogstens een jaar gevangenisstraf opgelê kan word waar beledigende tekeninge of afbeeldinge versprei word.

15) L. en V., 26-7-'94. Vgl. Preller, t.a.p. 186-187.

16) L. en V., 28-2-'95.

17) Oorspronklike van aanhaling in vertaling by Preller, t.a.p. 187-188.

18) Preller, t.a.p. 187.

19) L. en V., 25-1-'94, 1-2-'94.

20) Preller, t.a.p. 140, 149.

21) L. en V., 22-2-'94.

22) idem, 8-3-'94.

23) idem, 22-3-'94.

24) idem, 5 en 12-4-'94.

25) idem, 8-11-'94. Vgl. Fitzpatrick, *The Transvaal from Within*, p. 72.

26) L. en V., 12-4-'94.

27) idem, 19-4-'94.

28) idem, 28-12-'93.

29) idem, 16-8-'94.

30) idem, 16-8-'94.

- 31) idem, 8-3-'94.
- 32) idem, 23-8-'94.
- 33) idem, 30-8-'94.
- 34) idem, 30-8-'94. Hoewel die saak met koste teen die eiser uitgewys is, moet hier ter verduideliking opgemerk word dat kragtens wet Marais self sy eie onkoste sou moet betaal waar die eiser nie in die vermoë mag wees om dit te doen nie, wat blykbaar hier die geval is, vgl. L. en V., 23-8-'94 — voetnoot van redakteur by brief van J. P. Maré.
- 35) Fitzpatrick, t.a.p. 69.
- 36) Preller, t.a.p. 184-185.
- 37) L. en V., 11-10-'94.
- 38) Vgl. *Notule* van Eerste Volksraad, 11-5-'94 — art. 44; 18-5-'94 — art. 131-133; 20-9-'94 — art. 1774-1776.
- 39) L. en V., 27-9-'94.
- 40) idem, 9-5-'95.
- 41) *Notule* t.a.p. 5-8-'95 — art. 834-835.
- 42) L. en V., 1-11-'94 — brief van D. J. van den Heever.
- 43) idem, 6-12-'94.
- 44) idem, 6-12-'94; vlg. 27-12-'94 het daar in 1894 aan nuwe intekenare 1,353 bygekom, waarvan 165 in Maart (toe die „draadsaak” aan die gang was), terwyl slegs 23 weens vertrek na Gazaland en ander plekke as intekenare geskrap is.
- 45) idem, 20-12-'94.
- 46) idem, 10-1-'95.
- 47) idem, 28-11-'95.
- 48) idem, 11-6-'96.
- 49) E.N.M. in brief aan Preller uit Heidelberg, 11 Mei '23.
- 50) L. en V., 3-9-'96; 12, 19-11-'96.
- 51) D.V., 7-11-'96.
- 52) idem, 18-11-'96; Preller, t.a.p. 185.
- 53) D.V., 14-11-'96.
- 54) As voorbeeld een met die opskrif „Daar is noch Stof” en gerig aan die redakteur van *Land en Volk*: „Mynheer, — Ik zal baing bly wees als di koster van di Ned. Ger. Kerk di moeite wil doen om di banke Zaterdag goed af te stof, wand als jy Zondags morgen na di predikatie opstaan dan is jou kleere vol stof, pertykeers le di stof een half duim dik, als hy dit doen zal hy di gemeente zeer tevrede stel — Opletter.”
- 55) L. en V., 5-5-'91.
- 56) idem, 13-10-'91.
- 57) 10-11-'91.
- 58) idem, 25-10-'94.
- 59) idem, 1-11-'94.
- 60) idem, 8-11-'94.

- 61) idem, 7-2-'95.
- 62) idem, 14-2-'95.
- 63) idem, 21-2-'95.
- 64) idem, 7-3-'95.
- 65) idem, 4-2-'95.
- 66) Die twee Smuts-briewe dien later as getuie-stukke in 'n lastersaak, L. en V., 12, 19-11-'96.
- 67) L. en V., 2-5-'95.
- 68) idem, 2-5-'95; advertensie van Izaak Haarhoff.
- 69) Marais in onderhoud met my; L. en V., 27-6-'95.
- 70) L. en V., 4-7-'95.
- 71) idem, 1-8-'95.
- 72) Fitzpatrick, t.a.p. 77.
- 73) L. en V., 12-9-'95.
- 74) idem, 26-9-'95; 3-10-'95. Fitzpatrick, t.a.p. 74-76, 270, 277.
- 75) L. en V., 15-9-'97, 3-11-'97.
- 76) E.N.M. in onderhoud met my, 24-2-'36.
- 77) L. en V., 23-6-'92.
- 78) idem, byvoegsel, 22-11-'94.
- 79) idem, 15-11-'94; Preller, t.a.p. 191-192.
- 80) L. en V., 15-11-'94.
- 81) idem, 3-5-'94.
- 82) idem, bv. 22-11-'94.
- 83) idem, 22-11-'94 — hoofartikel *De Banden van Bloed*.
- 84) E.N.M. se getuienis by verhoor, L. en V., 13-2-'96, en T.A., 5-2-'96; Fitzpatrick, t.a.p. 116-117; L. en V., 9-1-'96; Preller, t.a.p. 195; vgl. oor „Olyftak-aanbod“, L. en V., 14-5-'96; mededeling van E.N.M. in onderhoud met my.
- 85) L. en V., hoofart. 6-2-'96; 14-5-'96.
- 86) idem, 13-2-'96.
- 87) D.V., 2-12-'96.
- 88) E.N.M. in onderhoud met my.
- 89) D.V., 28-11-'96.
- 90) *Land en Volk* het nooit 'n staatsadvertensie ter plasing ontvang nie, hoewel die Volksraad jaarliks 'n groot som daarvoor gestem het.
- 91) L. en V., 28-3-'95.
- 92) idem, 8-4-'97; E.N.M. in onderhoud.
- 93) L. en V., 5-1-'98.
- 94) Preller, t.a.p. 203.
- 95) L. en V., 31-10-'02.
- 96) idem, 14-10-'02.
- 97) idem, 31-10-'02; Preller, t.a.p. 201.
- 98) idem, 31-10-'02.
- 99) Preller, t.a.p. 198.

- 100) L. en V., byv. 21-11-'02.
- 101) Preller, t.a.p. 202-203.
- 102) Kopie van brief aan A.H.M. d. 6-4-'03.
- 103) L. en V., 27-12-'02.

HOOFSTUK III.

- 1) J. D. du Toit, *Ds. S. J. du Toit, in Weg en Werk*, Paarl 1917, p. 172-173.
- 2) L. en V., 31-3-'91.
- 3) idem, 6-1-'91.
- 4) Du Toit, t.a.p. 47, 181, 198 v.
- 5) L. en V., 20-1-'91.
- 6) idem, 3-2-'91.
- 7) idem, 3-2-'91.
- 8) idem, 10-2-'91.
- 9) idem, 3-3-'91; verdere ooreenkoms met *Di Klaagliedere fan di Transfaler* (Percy Rex) in *Afrikaanse Gedigte (1876-1906)*, Paarl 1906, 140-141, is daar nie.
- 10) L. en V., 10-3-'91; 12-5-'91; 12-1-'92; 28-7-'92 en 18-8-'92 respektieflik.
- 11) idem, 17-3-'91.
- 12) idem, 7-4-'91; vgl. ook 26-1-'92 — W. J. Viljoen, *Een Afrikaner over Afrikaansch*.
- 13) idem, 21-4-'91.
- 14) idem, 5, 12-5-'91.
- 15) idem, 2-6-'91.
- 16) idem, 7-7-'91.
- 17) 'n Baie korte in L. en V., 14-7-'91.
- 18) L. en V., 28-7-'91.
- 19) idem, 11-8-'91.
- 20) idem, 18-8-'91.
- 21) idem, 8-9-'91.
- 22) idem, 15-9-'91.
- 23) idem, 22-9-'91.
- 24) idem, 6, 13-10-'91.
- 25) idem, 29-9-'91.
- 26) idem, 12-1-'92.
- 27) A. H. Lugtenburg, *Geskiedenis van die Onderwys in die S.-A. Republiek (1836-1900)*, Pretoria 1925, 156-157, 167, 235.
- 28) L. en V., 13-10-'91.
- 29) idem, 10-11-'91.
- 30) J. H. H. de Waal, *My Herinnerings aan ons Taalstryd*, Kaapstad 1932, 25.

- 31) E.N.M. in onderhoud met my.
- 32) Du Toit, t.a.p. 312 v.
- 33) De Waal, t.a.p. 26.
- 34) L. en V., byv. 22-11-'94.
- 35) idem, 22-11-'94.
- 36) idem, 19-9-'95.
- 37) idem, 27-2-'96.
- 38) idem, 12-3-'96.
- 39) idem, 26-3-'96.
- 40) idem, 16-2-'98.
- 41) De Waal, t.a.p. 34-35.
- 42) Kyk bls. 16.
- 43) De Waal, t.a.p. 75.
- 44) Preller, *Historiese Opstelle*, 196.
- 45) G. Dekker, *Afr. Literatuurgeskiedenis*, Kaapstad 1935, 36-37.
- 46) Mededeling van E.N.M. deur Preller opgeteken.
- 47) L. en V., 24-10-'02.
- 48) idem, 1-7-'04, waar hy in 'n hoofartikel van die redakteur van *De Volksstem* skryf as „oud-kollega van dezelfde hoogeschool”.
- 49) L. en V., 20-5-'04.
- 50) idem, 9-9-'04.
- 51) idem, 13-1-'05.
- 52) idem, 31-3-'05.
- 53) idem, 7-4-'05.
- 54) Mnr. E. Marais jr. deel mee dat sy vader indertyd dikwels self sulke stories geskryf en dan saans tuis uit die koerant vir hom voorgelees het.
- 55) L. en V., 5-5-'05.
- 56) idem, 30-6-'05.
- 57) idem, 7-7-'05.
- 58) idem, 21-7-'05.
- 59) Preller se byvoegsel in Afrikaans (D.V., 17-6-'05) waarin hy die oprigting van die werkende A.T.G. bepleit.
- 60) L. en V., 28-7-'05.
- 61) idem, 4-8-'05, hoofartikel.
- 62) L. en V., 11-8-'05.
- 63) idem, 18-8-'05.
- 64) Bot en Kritzinger, *Letterkundige Leesboek*, tweede druk, Pretoria 1925, 79.
- 65) G. S. Nienaber, *Die Afrikaanse Beweging*, Pretoria 1931, 98.
- 66) O.V., 29-7-'30, hoofartikel.
- 67) D.V., 19-3 tot 14-6-'05.
- 68) L. en V., 23-6-'05.
- 69) O.V., 6-3-'31; G.S.P. oor Kritzinger se *Plateatlas*.

⁷⁰⁾ Kritzinger, *Plate-atlas by die Afr. Letterkunde*, Pretoria 1931, 43 — Doel van die A.T.G.

⁷¹⁾ E. C. Pienaar, *Taal en Poësie van die Tweede Taalbeweging*, vierde druk, Kaapstad 1931, 496.

⁷²⁾ Preller in *Inleiding tot Gedigte* deur Eugène N. Marais, tweede druk, Kaapstad 1934, 7-8. Die eerste druk het in 1925 verskyn, met dieselfde inleiding.

HOOFSTUK IV.

1) Preller in *Inleiding tot Gedigte*, t.a.p. 7.

2) P.D.A., 7-11-'85.

3) idem, 27-3-'86, 14-4-'86.

4) idem, 25-9-'86.

5) idem, 5-3-'87; volledig deur my aangehaal in *Wapenskou*, Mei 1936.

6) P.D.A., 13-10-'86.

7) idem, 23-2-'87.

8) idem, 14-10-'85.

9) idem, 29-1-'87.

10) idem, 11-5-'87.

11) L. en V., 8-9-'91.

12) idem, 15-9-'91.

13) MS. van G.S.P. genoem in *Inleiding tot Gedigte*, 5.

14) Vers. Ged. 28. (*Versamelde Gedigte* van Eugène N. Marais, vierde druk, Pretoria 1936.)

15) idem, 27.

16) L. en V., 5-5-'05.

17) idem, 19-5-'05.

18) Let op die latere wysiging in die tweede reël.

19) L. en V., 23-6-'05.

20) *Inleiding tot Gedigte*, 8.

21) Die byskrif van Preller is volledig aangehaal deur prof. dr. M. S. B. Kritzinger in *Eugène N. Marais as Digter*, artikel in *Ons Tydskrif*, Mei 1936, sowel as *Winternag* soos dit indertyd in *De Volksstem* oorgedruk is.

Die bewering as sou Preller *Winternag* ook in sy *Gedachten-pleidooi* gebruik het, is onjuis, aangesien die gedig eers ná die tyd die eerste maal verskyn het — vgl. E. C. Pienaar, *Taal en Poësie*, 4de druk, 228.

22) *Inleiding tot Gedigte*, 8.

23) Pienaar, t.a.p. 495; vraagtekens van my.

24) Dekker, t.a.p. 58.

25) Die datum is foutief, ook by Pienaar, t.a.p. 228, en ander; selfs nog by Van Heerden in *Die Afr. Boek* 1936, Johannesburg, 11.

- 26) Kritzinger, *Plateatlas*, 42.
- 27) Bespreking van *Die Swart Verraad*, Vad. 10-6-'33.
- 28) E.N.M. in onderhoud met my, 1-2-'35.
- 29) Prof. dr. C. M. van den Heever in Vad. 3-4-'36.
- 30) Vers. Ged., 13; D. Br., 25-5-'21.
- 31) Dekker, t.a.p. 58.
- 32) 25-3-'19 — die aangehaalde strofes is daarvolgens.
- 33) Burg., 6-4-'36.
- 34) Vers. Ged. 47.
- 35) idem, 18.
- 36) idem, 36; eerste verskyn in D.B., Des. '29.
- 37) Vers. Ged., 39; D.H., 7-10-'27; O.V., 21-10-'27.
- 38) Vers. Ged., 17; *Dwaalstories*, Kaapstad 1927, 17.
- 39) Vers. Ged., 23; *Dwaalstories*, 19.
- 40) Vers. Ged., 24; *Dwaalstories*, 28.
- 41) Vers. Ged., 10; *Dwaalstories*, 29.
- 42) Vers. Ged., 56; Vad. 10-11-'33.
- 43) Preller in Inleiding tot *Gedigte*, 3.
- 44) Vers. Ged., 11; D.Br., 15-7-'10; D.B., Jun. '19; Jan. '20, met tekening deur Erich Mayer.
- 45) Pienaar, t.a.p., 498.
- 46) Januarie, 1920.
- 47) *Gedigte*, 60.
- 48) Z.F. Pretorius in D.H., 30-6-'33.
- 49) Vers. Ged., 26.
- 50) Verslag van onthulling in O.V., 8-11-'27.
- 51) A. G. Visser, *Rose van Herinnering*, Pretoria 1927, 46.
- 52) D.H., 29-1-'26.
- 53) Vers. Ged., 55.
- 54) W. E. Henley, *Poems*, 287.
- 55) Vers. Ged., 17; *Dwaalstories*, 17.
- 56) Vers. Ged., 34, 35 en 38 resp.
- 57) D.Br., 25-3-'21; Vers. Ged. 29.
- 58) *Gedichte von Adelbert von Chamisso*, Halle a/Saale, 92 — *Don Quixote* (1826).
- 59) Vers. Ged., 32.
- 60) *The Poetry of Robert Burns*, ed. Henley & Henderson, iii 143 — *A Red, Red Rose*.
- 61) Vers. Ged., 44-46.
- 62) Vers. Ged., 49.
- 63) *The English Poets*, ed. T. H. Ward, v 387, *The Garden of Proserpine* — 6de, 11de en 12de strofes.
- 64) *Die Visser* in Vers. Ged., 50.

- 65) *Goethes Werke*, herausgegeben von Heinrich Kurz, II 189, *Der Fischer*.
 66) Vers. Ged., 53.
 67) idem, 25.
 68) *Die Leeus van Magoeba e.a. Verhale*, Pretoria 1934. 88; en Vers. Ged. 58.

HOOFSTUK V.

- 1) D. Br., 25-3-'20.
- 2) idem, 25-5-'20.
- 3) idem, 25-5-'20.
- 4) idem, 26-7-'20.
- 5) Brief aan Preller.
- 6) Kursivering deur my.
- 7) A. G. Visser, *Gedigte*, 7de druk, Pretoria 1929. Eerste druk, 1925.
- 8) Oorspronklike MS.
- 9) Visser, t.a.p., 62.
- 10) D. Br., 25-10-'21.
- 11) D. Br., 25-2-'21.
- 12) Kursivering deur my.
- 13) D. Br., 25-2-'21.
- 14) *Pretoria News*, 23-5-'17; brief van Preller (kopie), 26-5-'17; en Marais se antwoord, 30-5-'17.
- 15) D. Br., 26-7-'20.
- 16) idem, 25-3-'21.
- 17) idem, 25-5-'20.
- 18) O.V., 21-2-'29.
- 19) Schiller's *Gedichte*, mit Zeichnungen von I. Füllhaas, 341.
- 20) D.V., 24-11-'34.

HOOFSTUK VI.

- 1) M. A. P. C. Poelhekke, *Lyriek*, 1924, 16.
- 2) Dekker, t.a.p. 193.
- 3) Pretoria 1933.
- 4) Pretoria 1933.
- 5) Dr. M. S. B. Kritzingen in D.V., 22-4-'33.

- 6) Dr. C. M. van den Heever in Vad., 10-6-'33.
- 7) D. Br., 25-10-'21.
- 8) Dr. W. A. Willemse in Vad., 24-6-'33.
- 9) Pretoriase stadsaal, 10-6-'33.
- 10) Vgl. kritiek op première deur H.K. in D.V., 12-6-'33 en A.M.v.S. in Vad., 14-6-'35.
- 11) Brief van E.N.M. aan mej. H. Guldenpfennig, 14-6-'33.
- 12) idem, 3-7-'33.
- 13) Die datum van die onderhoud was 24-2-'36.
- 14) Uit voorwoord van Marais vlg. MS.

HOOFSTUK VII.

- 1) Brief van Marais aan Wm. Spilhaus, 25-11-'26.
- 2) *The Soul of the White Ant* by Eugène N. Marais, with a biographical note by his Son and translated by Winifred de Kok. Illustrated. London 1937.
- 3) Brief van dr. Winifred de Kok aan Marais, 7-10-'35.
- 4) Onderhoud met my, 1-2-'35.
- 5) *The Agricultural Journal of the Union of South Africa*, vii 161-170.
- 6) idem, *Editorial Notes*, 150.
- 7) Aanhaling uit MS. van *Die Verwoestingsgang van Droogte in Suid-Afrika*, Vad. 25-2-'33.
- 8) 63D Congress, Third Session, Dec. 7, 1914 — March 4, 1915, Document No. 1462: Annual Report of the Board of Regents of the Smithsonian Institution, 511-522 — *Notes on Some Effects of Extreme Drought in Waterberg, South Africa*, by Advocate Eugène N. Marais, R.J.P., Rietfontein, Waterberg. (Reprinted by permission from the Agricultural Journal of the Union of South Africa, February, 1914.)
- 9) 'n *Paradys van Weleer verlore in die Wreedheid van Droogte* in Vad., 8-7-'33, en *Waar die Wêreld verkeerd om Wentel* in Vad., 1-12-'33.
- 10) Vgl. ook *Mars en Ons: Dieselfde Weg Opgegaan? Die Opdroogproses* wat Marais tot die Unie-fee-nommer van D.V., 31-5-'35, bygedra het.
- 11) In 'n brief aan Wm. Spilhaus, 24-3-'26.
- 12) Vgl. *Burgers van die Berge* in Vad., vervolgartikels 26-3 tot 4-6-'32, en *Die Siel van die Aap* in D.H., 3, 10-12-'26; 13-5-'27; 13-7, 10, 17-8-'28.
- 13) Vgl. *Die Siel van die Mier* deur Eugène N. Marais, Pretoria 1934; herdruk met geringe wysiginge van die artikels in D.H., 16, 23-10-'25; 6, 13-11-'25; 4, 11, 18-12-'25; 15, 22-1-'26; 26-2-'26; 23, 30-4-'26; 25-6-'26; 26-6-'31.
- 14) Vgl. E.N.M., 'n *Bossie wat planne maak (Stapelia)* in D.B., Julie 1919; *Die Wonders van Vingergras* deur E.N.M. in Vad. 8-2-'33; G. S. Preller jr.,

Op die Wal van die Mahalakwêna, Pretoria 1930, 93-94; en artikel van dr. G. S. Preller oor Marais in D.H., 24-4-'36.

¹⁵⁾ Marais se evolusionistiese standpunt blyk duidelik as mens hiermee vergelyk 'n uitspraak in *Burgers van die Berge* (Vad., 14-5-'32): „Daar is geen verskil in aard tussen die verstand van die bobbejaan en sjimpansee onderskeidelik nie; dit bestaan in graad alleen.”

¹⁶⁾ Vgl. Vad., 26-3-'32 — *Burgers van die Berge*.

¹⁷⁾ Vgl. *Hipnotisme, 'n Nuwe Sielkundige Teorie, Verhoogde Waarnemingsvermoë onder Hipnose en Verdubbeling van Persoonlikheid in Natuurkundige en Wetenskaplike Studies* deur Eugène N. Marais, Kaapstad, 1928; *Die Siel van die Aap* (Hipnose in die Mens i-iii) in D.H., 13-7-'28 en 10, 17-8-'28.

¹⁸⁾ Vgl. D.H., 3-12-'26 waarin Marais in 'n inleidende paragraaf tot die eerste artikel oor *Die Siel van die Aap* die reeks beskrywe as „natuurkundige aantekeninge omtrent sekere psigologiese toestande en neigings: (1) en (2) Euforiese vergiftiging; (3) Hesperiese neerslagtigheid; (4) Hipnose; (5) Ontaarding van die Mens en hoër aapsoorte (individuele afwyking van tipe); (6) Kranksinnigheid.” Oor (5) en (6) het daar egter geen artikels verskyn nie.

¹⁹⁾ Vgl. *Die Siel van die Aap* (ii Hesperiese Neerslagtigheid) in D.H., 13-5-'27.

²⁰⁾ Vgl. *Verdubbeling van Persoonlikheid* in D.V., 13-5-'21; oorgedruk in *Nat. en Wet. Studies*, 30-42; *Die Siel van die Aap* (Hipnose in die Mens ii) in D.H., 10-8-'28.

²¹⁾ In 'n brief aan Wm. Spilhaus (14-4-'26) deel Marais die hipnotiese genesing van mev. Van Deventer mee (vgl. *Hipnotisme* in *Nat. en Wet. Studies*, 1-5) en merk daarby op: „I am quite satisfied that Freud's psycho-analysis is simply hypnotism so disguised that he does not recognise it himself.” Vgl. ook Vad., 9-9-'33 — Marais, *Wanneer die Onbewuste Geheue die Bewuste siel genaak*.

²²⁾ Vgl. Vad., 26-3-'32, *Burgers van die Berge*.

²³⁾ Handelende op dié toegif het mnr. Spilhaus die aangehaalde deel uit Marais se brief gepubliseer. Dit het verskyn as 'n artikel deur Marais, *Baboons, Hynosis and Insanity*, in *Psyche*, Londen, Okt. '26. Op grond daarvan is Marais se waarnemings later in twyfel getrek deur S. Zuckerman in *The Social Life of Monkeys and Apes*, Londen 1932, 205.

²⁴⁾ Dr. C. S. Grobbelaar in D.H., 8-2-'35.

²⁵⁾ Ongedateerde brief aan Preller uit Heidelberg teen einde 1926 (vgl. brief van E.N.M. aan Spilhaus, 25-11-'26).

²⁶⁾ Die artikels is herdruk in *Die Siel van die Mier*, Pretoria 1934.

²⁷⁾ 16-10-'25 — *Die Wondere van die Insekte-wêreld*.

²⁸⁾ *Die Siel van die Mier*, t.a.p. 5.

²⁹⁾ Brief aan Spilhaus, 10-12-'27.

³⁰⁾ Inderdaad nie van *Die Huisgenoot* nie, maar die *Burger-Nuwejaarsnommer*, 1923.

31) 'n Ander waarskynlikheid is dat Maeterlinck Afrikaans verstaanbaar gevind het en Marais se artikels in D.H. gelees het. Ook is dit moontlik, volgens mnr. Spilhaus in 'n brief aan my, dat Maeterlinck 'n eksemplaar van *The Nation* onder die oë gehad het waarin mnr. Spilhaus in 1926 met verlof van Marais 'n opsomming in Engels van die verskeie artikels in D.H. laat plaas het.

32) 24-12-'27.

33) 6-1-'28.

34) In dieselfde brief waarin Marais aan Spilhaus die plagiaat van Maeterlinck beweer (10-12-'27) praat hy as-t-ware in een asem ook van die vertalings in Duits en Engels.

35) In 'n noot by die brief van 10-12-'27 sê Marais: „We Afrikaans writers are accustomed to receive no remuneration or practically nothing. Perhaps I shall make a little money out of the English and Continental editions”.

36) „Please make allowance for the fact”, skryf Marais op 9-9-'31 aan Spilhaus, „that I am working under a great stress of other distractions and other worries.”

37) In briewe, 6-9-'31, 14-9-'31.

38) Brief van mnr. Spilhaus aan my, 4-1-'37.

39) In Engels, met dieselfde inhoud as *Die Siel van die Mier*, xv 173-182.

40) *Psyche*, ed. C. K. Ogden, Londen, xiii 1933, 138-153.

41) idem, Editorial, 7-9.

42) Vgl. Dr. Preller in D.H., 24-4-'36.

43) Mnr. E. Marais jr. in onderhoud met my, 12-1-'37.

44) Vgl. briewe van dr. Winifred de Kok aan E.N.M. tussen datums 7-10-'35 en 11-1-'36, en een van haar aan mnr. Spilhaus, 28-4-'36.

45) D.H., 3-12-'26.

46) Kyk 11).

47) Kyk 11).

48) Vad., 2-4-'32.

49) idem, 23-4-'32.

50) Vad., 5-8-'33. (*Volmaakte Toerusting van sy bewoners deur die Natuur*).

51) Vgl. bv. *Die Heuningvoëltjie* in *Nat. en Wet. Studies*, 89-93; artikel oor *The Honey Guide* in *The Star*, 5-3-'27.

52) D.H., 17-9-'26, 1-10-'26 en 8-10-'26 (*Regte Spoke in die Natuur*).

53) Marais in brief aan Wm. Spilhaus, 25-11-'26.

54) Aanhaling uit Vad., 29-4-'33, waarin Marais die verhaal van die resepteboek van die alchemiste oortel (*Wonderskoonheid van Voëlskleure die Suiwerste Bedrog in die Natuur*.)

55) D.H., 17-9-'26.

56) D.H., 1-10-'26.

57) *Slanggif* in D.Br., 15-3-'11, later herdruk in *Nat. en Wet. Studies*, 63-88.

58) Vad., 13-5-'33 en 28-6-'33.

59) idem, 13-5-'33.

60) Dr. Preller in D.H., 24-4-'36.

HOOFSTUK VIII.

- 1) Eugène N. Marais, *Dwaalstories en ander Vertellings*. Met illustrasies. Tweede druk, Kaapstad 1931.
- 2) Eugène N. Marais, *Sketse uit die Lewe van Mens en Dier*, Kaapstad 1928.
- 3) Mnr. E. Marais jr. in onderhoud met my, 12-1-'37.
- 4) M.E.R., in Burg., 6-4-'36.
- 5) E.N.M. in Inleiding tot *Dwaalstories*.
- 6) *Specimens of Bushman Folklore*, collected by the late W. H. I. Bleek, Ph.D., and L. C. Lloyd, Londen 1911. Vgl. ook *The Bushman Language* deur dr. W. H. I. Bleek in *The Cape and its People and other Essays*, ed. Professor Noble, Kaapstad 1869, 269-284.
- 7) I. D. du P. in D.H., 30-9-'27.
- 8) *Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil* in *Dwaalstories*, 1-7.
- 9) *Dwaalstories*, 8-18.
- 10) *Dwaalstories*, 19-24.
- 11) *Dié Reënbul* in *Dwaalstories*, 25-33.
- 12) Vgl. Bleek en Lloyd, t.a.p. 393-394.
- 13) Brief aan Spilhaus, 11-12-'26.
- 14) *Dwaalstories*, 64-76, en *Sketse*, 80-92.
- 15) *Sketse*, 1-21.
- 16) idem, 22-51.
- 17) *Verdwaal en Weggeraakte Mense* in *Sketse*, 153-183. Vgl. ook Vad. 27-10-'33 (*Sienderoë Verdwyn en Nooit in lewe teruggekeer nie*).
- 18) *Dwaalstories*, 50-63, en *Sketse*, 139-152.
- 19) *Die Brief van Nooitgedag* en *Die Mielies van Nooitgedag* in *Sketse*, 115-138.
- 20) *Dwaalstories*, 34-49, en *Sketse*, 64-79.
- 21) *Sketse*, 52-63.
- 22) Eintlik moet hierdie verhaal nie tot Marais se oorspronklike prosa in Afrikaans gereken word nie, aangesien dit in *Sketse*, 93-114, die vorm aanneem van 'n vertaling deur L. W. v. R. Breytenbach uit *The Star*, 19-2-'27, waarin die artikel saam met portrette van die heer Lombaard en die toneel van die skietery afgedruk is.
- 23) *Sketse*, 184-199; D.V., 28, 30-5-'21; O.V. 3, 6-5-'27; 1, 2-3-'29.
- 24) O.V., 29-1-'29.
- 25) Vad., 19-1-'34.
- 26) O.V., 12-4-'27.
- 27) Vad., 23-9-'33.
- 28) idem, 12-8-'33.
- 29) idem, 8-12-'33.
- 30) idem, 26-1-'34.
- 31) idem, 30-9-'33 (*Berugte ou Perdekenners*) en 12-1-'34 (*Satan*).

- 32) O.V., 15-1-'30.
- 33) idem, 20-12-'29.
- 34) idem, 7-3-'30.
- 35) Vad., 1-12-'33.
- 36) O.V., 14-9-'28.
- 37) Geskryf vir nuuskolomme van *Die Vaderland*.
- 38) Vad., 24-9-'32.
- 39) Vgl. W. van Heerden in *Die Afrikaanse Boek 1936*, Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring, Johannesburg, 13.
- 40) Hierdie twee verhale is in 1922 uit *Die Boerevrou* herdruk in die reeks „Almal se Boeke” (No. 4), Kaapstad.
- 41) Vgl. J. Berg Esenwein, *Writing the Short-Story*, New York 1928, 30.
- 42) P. C. Schoonees, *Die Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging*, Tweede druk, Pretoria en Kaapstad 1927, 140.
- 43) „Gerard” in O.V., 4-8-'25.
- 44) Desember 1927.
- 45) Februarie 1930.
- 46) Maart 1930.
- 47) Van Heerden, t.a.p. 13.
- 48) Matthews, *The Philosophy of the Short Story*, New York 1931, 56.
- 49) Hamilton W. Mabie, *Introduction to Masterpieces of Fiction*, aangehaal deur Esenwein, t.a.p. 16.
- 50) Esenwein, t.a.p. 30.
- 51) Verskyn die eerste keer in die eerste uitgaaf van *Die Vaderland* (19-3-'32), herdruk in *Die Huis van die Vier Winde en ander Verhale*, Pretoria 1933.
- 52) Vad., 11, 15, 18-6-'32; herdruk in *Die Huis van die Vier Winde*, 40-89.
- 53) Vad., 15, 22, 29-7-'33; *Die Leeus van Magoeba en ander Verhale* Pretoria 1934, 88-144.
- 54) Vad., 22, 25-6-'32; *Leeus van Magoeba*, 175-193.
- 55) Vad., uitgawes 29-6-'32 tot 30-7-'32.
- 56) *Huis van die Vier Winde*, 90.
- 57) Vad., uitgawes 6-8-'32 tot 3-9-'32; *Huis van die Vier Winde*, 90-153.
- 58) Marais in onderhoud met my, 1-2-'35.
- 59) Vad., 31-12-'32; *Leeus van Magoeba*, 194-209.
- 60) *Great Short Stories of the World*, ed. Clark & Lieber, Londen, 1926.
- 44-46.
- 61) idem, 538-545.
- 62) *Leeus van Magoeba*, 209.
- 63) Vad., 14-1-'33; *Huis v. d. Vier Winde*, 26-39.
- 64) *Huis v. d. Vier Winde*, 39.
- 65) *Leeus van Magoeba*, 62-87.
- 66) Vad., 4-2-'33; *Huis v. d. Vier Winde*, 154-163.

- 87) Vad., 18-2-'33.
- 88) Vad., uitgawes 4-3-'33 tot 8-4-'33; *Huis v. d. Vier Winde*, 164-242.
- 89) *Great Sea Stories of all Nations*, ed. H. M. Tomlinson, Londen, 901-902.
- 90) *A Century of Sea Stories*, ed. Rafael Sabatini, Londen, 177-187.
- 91) Mnr. G. O. Lunnon in 'n brief aan my, 10-1-'37.
- 92) Londen, Okt. 1927.
- 93) Vad., 20, 24, 27-5-'33.
- 94) *Tales of Mystery and Imagination*, Londen, 74-86.
- 95) Vad., 1-7-'33; *Leeus van Magoeba*, 145-174..
- 96) *Leeus van Magoeba*, 170-1, kursivering van Marais self.
- 97) idem, 174.
- 98) idem, 144.
- 99) M. S. B. Kritzinger, *Tien Uitgesoekte Kortverhale*, Pretoria 1936, 23-76.
- 100) *Ons Eie Boek*, Kaapstad, II ii 53.
- 101) Vad., 2-9-'33.
- 102) idem, 24-11-'33.
- 103) idem, 29-12-'33.
- 104) Vad., 15-12-'33.
- 105) 14-9-'34.
- 106) D.H., 20-12-'35.
- 107) Vad., 6-5-'33.
- 108) idem, 17, 24-6-'33.
- 109) C. M. van den Heever, *Die Afrikaanse Gedagte*, Pretoria 1935, 49.
- 110) C. M. van den Heever in Vad., 10-6-'33.
- 111) Vgl. Bret Harte (*The Rise of the Short Story*) in *The International Library of Famous Literature*, ed. R. Garnett, Londen, Vol. XV xviii-xix.
- 112) Bv. Emile Zola in *The Fairy Amoureuse* (*Great Short Stories of the World*, 368): „You know, of course, Nanon, that the Fairy Amoureuse really exists. Watch her dancing in our own home, and pity the poor people who don't believe in her.”
- 113) 'n Skrywer wie se werke Marais graag gelees het, soos blyk uit onderhoud met my, 24-2-'36, veral sy *Stories, Essays and Poems*.
- 114) Redaksionele aantekening oor speurverhale in D.H., 21-12-'34.

HOOFSTUK IX.

- 1) Met my ten huise van dr. Preller, 1-2-'35.
- 2) In die onderhoud van 24-2-'36 het Marais my toegelaat om 'n lys te maak van die volgende boeke wat op die tafel voor sy bed gelê het: Wallace

Budge, *Hieroglyphics*; Hart, *The Psychology of Insanity*; Wilhelm Bölsche, *Der Termitenstaat*; Knight's *Shakespeare*; Grossmith, *The Diary of a Nobody*; Wallace Budge, *The Book of the Dead*; Baedeker, *Egypt*; Ethel Boileau, *The Arches of the Years*; R. H. Dana, *Two Years before the Mast*; John Willard, *The Cat and the Canary*; G. K. Chesterton, *Stories, Essays and Poems*; P. G. Wodehouse, *P. Smith, Journalist*; Jefferey Farnol, *The Money Moon*; Samuel Sharpe, *Egyptian Hieroglyphics*; *Livy Translated*; Ottwell Binns, *The Three Black Dots*; Nelson's *Bible Concordance*; en Fr. Sieburg, *Germany my Country*.

3) Onderhoud, 1-2-'35.

4) Kyk bls. 137.

5) Kyk gekursiveerde op bls. 137.

6) Onderhoud, 1-2-'35. Hawthorne se *Twice-Told Tales* is een van die boeke waarmee Marais sy seun vroeg al vertrouwd gemaak het.

7) Brief aan Spilhaus, 11-12-'26.

8) Kyk bls. 3, 8.

9) Mnr. G. O. Lunnon in brief aan my, 10-1-'37.

10) Vgl. *Salas Y Gomez*.

11) Deur mnr. E. Marais jr. aan my getoon in onderhoud, 12-1-'37.

12) Onderhoud, 1-2-'35.

13) Opgemerkt by Onderhoud, 1-2-'35.

14) Dr. Winifred de Kok vestig Marais se aandag daarop in 'n brief, 7-10-'35, met die opmerking: „I wrote and asked him whether he had read your book and he said no.”

15) Marais onderteken sy eerste gedig in D.H., 29-1-'26, „Niggie van A. G. Visser.”

16) Vgl. M.E.R., in Burg., 6-4-'36.

17) In een brief (9-9-'31) aan Spilhaus meld Marais e.g. se „disinterested friendship”.

18) Bv. Prof. Bugnion se artikel oor *Die gemeenskaplike Wêreld van die Miere* (kyk *Die Siel van die Mier*, 124-125); W. H. R. Rivers, *Conflict and Dream*; en John B. Watson, *Behaviorism*.

19) Mededelings van genoemde here in gesprekke met my; vgl. ook W. van Heerden in *Die Afr. Boek* 1936, 13.

20) Mnr. E. Marais jr. in onderhoud, 12-1-'37.

21) 'n Paar MSS. vertoon wysiginge deur Marais in 'n ander kleur ink of met 'n ander potlood aangebring.

22) Blykbaar verheug oor sy vonds het Marais haastig in groot letters hierdie woorde skuins op 'n bladsy geskrywe.

23) Boskrif van G.S.P. by die gewysigde *Enone* in O.V., 21-10-'27.

24) Getikte MS. in besit van dr. Preller.

25) idem, soos later deur Marais met pen en ink gewysig.

26) By eerste publikasie in D.H., 7-10-'27.

27) Vers. Ged., 41.

- 28) Die betrokke joernalis se digproewe het, hoofsaaklik onderteken T.T., in die studente-jaarblad van die Universiteit van Pretoria verskyn.
- 29) Vgl. *Die Afr. Boek* 1936, 35.
- 30) idem, 48.
- 31) idem, 14.
- 32) Ongedateerde brief aan Preller uit Heidelberg, waarskynlik begin 1927.
- 33) Uit 'n ander ongedateerde brief aan Preller (kyk VII aant. 25).

HOOFSTUK X.

- 1) Vad., 16-9-'33.
- 2) M.E.R. in Burg., 6-4-'36.
- 3) Vgl. bls. 71.
- 4) Vgl. bls. 91.
- 5) Vgl. 92.
- 6) Vgl. 94.
- 7) Vgl. 95.
- 8) Vgl. 224, 227.
- 9) Vgl. Prof. dr. T. H. le Roux, *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Spelling*, 256-277 in *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (1875-1925), A.S.B. Potchefstroom 1926, 261.
- 10) Vgl. 76, 77 en *mot* in *Gedenkboek*, t.a.p. 257.
- 11) Vgl. 77.
- 12) *Afrikaans en die Akademie*, verslag deur G. S. Preller, prof. S. P. Engelbrecht en Jochem van Bruggen, deur Preller gepubliseer in O.V., 12, 16, 19, 23-10-'28.
- 13) Vgl. 47, 110-112.
- 14) Kyk 115-118, waar egter in slotstrofe van ballade Marais *ek* vir Van Snaar in die mond lê.
- 15) Pienaar, *Taal en Poësie*, Vierde druk, Kaapstad 1931, 169.
- 16) Privaat briewe van Marais in 1913, 1917 en 1919 het deurgaans *ik*.
- 17) Le Roux, t.a.p. 274.
- 18) Kyk 110-112, 115-118.
- 19) Kyk 116.
- 20) D. Br., 25-10-'21.
- 21) Pienaar, t.a.p. 173.
- 22) Vgl. *Akademie-Jaarboek* XI 1930, 15.
- 23) *Afrikaanse Woordelys*, vierde druk, Bloemfontein 1931, 154.
- 24) idem, spelreël 23.
- 25) idem, spelreël 22.

- 26) *Wachter, wat van den Nacht*, artikel deur E.N.M. in *Vad.*, 24-6-'33.
- 27) *Afr. Woordelys*, spelreël 24. -
- 28) idem, spelreël 38 (b).
- 29) idem, spelreël 13.
- 30) *Kyk* 223; vgl. M.E.R. in *Burg.* 6-4-'36.
- 31) T. H. le Roux, *Afrikaanse Taalstudies*, Pretoria 1937, 36.
- 32) idem, 35.
- 33) Bouman en Pienaar, *Afrikaanse Spraakkuns*, tweede druk, Stellenbosch 1925, par. 169.
- 34) O.V., 29-7-'30.
- 35) Vgl. *Enige Merkwaardige Afrikaners* deur Marais in O.V., 17, 21, 28, 30-5-'18, en 't *Verstoffeliken van Geesten* deur Marais in D.V., 22-7-'21.
- 36) Preller in onderhoud met my, Jan. '37.

HOOFSTUK XI.

- 1) W. van Heerden, t.a.p. 9.
- 2) idem, 9, 10.
- 3) *Macbeth* v 5.
- 4) Brief aan Preller uit Heidelberg, 24-4-'23.
- 5) idem, 11-5-'23.
- 6) idem, 21-3-'27.
- 7) idem, 30-3-'27.
- 8) o.a. Preller, Tielman Roos, Pistorius en Visser.
- 9) Ongedateerde brief aan Preller uit Heidelberg.
- 10) Vgl. brief aan Spilhaus uit Pretoria, 28-9-'31, „I have some friends who are assisting to the extent of lending me a car for the weekends, and, like most people who have no experience of scientific work, — they are so anxious that I am to have all the honour and glory that may result from it that they have made me promise that I shall keep it secret until I am certain of the results. They believe that I am a very unbusinesslike and careless individual and the promise they exacted from me is part of their policy in protecting my interests!”
- 11) Brief van C. J. Pienaar aan Preller uit Pretoria, 29-4-'10.
- 12) Vgl. dr. M. S. B. Kritzinger in *Wapenskou*, April 1936.
- 13) Ongedateerde brief aan Preller uit Heidelberg deur E.N.M.
- 14) 'n Ander ongedateerde brief van E.N.M. aan Preller uit Heidelberg.
- 15) C. M. van den Heever in *Vad.*, 3-4-'36.
- 16) Kloos, ii 157-158, aangehaal deur J. Kamp in *De Nieuwe Richting in de Ned. Letterkunde*, Potchefstroom 1912, 57.
- 17) Vgl. ongepubliseerde gedig *Mvubu*, deur E.N.M.

¹⁸⁾ Vgl. brief van E.N.M. aan Spilhaus: „Dr. Visser will have informed you that the affliction to which you so kindly referred, has since before my (postal) acquaintance with you been a thing of the past.”

¹⁹⁾ Brief aan Spilhaus uit Heidelberg, 24-3-'26.

²⁰⁾ Brief aan Spilhaus uit Pretoria, 9-9-'31.

²¹⁾ L. en V., 7-3-'95.

²²⁾ Burg., 6-4-'36.

ALFABETIESE SAAKREGISTER.

A.

Abou by Adhem, 110.
Achievement of Afrikaans, 151.
 Afr. Bewegings, Aandeel aan, 73-101.
 Afrikaans, Kampvegter vir, 235, 237.
 Afr.-Nas. Studentebond, 23.
 Afr. Taalgenuotskap (A. T. G.), 98, 100, 236, 253.
 Afrikanerbond, 73.
 Afrikaners, 33v, 57, 63, 66.
 Agteruitgang, 22.
 Akademie-kommissie, 240, 241, 245.
 Akademie, S.A., 240, 241.v, 250, 253.
 Anglisismes, 237v, 244, 252v.
 Anoniemebrief, 45.
 Apiesrivier, 2.
 Argentinië, Trek na, 95, 115.
Armand du Plessis, 217.
As Hy Kom, 143-145.

B.

Bantoe-idioom, 248.
 Beëdigde Verklaring, 50.
Beeld van Oom Paul, 140.
 Beleg van Pretoria, 4.
 Bergrivier, 8.
 Bermuda, 70.
 Bewaarplaatse, 54.
 Bloemfontein, 1.
 Bobbejane-studie, 21, 170-178, 182.
 Boere, 103, 115, 198.
 Boesmansprokies, 193-194.
 Bolanders, 7, 73.
 Bonn, 14.
 Boshof, 2, 6, 7, 9, 21, 173, 195.
Bridge of San Luis Rey, 210.
 Burgermag, 56-57.
 Bybel, 221.

Bybel, Afr. Vertaling, 248.
 Byv. Naamwoorde, 244.
 Bywoordelike Gebruik, 252.

C.

Chartered-onderzoek, 15.
Childe Harold's Pilgrimage, 103.
 Chiloaan, 115.
 Christiana, 40-41.
 Cons. Goldfieldsgebou, 59.

D.

Darwinisme, 173, 188.
 Daspoort, 2.
Deeds Office Practice, 20.
 Delagoabaai-spoorweg, 13, 47.
De la Rey, 140.
 Deverbativa, 252.
Die as Relatief, 247.
Die Draadsaak, 37v, 46.
Die Muilesels, 36.
Die Siel van die Mier, 170, 182-185, 189, 262.
Die Swart Verraad, 157v, 166v, 222, 258.
Die Tuinman, 155.
 Digter, Marais as, 102-137.
D, Intervokaliëse, 244.
 Doornhoek, 20, 21.
 Doornkop, 14.
 Drama, Definisie van, 154.
 Dramaturg, Marais as, 153-168.
 Duitse studente, 14, 16.
Dwaalstories, 126, 129, 191-194.

E.

Eerste Beweging, 98, 121.

Eerste Vryheidsoorlog, 214.
 Egipte, 16, 253.
 Egosentrisiteit, 257.
 Eis teen President, 44.
Ei, y en ij, 245.
 Ekspedisie na Boere, 17.
Elisie van e, 246.
 Engels, 234-239, 252.
 Engelse besetting, 102.
 Erasmus, 21, 199, 224.
 Ermelo, 44, 49.
 Euforiese vergiftiging, 186.
 Europa, Marais na, 61.

F.

Fliegende Holländer, 210.
Flying Dutchman, 210.
 Fonteine, 2.
 Fountain Lodge, 3.
 Frankryk, 2.

G.

Ganzekraal, 1.
 Gedenkaande, 23.
 Gediggies uit Skooljare, 73.
Gedigte (A. D. Keet), 138, 140.
Gedigte, Engelse, 132v, 256.
Gedigte, Ongepubliseerde, 132v.
 GEDIGTE, Lys van Marais se:
 „Anglifed” Africanders, 107.
 Death, 133.
 Die Dans (Lied) van die Reën,
 129, 194.
 Die Leeuwjacht, 118.
 Die Lied van Suid-Afrika, 123.
 Die Naaistertjie, 129.
 Die Nag, 136.
 Die Nagwag, 121.
 Die Oorwinnaars, 128.
 Die Plaaservanger, 132.

Diep Rivier, 137, 237.
 Die Reënbul, 194.
 Die Smit, 118, 119, 122.
 Die Spinnerak-rokkie, 129.
 Die Stille Rusplaas, 131.
 Die Swarte Dood, 132.
 Die Townares, 126.
 Die Vaal Koestertjie, 194.
 Die Visser, 131.
 Die Woestyn-lewerkie, 126.
 Di Meisies, 112.
 Don Quixote, 130.
 Draadlose Wiegliedjie, 129.
 Eonone, 126, 227-230, 236.
 Gert Senekal, 110.
 Hart-van-die-Dagbreek, 126.
 Hoe Gou Gaan die Jare Verby, 129.
 Home, 133.
 Hymn for a Stormy Night at Sea,
 107.
 Is daar nog trane?, 114.
 Klaas Vakie, 126.
 Lalasini, 124, 226, 230.
 Let me not die, 133.
 Love, 108.
 Mabalel, 126, 225v, 230, 237. ✕
 Mahlo-a-Naledi, 127.
 Majuba, 105.
 My Liefste's soos 'n Dieprooi
 Roos, 130.
 Mvubu, 23, 136.
 1902, 115, 121.
 Ode to the Paarl, 108.
 On Revisiting a Spot, 108.
 Piet van Snaar, 115, 119.
 Skoppensboer, 121.
 Sonder Betaling, 130.
 South Africa, 104.
 The Little Lady of Endor, 133.
 There shall be no more sea, 107.
 The Soldier's Grave, 103.
 Waar Tebes in die Stil Woestyn,
 122.

Wanneer dit reën op Rietfontein,
126, 230v.

War, 133v.

Were You but Here, 132.

When Hope the Jester Died, 133v.

Winternag, 100v, 121v.

Gekunstelde Taal, 254v.

Gen. van Regte Afrikaners, 74.

Gerechtshof-monomaan, 46.

Gewestelike uitspraak, 239, 254.

Gewoontes van diere, 199.

G, Intervokaliëse, 244.

Goewernementskool, Paarlse, 7.

Grafskrif oor eggenote, 13.

Grondwet van Z. A.R., 33.

Guy's Hospitaal, 14.

H.

Hans-die-Skipper, 231.

Heidelberg, Tvl., 21, 50, 154, 182,
197v, 260.

Hem × Hom, 242.

Hesperiese neerslagtigheid, 179v, 185.

Hiërogliewe, 16, 88, 251.

Hipnotiese Proewe, 21, 176, 186v, 205.

Hist.-anekdotiese prosa, 190-197, 217.

Historiese Opstelle, 69.

Holism and Evolution, 187.

Hollanders, 33, 43, 47, 49, 52, 57, 57.

HOOFARTIKELS oor:

Afrikaanse Taal 75, 79, 94-97.

Devotees of Dutch, 150.

Nasionaliteitsgevoel, 83.

Nugterheid in Spelling, 253.

Rhodes-politiek, 85.

Staatsbibliotheek, 80.

Transvaalse Universiteit, 83.

Twee Verjaardae, 41-42.

Hooggeregshof, 36, 40.

Hoogverraad, 41.

Hoop van Suid-Afrika, 146.

House of the Four Winds, 221.

Huis van die Vier Winde, 203, 210.

Huwelik, 11.

Hymn to the Night, 136.

I.

Iets omtrent Miere, 182.

Ik × Ek, 241.

Imperfektum, 249-251.

Individualisme, 261v.

Inner Temple, 14, 15.

Invloede op Marais, 219-222.

J.

Jingo-Afrikaners, 78.

Jode, 48.

Joernalis, Marais as, 24-72, 256.

Joernaliste en Afrikaans, 98, 99.

Joernalistieke arbeid, 25, 61v.

Johannesburg, 14, 38, 56, 59v, 201.

Jongere, Afr. skrywers, 261.

Joubert-party, 55v.

K.

Kaapland, Afr. joernaliste in, 24.

Kaapse Kol. Regering, 41.

Kaapstad, 48.

Kafferonluste, 4.

Kaffraria, 1.

Kalahari or Thirstland Redemption,
150.

Kategismus, Engelse, 3.

Kerkhof, Pretoriase, 22.

Kerkkwessie, 47v.

Kerk, L. en V. en, 71.

Kerkplein, 2, 41.

Kindersport, 4.

KOERANTRUBRIEKE:

Dokkies, 81v, 83, 112.

Glimpses from the Benches, 29.

Glimpses from the Hoekie, 25, 28.

Hans se Brief, 75.
 Sonder Reserf, 75.
 Swart Pilletjies, 74, 74.
 Neef Jan vir Digters, 82-84.
 Konserwatiewe Party, 54.
 Konsessies, 47, 51.
 Konvensie van Pretoria, 5.
 Koors, 18, 21, 260.
 Korannatjie-speelmaat, 5.
 Kortverhaal, Definisie, 198v.
 Kortverhale, 195-214.
 Motiewe in, 200.
 Titels van (Kyk Prosa).
 Kranksinnigheid, 177, 186.
 Kritikus, Marais as, 138-152.
 Kruger-kongres, Manifes, 35.
 Krugersdorp, 55.

L.

Lang × *Lank*, 252.
 Lasteraksies, 10, 14, 32, 35, 41, 44v.
 Latynse kennis, 8.
Leeus van Magoeba, 201-202.
Lente-Stemme, 138-141.
 Les Marais, 1.
 Lewenskets van Marais, 1-23.
Lied von der Glocke, 151.
 Liefde vir Diere, 10.
 Londen, 14, 63, 88.
 Londense pers, 114.
 Lourenço Marques, 18.
 Lydenburg, 50.

M.

Magriet van Laastelust, 200, 221.
 Majesteit, gekweste, 41.
 Mamba-studie, 188.
 Matriek, 9.
 Mediese studies, 14-16, 257.
 Memorie aan Volksraad, 42-43.
 Middelburg Distr. Vereniging, 57.

Miere-studies, 21.
Ms. Found in a Bottle, 210.
My Herinnerings van ons Taalstrijd, 98.

N.

Naasting van Spoorweg, 51.
Nag, toneelstuk, 162-168.
Na × *Naar*, 242v.
 Natal, 24.
 National Union, 56, 59.
 Nederland, 2.
 Nederlands, Invloed van, 238v, 243, 253v.
 Onderrig in, 3.
 Toenadering tot, 235, 253.
 Woordeskat, 240.
 Neuritis, 11.
 Nuwe Ontkomings, 22v.

O.

Omkoping, Poging tot, 52-53.
Onder de Rooinekken, brief, 63-64.
 Onderhoud met E.N.M., 22.
 Ongesteld, 255.
Ons Oudjies, 138, 142-143.
 Ontkenning, Dubbele, 249.
 Oorloosiemaker, 17.
 Oorlye van eggenote, 11v.
 Oorsettings, 130v.
 Oorspronklike papirus, 16.
 Opdroog-verskynsel, 170-173, 211.
 Ope Brief aan President, 47v, 51, 53v.
 Openbaring 21:1, 107.
 Oxford, 83.

P.

Paardekraai-fees, 83.
 Paarl, 4, 7v, 24, 73, 104, 256.
Pad van Suid-Afrika, 146-147.

- Papyri, Egiptiese, 89.
 Pelindaba, 22.
 Perediewe, 199.
Phantom Ship, 210.
 Pidgin-verskynsel, 248.
 Plantegroei, 10.
 Plek in Letterkunde, 255-264.
 Politieke Rigting, 55-63.
Populair Wet. Leesboek III, 151.
 Potchefstroom, 37-38.
 Preller, Taalverband met, 240-245, 246-255.
 Pretoria, 1, 9, 20, 22v, 30, 36, 60, 102, 199, 211, 256.
 Progressiewe Party, 47, 55v, 61v.
 Prokureur, 21.
 Prosa, Letterkundige, 190-217.
 PROSA, Alf. lys van Marais se :
 Afrikanerbeeste, 208.
 Boom in het Midden van den Hof, 212.
 Buitkorpse, 197.
 Burgers van die berge, 187, 222.
 Die Diamant, 215.
 Diep Rivier, 204, 212v, 218.
 Die Siel van die Aap, 186, 189.
 Die Siel van die Mier, 170, 182-186, 189, 262.
 Drought in Waterberg, 170.
 Gentleman-inbreker, 199.
 Getrou tot die Dood toe, 198.
 Henning Pretorius se Tier, 199.
 Huis v. d. Vier Winde, 203, 210.
 Isaak Slyk, 207, 218, 232.
 Jonkheer van der Made, 209.
 Klein Kekrops en sy Werk, 195.
 Laaste Mapela-moord, 197.
 Laramie die Wonderwerker, 204.
 Leeus van Magoeba, 201.
 Magriet van Laastelust, 200, 221.
 Man met die Mantel, 214, 230.
 Man te Perd, 201, 209.
 Modjaje, 195.
 Mond van die Sabie, By die, 197.
 M'Vubu (Die Seekoei), 201.
 Ondergang der Tweede Wereld, 210.
 Op Drempel van Dood ens., 197.
 Op Troue Perd, 199.
 Oudae en Oumense in Pretoria, 199.
 Ou Leeu, 198.
 Pad van Drome, 209.
 Pas van Santarey, 214, 247.
 Plegtige Teraardebesteding van Adoons, 197.
 Salas Y Gomez, 205, 212, 243, 251.
 Skaduwe van 'n Misdaad, 197, 204, 214, 215.
 Spookbul van Farellone, 203.
 Spore in die Sand, 216.
 Swart Bobejane, 213, 215.
 Teregstelling in die Ou Dae, 199.
 Termite Queen as Brain of Organism, 185.
 Twee Dapper Afrikanermeisies, 197, 198.
 Travels of an Egyptian, 16.
 Verskynsels van die Dieresiel, 184, 223v.
 Vliegende Hollander, 210, 212.
 Vonnis op Regter de Wilde, 215v.
 Vonnis van Paul Kruger, 199.
 Voëlparadys, 196.
 Waar die Wêreld verkeerd om Wentel, 199.
 Wegraak van Sannie, 200.
 Wêreldskokkende Drama van Mense-offers, 217.
 Winde uit die Woestyn, 207.
 Wit Uil, 200, 207, 214v, 218.
 Woestynvlug van Herero's, 195.
 Wonderbaarlike Speurvernuf, 217.
 Prosa, Wetenskaplike, 169-189.
 Prys „for Divinity”, 3.
 Pryspraak oor Voortrekkers, 82-83.

R.

- Redakteur van *Land en Volk*, 29v.
 van *The Press*, 33.
 Reform Committee, 14, 60.
 Regspraktyk, 21.
 Regstudies, 14v, 257.
 Reptiles of the Karroo, 150.
 Republiek, Z.A., 16v, 30, 44, 47, 58,
 199, 253, 256.
 Resident-vrederegter, 20-21.
 Reuter, 10.
 Rhodesgesindes, 15.
 Rhodesië, Geoktr. Bestuur, 63.
 Rietfontein, 20v, 170, 193, 201.

S.

- Salas-y-Gomez (Cham.), 140, 205.
 Sawirivier, 18, 115.
 Selfst. Naamwoorde, 244.
 op ee- en -ag(ag), 244v.
 Sensorskap, 67.
 Sig, Refleksief, 247.
 Sinisme, 260.
 Sirkelgang in Lewee, 257.
Sketse uit die Lewe van Mens en Dier, 191.
 Skoolonderrig, eerste, 2.
 Skryfmetode, 218-233.
 Skryfwyse, 239, 254.
 Skryftaal, Afrikaans as, 235, 236.
Slaap en Ontwaking, 154.
 Slapeloosheid, 11, 12, 258.
 Slotmedeklinkers -d en -t, 243v.
 Smithsonian Institution, 171, 181, 185.
Sonde met de Bure, 146.
 Spelling van Woorde, 246.
 Spelreëls van die Akademie, 241, 245.
 Speurverhaal, 148-149.
Spoekbul van Farellone, 203.
 Spookverhale, 198.
 Springbokke, 175.

- Staatsartillerie, 37, 41.
 St. Birinusskool, 3.
 Sunnyside, 5.

T.

- Taal en Styl, E.N.M. see, 234-254.
 Taalkongres, 86, 89.
 Taalstandpunt, 235v, 242v.
 Taalvereniging, Stigting, 94.
 Tagtigers, 261.
 Teddington, 14, 16.
The Life of the White Ant, 183.
Tien Uitgesoekte Kortverhale, 213.
 Toekoms van Afrikaans, 79.
 Tragiese Lewensloop, 13.
 Transvaal, 24, 103v.
 Transvaalse Komitee van A.T.G.,
 100, 236.
 Transvalers se Spraak, 239v, 245v.
 Troebel tye, 65v.
 Tweede Beweging, 99v, 119v, 120,
 193, 240.
 Manifes van, 96, 99v.
 TYDSKRIFTE, Alf. lys van:
 Bloemfontein Post, 20.
 Boerenvriend, De, 41.
 Boerevrou, De, 122, 127, 130, 143,
 154, 196, 201, 221, 226.
 Brandweg, Die, 149, 151, 221.
 Burger-Nuwejaarsnommer, 184, 224.
 Daily Mail, 63.
 Goede Hoop, De, 91, 99.
 Huisgenoot, Die, 22, 129, 143,
 182v, 221.
 Johannesburg Transvaaler, 90.
 Kolonist, 24.
 Landboublad van Unie, 170.
 Land en Volk, 9, 15, 18, 20, 29v,
 41, 70v, 96v, 193, 236, 239, 245.
 Master Detective, 221.
 Morning Post, 69-70.
 Natal Afrikaner, 91.

Nieuwe Republikein, 87.
 Nuwe Brandwag, Die, 151.
 Nuwe Middelburger, 77.
 Observer, The, 10.
 Ons Klyntji, 88.
 Ons Land, 69.
 Paarl District Advertiser, 25.
 Patriot, Di, 73v, 85, 98.
 Pers, De, 9, 14, 39.
 Potchefstroomer, De, 39.
 Press, The, 9, 33, 36, 61.
 Psyche, 185.
 Scotsman, 89.
 Star, The, 10, 36, 43, 183-184.
 Startling Detective, 221.
 Times, London, 10, 63.
 Transvaal Advertiser, 9, 25v, 109.
 Vaderland, Die, 187, 215, 221v, 230.
 Vaderland, Ons, 22, 221.
 Volk(s)stem, De(Die), 19v, 31,
 36, 39v, 50, 58, 61, 69v, 86v, 99,
 120, 149, 221.
 Zoutpansberg Wachter, De, 19.
 Zuid-Afrikaan, 83.
 Tydvakke in lewe, 255v.

U.

Uitgangspunt by Taalondersoek, 241.
 Uitvoerende Raad, 39, 59v.
 Union Debating Society, 8.
 Universiteit van Pretoria, 160.
 Uw en Uwe, 245.

V.

Vaalpens, 195.
 Verborge Skatte, 148-149.
 Vereenigde Kerk, 48.
 Vereeniging, Vrede van, 18, 115,
 235, 241, 242.

Vergelykende Sielkunde, 173.
 Verkleinwoorde, 239, 246.
 Verlede Deelwoorde, 243.
 Versamelde Gedigte, 231.
 Villanelle, 129.
 Vir, Ver en Voor, 245.
 Voëls, Kennis van, 187.
 Volkslied, 80.
 Volksmacht, De, 57v, 86.
 Volksraad, 25, 29v, 33, 40, 44v.
 Voorsitter van, 25-29.
 Volksraadverslaggewer, 9, 25-29.
 Volksvereniging, 48, 55v.
 Voorsetsels, 248-250.
 Dubbele, 249.
 Vir, as, 247-248.
 Voortrekkersmense II, 149.
 Voortrekkers se Taal, 234.
 Voortrekkers, The, 234.
 Vredeshandhawingsordonnansie, 64.
 Vreemde Woord, Spelling, 253.
 Vrouetrou, 147.
 Vrou van Suid-Afrika, 146.
 Vryheidsoorlog, Tweede, 16, 59,
 110v, 162, 197, 207, 208.
 Vrystaat, 2, 21, 24.

W.

Waar die Blomme Geur, 154-157.
 Waterberg, 2, 20v, 123, 170v, 175v,
 185, 193, 196, 260.
 Wet op Drukkers, 36, 42, 60v.
 W in nuws, 245v.

Z.

Zeederbergplein, 7.
 Zeerustse korrespondent van Land
 en Volk, 76.
 Zoutpansberg, 2.

REGISTER VAN PERSOONS- EN SKUILNAME.

A.

Afrikanus Junior (E. N. M.), 46-71,
70v, 110.
Ameshoff, regter, 32, 40, 48.
Amphy Bias, (H. C. Marias), 26.
Andersen, Hans, 142.
Auret, J. G. 60.

B.

Bailey, Abe, 59v.
Balzac, Honore de, 218, 220.
Barber, adv., 45.
Begemann, ds. A. J., 3.
Bernhardt, Sarah, 220.
Beyers, Aletta, 11.
Beyers, genl. C. F., 11, 18.
Bleek, dr. W. H. I., 91, 193v, 221.
Borchenhagen, 24.
Bosman, ds. H. S., 12, 56, 60, 71.
Botha, genl. Louis, 19, 55, 66v, 98.
Brandt, ds. L. S., 98.
Brill, dr., 90.
Brümmer, N. J., 98.
Buchan, John, 221.
Budge, Wallace, 220.
Burger, J. J., 49.
Burgers, dr. P., 38.
Burgers, pres. T. F., 2.
Burns, 130.
Byron, 103, 110.

C.

Campbell, Ethel, 234.
Celliers, J. F. E. (digter), 102.
Celliers, Jan, 24v, 73, 263.
Chamberlain, 66, 69.
Chamisso, Ad. von, 140, 142, 205, 220.

Charcot, 180, 190, 205.
Chesterton, G. K., 218, 220.
Choles, H. J., 170.
Coetsee, R. G., 21.
Coleridge, 108, 110.
Corelli, Marie, 220.
Coster, adv. dr. H., 32, 37.

D.

Debbes, 38.
De Beer, Jan, 34.
De Beer, landdros, 38.
De Haans, O. L. A., 80.
Dekker, G., 120, 154.
De Kok, dr. Winifred, 170, 186.
De Korte, regter, 32, 40.
De la Rey, genl., 55, 66.
De Mist, J. A., 1.
De Roubaix, dr. Paul (karakter),
203v, 209, 213, 215.
De Ville, dr. François (karakter),
203, 213.
De Villiers, Jacob, 199.
De Villiers, O. T., 29.
De Waal, J. H. H., 84, 89, 91, 98,
237.
De Wet, genl. C. R., 66v, 98.
De Wet, adv. N. J., 98.
Dickson, adv., 40.
Du Plessis, J. A., 98.
Du Toit, ds. S. J., 7, 77v, 85v, 88, 90.

E.

Elffers, 99, 253.
Engelbrecht, dr. S. P., 240, 249.
Engelenburg, dr. F. V., 37, 43, 69, 71.
Esselen, adv. E., 15, 32, 41, 45, 56v,
61.
Esser, adv., 45.

F.

Fitzsimans, 188.
 France, Anatole, 220.
 Franciscus van Assisi, 187.
 Fraser, adv., 32.
 Freud, Sigmund, mej. H., 209.

G.

Goethe, 131, 220.
 Gregorowski, regter, 45.
 Grimm, Gebroeders, 143.
 Guldenspennig, mej. H., 161.

H.

Haarhoff, dr. B., 7.
 Haarhoff, prof. T. J., 152.
 Hans, 74.
 Hawthorne, N., 220.
 Hertzog, adv. J. B. M., 37.
 Hesse, dr. A. J., 182.
 Heywood, 38.
 Hoffman, 217.
 Hofmeyr, N. J., 100.
 Hofmeyr, „Onze Jan”, 91, 99.
 Hollard, adv., 41.
 Hoogenhout, dr. N. M., 98, 100.
 Hopley, prok., 20.
 Hunt, Leigh, 110.

I.

Inglis, 7.
 Inteekenaar, 35.

J.

Jacobsz, adv., 40.
 Jameson, 14, 59v.
 Jal, August, 210.
 Jeppe, 43, 50.

Jeppe, adv. Carl, 56.
 Job (Bybel), 221.
 Jorissen, regter, 48.
 Joubert, C. J., 48.
 Joubert, genl. P. J., 10, 14, 30, 37,
 54v, 60.

K.

Keet, A. D., 138, 140.
 K—, F. W., 40.
 Keith, John, 9.
 Klaas Vakie (E.N.M.), 91-92. 115-
 120.
 Kleijn, adv. (regter), 32, 45.
 Kloppers, Burt, 50.
 Kock, J., 38.
 Kotzé, hoofregter, 32v, 45.
 Kritzinger, M. S. B., 120.
 Kruger, pres. S. J. P., 1 26-30, 35v,
 41v, 256.

L.

Langenhoven, C. J., 146v, 264.
 Langermann, M., 60.
 Leipoldt, C. L., 102, 231.
 Leonard, adv. J., 40, 59.
 Leonard, adv. W. S., 37.
 Le Roux, Bernard, 7-9.
 Levi, N., 149.
 Leyds, dr., 48v.
 Lichtenstein, 1.
 Lingbeek, dr. M., 100.
 Lion Cachet, J., 98.
 Lohman, adv., 45.
 Longfellow, 110, 136.
 Lorentz, Jan, 3.
 Louw, mej. C., 154.
 Louw, J. D., 253.
 Loveday, R. K., 42, 50, 56.

M.

Maeterlinck, 183v.
 Malan, A. H., 50, 59.
 Malan, J. J., 49.
 Malan, dr. W., 98.
 Malherbe, D. F., 98, 102, 231.
 Malherbe, mev. M. C. 130, 221, 226.
 Mansvelt, dr., 86.
 Marais, E., jr., 11, 193, 222.
 Marais, sen. Charles, 2, 6.
 Marais, J. C. N., 1, 6.
 Marais, Melt, 11.
 Marais, Pieter, 1.
 Maré, P. J., 40.
 Marks, Samuel, 53.
 Marryat, kapt. F., 210.
 Maupassant, Guy de, 220.
 Mayer, Erich, 127, 193.
 Mears, 5.
 Melville, broers, 3.
 Meyer, J., 9, 49.
 Meyer, Lukas, 55.
 M.E.R., 122, 264.
 Milner, 110.
 Moll, dr. G. R. A., 98.
 Morice, regter, 40.
 Mostert, D. P., 8.

N.

Niemeyer, 6, 9.
 Niemeyer, adv. E., 98.
 Niemeyer, Gustav, 8.
 Niemeyr, John, 8.
 Niemeyr, mev., 7, 9.
 Nieuws, 48.
 Nieuwsgierige, 48.
 Niggie van A. G. Visser (E.N.M.),
 128.

O.

O'Brien, J. Y., 14, 61, 88.
 Oerson, Jan, 50.
 Ogden, C. K., 185.
 O'Henry, 220.
 Oude Afrikaner, 50.
 Oudtshoorn, baron Van Rheede van, 2.
 Outa Hendrik, 193, 195.

P.

Perreira, Pedro, 3.
 Petronius, 207.
 Phillips, Lionel, 60.
 Pienaar, dr. E. C., 120.
 Pienaar, C. J., 20.
 Pierneef, J. H., 142.
 Poe, E. A., 210, 217, 220.
 Poelhekke, M. A. P. C., 153.
 Postma, Milda, 138.
 Postma, P., 98.
 Postma, W., 98.
 Pottger, mej. A., 2.
 Preller, G. S. 18v, 55, 65v, 89, 95v,
 113v, 118v, 149v, 182, 189, 221,
 227, 234, 240, 258v, 262.
 Pretorius, Henning, 5, 40.
 Rhodes, 45, 59v, 83v.
 Ribbink, Gerrit, 33v.
 Roberts, aartsdeken, 2.
 Roos, J. de V., 9, 30, 36, 48, 55,
 79, 84.
 Roos, Piet, 49.
 Roos, adv. Tielman, 21.
 Rowe, Hannaway, 199.

S.

Schiller, 151, 220.
 Schröder, J., 37v.
 Schröder, W. A., 33, 37.
 Schültz, dr., 17.

Schwarz, prof. E. H. L., 150.
 Schwellnus, O. E., 222.
 Selborne, 16.
 Sequali, 199.
 Shakespeare, 257.
 Shepstone, sir Theoph., 4.
 Smit, Koos, 48, 49, 56.
 Smit, J. de V., 53.
 Smit, J. S., 56.
 Smith, prof. J. J., 127.
 Smuts, genl. J. C., 93, 98, 149, 171,
 187, 188.
 Smuts, Tobias, 14, 44, 45, 49v.
 Spilhaus, Mm., 182, 185, 187, 222.
 Stacpoole, H. de Vere, 221.
 Stephens, James, 131.
 Stoop, 26, 28.
 Swanepoel, 38.
 Swinburne, 131.

T.

Te Water, C. T., 150.
 Tom., Dirk, 38.
 Totius (dr. J. D. du Toit), 98, 102,
 138, 141v.
 Tulleken, P. van Hoogenhout, 19.

U.

Ueckermann, wd. Staatsprok., 38.

V.

Vaalswaer (Iz. van Heerden), 100.
 Van Boeschoten, sir J., 3.
 Van Bruggen, Jochem, 240, 249.
 Van Bruggen, J. R. L., (Kleinjan),
 138v.

Van den Heever, C. M., 120, 152.
 Van Deventer, tant Hessie, 21.
 Van Heerden, 6.
 Van Hoepen, dr. E. C. N., 151.
 Van Reenen, Jacob, 1.
 Van Reenen, Reenen J., 148v.
 Van Rooyen, 21.
 Van Schoor, 3, M., 222, 230.
 Van Wyk, S. J., 21.
 Verdoorn, 4.
 Viljoen, B. J., 43, 56.
 Viljoen, dr. H. G., 184.
 Viljoen, W. J., 78, 99.
 Visser, dr. A. G., 21, 113, 128v,
 143v, 221, 248, 262.
 Von Wielligh, G. R., 220.
 Vorster, Barend, 34v.
 Vorster, Dr. Louis, 19.
 Vriend van Waarheid, 41.
 Vrolik, dr. J., 90.

W.

Wagner, 210.
 Wakker, 74.
 Wells, H. G., 220.
 Wessels, adv., 32, 37, 40, 45.
 White, mej., 7.
 White, Montague, 15, 63, 220.
 Wilder, Thornton, 210.
 Willemse, dr. W. A. 161v.
 Wolmarans, 26.
 Wolmarans, J. M. A., 36v.
 Wonderdokter (E.N.M.), 21.

Z.

Zahn, 7.
 Zimmerman, luit., 17.

